# *Opvoedkundige Straf*

VOLGENS ONS EIE EN OORSESE
OPVOEDKUNDIGES

deur

Claudius Emanuel Willibald Gutsche

Voorgelê as gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad van

D. PHIL.

IN DIE FAKULTEIT VAN

OPVOEDKUNDE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA
1939

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# OPVOEDKUNDIGE STRAF:

## VOLGENS ONS EIE EN OORSESE OPVOEDKUNDIGES

DEUR

CLAUDIUS EMANUEL WILLIBALD GUTSCHE

VOORGELÊ AS GEDEELTELIKE NAKOMING VAN DIE VEREISTES

VIR DIE GRAAD VAN

D. PHIL.

IN DIE FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

1939.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## INHOUD.


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| I. | WAT BETEKEN STRAF? .................. | 1 - 27 |
| | A. Verantwoordelikheidsgevoel en Gewete ........................ | 1 |
| | B. Straf en Boetedoening ........... | 10 |
| | C. Die Leer van die Natuurlike Straf. Die Onmisbaarheid van die Opvoeder | 11 |
| | D. Outoriteitsbeginsel en Vryheidsbeginsel. Die geringe mate van straf by primitiewe volkere....... | 15 |
| | E. Is daar 'n verskil tussen Juridiese en Opvoedkundige Straf?........... | 22 |
| II. | STRAFBEHANDELING VAN BEPAALDE SKOOLOORTREDINGS. ................. | 28 - 65 |
| | A. Afknou en Baasspeel ................ | 30 |
| | B. Diefstal ......................... | 39 |
| | C. Egoistiese Leuens .................. | 51 |
| | D. Laatkom ........................... | 62 |
| III. | STRAFBEHANDELING VAN BEPAALDE SKOOLOORTREDINGS (VOORTSETTING) ............. | 66 - 100 |
| | E. Moedswillige Onbeleefdheid ........ | 66 |
| | F. Ongehoorsaamheid of Verset ........ | 71 |
| | G. Onsedelike Taal ................... | 77 |
| | H. Seksuele Vergrype ................. | 80 |
| | I. Rook .............................. | 89 |
| | J. Stokkiesdraai ..................... | 93 |
| IV. | STRAFBEHANDELING VAN BEPAALDE SKOOLOORTREDINGS (VOORTSETTING) ........................ | 100 - 125 |
| | K. Slordige Skrif ...................... | 100 |
| | L. Slordigheid op eie Lyf en Klere..... | 103 |
| | M. Vernielsug .......................... | 107 |
| | N. Vloek ............................... | 110 |
| | O. Werkversuim (ernstige) ............. | 112 |
| | P. Wreedheid ........................... | 119 |
| V. | DIE MOEILIKSTE OORTREDINGS OF ONDEUGDE OM TE BESTRY ............................ | 126 - 132 |
| VI. | DIE FREKWENSIE EN DOELTREFFENDHEID VAN VERNAME STRAFMIDDELS .................... | 133 - 165 |
| | Die Mees-voorkomende Strawwe ........... | 133 |
| | Die Verskillende Strawwe :- | |
| | A. Skaam maak .......................... | 137 |
| | B. Grappig die spot dryf .............. | 139 |
| | C. ISOLASIE ........................... | 142 |
| | D. Skoolsit ........................... | 145 |
| | E. Strafwerk by die huis .............. | 148 |
| | F. Ander soorte van straf en strafwerk ......................... | 150 |
| | G. Tydelike Skorsing en Permanente Verwydering ........................ | 153 |
| | H. Ontneem van Voorregte .............. | 161 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

| Hoofstuk | | Bladsy. |
|---|---|---|
| VII. | LYFSTRAF ........................................ | 166 - 194. |
| | A. | |
| | (a) Op watter ouderdomme (by skoolkinders) is lyfstraf die doeltreffendste?......... | 166 |
| | (b) 'n Deeglike pak of net 'n goeie raps? ... | 169 |
| | (c) Hoe effektief is lyfstraf vir karakterfoute? .................................. | 172 |
| | (d) Hoe effektief is lyfstraf vir werkgebreke en werkversuim? ......................... | 175 |
| | (e) Kan Lyfstraf heeltemal uitgeskakel word?.. | 177 |
| | (f) Waar is lyfstraf beslis af te keur en Waarom?.............................. | 180 |
| | (g) Is dit goed dat alleen die Hoof lyfstraf moet toedien? .......................... | 182 |
| | (h) Is dit waar dat lyfstraf sekere kinders seksueel prikkel?....................... | 186 |
| | B. IN WATTER LANDE WORD LYFSTRAF VIR KINDERS TOEGELAAT, EN WAAR WORD DIT BELET?......... | 192 |
| VIII. | STRAF IN VERBAND MET BUITENGEWONE OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS. .................................. | 195 - 239 |
| | A.. | |
| | 1. Die Abraham Kriel-Kinderhuis, Langlaagte, Transvaal .................. | 196 |
| | 2. Die Industrieskool vir Meisies op Standerton, Transvaal .................. | 206 |
| | 3. Die Industrieskool vir Seuns (naby) Heidelberg, Transvaal .................. | 211 |
| | 4. Die Houtpoortse Verbeteringshuis, naby Heidelberg, Transvaal ............ | 217 |
| | 5. "Norman House", Johannesburg .......... | 232 |
| | 6. "Spackman House", Krugersdorp ......... | 233 |
| | B. Behandeling van Bednatmakers .......... | 236 |
| IX. | HULPMIDDELS OM STRAF SOVEEL AS MOONTLIK UIT TE SKAKEL ....................................... | 240 - 274 |
| | Stelsels om Straf uit te Skakel: VALENTIN, TROTZENDORF, THOMAS ARNOLD, WILSON GILL, JOHANNES LANGERMANN. ......................... | 240 |
| | DIE PREFEKSTELSEL (en ander stelsels) IN ONS LAND .................................. | 244 |
| | In watter skole word die prefekstelsel aangetref? .................................. | 247 |
| | Voorregte en kentekens van prefekte .......... | 249 |
| | Die prefekstelsel en strafuitskakeling ....... | 250 |
| | Kiesing van prefekte: moet dit demokraties geskied of nie? ............................ | 251 |
| | Uit watter klasse moet prefekte gekies word?.. | 252 |
| | Keuse deur leerlinge: die bestes? of die populêrstes? ................................ | 254 |
| | Word daar gereëlde vergaderings van prefekte gehou? ..................................... | 255 |
| | Wie beheer die prefekte? ..................... | 257 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

| Hoofstuk. | | Bladsy. |
|---|---|---|
| | Behoort prefekte die reg te hê om straf op te lê? | 257 |
| | Pligte van prefekte | 261 |
| | Oorsake vir mislukking van die prefekstelsel in 'n paar skole. | 263 |
| | Onmisbare eienskappe van prefekte | 263 |
| | Onmisbare kenmerke van 'n goed-georganiseerde prefekstelsel | 266 |
| | VOORBEELD VAN KONSTITUSIE: Gekombineerde Prefek- en Seniorstelsel | 268 |
| X. | HULPMIDDELS OM STRAF SOVEEL AS MOONTLIK UIT TE SKAKEL (VOORTSETTING) | 275 - 291 |
| | Geskikte Werk en Geleentheid vir Prestasies en Vryetydsbesteding | 275 |
| | Padvindery en Buiteskoolse Aktiwiteite | 286 |
| XI. | HULPMIDDELS OM STRAF SOVEEL AS MOONTLIK UIT TE SKAKEL (VOORTSETTING) | 292 - 306 |
| | Persoonlike Verhoudings en Karakterstudie in Verband met Straf | 292 |
| | Karakterstudie | 294 |
| | Opvoedkundige Klinieke | 301 |
| XII. | OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS. | 307 - 313. |
| | BIBLIOGRAFIE | 314 - 320 |
| | BYLAE. | |
| | VRAELYS AAN SKOLE GESTUUR. | 321 - 324. |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK I.

## Wat beteken „STRAF".[2]

## Verantwoordelikheidsgevoel en Gewete.

Is die mens verantwoordelik vir sy dade of nie? Oor hierdie vraag is daar al ontsaglik baie geskryf. As ons die vraag ontkennend beantwoord, dan is alle opvoeding onmoontlik. Kohnstamm[(1)] sê die volgende: „Opvoeding is gewetensvorming ...... .......... wie geweten zegt, zegt verantwoordelijkheid ........... Daarom kunnen wij ook alleen opvoeden voor zooveel wij verantwoordelijkheid aanvaarden, bewust of onbewust. Inderdaad erkennen dan ook alle opvoedkundigen op welk metaphysisch of kennistheoretisch standpunt zij ook mogen staan, dat de mensch verantwoordelijk is".

Dit sou ons bestek oorskry om alle begrippe en implikasies wat met straf te doen het noukeurig te ondersoek. Hier dien egter tog met nadruk daarop gewys te word dat die begrip „verantwoordelikheid" verreikende implikasies het en selfs wysgerig nog ver van deurgrond is. Beteken „verantwoordelikheid" die besit van 'n „vrye wil" soos vroeër aanvaar is? Ons wil hier volstaan met die bevinding dat al die begrippe soos straf, verantwoordelikheid, skuldbewussyn, gewete, berou, versoening, verwys na twee dinge wat in 'n geestelike verhouding tot mekaar staan. Daar is ten eerste 'n norm of 'n eis of 'n ideaal wat deur 'n persoon of groep met gesag beklee, gestel word, en dan is daar 'n persoon wat die norm aanvaar het, d.w.s. op een of ander wyse ingestem het om die ideaal na te strewe. Dit is die kernstuk van die hele verantwoordelikheidsidee, naamlik dat daar iemand is wat 'n norm of 'n taak subjektief aanvaar het en dit wil nalewe.

Daaruit volg ook dat niemand ware skuldbewussyn of berou oor iets kan belewe nie tensy die persoon vrywillig innerlik ingestem het om die wet of ideaal wat hy deur sy daad aantas, te aanvaar nie. Die geesteswetenskappe soos

(1) Ph. Kohnstamm: „Persoonlijkheid in Wording", 1929, bl. 66.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die geskiedenis, sosiologie en sielkunde moet die waardeleer of filosofie behulpsaam wees om vas te stel watter ideaal of ideale aan die mens of die wêreld of 'n gemeenskap dieper eie is, en dit is die taak van die opvoeding tuis, op skool en in die openbare lewe om kinders sover te lei dat hulle daardie waardes self aanvaar om daarna te lewe[1]. Gewete beteken dan bewussyn of kennis van die aanvaarde ideale, skuldbewyssyn die wete dat nie gehandel is na die eie gewilde norme nie, berou 'n leedgevoel oor die eie ontrouheid aan die eie norme. Daarom is die hoofdoel van alle ware opvoeding om die kind te lei en te help sodat hy die diepeie waardes van sy geestesgemeenskap, d.w.s. sy volks-, kultuur- en godsdiensgroep kan ontdek en innerlik aanvaar, want dan eers voel hy hom verantwoordelik. Soos Keyter tereg aandui, moet die opvoedkunde 'n menigvuldigheid van doelstellinge aanvaar maar tog 'n samehang of eenheid in dit alles vind, 'n hierargie van doelstellinge dus onder leiding van 'n integrerende beginsel.[2] Hyself beskou die organiseer van die kind se lewenskragte tot 'n „stabiele eenheid" as die hoogste doelstelling van die opvoeding of soos hy dit anders uitdruk „innerlike stabiliteit en bestendigheid". Die nadruk wat ons egter op die „<u>beterwete</u>" en die <u>verantwoordelikheidsgevoel of -bewussyn</u> lê in teenstelling met Keyter moet daaruit verklaar word dat ons veral te doen het met die gedrag en oortredings van die skoolkind. Daarom tree die karaktervorming soos by Kohnstamm, Foerster en McDougall in hierdie studie meer op die voorgrond. Miskien moet ons dus praat van die doel van opvoedkundige strafbehandeling in ons geval en nie van opvoeding in sy geheel nie.

Willemse sê die volgende:[3] „As ons sware krimineles bestudeer, dan vind ons dat die meeste van hulle ook volgens die regsopvatting van vreemde kulture en volke oortreders sou gewees het". Daarvan sou mens geneig wees om af te lei dat sekere algemene norme gemeenskaplike eiendom van die hele mensdom

(1) Vergelyk ook T.J. Hugo: „Karakterstudie en Opvoeding", 1922, Hoofstuk IV, veral bls. 81, 85 en 86; en verder die referaat oor <u>Geskiedenis</u> deur prof. I.D. Bosman voor die Onderwyskongres te Bloemfontein, Julie 1939.

(2) J. de W. Keyter: „Opvoeding en Onderwys", Bloemfontein, 1936, bls.110, 113, 117.

(3) W.A. Willemse en L.J. Rademeyer: „Kriminologie", 1933, bl. 15.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is. Wat betref sulke norme moet hulle m.i. beskou word as die stem van die Skepper in die mens. Desnietemin bring die verskillende nasionaal-kulturele ontwikkelinge en omstandighede van die verskillende gemeenskappe tog ander nuanseringe mee van die algemene waardes. 'n Lewendige opvoedkunde sal dus die kind tot verantwoordelikheid lei in die eerste plek ten opsigte van die norme en ideale wat hy reeds van kindsbeen af daeliks ervaar het. Indien die skool nie organies aansluit by die norme van die ouerhuis en die bekende gemeenskap nie, maar probeer om die kind verantwoordelikheid te laat aanvaar teenoor vreemde abstrakte norme, veroorsaak dit verwarring en konflik in die gees van so'n kind. So'n botsing tussen die kodes en ideale van die ouerhuis en dié van die skool, blyk baie duidelik uit Amerikaanse ondersoekinge oor die hoë misdaadsyfers by die kinders van immigrante(1). Die afbrekende uitwerking van so'n disharmonie kan dus nie meer ontken word nie, en die skool moet uiters versigtig wees om die volksetos as grondslag nie te ondermyn nie.

## Gewete en Verantwoordelikheid by Kinders.

Omdat die verantwoordelikheidsgevoel wat ons as die doel van opvoedkundige straf beklemtoon het, so nou saamhang met gewete, is dit noodsaaklik om aan te dui dat die gewete (en ook verantwoordelikheidsbewussyn) reeds vroeg in die lewe van die kind te voorskyn tree. Die nuutste opvattings is dat die gewete 'n ingewikkelde dinamiese struktuur is, in die vorming waarvan verskillende faktore werksaam is.(2) Ten eerste is daar die primêre sosiale neiging en vermoë om met andere mee te voel, simpatie, wat reeds by die kind tussen een en twee jaar waargeneem kan word. Dit is 'n ingebore aanleg wat geleidelik ryp word en nie (soos die Behaviorisme aanneem) deur ervaringe aangewerf word nie(3). Onteenseglik word die inhoud van die beterwete egter ook sterk beïnvloed deur die voorbeeld en gebode van die ouers.

(1) Sullenger: "The Social Determinants of Juvenile Delinquency", New York. 1936.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die psigo-analise huldig selfs die opvatting dat die gewete of „Ideale-Ek" hoofsaaklik die neerslag is van die ouers se voorbeeld en bevele wat by die kind later vanselfsprekend-onbewus word en sy vitale drange in bedwang hou.(1) Dit gee ons ook gelyk waar ons aangedui het dat die opvoeding deur voorbeeld en straf die kind moet voer tot die aanvaarding van die gemeenskap se norme en ideale. Hoewel die natuurlike meegevoel en die opvoedende belering beskou moet word as die grondpilare van die gewete, kom daar nog meer by. McDougall e.a. wys tereg op die groot betekenis van die rangstrewe van die mens ("self-assertion and self-submission") en sy self-waarderingsgevoel ("self-regarding sentiment") in die opbou van sy karakter.(2) Of dit as sedelik waardevol beskou moet word, laat ons nou daar, maar dikwels word kwaad nagelaat of goed gedoen nie uit simpatie nie, ook nie vanweë onbewus geworde ouergebode nie, maar hoofsaaklik terwille van die publieke opinie. Maar selfs hierdie drie elemente kan nog nie heeltemal die gewete en normverantwoordelikheid verklaar nie. Fundamentalistiese skrywers glo aan 'n fundamentele besef van goed en kwaad by die mens afgesien van meegevoel, ouergebode en selfrespek. Die regsbewussyn van die kind kom duidelik uit in sy besondere gevoeligheid ten opsigte van beurte en later ook in verband met onwaarheid en oneerlikheid, maar dit is baie moeilik om te sê hoeveel daarvan ouer-voorbeelde is en hoeveel te wyte is aan 'n inherente besef van goed en kwaad.

Ons is nie in staat en beskou dit ook nie ons taak om noukeurig vas te stel hoe en wanneer al hierdie strukture en die verantwoordelikheidsgevoel wat daarmee saamhang in die lewe van die kind begin te funksioneer nie. Dit is genoeg om aan te dui dat die kind reeds voor sy skooljare 'n groot ontwikkeling op die gebied deurmaak. Die primitiewe skuldbewussyn wat berus op 'n vrees vir straf en ook die vermoë om met andere mee te voel, is reeds by die kind van twee jaar aanwesig. Langsamerhand word die

(1) Feber a.w. bls. 274, 310, 361. E.A.D.E. Carp, "De Psychopathiën," Amsterdam, 1934, bls. 24, 33, 34.

(2) Wm. McDougall: "Social Psychology", 1926, bls. 213, ens.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

naïwe selfsugtigheid met toenemende ouderdom aan bande gelê deur nuwe gewoontes en insigte wat die kind opdoen in sy verhoudinge met ouers en ander kinders. Wanneer hy of sy met die sesde jaar in die skool kom, mag ons aanneem dat die kind nie alleen al die denkwette kan gebruik nie, maar ook reeds die vernaamste gedragsnorme leer ken en verantwoordelikheid aanvaar het. Daarvoor is baie aanduidinge soos simpatie-uitinge, 'n goeie besef van beurte en besittingsregte, taalgebruik van etiese begrippe soos „mammie maak nie reg nie", en „jy hou nie jou woord nie."(1) Natuurlik lê daar nog 'n groot veld vir ontwikkeling en invloed deur die skool en lewe na die sesde jaar. Die gewoontes en norme moet gekoördineer, (tot „'n innerlike stabiele eenheid" gevoer) en op die wyere lewensgebiede van toepassing gemaak word. Bowendien, soos ons nog later sal aantoon in die bespreking van gesag en vryheid, bly vrees vir blaam en straf, of hoop op lof en loon nog lang belangrike motiewe. Eers laat in sy karakterontwikkeling word die mens se verantwoordelikheidsbewussyn en idealisme so sterk dat hy of sy oorwegend terwille van die eie norm of ideaal handel.

Die naïwe verantwoordelikheidsgevoel en verantwoordelikheidseise wat ons by skoolkinders aantref, word veral deur die selfondersoek wat die puberteit kenmerk later tot 'n bewuste oortuiging dat elkeen wel deeglik verantwoordelik is vir sy dade. Kelchner kom tot hierdie gevolgtrekking na sy die uitsprake van 2277 jeugdiges nagegaan het. Hulle het opstelle geskryf oor sulke onderwerpe soos „skuld, straf, berou". Die groot meerderheid van jeugdiges sien wel dat die mens as gevolg van sy natuurlike aanleg sekere misdade kan pleeg, maar hulle eis nogtans van die oortreder rekenskap.

---

(1) Prof. Willemse: Ongepubliseerde lesings.

(2) Mathilde Kelchner: „Schuld und Sühne im Urteil jugendlicher Arbeiter und Arbeiterinnen", 1932, bl. 42.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Verantwoordelikheidsgevoel by Misdadigers.

Dit is 'n bekende feit dat misdadigers hulleself in baie gevalle aan die owerhede uitlewer, selfs om die doodstraf op hulle te neem. Foerster [1] maak melding van Louis Proal, 'n Franse regter wat 'n boek oor „Misdadigheid en Straf" geskryf het. Proal verklaar dat hy in sy ondervinding baie dergelike gevalle teëgekom het. Onder hulle was daar sowel jeugdiges as oues, sowel diewe as moordenaars, en hulle het hulle straf nie net ondergaan nie, maar hulle het dit uitdruklik verlang en erken dat nie die omstandighede nie maar hulleself die skuld dra. Een erken b.v. dat hy nie eerlik teen sy hartstogte gestry het nie, en 'n ander vertel van die vreeslike gewetenswroeging wat hy na die misdaad ondervind het. Proal wys dan op die wonderlike rus wat sulke misdadigers ondervind na hulle deur die hof veroordeel is.

Veral by die psigo-analitiese skrywers neem die normatiewe „Ideale-Ek" en die skuldgevoel 'n belangrike plek in. [2] Dit is bekend dat hulle (veral Carp) min verskil maak tussen die „Ideale-Ek" en die „gewete". Netsoos die klein kind bang voel en dit wil goedmaak as hy die ouers se bewuste bevele duidelik oortree het, so voel die groter kind en volwasse oortreder later skuldig want die strenge ouergebode is dan al deel van homself, sy gewete of „Ideale-Ek", geword. Hierdie „Ideale-Ek" hou nie net die vitale en egoistiese drifte van die groter kind en die volwassene in bedwang nie, maar dit eis ook genoegdoening wanneer die drifte deurgebreek het in die vorm van 'n verbode daad. Soms ontstaan dan na sulke verbode dade 'n bewuste skuldgevoel maar dikwels is die skuldgevoel donkerbewus en kom slegs tot uiting deur angsgevoelens, depressiwiteit en ander buitegewone verskynsels. Alexander [3] wys veral daarop dat baie misdadigers deur hierdie donkerbewuste skuldbewussyn gedrywe word om na straf te soek, hulle oortree weer en weer om

---

(1) F.W. Foerster: „Schuld und Sühne", 1912, bl. 71.

(2) E.A.D. Carp: „De Psychopathiën", 1934, bls. 20-45.

(3) Fr. Alexander and W. Healy: "Roots of Crime", 1935, bls. 293; 117-118. Vergelyk ook H.S. Bryan: "The Troublesome Boy", 1936, bl. 137.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gestraf te kan word. Straf is vir hulle donkerbewuste skuldbewussyn 'n aangename lafenis. Dit is die groot verdienste van die analitiese skrywers dat hulle daarop gewys het dat 'n uiterlike gedrag baie diep wortels mag hê, en dat die konflik tussen sy „Ideale-Ek" of gewete en die natuurlike drifte selfs by die snoodste misdadiger bestaan, veral in sy donkerbewuste.

Oënskynlik is daar natuurlik misdadigers wat weinig verantwoordelikheidsgevoel openbaar. Willemse (1) maak melding van mense wat moorde pleeg en wat, as mens hulle teregstel, geen spoor van berou toon nie; b.v. in die geval van die lusmoordenaar Kurten was die verstand heeltemal normaal en was daar geen teken van berou te sien nie.

Willemse (2) kom tot hierdie gevolgtrekking:

„'n Matige graad van die morele defekt en gebrek aan invoelbehoefte moet by die meeste swaarkrimineles welseker toegestaan word". Maar dit wil nie sê dat hulle van kleins af onvatbaar was vir goeie opvoeding nie. Onder die volgende afdeling sal ons hierdie punt verder bespreek.

Verantwoordelikheidsgevoel by Kranksinniges.

Kortliks wil ek nagaan wat Kohnstamm (3) in verband hiermee meedeel. Hy maak melding van die arbeidsterapie vir „onrustige" pasiënte soos dit in die eerste instansie deur dr. Simon van Gütersloh toegepas is. Ek wil hier beklemtoon dat ons hier te doen het met die swaarste gevalle van geestessiekes. Kohnstamm sê dit uitdruklik. Hierdie behandeling is ook in Nederlandse gestigte op proef gestel en wel met skitterende sukses. Vroeër het omtrent 30% van die gevalle op „Santpoort" en „aan den Dolder" behoort tot die „voor hun omgeving gevaarlijke, agressieve, scheurende, vernielzuchtige patienten" wat in isoleer-

(1) Willemse en Rademeyer, A.W. bl. 24.

(2) W.A. Willemse en C.I. Rademeyer: A.W.; bl. 25.

(3) Paedagogische Studiën, Febr. 1929: Ph. Kohnstamm: „De Psychiater als Opvoeder".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kamers of in permanente baddens moes verpleeg word, of by 'n geringer graad van onrus „meestal slordig en vies gekleed, op de afdeelingen omhingen". Hierdie tipe van pasiënt het egter reeds „praktisch gesproken" uit die gestigte verdwyn. Na invoering van die terapie was daar minder as 2½% dergelike pasiënte wat weens psigiese stoornisse nie gewerk het nie, terwyl daar vroeër 30% was.

Hoe is hierdie resultate verkry? Kortliks is die nuwe behandeling as volg:

(a) daar word vir elke pasiënt werk gesoek wat aanpas by sy intellektuele trap van vaardigheid;

(b) die pasiënte word gemeenskaplik in 'n omgewing geplaas wat so huislik en aangenaam as moontlik is;

(c) enige wanordelikheid word onmiddellik met sagtheid maar groot beslistheid onderdruk. Die pasiënte wat hulle aan wanordelikheid skuldig maak, word dadelik uit die gemeenskap verwyder en vir 'n tydperk van 5 minute in 'n isoleerkamertjie gebring. Kohnstamm sê 'n mens moet die mense help en hierdie kort isolering word met dankbaarheid deur hulle aanvaar. Hierdie maatreël is byna altyd voldoende om die pasiënt so te beïnvloed dat hy weer in die gemeenskap opgeneem kan word. Dit is selde dat die isolasietyd tot 10 of 20 minute moet verleng word;

(d) ledigheid word met beslistheid teëgewerk.

Wat is nou die belangrikste verskil tussen die ou behandeling en die nuwe? In kort, is dit hierdie: dat die pasiënt nou vir sy handelinge verantwoordelik gehou word. Die ou terapie het die wanordelikheid beskou as 'n noodsaaklike gevolg van die siekte en dat die pasiënt nie anders kon handel nie, maar die gevolg was dan vroeër geweldpleging wat alleen met geweld kon gekeer word.

Die nuwe behandeling stel dus sekere eise aan die pasiënt - „in dit mede-verantwoordelijkstellen ligt het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

zwaartepunt van de geheele verandering". Kohnstamm sê dat die ou behandeling - „onder den invloed van eenzijdig materialistische en deterministische theorieën" - die pasiënte beroof het van hulle kostelikste goed deur te ontken dat hulle tog verantwoordelike mense is, want dit bly hulle tog, sê Kohnstamm, al is hulle kranksinnig. „Wie als mensch behandeld wordt, reageert als mensch, in die eenvoudige waarheid ligt haar verwonderlijk succes". So verklaar Kohnstamm die verandering.

Al moet daar dus toegegee word dat verantwoordelikheidsgevoel nie in dieselfde mate by alle mense aangetref word nie, nogtans moet die totale afwesigheid daarvan selfs by swaarkrimineles en swaarkranksinniges sterk betwyfel word.

Carp [1] sê o.a. die volgende :

> "De menigmaal opvallende koelheid en pseudo-onverschilligheid, waarmede ernstige emotioneele gebeurtenissen (b.v. ongelukken, verlies van familieleden, veroordeeling) door vele psychopatische persoonlijkheden schijnbaar worden opgenomen, behoeven dan ook geenszins te getuigen van een werkelijke gevoels-stompheid of eenig moreel defect, maar kunnen menigmaal als een verdringing der werkelijkheid en als afweer-middel ter bescherming der persoonlijkheid worden beschouwd".

Omdat dit volgens Carp verkeerd is om aan te neem dat sulke persone nie anders kon gehandel het nie[2], omdat die kriminaliteit nie 'n „onafwendbaar fatum" is nie[3] en omdat die gewetensfunksie by hulle tog „op verkapte wijzen werkzaam kan zijn"[4] volg dit dan ook dat berou ook by hulle aanwesig kan wees. Al is dit dus waar dat daar soms geen uiterlike tekens van die minste berou by die misdadiger vir ons sigbaar is nie, dan mag ons nog nie die gevolgtrekking maak dat daar geen die minste berou aanwesig is nie. Selfs Kurten het erken dat hy die dood verdien en het nie omgegee om dit te ondergaan nie.

---

(1) Carp, a.w.; bl. 106.

(2) Carp, a.w.; bl. 79.

(3) Carp, a.w.;bl. 127.

(4) Carp, a.w.; bl. 91.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Straf as Boetedoening.

As daar 'n verantwoordelikheidsbesef en skuldbewussyn by die kind aanwesig is, dan is daar ook die behoefte om weer reg te maak wat verkeerd gedoen is. Maar dit is onmoontlik om iets wat gebeur het, weer ongedaan te maak. Al sou 'n kind 'n gesteelde artikel weer teruggee, dan is die verkeerde daad daarmee nog nie uitgedelg nie. Gevolglik is daar 'n behoefte by die skuldige om 'n lyding te ondergaan. Hierdie „vrywillige" lyding simboliseer die erkenning van skuldbesef. Straf is dus - in hierdie lig gesien - nie 'n wraakhandeling deur die opvoeder nie, maar 'n weldaad vir die kind, natuurlik nie in die sin nie as of die gedane ongedaan gemaak word nie. Häberlin (1) druk dit so uit: "Darum ist die richtige Sühnestrafe durch den Erzieher, besonders auch wegen des darin enthaltenen Liebesentzuges, eine Wohltat für den schuldbeladenen Zögling". Voor daar nie eers boetedoening plaasvind nie, is die kind wat betref sy sedelike energie gestrem. Maar deur boetedoening word die skuldige weer vry. "So wirkt die Sühne, durch Befreiung und damit Vermehrung der disponiblen Energie, günstig für die sittliche Gestaltung der Zukunft".(2) Kohnstamm(3) wys daarop dat die kind wat gestraf word, voel dat die liefdesband tussen hom en die opvoeder bly bestaan, dat dit selfs nouer getrek word deur die straf. Dit kom egter daarop aan in watter gees die bestraffing plaasvind.

Die opvoeder moet egter ook help om die gewete te vorm of te skep deur afkeuring te wys met simboolhandelinge. „De straf is een simboolhandeling, waardoor op een voor het kind begrijpelijke wijze een veroordeling uit de ethische sfeer in de empirische werkelijkheid wordt vertolkt en aldus zijn geweten gewekt en gevormd".(4) Die simboolhandeling sal in die geval

---

(1) P. Haeberlin: "Wege und Irrwege der Erziehung", 1920; bl.158.
(2) P. Haeberlin: A.W.; bl. 160.
(3) Ph. Kohnstamm: „Persoonlijkheid in Wording", 1929; bl.270.
(4) ,, ,, a.w. bl. 270.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van 'n klein kind die vorm van 'n tik kan aanneem, maar so'n tik het volgens Kohnstamm niks gemeenskaplik met kweperlat-opvoedkunde nie ("Prügelpädagogik"). „Maar", sê Kohnstamm[1] „ik sluit mij geheel aan bij Katz en Kabisch ("Das neue Geschlecht", bl. 160) als zij menen dat na het tweede of uiterlijk derde levensjaar dit middel reeds overbodig moet zijn geworden".

Selfs na daardie leeftyd moet een of ander daad, 'n tasbare iets, gepaard gaan met die straf, want woorde alleen is volgens Kohnstamm ondoeltreffend. Kohnstamm keur dit feitlik altyd af om 'n straf kwyt te skel! (Vergiffenis is egter heeltemal iets anders as kwytskel. Kohnstamm keur dit b.v. sterk af dat 'n kind gedwing word om by die opvoeder te gaan ekskuus vra. Hierdie punt sit onslater verder uiteen).

Die Leer van die Natuurlike Straf.

Dit was Rousseau wat die leer van die Natuurlike Straf verkondig het en daar is tot vandag toe opvoedkundiges wat hierdie teorie propageer.

Rousseau het aangeneem dat die kind 'n a-morele wese is en dat alle sedelike opvoeding gevolglik tot die puberteit uitgestel moet word.[2] Kinders moet volgens Rousseau nooit straf as sulks ontvang nie, maar die „straf" moet feitlik vanself kom as 'n natuurlike gevolg van hulle dade.[3] As voorbeeld noem Rousseau die geval van 'n kind wat 'n leuen vertel. Die natuurlike gevolg sal in hierdie geval wees dat die opvoeder en ander hom nou nie meer glo nie, al spreek hy dan ook die waarheid. (Oor die verderflike invloed van so'n handelwyse sal ek op 'n ander plek uitwei). Maar soos dikwels by Rousseau die geval is, hou hy die leer nie vol nie; b.v. as die sleg-gehumeurde kind alles breek, b.v. die ruite van sy kamer, dan moet die ruite voorlopig nie reggemaak word nie, sodat die kind die ongerief van die koue trek kan voel. Maar

(1) a.w.; bl. 270.

(2) Ph. Kohnstamm: a.w.; bl. 259.

(3) Rousseau: "Emile or Education translated by B. Foxley"; 1921; bl. 65.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

as die ruite uiteindelik tog weer ingesit word en hy breek dit weer, dan moet die opvoeder die kind in 'n donker kamer opsluit, ure lank, totdat hy belowe om nie weer ruite te breek nie.[1] Rousseau erken dus hiermee self dat die opvoeder onmoontlik geheel en al op sy kan staan wat betref die toedien van straf. (Sy strafmetode, naamlik om 'n kind in 'n kamer, en dit nogal in 'n donker kamer, op te sluit, is natuurlik totaal onopvoedkundig).

Dit was Spencer wat hierdie teorie van die Natuurlike Straf verder uitgewerk het. Dit het uitstekend ingepas by sy hele opvoedkundige leer. Volgens Spencer[2] is die doel van opvoeding om mense te kweek geskik vir die wêreld soos dit nou is. Gunning meen dat Spencer aan daardie hoofstuk, naamlik „Sedelike Opvoeding", net so goed die opskrif „Onsedelike Opvoeding" kon gegee het. Die doel wat Spencer beoog, sou vandag glad nie as sedelike opvoeding bestempel word nie, maar as aanpassing by 'n bedorwe wêreld, soos dit nou eenmaal is. Juis in hierdie aanpassing skuil daar 'n groot gevaar vir die mens se sedelike wese. Hoe anders is dan ook die doel van opvoeding soos Gunning dit sien: „Sedelike opvoeding is verzet tegen de omgeving en strijd tegen haar en tegen de eigen natuur, strijd, soms tot bloedens toe"[3]

Maar laat ons eers die gedagtegang van Spencer en ander voorstanders van hierdie leer verder nagaan. Die doel van opvoeding is dus volgens hulle om die kind te laat leer - liefs deur eie ondervinding as dit kan - dat sekere dade slegte gevolge en ander weer goeie gevolge het. Die kind moet sy dade dus so kies dat die gevolge daarvan net aangenaam sal wees. Spencer sê nou dat die strawwe van die natuur - b.v. as 'n kind sy kop stamp of sy vinger brand - altyd mooi eweredig is met die oortreding. Die ouer moet dus sover moontlik die pad van die natuur volg;

---

(1) Rousseau: "Emile or Education translated by B. Foxley", 1921 - bl. 64.

(2) J.H. Gunning: "Verzamelde Paedagogische Opstellen .... Karaktervorming", 1908; bl. 191.

(3) J.H. Gunning, A.W.; bl. 191.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

b.v. as die kind te laat is om saam te stap, dan moet hy by die huis bly en die ouer alleen gaan, ens. Maar Spencer erken al gou dat daar moeilikhede is:[1] b.v., as die kind diefstal pleeg. Dan moet die ontevredenheid van die ouers tog ook as 'n deel van die natuurlike gevolg van die daad beskou word. Net soos Rousseau vind hy dit ook onmoontlik om die ouer heeltemal uit te skakel. Dit vind ons trouens ook by die hedendaagse opvoedkundiges wat die leer wil verdedig. Ek noem maar E. Wexberg as 'n voorbeeld.[2]

Kritiek op hierdie Leer.

1. Dit is in die lewe geensins altyd so dat goeie dade goeie gevolge het en andersom. Maar die kind moet leer om nie die aangename of onaangename gevolge van sy dade in oorweging te neem nie, maar om sy plig te doen, of sy ideale waardes na te strewe afgesien van die gevolge.

2. Die natuurlike straf is in baie gevalle onverstaanbaar vir die kind. Liefmann[3] noem die voorbeeld van 'n kind wat te veel lekkernye gesnoep het en gevolglik maagpyn, ens. kry. Die samehang van die daad en die gevolg is vir die kind nie duidelik nie. Dit sal nodig wees om hom af te leer om te snoep.

3. Die natuurlike straf volg soms veels te laat op die oortreding en die straf sal dan moontlik so noodlottig wees - b.v. by oortreding van sekere gesondheidsreëls - dat dit te laat is vir die betrokke persoon om nog iets daaruit te leer.

4. Soos Gunning sê[4] verlaag hierdie leer die opvoeder tot die rol van lydelike toeskouer. Die kind het die reg op ons hulp. Kerschensteiner sê:[5] „Geen opvoeding kan of mag, in't algemeen gesproken, blijven wachten totdat misschien eigen ervaring tot zelfbeheersching geleid heeft. Zelfs een kind, dat zich gebrand heeft, is niet altyd bang voor het vuur en ervaring maakt geenzins alle menschen verstandig". Kerschensteiner ken wel 'n

(1) Spencer: "Education", hoofstuk 3.
(2) Erwin Wexberg: "Sorgenkinder", 1931; bl. 140.
(3) Dr. med. E. Liefmann: "Zeitschrift für Paed. Psychologie", Julie/Aug., 1927, bl. 335.
(4) J.H. Gunning: a.w. bl. 191.
(5) G. Kerschensteiner: "Gezag en Vrijheid", (vertaal deur J.L. Gunning), 1928, bl. 53.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

plek aan die natuurlike straf toe, maar eers kom kunsmatige strawwe, gewoontevorming, wat dan later gedeeltelik deur natuurlike strawwe kan vervang word.

5. Daar is sekere tipes van mense wat hulle minder deur vrees vir die gevolge van hulle dade laat afskrik[1]. Hulle handel onnadenkend en impulsief en die gedagte aan vorige strawwe - dit sy natuurlike of ander - laat hom op die kritieke oomblik nie geld nie. Hierdie gebrek aan „sekondêre funksie" [2] tref mens veral by „goleriese" en „sanguiniese" tipes aan. Natuurlik is hierdie beswaar van toepassing op meeste strawwe, maar m.i. spesiaal wat betref s.g. „natuurlike" strawwe, waar die opvoeder uitgeskakel word en die kind dus heeltemal op homself aangewese is.

Uit die vyf besware wat ons opgenoem het, is dit duidelik dat wat betref gewoontevorming (dressuur) sowel as wat betref sedelike opvoeding, natuurlike straf ontoereikend is. Dit is onmoontlik om die opvoeder uit te skakel wat betref die oplê en toediening van straf. Ons kan dus nie wag dat die natuur of die noodlot vir ons 'n straf aanwys en toedien nie, maar daar is tog 'n kern van waarheid in hierdie bekende teorie: Geen straf bevredig die ware opvoedkundige nie, tensy dit in 'n wesenlike verband staan met die wandaad of sy oorsake. In ons latere bespreking sal blyk dat sodra 'n straf hoegenaamd geen samehang toon met die wese van die wangedrag nie, doen dit aan sy waarde af, b.v. as iemand seuns in die tuin laat spit omdat hulle ongewas na skool kom. Veel meer tevrede is die opvoedkundiges as die ongewaste seun verplig word om 'n yskoue stortbad te neem.

In noue verband met hierdie leer staan die leer van totale uitskakeling van alle strawwe. Ons dink b.v. aan die psigo-analise en die so goed bekende populêre verteenwoordiger daarvan, A.S. Neill. Om alle straf uit te skakel, is om die outoriteitsbeginsel prys te gee. Daaroor handel die volgende

---

(1) W.A. Willemse: "The Road to the Reformatory", 1938, bls. 95 en 98.

(2) T.J. Hugo, a.w.; bls. 50, 52, 105 e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

afdeling:

D. <u>Outoriteitsbeginsel en Vryheidsbeginsel.</u>

Steinmetz het 'n baie deeglike ondersoek ingestel in verband met die kwessie van straf by primitiewe volkere, d.w.s. by die opvoeding van hulle kinders.

Hy het gevind dat tug en dissipline by die primitiefste volkere heeltemal ontbreek het. Daar was min of geen eise wat die ouer aan die kind se gedrag stel nie en dus was daar ook geen straf nie. "Die Zucht, die Disciplin fehlten ursprünglich gänzlich; es konnte also nicht ihren Forderungen entgegen gehandelt werden: disciplinäre Vergehen bestanden nicht, also auch keine disciplinären Strafen".(1)

Steinmetz beantwoord die vraag: watter behandeling ontvang kinders van primitiewe volkere van hulle ouers? Hy deel sulke volkere in drie groepe in, naamlik :

(1) dié waar daar absolute toegewing is en elke spoor van opvoeding ontbreek;

(2) dié waar opvoeding in sy aanvanklike stadium aangetref word, sonder - of byna sonder - enige kastyding;

(3) dié waar die kinders ru behandel word en waar daar strenge tug is.

Steinmetz kom nou tot die gevolgtrekking dat groep No. 1 verreweg die grootste is. Nie minder as 32 primitiewe volkere noem hy op wat aan hierdie groep behoort. By hierdie volkere kom dit voor dat die kinders baie astrant teenoor hulle ouers optree en dat hulle selfs hulle ouers slaan! By party van die 32 volkere word dit graag gesien dat die kinders baie stout is. Dit kom voor (of miskien moet ons sê: <u>het</u> voorgekom in Steinmetz se leeftyd), as die moeder in haar ongeduld tog 'n

---

(1) Sebald Rudolf Steinmetz: "Ethnologische Studien zur ersten Entwicklung der Strafe", Teil II, bls. 178 tot 214; (1892).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kind 'n klap sou gee, veral as dit 'n seun is, dat die pa dan kwaad word en vir sy vrou 'n pak slae gee! "In allen zwei und dreissig Fällen werden die Kinder von ihren Eltern geliebt oder vernachlässigt, allerdings in der überaus grossen Mehrzahl der Fälle zärtlich geliebt und verhätschelt, ohne dass sich nur eine Spur von irgend einer Erziehung fände".

Steinmetz maak nou 'n baie interessante en m.i. uiters belangrike vergelyking. Hy wys daarop dat 'n mens by die laagste klasse van sy eie volk 'n soortgelyke toestand aantref as die wat ons by groep No. 1 van primitiewe opgemerk het. Ook by sy eie volk se laagste klasse het Steinmetz so'n vertroeteling aangetref. Die ouers gee aan elke wens van die kind toe, daar word 'n oordrewe mate van laksheid, gepaard met wispelturige soetsappigheid, openbaar. So'n toestand, meen Steinmetz, word dikwels aangetref, tensy dat dronkenskap 'n ontaarding laat ontstaan het wat miskien in vreeslike wreedheid tot uiting kom, of tensy dat 'n strenge vorm van godsdiens (hy noem Calvinisme) die ouers van die laagste klas beïnvloed het, in watter geval 'n mens dan as gevolg strenge tug sal aantref.

By primitiewe volkere is daar nie baie reëls wat deur die maatskappy gemaak is nie, en dus kan daar ook nie sprake wees van baie oortredings nie. 'n Ander verklaring van Steinmetz is hierdie: dat 'n mens by primitiewe volkere nie liggeraaktheid aantref soos b.v. in ons beskaafde maatskappy nie; gevolglik sal primitiewe volkere baie van hulle kinders verdra waaroor ons maatskappy se senuweagtige pa's sou kwaad word. Daar is egter volgens Steinmetz nog 'n derde verklaring vir hierdie afwesigheid van tug: sulke ouers (by primitiewe volkere) sien graag dat hulle kinders, veral hulle seuns, vir niks moet bang wees nie, en die ouer is dus in party gevalle eerder bly daaroor dat die seun hom sal slaan, want dit is 'n bewys van dapperheid, en die moed van die seun moenie gebreek word nie. Hy druk dit so uit: "Kraft,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Grausamkeit, ungebändigte Wildheit waren im Anfang die Eigenschaften, welche der rechte Mann, der sich geltend machen wollte, haben sollte: diese bewunderte und wünschte jeder in sich selbst und in denen, die er liebte..........."

Buitendien probeer primitiewe volkere om 'n kind so gou as moontlik selfstandig te maak, en daarom speel die gesag van die ouer so'n ondergeskikte rol.

Wat sê ander opvoedkundiges in verband met Steinmetz se bevindings? Kerschensteiner (1) het sy sienswyse weergegee in 'n hoofstuk met die opskrif "De historische ontwikkeling van het autoriteitsbeginsel". Hy wys daarop dat daar in die geskiedenis van die pedagogiek 'n byna onafgebroke beweging van die outoriteitsbeginsel na die vryheidsbeginsel aanwesig is. Dit loop saam met die politieke ontwikkeling van die volkere. Kerschensteiner sê egter dat ons nie tot die gevolgtrekking moet kom dat daar in die sisteem van opvoeding by heel primitiewe volkere die vryheidsbeginsel geheers het nie, want in so'n maatskappy is daar nog geen (etiese) waardes aanwesig nie en is daar dus ook nog geen behoefte aan opvoeding van die jonger geslag nie. „By geheel primitiewe stammen van visschers en jagers, zoals onder de Patagoniërs en Vuurlanders, Australiërs en Tasmaniërs, treffen wij nog heden ten dage een houding van de volwassenen tegenover de jeugd aan, die den indruk maakt van absolute vrijheid van 'zelfbepaling' voor de jeugd, van de vroegste kinderjaren af. Wanneer men uit het heden conclusies betreffende het verleden mag trekken, dan zou men kunnen zeggen dat bij het begin van alle beschaving in het beginsel de vrijheid heerschte. Toch zou deze conclusie inderdaad misleidend zijn, want men ziet over't hoofd dat daar, waar nog geen eeuwige 'waarden' in geestelijke goederen omgezet zijn, waar zelfs nog niet eens een eigenlijke gemeenschap bestaat, ook volstrekt geen behoefte aan opvoeding van het jongere geslacht gevoeld word."

---

(1) G. Kerschensteiner, a.w.; bl. 7 tot 9.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wat Kerschensteiner beweer kom dus heeltemal ooreen met wat Steinmetz verklaar, naamlik by afwesigheid van waardes, reël en wet is daar ook nie oortredings nie en is daar geen opvoeding nie. Ons moet hier egter ook daarop wys dat latere etnologiese studies soos die van Schmidt en Koppers se skool[1] weer meer waardebesef, wet en orde in die lewe van die primitiefste kulture sien. Hulle toon aan dat die primitiewe godsdiens, familielewe en opvoeding van die oerkulture baie meer eg en menslik was as dié van latere sogenaamd meer gevorderde kulture. Desnietemin mag ons aanneem dat die outoriteitsontwikkeling min of meer 'n paraboliese lyn wys naamlik van 'n ietwat ongeboude primitiewe toestand tot drastiese gesaghandhawing in ons eie historiese tye en vanaf die Aufklärung en Rousseau weer meer tot 'n bewuste en bedoelde vryheid. Beide by die oerkulture en by die mees liberale moderne rigtinge is daar 'n mate van vertroeteling: in die primitiefste tyd onopsetlik, spontaan, onbekommerd en in die moderne strominge as die bewuste resultaat van filosofie en wetenskap.

Die nadele van 'n vertroetelende opvoeding soos ons dit by die oerkulture en weer by hiper-moderne "new schools" aantref, word treffend geskets deur die onderskeid wat Haeberlin[2] maak tussen „sentimentale" en „sachliche" opvoeding. Haeberlin verduidelik dat daar by 'n „saaklike opvoeding" 'n vaste sedelike doel is, terwyl die „sentimentele opvoeding" nie 'n vaste doelstelling het nie, maar hom aanpas by die wense en grille van die kind. "Die sachliche Erziehung ist gegenüber allen undisziplinierten Wünschen eine grundsätzlich strenge Erziehung, weil das absolute Ziel keine Nachgiebigkeit verträgt. Die sentimentale Erziehung dagegen - im 'Jahrhundert des Kindes' wie zu allen Zeiten verbreitet - ist weichmütig, nachgiebig, mitleidig. In ihr regiert der Zögling, aber nicht das

---

(1) Schmidt-Koppers: "Völker und Kulturen" - Wien, 1929.

(2) P. Haeberlin: "Wege und Irrwege der Erziehung", 1920; bl. 66.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Beste im Zögling, sondern seine unerzogenen Wünsche".

Ten slotte noem ek nog Montessori. Sy erken ook die ontwikkeling van die outoriteitsbeginsel tot die vryheidsbeginsel in die geskiedenis van die mensdom.[1] Dit skyn selfs asof Montessori reken dat ons dalk nou al sover gevorder is dat dit tyd geword het om alle straf by die opvoeding af te skaf, dat ons anders dalk gevaar loop om weer agteruit te gaan as ons straf nog langer as noodsaaklik beskou. Is strawwe nog nodig vir ons verdere ontwikkeling? "If we have indeed gone beyond this point, then to apply such a form of education (met straf en beloning) would be to draw the new generation back to a lower level....."

Maar Montessori erken aan die anderkant dat by alle sogenoemde vryheid van handeling - waardeur sy dissipline wil bewerkstellig - die slegte tog onderdruk moet word. "It is of course understood that here we do not speak of useless or dangerous acts, for these must be suppressed, destroyed."[2] Ook moet ons byvoeg dat die s.g. „vryheid" van handeling ook in 'n Montessori-skool beperk is, b.v. die kinders mag die materiaal net op 'n sekere manier gebruik en mag nie daarmee „speel" nie. Buitendien maak Montessori gebruik van isolasie (al duur dit nie lank nie) as 'n soort strafmiddel.

'n Wyse opvoeding sal die historiese ontwikkeling van 'n primitiewe losbandigheid tot 'n strenge outoriteitshandhawing en weer daarvandaan tot groter vryheid en erkenning van die natuur van die kind moet ter harte neem. Dit is die bekende pendulum-beweging van ware ontwikkeling, die tese en antitese wat Hegel tot die grondslag van sy filosofie geneem het. Maar hierdie historiese gang dwing ons ook om nie die pendulum-beweging na vryheid te oordryf nie; ons moet soos Hegel die tese en antitese kombineer tot 'n sintese waarin beide uiterstes tot hulle reg kom.

---

(1) Maria Montessori: "The Montessori Method": (vertaal deur Anne E. George); bls. 22-28.

(2) M. Montessori, a.w.; bl. 88.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(1)
Onaantasbare waardes en wette moet daar wees anders is die karakter sonder houvas en struktuur; strenge verantwoordelikheidseise moet ons stel, anders voel die mens asof hy en sy plek in die gemeenskap niks beteken nie; straf moet op oortredings volg anders kom die waardes en verantwoordelikheidseise nie op tasbare wyse tot gelding nie. Maar sover moontlik moet die waardes en wette deur die kind self aanvaar word en derhalwe moet die spontane natuur en die ontwikkelingsfases van die kind terdeë in aanmerking geneem word.

Ons meen dat die moontlike gevaar waarop Montessori wys, in sover gegrond is dat ons te veel gebruik van straf kan maak, b.v. by sekere kinders waar dit grotendeels oorbodig is, maar m.i. is die ander gevaar veel groter: as ons alle straf by die opvoeding gaan afskaf, dan gaan ons weer die stadium bereik waarin die primitiefste volkere hulle bevind, waar daar minder orde, minder gehoorsaamheid, minder etiese waardes is. As ons die outoriteitsbeginsel gaan prysgee dan sal dit met ons gaan soos met die berugte skole in Hamburg, wat omtrent 1923 tot 1928 „gebloei" het. Die eksperiment is al afgeloop: daar was die outoriteit prysgegee; die kinders kon doen feitlik net wat hulle wou: op tyd wees of nie, klasse bywoon of nie, leer of nie, beleefd wees teenoor die onderwyser of nie. En wat was die uitwerking van hierdie „eksperiment"? TOTALE CHAOS EN ONTAARDING![2] Dit was die wrange vrugte van 'n sisteem wat die outoriteitsbeginsel wou prysgee. Rawson sê dan ook: "Progress is not to be achieved in a diminution of authority". Maar Duitsland is gelukkig van hierdie losbandige sisteem verlos.

Kelchner[3] het daarop gewys dat die jeug self die noodsaaklikheid van tug en order in die huisgesin, die skool

---

(1) G.W.F. Hegel: "Vorlesungen über die Philosophie der Geschichte" Sämtl. Werke, Bd. XI.

(2) W.T.R. Rawson: "Authority and the New Education", wat verskyn het in "The New Era", Desember 1937.

(3) Mathilde Kelchner, a.w.; bl. 130.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en die maatskappy erken. Ook die moderne nadruk op dissipline as 'n voorbereiding vir die lewe, voer terug na die uitspraak van Bagley[1] twintig jaar gelede: "The school must continue to resemble in many ways the older order in which a single individual imposed his will upon the group, and the conception of school discipline must continue to reflect some measure of arbitrary dominance and repression. This is made inevitable by the immaturity of the pupils, and by the necessity of bringing them, through a process of training to the point where they can appreciate the nature and limitations of individual freedom".

Keyter wys dwarsdeur sy hele werk op die noodsaaklikheid van 'n mate van gesag en waarsku teen die gevare van 'n verkeerde toepassing van die vryheidsbeginsel veral wat betref die onrype kind, want dit kan losbandigheid en verwildering veroorsaak[2] en die mens word „aan die genade van sy ongeorganiseerde en onbeheerde, primitiewe impulse oorgelewer en vir sy sosiale bestemming onbekwaam gemaak"........ „Trouens", vervolg Keyter, „sommige beweginge toon alweer tekens van 'n reaksionêre neiging tot herstel van 'n groter mate van gesonde gesag"[3]. Natuurlik is te veel gesag, onderdrukking en straf ook ongewens want dit lei tot 'n slaafse self-onderwerpingsgevoel en kan alle selfstandigheid en selfvertroue in kiem vernietig en 'n sterk minderwaardigheidsgevoel laat ontwikkel[4].

Die hele kwessie van vryheid en outoriteit word m.i. baie goed uiteengesit en saamgevat in die volgende aanhaling[5]:

> "Vryheid veronderstel die regte gebruik daarvan en demokratiese vryheid veronderstel 'n diepgaande eerbied vir wet en orde en pligsgetroue verantwoordelikheidsgevoel. Daardie stadium van ontwikkeling bereik die mens eers in die loop van 'n lang proses van gewenning en geestelike groei, d.w.s. wanneer hy sedelik selfstandig en vry word. McDougall onderskei vier stadia van sedelike ontwikkeling:
>
> (a) die aanvangstadium waarin die mens alleen deur die aangename en onaangename ervaringe wat hy toevallig

(1) W.C. Bagley: "School Discipline", 1916.
(2) J. de W. Keyter: „Opvoeding en Onderwys", 1936, bls.18, 232, 233, 268.
(3) Keyter, a.w., bls. 364. Vergelyk ook bls. 365, 366, 404, 471.
(4) Keyter, a.w. bls. 39, 41, 235.
(5) Keyter, a.w., bls. 243 - 244. Vergelyk ook bl. 40.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in die verloop van sy instinktiewe aktiwiteite ervaar, in sy gedrag gekontroleer en gerig word;

(b) die tweede stadium waarin sy gedrag gewysig word deur die beloning en straf wat min of meer sistematies deur sy sosiale milieu toegedien word;

(c) die derde waarin die vooruitsig van sosiale lof en afkeuring die deurslaggewende faktore in die rig en kontroleer van sy doen en late is;

(d) die hoogste stadium waarin die mens sy dade rig volgens 'n ideaal van gedrag wat hom in staat stel om te doen wat hy reg vind afgesien van die openbare mening van sy omgewing".

Keyter wys egter daarop dat die laaste trap van ontwikkeling sedelike vryheid veronderstel en deur heel weiniges bereik word. 'n Groot aantal mense bly selfs in die eerste twee stadia van sedelike groei staan. Met hierdie feite voor oë durf die ernstige opvoeder alleen vryheid veroorloof in verhouding tot die ontwikkeling en bekwaamheid van die skoliere. Algehele vryheid in die eerste twee stadia kan dus, volgens Keyter, slegs lei tot die oorgawe van die kind aan die heerskappy van sy primitiewe impulse en gevolglik tot sedelike onstabiliteit. „Trouens", vervolg Keyter, „ons het reeds daarop gewys dat alle egte opvoeding geleidelik moet oorgaan in selfopvoeding. Daarvoor is gesag 'n absolute noodsaaklikheid". M.a.w., Keyter stem saam met Bagley, wat hy op 'n ander plek aanhaal[1]:

"The only freedom that is thinkable today is disciplined freedom".

## Die Verskil tussen Juridiese Straf en Opvoedkundige Straf.

Op 'n vorige bladsy is reeds op die volgende belangrike feit gewys: as ons swaar-krimineles bestudeer, dan vind ons dat die meeste van hulle ook volgens die regsopvatting van vreemde kulture en volkere oortreders sou gewees het. Dit is ook waar dat ons as gevolg van ons moderne uitgebreide regsisteme veel nader gekom het aan ons ideaal om aan dié norme of waardes wat aan die

---

(1) Bagley, in "Crime and Social Progress", aangehaal deur Keyter, a.w., bl. 233.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mens diepeie is 'n uiterlike gestalte te gee[1]. Aan die ander kant kan dit nie ontken word nie, dat die wet soms die grootste barbaarsheid en onregverdigheid toelaat. 'n Vermaarde regter se verklarings is onlangs as volg in die pers gerapporteer[2]:

> "Students beginning a law career would be filled with high ideals and think that law and impartiality were synonymous. That might be an ideal, but it was not so in practice. The law ought to approximate to the moral conviction of the community, but the law was not always just, and they would often find that the law allowed the greatest barbarity and injustice that they could think of. 'In our modern democratic institutions laws are not made because they are just, but because they suit one or other political party, or because they are out to ensure the catching of votes or to benefit one section against another, or because they pander sometimes to the lowest instincts of human nature. Therefore, if you will bear this in mind in your studies of law, you will not always accept that the moral principles which you are taught at your mother's knee, will be carried out legally. Your duty will be to see that the law of the land is upheld. It is not moral guilt but legal guilt with which you will be concerned."'

Ons wil nou die kwessie bespreek hoe die Hof en die skool (opvoeder) respektiewelik te werk gaan, as daar teen die opgestelde norme oortree word. Ons dink hier veral aan norme wat aan die mensdom diepeie is.

Dit sou verkeerd wees om te beweer dat daar 'n definitiewe skeiding is wat betref die doelstellings by juridiese en opvoedkundige straf. Die Hof (juridiese straf) sowel as die Skool (opvoedkundige straf) het albei 'n dubbele doelstelling, naamlik: (a) om die normstellende gemeenskap te beskerm, om wet en gesag te handhaaf[3], en (b) om die indiwidu te beïnvloed om die geldende norme te aanvaar en te gehoorsaam. In die geval van juridiese straf oorweeg eersgenoemde doelstelling, en in geval van opvoedkundige straf oorweeg laasgenoemde. Foerster[4] wys egter daarop dat die opvoedkundige element reeds in die vroeë geskiedenis by juridiese straf aanwesig was: "Aber schon in sehr

---

(1) Vergelyk Keyter, a.w., bl. 172.
(2) F.E.T. Krause, soos gerapporteer in "The Star", 2 April 1938.
(3) B. V. A. Röling: "De Wetgeving tegen Gewoontemisdadigers", Den Haag, 1933, bls. 60 - 90.
(4) F.W. Foerster: "Schuld und Sühne"; 1912; bl. 26.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

alten Zeiten verbindet sich mit der Racheaktion der Sippe und des Staates eine tiefere sittliche Empfindung, die Vorstellung von einer durchgreifenden Reinigung und Läuterung, die ganz allein durch schweres Leiden und Entbehrung bewirkt werden könne".
In ons tyd kom die tweede doelstelling nou meer en meer tot sy reg wat betref juridiese straf, en die moderne staat probeer al hoe meer om sulke strawwe te kies wat die sedelike welsyn van die indiwidu sal bevorder, sodat hy uiteindelik weer in die maatskappy opgeneem kan word.

'n Groot strafregsgeleerde soos prof. van Bemmelen skyn selfs die opvatting te huldig dat die strafregter met sy straf moet probeer om die oortreder weer te laat strewe na 'n maatskaplik ideale toestand, (1) dus word die doel van juridiese straf steeds meer "the social adaptation of the individual", soos von Hentig dit uitdruk.

Waarskynlik sal die juridiese straf ten spyte van sy verbeteringsidee, egter tog darem nie identies word met opvoedkundige straf nie, want laasgenoemde ontwikkel ook en wel so dat dit skyn in die rigting van minder afskrikmetodes. Hipermoderne opvoedkundiges wil soms alle elemente van afskrik of dwang uitskakel in die opvoeding. Selfs Haeberlin sê: "Wenn die Strafe pädagogisch richtig gedacht sein soll, so muss sie vor allem um der Erziehung des Zöglings willen gewollt sein und um keines anderen Willen. Dem Zögling, seinem wahren Wesen, soll sie zugute kommen......"(2). Dit mag, m.i., moontlik wees om die element van afskrik uit te skakel waar die opvoeder die vader van 'n klein huisgesin is, maar die onderwyser in die skool het met 'n kleiner of groter maatskappy te doen, en hier sal dit prakties onmoontlik blyk om dié ideaal te verwesenlik. Later, as die oortreding „Afknou" bespreek word, sal die praktiese besware opgenoem word.

---

(1) Prof. J.M. van Bemmelen: Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollands Reg. 1938, bls. ...
en H. von Hentig: "Punishment", London - 1937, bl. 127.

(2) P. Haeberlin: "Wege und Irrwege der Erziehung"; 1920 - bl. 151.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daar is een grondbeginsel wat nooit mag prysgegee word nie, en wat altyd 'n rol sal speel, dit sy by juridiese, dit sy by opvoedkundige straf, en dit is hierdie: sowel die belange van die maatskappy asook die belange van die indiwidu, moet in aanmerking geneem word by ons strafbeleid - maar as hierdie belange bots, dan moet die belange van die maatskappy die voorkeur kry, want dit is beter dat 'n deel ly en ondergaan, as dat die geheel se bestaan bedreig word deur die deel. Op grond hiervan is dit miskien selfs geregverdig om die indiwidu onder sekere omstandighede af te skrik. Dit is opvallend dat jeugdiges die noodsaaklikheid van die element van afskrik in ons strafbeleid insien en waardeer. Kelchner [1] sê die volgende: "Es ist ganz offensichtlich, dass die Jugendlichen kein allzu grosses Vertrauen zur autonomen Sittlichkeit der Menschen haben und der Ansicht sind, dass nur mit Hilfe der Abschreckung durch die Strafe viele Triebe zum Schweigen gebracht werden".

Baie moderne opvoedkundiges glo egter dat afskrik nie doeltreffend is nie. Allen[2] sê, daar is baie voorbeelde in die geskiedenis om dit te bewys. Maar m.i. het hy voorbeelde gekies waar die onregverdige deur skrikbewind probeer om die regverdige te onderdruk, b.v. in geval van die onderdrukking van die eerste Christene. Allen het seker gelyk dat afskrik in sulke gevalle (geloofsoortuiging) min of niks sal help nie, en eerder opstand sal veroorsaak. Moontlik is sy bewering ook waar in gevalle waar die publieke opinie baie simpatie met misdadigers het, soos b.v. in Chicago [3]. Maar m.i. ly dit geen twyfel dat afskrik onder sekere omstandighede effektief is. Calvert[4] sê die volgende:".... the fear of any severe punishment is a deterrent, provided that it is associated with an effective administration of justice".

(1) M. Kelchner, a.w., bl. 56.
(2) A.B. Allen: "The Psychology of Punishment"; 1936 - bl. 15.
(3) Mededeling deur proefbeampte, twee jaar in Chicago woonagtig.
(4) E.R. Calvert: "The Lawbreaker", 1933; bl. 263.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In hierdie verband is dit egter belangrik om twee feite voor oë te hou: eerstens, dat dit verkeerd is om aan te neem dat hoe swaarder ons die straf maak, hoe meer hy sal afskrik. Dit is b.v. waar dat in lande waar die doodstraf afgeskaf is, die aantal moorde nie toegeneem het nie[1]; en tweedens, dat sekere tipes minder afgeskrik word deur swaar strawwe as ander. Ek verwys na wat reeds gesê is in verband met sekundêre funksie en die betreklike afwesigheid daarvan by goleriese en sanguiniese tipes[2]. Dan is daar ook nog weerspanninge en „Bravado"-gevalle wat juis deur straf tot groter verset aangevuur sal word.[3]

'n Heel belangrike verskil (maar ook verwantskap) tussen opvoedkundige en juridiese straf is daarin geleë dat laasgenoemde deur die eeue heen vergelding, retribusie, soveel beklemtoon het as doelstelling. In sy primitiefste vorm as wraak voorgestel, kry dit mettertyd die meer etiese benaming van vergelding.[4] Maar juis hierdie leer van regverdige vergelding wat weens sy verwantskap met wraak deur soveel liberale skrywers as 'n smet van die strafreg beskou is, word nou weer deur die opvoedkunde in ere herstel. Ons het reeds daarop gewys dat Kohnstamm die noodsaaklikheid van boete-doening aantoon! Die kind en die mens met sy gewete, verantwoordelikheidsbesef en skuldgevoel, het 'n innerlike behoefte aan „vergelding" of „boetedoening" wanneer hy of sy misdaan het.

Ten slotte dien daarop gewys te word dat die skynbaar dubbele doelstelling van strafbeleid van Staat en Skool (juridiese en opvoedkundige straf) tog ook nog die groot ooreenkoms het dat albei sekere diepere waardes wil beskerm en inprent by verantwoordelike persone. Die opvoedkunde en die strafreg verskil dus eintlik meer volgens metodes as doelstellinge. Ten opsigte van die begrip „verantwoordelikheid", egter, wat in die juridiese straf reeds sedert die oudheid en in die opvoeding in die jongste tyd

(1) E.R. Calvert, a.w., bls. 259 - 271.
(2) T.J. Hugo, a.w., bls. 50, 52, 105 e.v.
(3) Willemse: "The Road to the Ref." bls. 96.
(4) O. Kinberg: "Basic Problems of Criminology," Copenhagen, 1935 - bls. 37, 123.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

so'n belangrike rol speel, het die opvoedkunde baie verder gevorder as die strafreg. Die opvoedkunde verwar nie verantwoordelikheid met „vrye wil" nie, soos die strafreg deur al die eeue[1], maar weet dat dit bedoel die subjektiewe aanvaarding van die gestelde norme.

---

(1) O. Kinberg: "Basic Problems of Criminology," Copenhagen, 1935, bls. 37, 123.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK II.

## Die Strafbehandeling van Bepaalde Skooloortredings.

In die vorige hoofstuk het ons aangedui dat straf die handeling is van 'n geestesgroep teenoor sy lid of lede en minstens twee belangrike funksies vervul. Dit handhaaf en bevestig die norme van die groter gemeenskap en dit bring die indiwidu weer terug in die regte verband. By die juridiese straf word meer klem gelê op die eerste funksie, terwyl die opvoedkundige straf veral let op die tweede funksie. Daarom is dit in laasgenoemde geval dikwels nie meer straf nie en selfs soms 'n soort beloning, b.v. waar 'n arm kind wat steel voortaan in staat gestel word om 'n sakgeldjie te verdien. Sulke en andere oorwegings maak opvoedkundige strafbehandeling 'n moeilike saak.

By die behandeling van oortreders is dit nodig om hulle te klassifiseer. So'n klassifikasie b.v. in afknouer, oneerlikes, ens. - alhoewel baie nuttig - sal tot 'n sekere mate egter altyd kunsmatig bly. Wat meer is: dikwels word daar by een en dieselfde persoon meer as een vorm van oortreding aangetref, b.v. die stokkiesdraaier is in baie gevalle ook skuldig aan (ander) vorms van oneerlikheid. Daarom kan daar ook geen algemene reëls neergelê word nie: <u>die mens as 'n geheel</u> moet behandel (gestraf) word.

Laat ons op nog meer moeilikhede in verband met die vraagstuk van straf wys. Oortredings kan soos verskillende simptome beskou word. Dit is natuurlik verkeerd om 'n simptoom as sulks te wil behandel. 'n Simptoom kan egter die weg aanwys wat by die behandeling van die oortreder behoort ingeslaan te word. Die volgende voorbeelde toon aan hoe 'n oortreding 'n simptoom kan wees van verskillende geestestoestande: Die afknouer ("boelie") het dalk 'n minderwaardigheidsgevoel in die een of ander rigting ontwikkel en strewe na kompensasie. Die kind wat steel ondervind miskien een of ander gemis in sy lewe, b.v. opregte ouerliefde; dit kan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

egter ook wees dat hy net uit avontuurlus steel, en dis ook moontlik dat hy deur 'n onbewuste drang gedryf word; maar sy diefstal mag ook 'n geval van pure hebsug wees. Daarom moet ons vir al die vorme van wangedrag uitpluis wat die sielkundige of maatskaplike oorsake kan wees.

Dit bring ons reeds vanself by die probleem van individuele verskille beide in die gevalle van die kinders en die persoonlikheid van die onderwyser. Desnietemin het die menslike geaardheid tog gemeenskaplike trekke, sodat ten spyte van die noodsaaklikheid om elke kind en elke oortreding op sy eie meriete te behandel, daar wel algemene beginsels geformuleer kan word.

Om nou op 'n breë en vertroubare ervaringsgrondslag vas te stel hoe die ondeugde van skoolkinders betrag en behandel moet word, en veral om die opvoedkundige waarde van strafmaatreëls te bepaal, het die Universiteit van Pretoria 'n vraebus aan 450 prinsipale van skole gerig (Aanhangsel 1). Daarop het 203 ervare onderwysers, op 'n paar uitsonderinge na, almal hoofde van skole, breedvoerig geantwoord.

Die junior en laer skole is almal van Transvaal, maar om genoegsaam antwoorde te kry, is alle hoër skole van die Unie gesirkuleer. Hierdie gegewens het ek beide statisties en begrypend ontleed en daarby die ervaring en die standpunt van elke antwoorder in ag geneem om meer diepte te kry. Die antwoorde is dan verwerk in die lig van uitsprake deur bekende opvoedkundiges in ons eie land, Europa en Amerika.

Verder het ek 'n aantal buitengewone inrigtings wat bo-al te doen het met moeilike en verwaarloosde kinders, besoek, ten-einde daar waar straf besonder aktueel is, die sienswyses te hoor.

Ten slotte berus die gevolgtrekkinge op my eie ondervinding as onderwyser (oor die 18 jaar), as ouer (9 jaar), en in besonder op 'n proefneming wat ons gedoen het met 'n prefekstelsel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die gegewens wat die antwoorde opgelewer het, word in tabelle weergegee: links staan die referensienommer van die straf, in die middel die straf self en regs die aantal kere wat dit deur die 203 beantwoorders(1) opgenoem word. Die totaal (203) is as volg saamgestel:-

14 Junior skole, nl. 1 van die Platteland en 13 van die Rand en groot stede.

142 Laer skole, nl. 88 van die Platteland en 54 van die Rand en groot stede.

47 Hoër skole, nl. 20 van die Platteland en 27 van die Rand en groot stede.

AFKNOU EN BAASSPEEL.

Tabel 1.

| Ref.-no. van straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Beïnvloeding deur woorde | 90 |
| 2 | Lyfstraf | 54 (plus 36) |
| 3 | Gedwonge deelneming aan huisgeveg | 27 |
| 4 | Afsondering | 12 |
| 5 | Publieke opinie van skoolmaters gebruik | 11 |
| 6 | Verantwoordelike posisie gee | 8 |
| 7 | Samewerking met ouers | 4 |
| 8 | Skoolsit | 3 |
| 9 | Ongeklassifiseerde strawwe of behandelings - net eenkeer elk genoem - tesame | 9 |

Uiteensetting van Tabel 1.

Beïnvloeding deur woorde: Onder hierdie hoof het ons die volgende ingesluit: „mooipraat", „berisping", „vermaning", „op eergevoel werk", „op gemeenheid van daad wys", „sportideaal voorhou", „ridderlikheid teenoor lafhartigheid verduidelik", "appeal to child's

(1)

(In die vervolg sal ek nie meer van „beantwoorders" melding maak nie, maar van „hoofde", aangesien sowat 97% van hulle hoofde is).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

better nature", [1] "show unfairness of bullying", "tell stories of great heroes", ens. Verder is in die totaal 90 inbegrepe „skaam maak", wat 16 keer uitdruklik genoem word, en „waarsku" wat 13 keer voorkom.

Lyfstraf: Die syfers „54 (plus 36)" beteken die volgende: Hierdie straf word altesame 90 keer genoem. Maar in 36 uit die 90 keer word bygevoeg „net in ernstige gevalle" of „as die oortreding herhaal word". Daar is dus 54 hoofde wat blykbaar dadelik tot lyfstraf sou oorgaan en nog 36 as die omstandighede ernstig is. In die volgende tabelle sal ek dieselfde prosedure volg om hierdie verskil aan te dui.

In 4 uit die 54 gevalle beveel hoofde aan dat die lyfstraf nie deur die hoof self nie, maar deur 'n seun of deur seuns toegedien word, b.v. „laat seuns (of een groot seun) toe om liggaamstraf onder toesig toe te dien", „die afgeknoude straf (slaan) afknouer onder toesig", "let bully bend and bullied wallop him with cane".

Een sê uitdruklik: "The bully is usually very much afraid of pain" en 'n ander sê dat die afknouer 'n lafaard is. Een sê egter: "I have found the cane effective in stopping it - as to change of heart, who can say?"

Vuisgeveg (of stoeigeveg): Wat aanbeveel word is, dat die afknouer gedwing word om deel te neem aan 'n vuisgeveg. Net in een geval word 'n stoeigeveg as alternatief genoem. Oor die algemeen word aanbeveel dat die teënstander van die afknouer 'n beter bokser moet wees. Party beveel aan dat hy groter, ander weer dat hy kleiner as die afknouer moet wees. Met een uitsondering is almal dit egter eens, dat die beter bokser vir die afknouer" 'n goeie loesing moet toedien". (Een hoof is van opinie dat dit nie juis saak maak wie die oorwinning gaan behaal nie). Een beveel aan dat dit een of twee kleiner seuns kan wees wat saam teen die afknouer boks. Die volgende aanbeveling

---

(1) Die antwoorde van Engelssprekende hoofde word opsetlik onvertaald weergegee om op die manier te illustreer hoe hulle strafbeleid soms verskil van die van Afrikaanssprekende hoofde.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

laat 'n eienaardige toneel voor my opkom: „die afgeknoudes word bymekaar gemaak en knou dan die afknouer af". Geensins wil ek egter die effektiewe uitwerking van so'n maatreël in twyfel trek nie.

Afsondering: Die onderwyser sorg daarvoor dat die afknouer gedurende speeltyd, ens. afgesonder word.

Publieke opinie van klasmaters: As daar 'n goeie gees in die skool heers, dan word daar van die publieke opinie gebruik gemaak om die oortreder te laat besef dat sy handelwyse nie geduld word nie.

Daar is natuurlik 'n noue verband tussen hierdie en die vorige straf. Die verskil lê hierin: dat die inisiatief in geval van hierdie straf (No. 5) meer van die leerlinge self uitgaan en waarskynlik doeltreffender sal wees. Dit kan 'n daadwerklike vorm aanneem, b.v. dat die afknouer „geborsel" word.

Verantwoordelike posisie gee: Met die hoop om die afknouer te verbeter word daar 'n verantwoordelike posisie aan hom gegee. Hy word b.v. as klasleier (monitor) aangestel. Een hoof sê uitdruklik: "Promotion to leadership often assists". In 'n ander geval word spesiaal aanbeveel: „stel die afknouer aan om die kleintjies op die speelgrond te beskerm", terwyl die bewoording in die geval van 'n junior skool lui: „making a bully responsible for happiness of smaller children".

Samewerking met ouers: 'n Brief word aan die ouer geskryf of 'n onderhoud gereël om die gemeenskaplike bestryding van die euwel te bespreek.

Skoolsit: Die oortreder moet skoolsit, in die meeste gevalle na skool, maar in sommige gevalle gedurende die pouse. Laasgenoemde is teen die regulasies en ons keur dit ten sterkste af. Maar hierop sal later weer ingegaan word.

No. 9: Ander strawwe:

Die volgende strawwe word net eenkeer elk genoem: strafwerk; voor klas laat skuld erken; om ekskuus laat vra; 'n tydlank in 'n laer klas sit (vir meisies bedoel); laat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

afknouer onder toesig van die onderwyser bevele ontvang van die afgeknoude en dit uitvoer; gee aan die afknouer 'n ondergeskikte werk in spanwerk; laat die afknouer 'n neerlaag ly op 'n gebied waar hy die mindere is; laat 'n sterker seun die afknouer oppas; voorregte ontneem.

Moontlik kon party van hierdie nege strawwe onder nommers een tot ag ingelyf word, maar ek meen tog dat daar 'n klein verskil is, en dat hulle meer van 'n spesifieke aard is.

Die totaal van al die strawwe is groter as die aantal hoofde. Die verklaring is hierdie: party hoofde noem meer as een soort straf, b.v. lyfstraf en samewerking met ouers. Dit geld vir tabelle 1 tot 17.

## Verdere Bespreking.

Dit is duidelik dat hierdie oortreding selde onder meisies voorkom, maar party hoofde maak tog daarvan melding. Die hoof van 'n meisieskool beveel aan: "altering the girls' places in the dormitories and showing how cowardly bullying is. I have only had a few cases of bullying". Laasgenoemde bewering word deur verskeie hoofde gemaak.

Besondere suksesse in verband met afknou: Afdeling "4,R" lui as volg: „as u besonder suksesvol was in die hervorming van oortreders, sal u dan nie hier die oortreding en u middele beskryf nie". Twee hoofde bevestig hieronder dat hulle straf No. 3 (vuisgevegte) baie doeltreffend gevind het. Geen ander opmerkings kom onder hierdie afdeling voor nie.

Wanneer die moeilikheid van bestryding van die 16 opgenoemde ondeugde behandel word, sal ons sien dat „AFKNOU" maar die twaalfde plek inneem. Uit onderhoude met hoofde van ander inrigtings het dit egter geblyk dat hierdie oortreding soms uiters gevaarlike afmetings kan aanneem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Woorde soos „minderwaardigheidskompleks" en „kompensasie daarvoor", het vandag volkseiendom geword. Soms word die woorde selfs aangetref by leke wat verder maar min van opvoedkunde af weet. Dit op homself is egter geen rede waarom sulke uitdrukkings nou deur opvoedkundiges moet vermy word nie. Veral wat hierdie oortreding betref, is hulle so van pas as kan wees.

> (Die Engelse woord "bully" druk iets uit wat sowel in Afrikaans as in Duits moeilik weergegee kan word. Geen wonder dat die Afrikaner geneig is om die woord te besig al bestaan daar woorde soos „afknou" en „baasspeel", waarvan ek gebruik gemaak het in die vraelys, maar wat in verskeie gevalle in die antwoorde deur "bully" vervang is. Dr. Annandale se woordeboek gee die volgende verklaring van die woord "bully": "a blustering, quarrelsome, overbearing fellow, more distinguished for insolence than for courage". Prof. Dr. Breul (Cassels German - English Dictionary) gee die volgende uitleg vir die woord: "der herrisch auftretende grosse Feigling", waarvan die Afrikaanse vertaling sou wees: „die baasspelende groot lafaard". Dis merkwaardig dat hierdie woord - waarvoor daar op Duits vandag moeilik 'n juiste ekwivalent te vinde is - oorspronklik van 'n plat Duitse woord "Buhle(r)" afkomstig is (Crabb's English Synonyms). Die woord "Buhler" het vroeër beteken „liefhebber" of „geliefde". (Die manlike vorm is "Buhler", die vroulike vorm is "Buhle".) Vandag het dit in seksuele verband 'n ongunstige betekenis. Volgens dr. K. Bergmann se "Deutsches Wörterbuch" was die oorspronklike betekenis „familiebetrekking". Wat interessant is, is die feit dat 'n woord wat op een tyd „liefhebber" beteken het, nou in die Engelse vorm (bully) afknouer beteken. Dat daar 'n verband tussen seksualiteit en agressiwiteit by die manlike geslag bestaan, word aangeneem, maar dit is onwaarskynlik dat dit die woord se afkoms beinvloed het).

Verskeie hoofde het heeltemal tereg opgemerk dat die afknouer gewoonlik 'n groot lafaard is. Burt(1) wys ook daarop dat dit die minderwaardige en swakkere is ("the inferior and less potent") wat graag ander afknou. Burt sê dan verder: "And significantly enough, the bully, the tyrant, or the tease, apart from the moments when he is gloating over his prey, is often a cowardly, weakly or even good-natured fellow". Hierdie skynbare paradoks - ~~moed~~ agressiwiteit en gebrek aan moed - word deur Burt só

(1)
C. Burt: "The Young Delinquent", 1931, bl. 474.

verklaar dat die uiterlike vertoning vir die afknouer 'n kompensasie is vir die gebrek aan werklike moed. "In the wanton exercise of power the sense of impotence is stifled".

Keyter (1) sê die volgende :

> „Dikwels ontwikkel kinders wat geen gesonde geleentheid verskaf word om hulle drang tot Ek-handhawing te bevredig nie, ook die gewoonte om jonger en swakker kinders of diertjies af te knou en as gevolg daarvan ook allerlei anti-sosiale neiginge".

Onlangs (tydens verlof) het ek by 'n seker laer skool gesien dat 'n dogter haar na skool verlustig het deur klein dogtertjies af te knou, sodat daar binne 'n baie kort tydjie 'n paar van hulle aan die huil was. Ek het haar aangespreek en 'n rukkie later, toe sy weg was, by 'n ander dogtertjie wat ek ken, navraag oor die afknouer gedoen. „Ja, meneer", was die antwoord, „sy maak altyd die ander dogters seer. Sy is die domste en die stoutste in die hele klas".

Die afknouer was al tien jaar oud en nog maar in std. I. Hier was dus 'n sprekende geval van minderwaardigheid wat miskien onmiddellik na skool die ergste gevoel word en waarvoor daar dan kompensasie gesoek word.

'n Hoof van 'n hoër skool vir seuns sê die volgende : "Bullying:- caused by feeling of physical or mental inferiority and resultant search for compensation". Die hoof van 'n junior skool verklaar: "Due to physical inferiority - absurdity shown and attempts made to lead child to realise bullying is just weakness..."

Hiermee wil ek nie beweer dat alle gevalle van afknou deur Adler se leer van kompensasie vir 'n minderwaardigheidsgevoel verklaar kan word nie. Die psigo-analitiese skool sien dit as 'n vorm van liefdesbetuiging, naamlik sadisme, en dit berus op die neiging om erotiese behae te skep in die terg en seermaak van 'n erotiese objek. Ons kan egter nie in die doolhof van analitiese

---

(1) Keyter, a.w.; bl. 52.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

teorieë betreffende die seksualiteit van skoolkinders tree nie en haal die sadismeleer slegs aan om te wys hoe ingewikkeld die sielkundige oorsake kan wees.

Die behandeling moet met bostaande leer van Adler en ander rekening hou. Daarom meen ek dat dit goed is dat „Beïnvloeding deur Woorde" die eerste plek inneem wat betref behandeling. Seer seker behoort dié behandeling eers probeer te word in gevalle wat nie ernstig of herhaald is nie. Dit mag b.v. wees dat die afknouer, soos Burt sê, 'n goedgeaarde kêrel ("a good-natured fellow") kan wees en uit die antwoorde is dit duidelik dat 'n groot aantal gevalle gunstig op dié behandeling reageer. Wat my eie ervaring betref, dink ek aan die geval van 'n seun (omtrent 15 jaar oud) wat plesier daarin gevind het om mooi dogters op pad skooltoe te pootjie, sodat hulle lelik geval het. Of dit nou 'n baie lomp en primitiewe manier was om aan sy kalwerliefde uitdrukking te gee, weet ek nie, maar wel dat 'n vermaning (skaammaak) en twee dae se isolasie gedurende die pouse voldoende was om 'n herhaling daarvan te verhoed. In verband met hierdie geval kan ek (na 'n jaar) byvoeg dat die hervormde oortreder tans 'n baie voorbeeldige seun beskou word.

Indien moontlik behoort behandeling No. 6, naamlik „Verantwoordelike Posisie aan Afknouer Gee", gepaard te gaan met „Beïnvloeding deur Woorde", om as kompensasie te dien. Maar dit hang baie daarvan af watter verantwoordelikheid aan die afknouer gegee word. Dit is twyfelagtig of dit raadsaam is om aan so iemand 'n posisie toe te ken, wat eerder aan ander toekom, b.v. die posisie van prefek. Hierdie probleem sal later (onder „Die Prefekstelsel") behandel word. Tog behoort daar gesoek te word na so'n posisie, dit/sy as klasmonitor om „werkies" vir die onderwyser te doen, dit/sy as „beskermheer" van kleiner kinders.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Besoeke aan sekere inrigtings het my egter daarvan oortuig dat daar gevalle is wat deur liggaamlike middele moet aangepak word, en wel ook om die maatskappy te beskerm. Of dit nou moet geskied deur toediening van lyfstraf of deur gedwonge deelneming aan vuisgeveg, hang af van die oortreder en van die omstandighede. Eersgenoemde is die maklikste middel, maar nie noodwendig die doeltreffendste nie. Daar is so'n sterk neiging by ons om iemand met dieselfde mate te meet waarmee hy meet en dus oor die baasspeler ook drasties baas te speel. Hieraan moet die hoë getal aanbevelings van lyfstraf 54 (plus 36) toegeskryf word. Maar indien dit nou reeds die gevolg is van 'n minderwaardigheidsgevoel sou lyfstraf miskien wel die afknouneiging toeskroei, dit sal egter nie die innerlike wortels daarvan uithaal nie; want die minderwaardigheidsgevoel sou eerder vererger en hoogswaarskynlik ander vorme van kompensasie soek.

Wat betref lyfstraf, sê Burt[1] in hierdie verband die volgende: "Brutality to other children, gross cruelty to animals, endangering the lives of railway passengers by putting obstructions on the line, these are obviously transgressions where the birch may prove an efficacious means of bringing home to the offender himself the sharp significance of pain". Burt, wat nie 'n groot voorstander van lyfstraf is nie, keur dit hier dus soms goed.

Vuisgevegte mag onder omstandighede net so doeltreffend as lyfstraf wees, maar as die openbare neerlaag wat die afknouer moet ly en die daarmee gepaarde spot van die ander leerlinge te ver gedryf word, dan kan dit kwaad berokken.

Dit is moontlik dat te groot strengheid afknou in die hand kan werk. Allen [2] haal Thring van Uppingham ('n sukses-

---

(1) C. Burt, a.w.; bl. 121.

(2) A.B. Allen, a.w.; bl. 94.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

volle onderwyser) aan. Thring sê: "Bullying is fostered by harshness in the masters ........."

Dit spreek vanself dat die ontstaan van 'n minderwaardigheidsgevoel moet voorkom word. Volgens antwoorde wat ek op die vraelys ontvang het, kan so'n minderwaardigheidsgevoel ook ontstaan deur die toedien van te veel lyfstraf (vir ander foute of oortredings). Die korrekte strafbeleid in verband met ander oortredings sal dus ook help om die euwel van baasspelery of afknou te verminder. Van die grootste betekenis is natuurlik om mislukkings in die skoolprestasies van kinders sover moontlik te verhoed.

Willemse(1) sê in hierdie verband die volgende :

> "From the foregoing it is obvious how harmful the failures experienced in connection with the school must affect a growing personality. To be a dull pupil in the class or be at loggerheads with the teacher or a weak speller or unable to do the sums from year to year, must eventually warp the self-respect and drive the subject out of the field of action. Such pupils may then boastabout what they still intend to do (fantasy achievement) or become a practical genius like Edison (compensation) or, what is much more frequent, they may bully the other school-children, play truant, go for illicit joyrides, 'pinch' at the Zoo Café, etc."

---

(1) W.A. Willemse, a.w., bl. 50.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## DIEFSTAL.

### Tabel 2.

| Ref.-nr. van straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Beïnvloeding deur woorde | 84 |
| 2 | Teruggee of vergoeding | 43 |
| 3 | Samewerking met ouers | 23 |
| 4 | Lyfstraf | 18 (plus 27) |
| 5 | Skorsing of verwydering (indien ernstig of herhaaldelik) | 15 |
| 6 | Verantwoordelike posisie gee | 10 |
| 7 | Voor die skool in die skande steek | 7 |
| 8 | Om verskoning laat vra | 6 |
| 9 | Dreig met die Wet (proefbeampte, speurder, polisie) | 5 |
| 10 | Afsondering | 4 |
| 11 | Skoolsit | 3 |
| 12 | Iets van die leerling verbeur of deur sy ouers laat verbeur (b.v. sakgeld) | 3 |
| 13 | Laat oortreder sy skuld net erken | 3 |
| 14 | Publieke opinie van skool gebruik | 2 |
| 15 | Gee oortreder werk, sodat hy geld verdien | 2 |
| 16 | 'n Tydlank nie vertrou nie | 2 |
| 17 | Ongeklassifiseerde strawwe | 4 |

### Uiteensetting van Tabel 2.

In hoofsaak verwys ek na „Uiteensetting van Tabel 1". Alleen soorte van straf, wat nie reeds verduidelik is nie, sal hier, waar nodig, uiteengesit word.

Meestal word spesiaal klem daarop gelê dat „Beïnvloeding deur woorde" onder vier oë moet plaasvind. Dit is egter nie altyd

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

duidelik of dit in die openbaar of privaat moet geskied nie. In geval van Straf No. 7, word uitdruklik gesê dat dit in die openbaar plaasvind.

In 'n enkel geval word daarop gewys dat die kind die gesteelde artikel moet teruggee met ekstra vergoeding, maar oor die algemeen word net teruggee van die gesteelde artikel gevra. Hierdie straf mag natuurlik gepaard gaan met ander strawwe of behandelings, b.v. samewerking met die ouers.

Onder „Verantwoordelike Posisie" word dikwels genoem: verantwoordelikhede in verband met geldsakies van die klas. In sommige gevalle word daar bygevoeg: „onder toesig van 'n staflid". In een geval word gesê: "Position of trust given after probation". In 'n ander geval word die oortreders saam met ander seuns verantwoordelik gemaak, b.v. in die laboratorium, om apparate op te pas, en daar word bygevoeg: "This has proved most effective - now no articles disappear".

Wat betref „Dreiging met die Wet", is die polisie in een geval werklik deur die hoof ingeroep om die seuns by die skool te kom waarsku teen die moontlike gevolge. Dit het goeie resultate afgewerp. Straf No. 12. Die bedoeling is om die leerlinge (kleiner kinders) wat nie die verskil tussen „meum" en „tuum" ken nie, dit te laat besef deur tydelik iets van hulle weg te neem, iets waaraan hulle baie waarde heg.

Die doel by Straf No. 15 is om die leerling 'n geleentheid te gee om geld te verdien, b.v. deur die onderwyser se motor skoon te maak, sodat hy die geld kan gebruik om vergoeding te doen en ook om sakgeld te hê, sodat hy nie meer sal steel nie.

Die volgende word (onder No. 17) opgenoem: beloon die kind as hy sy oortreding eerlik erken; gee die kind die raad om na jou te kom as die versoeking weer kom; 'n opgeskorte vonnis;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tydelike demosie - vir meisies.

Daar word egter nog ander metodes aanbeveel wat nie onder No. 17 inbegrepe kon word nie, naamlik geen straf; geen lyfstraf; neem die versoeking weg; moenie alles toesluit nie; sielkundige ondersoek na die oorsaak.

Verdere Bespreking.

Opvallend is dit watter groot verskeidenheid van metodes aangewend word, en hoe die indiwidualistiese behandeling deurgaans beklemtoon word, maar hoe die metodes soms in direkte teëstelling met mekaar is; b.v. een hoof wil die versoeking wegneem, 'n ander sê uitdruklik jy moenie alles toesluit nie, jy moet die kind verantwoordelik maak met geldsake. Een hoof sê: "The boy is caned and the incident closed. No allusion to the lapse (by masters or boys) is afterwards permitted. The boy is assured that no record is kept". 'n Ander sê: "Shake hands with boys after giving cuts". 'n Derde voorstander van lyfstraf sê: „nie sodanig dat ek reken dit sal die leerling hervorm nie (glad nie) maar as afskrikking vir die ander leerlinge. 'n Teëstander van lyfstraf sê: "Caning is useless. A report to the parent and an interview with them is most effective". So is daar meer, wat simpatieke behandeling beklemtoon, b.v.: "The habit is very difficult to cure and should be treated sympathetically". 'n Ander hoof wat altyd met die oortreder onder vier oë praat, sê: "This has always proved effective". Die uitspraak van 'n Afrikaanse hoof is feitlik dieselfde, naamlik „'n Private onderhoud met die skuldige was nog altyd voldoende", maar hy voeg daarby „tensy 'n kind 'n manie vir steel het - dan help geen straf nie".

Daar is ook gevalle waar die antwoord lui: „radeloos" of „ek soek nog 'n oplossing", terwyl 'n ander hoof verklaar:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„Die persoonlikheid van die onderwyser is alles!"

Wat betref <u>lyfstraf</u> is dit opvallend dat daar maar 18 (plus 27) hoofde is wat dit vir „Diefstal" aanbeveel, terwyl daar 54 (plus 36) is, wat dit vir „Afknou" aanbeveel. As ons die „plus" buite berekening laat, dan vind ons 'n daling van 67% wat betref die aanhangers van lyfstraf. Aan die ander kant vind ons dat „Samewerking met ouers" van 4 onder „Afknou" tot 23 onder „Diefstal" gestyg het. Dit wys op die erns van die oortreding. Boyd[1] keur lyfstraf definitief af.

<u>Mees suksesvolle metodes:</u>

<u>In die Junior Skool:</u> Die groepie junior skole wat geantwoord het, is klein, naamlik 14. Die gemiddelde ondervinding van hierdie 14 hoofde is 24 jaar 9 maande, terwyl hulle gemiddelde ouderdom 46 jaar is. Al is die groepie dus klein, nogtans is hulle antwoorde uiters waardevol omdat dit almal ervare persone is.

Een van die 14 hoofde, 'n dame met 27 jaar ondervinding, sê die volgende :

> "There are, I think, three kinds of 'stealing' among young children.
>
> 1. Six year olds, newly admitted to school, will 'take' things they fancy, beads, counters, etc. If the child is spoken to gently and the nature of the fault pointed out, the trouble will stop. Care should be taken to make him feel that he has made a mistake and not committed a crime.
>
> 2. A child whose circumstances make it impossible for him to have possessions of his own will 'take' things at school. Procedure as in 1 above but in addition try to give him a few things of his own.
>
> 3. A child, usually an older one, will steal to try to make up to himself for something he lacks which he feels is his due such as parental love or the respect of his companions. Such a case was S....... T..... He stole books in dozens from the school cupboards. He was the eldest of three boys in a humble ....... home. His mentality was poor and in all his work he was outdistanced by his younger brother. Called stupid at home (we are careful not to let a child feel he is not as good as the rest), treated as a baby but his nose put out of joint by the late arrival of a baby brother. I promoted him over the head of his clever brother, gave him responsible jobs and the stealing stopped".

---

(1) "Educational Adaptations in a Changing Society". (Malherbe, 1937), bl. 264.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ek het bostaande drie voorbeelde aangehaal en later opgemerk dat dit treffend ooreenkom met wat outoriteite soos Burt en Wexberg daaroor sê. Laasgenoemde[1] haal b.v. die geval van „Hans" aan, wat tot sy elfde jaar in 'n weeshuis groot geword het waar die tug baie streng was, wat nou huistoe kom en die babetjie, sy stiefbroertjie, moet help oppas. Hans self ontvang min liefde by sy huis. Hy word 'n stokkiesdraaier en 'n dief. By een geleentheid steel hy lekkergoed uit 'n winkel en gee dit aan sy maters present. Hy steel dus weens gebrek aan liefde ontvang, en om liefde te wen. Na 'n enkele onderhoud in die opvoedkundige kinderkliniek het hy 'n flukse skolier geword en daar was geen verdere klagtes oor stokkiesdraai, diefstal en bakleiery op straat nie. Hy was 'n ontmoedigde seun gewees, want sy pa het vir hom gesê dat hy tog maar eendag 'n rondloper ("Strolch") sou word, maar na die regte aanmoediging - hy wil eendag 'n bakker word - is hy meteens genees.

'n Ander interessante geval uit die vraelys is die van 'n dogter in 'n junior skool wat - soos die hoof dit uitdruk - ook gesteel het om liefde te wen. Haar laaste daad in daardie skool was om al die kleinhuisies se papier te steel en dit as 'n present vir die hoof aan te bied. Die hoof ('n dame) het haar bedank en gesê dat dit baie vriendelik was - „en laat ons dit nou maar weer gaan terugsit".

Die vise-hoof (ook 'n dame) van 'n junior skool gee hierdie besonderhede :

> "This can be cured by tact and kindness, and by gaining the child's confidence. I find another effective method is to forfeit one of the culprit's most treasured possessions until such time as the child realizes what it feels like to be thus deprived of anything".

'n Ander hoof sê:

> "I have sought parent's co-operation, and by forfeiting child's pocket-money, tried to make child realise that what is taken must be paid for".

---

(1) E. Wexberg, a.w., bl. 80.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Dame wat self 'n ouer is van kinders, gee hierdie raad: "Inform parent, so that parent knows what has been happening. Make child who has been stealing a monitor, so that he is responsible, and in position of trust. - Usually find child does no more stealing".

'n Dame met 31 jaar ondervinding som haar metodes as volg op :

"1. Get to the cause. 2. Emphasize effect. 3. Suggest re-placement. 4. Avoid harping. 5. Be generous in giving".

<u>In die Laer Skool:</u>

"Diefstal in skool: Die kind is 'n metgesel gemaak en gevra om elke keer dat die versoeking sig opdoen eers te kom rapporteer aan sy maats (O.), en die gee hom raad. <u>Geen kind steel net uit blote steelsug nie."</u>

(<u>Opmerking:</u> Bostaande geval het onder „R" verskyn, d.w.s. gevalle waar die O. besonder suksesvol was in die hervorming van oortreders).

„<u>Diefstal op Skool en Leuens vertel:</u> Maatreëls kan alleen geneem word nadat gesoek is na die motief: 'n Kind, wat sy maat se toebroodjie steel, sal altemit nooit in die versoeking kom om dieselfde maat se trippens te steel nie; en die kind wat 'n noodleuen vertel, sal heelwaarskynlik hom nie aan 'n kwaadwillige leuen skuldig maak nie.

Die ouer word gevra om die Prinsipaal te kom sien. Die saak word met hom (haar) bespreek, en sy (haar) medewerking verlang. Die verkeerdheid van sy handelswyse word deeglik onder die aandag van die kind gebring, en die oortreder maak, in die geval van diefstal, vergoeding.

Lyfstraf word, as 'n reël nie toegepas nie. 'n Oneerlike kind is dikwels 'n swakkeling .... liggaamlik sowel as moreel, en lyfstraf vererger die saak.

Waar die huislike omstandighede van die kind van so'n aard is dat die oneerlike neiging by die kind aangewakker instede van teëgewerk word, word dadelik by die plaaslike magistraat aanbeveel dat die kind na 'n behoorlike inrigting gestuur word, waar hy (sy) onder behoorlike toesig sal kom (b.v. Industrieskole op Heidelberg, Standerton, Potchefstroom, ens.)".

„Ek was houtwerk-instrukteur. Die vorige instrukteur het my gewaarsku met die woorde: 'die kinders sal die melk uit jou tee steel'. Hy was altyd op sy hoede. Die leerlinge het so te sê van alles in die kaste gesteel. Ek het die deure oopgegooi en gesê: 'daar is die kaste. Neem wat julle wil gebruik'. Niks het weggeraak nie. 'n Halfjaar was ek met hulle besig.

'n Swak persoonlikheid in 'n hoof is die bron van alle kwaad en moeilikhede in 'n skool. Die assistente en leerlinge demoraliseer. As jy die kind en omgewing wil hervorm, begin by jouself. Die kind is een van die beste oordelaars. Die skyn bedrieg hom nie. 'n Sterk, billike en opregte persoonlikheid trek hom soos 'n magneet".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

"Theft: No punishment. In one case a boy took a new cricket ball. I found he had taken it, said he must want it very much and gave it to him. He is a good citizen in a good position now. He had no mother".

„Diefstal: Van hulle notisie geneem, hulle werkies gegee en hulle 'n opdrag gegee wat eis dat hulle moet toon dat ons hulle kan vertrou".

(Opmerking: Bostaande het verskyn onder „R", dus baie suksesvol).

"Theft: (Bad case). Child stole when too much time on hand. I kept him occupied - made a friend of him - clean my motor - go for a ride with me, etc. It cured him".

(Opmerking: Bostaande het ook onder „R" verskyn).

"Theft: A serious talk in the presence of the parents. This has always proved effective. Encourage children to bring all articles found. They are returned to the children as their own property if unclaimed. This is done in Hall after prayers and announced to school. Money is frequently brought and only rarely claimed by the loser".

In die Hoër Skool:

Selfs hier word diefstal nog aangetref. Onderdele van rywiele of pompe word „permanent geleen", apparate uit die laboratorium raak weg, en vulpenne verdwyn uit die sakke van voetbalspelers, ens. As die oortreding op hierdie stadium nog aangetref word, dan kos dit hoofbrekens om dit te bestry.

Hier volg wat 'n paar hoofde van hoër skole aan die hand gee:

„Die ontdekking van die dief is meestal effektief genoeg; waar dit nie help nie, het ons gewoonlik met 'n ingewortelde gewoonte te doen".

„Laat kinders voel dat die saak die eer van hul skool geld en so saam moet staan om die euwel uit te weer; is die dief bekend, moet hy geboikot word deur die kinders tot daar verandering kom en dan moet hy met liefde behandel word".

"This indicates a moral weakness and the parents must be called in when it occurs seriously. A day school punishment cannot cure such a serious moral fault".

„Ek het geen middel effektief gevind buite uitsluiting".

Boys: "Very difficult. Theft of money, etc. - expulsion.- Theft difficult to classify. Modern youngster of good type distinguishes between money and say tennis shoes or motor or wireless accessories".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

"A schoolboy thief is generally incorrigible. Caning is useless. A report to the parents and an interview with them is most effective".

Opvallend is wat die tweede-laaste hoof (hoër skool vir seuns) verklaar het insake die onderskeid wat gemaak word wat betref steel van geld en verwyder van ander eiendom.

Verdere Bespreking:

Daar is abnormale vorme van leuens en diefstal. Willemse[1] sowel as Carp[2] wys b.v. op die moontlike gevolge van hersensgriep (Encephalitis epedemica of lethargica). Willemse sê die volgende: „Sulke kinders kry 'n hoë koors, gepaard met bewussynstoringe en verwardheid, onrustoestande, nagte van slapeloosheid waarop dan gewoonlik weer 'n periode van aanmekaar slaap dae lang volg. Na maande of jare maak dan bewegingstoringe hulle verskyning of / en misdadige neiginge. Hulle is opvliegend, indringerig, in hulle woedebuie sowel as seksimpulse en ongehoorsaamheid toon hulle 'n gebrek aan remminge van die kant van die sedelike beterwete: Leuens, bedrog, praatsiekte, diefstal, snoepery, seksuele uitspattinge, ens., bring ouers en onderwysers tot wanhoop".

Ek wil my hier egter meer bepaal by kinders wat normaal is wat betref hulle gesondheidstoestand en hulle verstand. Maar selfs by normale kinders kan die oorsake van diefstal soms dieper lê as die eenvoudige begeerte om iets te besit. 'n Goeie kenner van seuns soos Bryan[3] verklaar dat die motiewe vir diefstal van drie soorte kan wees. Ten eerste, diefstal terwille van die avontuur daarvan en die kans om dapper voor te doen; dan diefstal om in besit van iets wat noodsaaklik of begeerlik is te kom - miskien die natuurlikste vorm van steel. Maar daar is 'n derde moontlike soort, naamlik diefstal om 'n onbewuste drang

---

(1) W.A. Willemse en C.I. Rademeyer, a.w., bl. 52.

(2) Carp, a.w., bl. 137.

(3) Bryan: "The Troublesome Boy", Londen 1936, bl. 30.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(kompleks) te bevredig; dan is dit 'n simboliese bevrediging vir iets wat die kind in sy onderbewuste begeer of hinder.

Boyd sê in hierdie verband die volgende[1]:

> "Stealing has the same diversity of causes. There is simple straightforward stealing, because the child wants something badly. There is stealing of things that are of no use whatever. There is stealing in the home and stealing outside. Accident of circumstances, companionships, excess of parental authority, defect of maternal affection, sex upsets, may all play their part in leading to any particular case of stealing".

Wat betref onbewuste motiewe vir hierdie oortreding sê Bryan[2] die volgende :

> "Most common of all these unconscious motives is a feeling of deprivation, of being thwarted, of having a grudge against life. Occasionally this feeling may be half or even wholly conscious, but usually it manifests itself only as a vague unhappiness and feeling of discontent".

Bryan wys daarop dat dit soms baie moeilik is om so'n motief te ontdek. 'n Merkwaardige geval van steel wat veroorsaak is deur die weerhou van seksuele inligting en afskeep met onwaarhede is die wat A.S. Neill in "The Problem Child" noem en wat deur Bryan as volg aangehaal word[3] :

> "A little seven-year old boy came to Neill's school with a reputation for incorrigible stealing. A week after his admittance a gold watch, belonging to one of the staff, was missing. When inquiries were made, the matron remembered seeing Billie, the boy in question, playing with the works of a watch. He told her that he had 'found it at home in a very deep hole in the garden'. Mr. Neill sent for Billie, and asked him if he had seen the teacher's gold watch. 'No', said Billie, looking up with large innocent eyes. 'What watch?' Mr. Neill regarded him silently for half a minute, and then said, 'Billie, do you know where babies come from?' Billie looked interested. 'Yes", he said, 'from the sky'. 'Oh, no,' said Neill, 'you grew inside your mummie, and when you were big enough you came out'. Without a word Billie went to his trunk, opened it, took out the broken watch and handed it over to Mr. Neill. His stealing was cured, for he had only been stealing the truth. His face also lost its puzzled look, and he became happier".

---

(1) E.G. Malherbe: "Educational Adaptations in a Changing Society", (1937), bl. 264.

(2) Bryan, a.w., bls. 40-44; vergelyk ook bl. 125.

(3) Bryan, a.w., bls. 150 - 151.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit alles maak die saak baie ingewikkeld. As mens nog daarby voeg dat kinders nie alleen sensitief is wat betref die ouer en onderwyser se goeie gesindheid nie, maar ook maklik oneerlike metodes raaksien en oorneem, dan volg dit dat liefde en eerlikheid tuis en op skool gebiedend noodsaaklik is. Ouers en onderwysers moet maar versigtig wees om kinders nie te laat merk nie dat hulle die motor se afstandmeter teruggedraai het voor die inruiling, of dat hulle nie huiwer om die regering se eiendom te gebruik nie, of ander subtiele onregmatighede. Die volgende opmerking deur 'n hoof gee ook stof tot nadenking: „'n Ernstige oortreding is die van ouers wat met medewete van hul kinders leuenagtige briefies skryf wanneer hulle kinders wederregtelik uit die skool gehou word". Maar die kind snap of besef intuitief ook dikwels reeds 'n oneerlike iets van die grootmense, sonder om klare bewyse daarvoor te hê.

Van groot betekenis in die oorsake en behandeling van diefstal is die skerp verskille tussen armes en welgesteldes selfs in die skoollewe. Burt[1] maak daarvan melding dat dit noodlottig kan wees as 'n arm kind ryk maters het op skool. Hy wil dan ook weelderig lewe en die gevolg kan diefstal wees. Hy gee die geval van „Edith" as voorbeeld. By haar was dit 'n redmiddel om haar na 'n skool te verplaas in 'n armer omgewing, waar sy, wat betref geld, kon kompeteer met haar maters. Van toe af het sy haar toegelê op die gebied van studie en sport. Ek is geneig om te dink dat dergelike gevalle soms op hoër skole in ons land voorkom.

Oorplasing is dus soms 'n oplossing maar blote verwydering uit die skool kan nie as sulks beskou word nie.

Van die grootste belang skyn die metode om die

---

(1) C. Burt, a.w., bl. 131.

oortreder 'n verdienste te gee te wees. Dit help nie om die kind se begeerte na besit net te wil onderdruk nie. Daar moet geleenthede verskaf word om die neiging op 'n goeie manier te bevredig. Burt[1] druk dit so uit:

> "The acquisitiveness of the acquisitive youngsters may be positively fostered; only he must be acquisitive in the right way".

Burt keur dit geheel en al af om so'n oortreder se sakgeld te verbeur; dit is onlogies, meen hy, want dit sal hom nog verder aanleiding gee om te steel. Die teenoorgestelde moet gedoen word: die oortreder moet eerder meer sakgeld ontvang, maar wat nog veel beter is, is om hom die kans te gee om self geld te verdien. Ek weet dat hierdie beleid met uitstekende resultate bekroon is by sulke inrigtings soos die Heidelbergse Industrieskool en die Houtpoortse Verbeteringshuis. In hoofstuk ...VIII..... volg meer besonderhede.

Nou is daar ongetwyfeld baie vir hierdie beleid te sê, maar dit is 'n groot fout om aan te neem dat diefstal in alle geval/le daarmee kan bestry word. Soos Aschaffenburg[2] verklaar, is dit geensins die geval dat gebrek altyd die motief vir diefstal is nie. Dikwels word daar deur die jeugdige misdadiger gesteel om geld te kry vir sy plesier. Die dryfveer is dus nie altyd gebrek of die begeerte om te besit nie, maar die menslike begeerlikheid in sy veelvuldige vorms. Daardie begeerlikheid ken by party (verwaarloosde) mense geen paal of perk nie.

> "Der Begehrlichkeit ein Ende zu machen ist unmöglich; sie ist eine Eigenschaft der menschlichen Natur, die sich nicht mit dem Erreichten begnügt".[3]

---

(1) C. Burt, a.w., bl. 496.

(2) G. Aschaffenburg: "Das Verbrechen und seine Bekämpfung", 1933, bl. 126.

(3) G. Aschaffenburg, a.w.; bl. 258.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Al kry baie mense 'n hoë salaris, dan gee hulle dit grotendeels vir plesier uit, sê Aschaffenburg. Hy meen dat die verkeerde sedelike opvoeding die grootste faktor is vir hedendaagse misdadigheid soos dit tot uiting kom in allerhande vorme van oneerlikheid, o.a. in diefstal. Sy bewoording is as volg: Hy vind "dass für den Verfall ins Verbrecherleben die Persönlichkeit und die Stärke der anerzogenen sittlichen Auffassung den Ausschlag geben."[1]

Burt, sowel as Alexander en Healy[2], wys op 'n ander belangrike verskynsel, naamlik dat as die begeerlikheid in één rigting gedwarsboom word, dan kan diefstal van iets anders die gevolg wees. Dié vorm van diefstal is dus 'n soort van troos of kompensasie. So, sê Burt, het ons die geval van 'n kind wat jaloers is omdat die babetjie meer aandag by die huis geniet as hy, en wat dan uit winkels begin steel "with money all the time in his waistcoat for a straight and honest purchase"[3]. ('n Dergelike geval het ons reeds uit die praktyk in 'n junior skool aangehaal). Burt gee nog 'n voorbeeld, naamlik :

> "Harry, a dullard of sixteen, rejected by his youthful sweetheart, goes straight from his wooing and commits his first burglary; 'I could'nt get her', he explains, 'so I got old Ikey's cashbox'".

Uit wat bo aangehaal is, blyk dit dat 'n baie deeglike karakterstudie noodsaaklik is, voor daar van suksesvolle behandeling of straf kan sprake wees. Burt sê [4] dat die graad van gewaagdheid van die diefstal dikwels 'n aanduiding is, of dit al 'n ingewortelde gewoonte is of nie, maar soos die laas-aangehaalde voorbeeld aantoon, kan daar niks met sekerheid vasgestel word voor die hele lewensgeskiedenis van die oortreder nie eers nagegaan is nie. Ek verwys dus na bl. 294, waar die hele kwessie van karakterstudie breedvoeriger bespreek word. Hoe ernstiger 'n

---

(1) G. Aschaffenburg, a.w., bl. 126.

(2) T. Alexander and W. Healy, a.w., bl. 86. Die geval van Sigrid, "The Undetected Shoplifter" is 'n treffende voorbeeld. Haar woorde illustreer haar motiewe kort en bondig: "Nothing in my life that I have ever cared for have I been able to get, and that's why I feel like stealing".

(3) C. Burt, a.w.; bls. 450 en 451.

(4) C. Burt, a.w.; bl. 452.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

euwel is des te meer word dit duidelik dat opvoedkundige straf sonder die diepere behandeling van die kind se persoonlikheid ondenkbaar is. Dr. Otto Naegele sê:

> "Met straffen, wraak, afschrik en vergelding wordt in elk geval dit vraagstuk van jeugdige criminaliteit niet opgelost. Wy moeten deze in elkander gekrompen, beangstigde, geslagen en ontmoedigde jonge menschen vriendelijk helpend inlichten over hun vergissingen en den samehang van hun binnen- en buitenwêreld".

(1) Ongetwyfeld het Naegele gelyk dat straf alleen die vraagstuk nie sal eplos nie, maar met die oog op wat ek reeds in hoofstuk een gesê het, dink ek dat dit tog verkeerd sou wees om alle straf vir diefstal te wil uitskakel. Godsdienstig-sedelike bearbeiding moet egter deel uitmaak van die strafbehandeling, want juis aan die gemis hiervan skryf Aschaffenburg tog baie misdadigheid toe. Die beste vooruitsigte sal dus daar wees waar die oortreder tot insig van sy misdaad kan gebring word, sodat hy die straf „vrywillig" op hom sal neem.

## Egoistiese Leuens.

Tabel 3.

| Ref.-nr. van straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Beïnvloeding deur woorde | 108 |
| 2 | Lyfstraf | 26 (plus 26) |
| 3 | Vrees verwyder, vertroue probeer wen | 14 |
| 4 | Ontmasker die leuenaar voor die klas | 12 |
| 5 | 'n Tydlank die leerling nie vertrou of glo nie | 6 |
| 6 | Samewerking met ouers | 5 |
| 7 | Geen straf | 4 |
| 8 | Strafwerk | 2 |
| 9 | Afsonder | 2 |
| 10 | Voorregte tydelik ontneem | 2 |
| 11 | Belaglik maak, spot | 2 |
| 12 | Verminder die uitgegewe werk of gee makliker werk | 2 |
| 13 | Ongeklassifiseerde strawwe | 9 |

(1) Dr. Alfred Adler en ander: "Het Moeilijke Kind", 1935, bl. 172.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Uiteensetting van Tabel 3.

Beïnvloeding deur Woorde: Hierin is o.a. die volgende inbegrepe: „sedepreke; vermaning; op die gevolge wys, dat mense hom nie sal glo nie; wys op tydelike voordeel en uiteindelike nadeel; werk op sy eergevoel; toon teleurstelling; toon verbasing; redeneer". Dit word dikwels beklemtoon dat die onderhoud onder vier oë moet plaasvind, want dan het dit die beste uitwerking.

Geen Straf: Daar is vier hoofde wat uitdruklik sê: „geen straf". Dit is egter moontlik dat by behandeling No. 3 ook „geen straf" by party van die 14 hoofde veronderstel word.

No. 13: Ongeklassifiseerde strawwe of behandelings:

Hieronder is inbegrepe: „skoolsit; tydelike boikot deur klas; laat die oortreder om verskoning vra; ignoreer die oortreder; hofsitting tot die oortreder homself in sy eie leuens vaspraat; steek die kinders op om niks van die oortreder te glo nie; neem die versoeking weg; ignoreer die leuen; geen lyfstraf - dit is die grootste fout". Een hoof sê reguit: „Hieraan kan die skool nie veel doen nie", terwyl 'n ander verklaar: „Die gewoonte van leuens vertel word gekweek daar waar die ouer of onderwyser te streng en onsimpatiek is - vrees is dikwels die oorsaak. Verwyder dit". (Op laasgenoemde metode, wat van baie diepe insig getuig, kom ek weer later terug).

## Besondere Suksesvolle Metodes.

Hier volg in besonderhede daardie metodes waarmee die betrokke hoofde besondere sukses behaal het.

> "Little boys lie from fear; take them alone, give them five or ten minutes to think, assure them of complete or partial exemption, show them you know something of what they have done and they will tell the truth usually, making punishment unnecessary. To a large extent this is true of older boys too, but the hardened and often convicted liar needs the cane".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Ander hoof sê:

> "A serious private talk after school - very effective if done in proper manner - . Teacher must be genuinely sorry, etc. At first severe, stern - then 'decent'".

> „Vir <u>leuens</u> en <u>stokkiesdraai</u>: <u>Nooit</u> liggaamlike straf nie; vrees elimineer en oorsaak verwyder". Dit is opvallend dat hierdie woorde geskryf is deur 'n hoof op wie se vraelys die woorde „liggaamlike straf" nie minder as elfkeer nie vir die oortredings A tot P voorkom. Dit is dus blykbaar 'n groot voorstander van lyfstraf, soos ek onder die 203 min gekry het, en tog keur hy lyfstraf vir leuens geheel en al af.

'n Engelse hoof sê: "<u>Deceit</u>, <u>lying</u>, <u>cheating</u>: by forgiveness". Dit is dieselfde hoof wat die diewe medeverantwoordelik gemaak het vir die oppas van apparate in die laboratorium, en dit met goeie gevolg. In albei gevalle sê hy: "No punishment", en in albei gevalle maak hy op besondere sukses aanspraak.

Dit is baie jammer dat bostaande die enigste twee hoofde is wat op spesiale sukses aanspraak kan maak, want volgens ons vraelys-statistieke is dit <u>die moeilikste</u> oortreding om te bestry, dit/sy op die Rand en in die groot stede, dit/sy op die platteland, dit/sy in Afrikaansmedium of in Engelsmedium skole! En, laat ek dit daarby voeg: dit lyk asof dit maar in baie lande 'n groot probleem is!

Dit is treffend dat hoofde van skole ook ander vorms van oneerlikheid opgenoem het. Tien hoofde noem „<u>Afkyk en Afskryf</u>". Onder andere word die volgende planne bestryding van laasgenoemde aan die hand gegee:

> „Leer hom om homself met eie sake te bemoei" - Kweek selfstandigheid van kleinsaf. Sit die afkykers voor en eenkant, sodat daar geen geleentheid vir afkyk is". - „Herhaaldelik toets, mondelings of skriftelik. Dit bring die ydelheid en verstandeloosheid van so'n handelwyse tuis".- „Ander werk in strafklas (Saterdag) - aanhoudend lyfstraf vir seuns".- „Nooit lyfstraf toegedien nie. Het altyd probeer om hulle eerlik te laat beken en alleen gewys op skade wat hulle hulleself berokken. Het weinig of geen moeite daarmee gehad in later jare".- "A talk on honour - then showing him up in front of class - giving him a position of trust - finally corporal punishment". - "This can be suppressed by loss of marks - constant supervision, but it is a mean tendency and may break out again".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Verdere Bespreking.

Ek wil my hier bepaal by „normale" leuenaars en meer spesiaal by die egoistiese leuenaars, want om alle soorte van leuens en leuenaars te bespreek is 'n taak te groot om binne die bestek van een proefskrif te behandel. Ek sluit dus by hierdie bespreking morele en ander swaksinniges uit. Laasgenoemde het volgens Willemse[1] maar swak ontwikkelde „sentimente vir sulke abstrakte gemeenskapsideale soos Reg, Plig, Waarheid, Eerbied, ens." Verder het ek reeds daarop attent gemaak dat Hersensgriep noodlottige gevolge kan hê wat betref die gevoel van eerlikheid. Dan is daar ook nog ander sogenoemde patologiese leuenaars. Daarvan beskrywe Wiersma 'n pragtige voorbeeld[2]. Al lei hulle fantasieryke idees dikwels tot bedrog van argelose mense, is dié soort leuenaars tog nie ten volle toerekenbaar nie. „Hulle skyn soms so vas oortuig te wees van hulle eie fantastiese voornemens en uitvindings, dat dit nie blote bedrog en bewuste leuens genoem kan word nie".[3] Hierdie afwykende gevalle lê reeds buite die gebied van opvoedkundige behandeling en word hier slegs genoem. Soms egter is dit moeilik om tussen die patologiese en die normale leuenaar te onderskei. Daar is ook die gevaar dat uit 'n feitelik normale persoon deur verkeerde behandeling en straf 'n patologiese leuenaar kan ontwikkel.[4] Veral in die ouderdom tussen vier en ses jaar is die meeste kinders geneig om onskuldige verhale te vertel. As dit te erg word moet die opvoeder takvol die kind leer onderskei tussen wat werklik gebeur het en wat hy maar „gedink" het. Maar weens die groot omvang van hierdie probleem is ek verplig om nou slegs die meer normale skoolgevalle te bespreek.

---

(1) Willemse en Rademeyer: a.w.; bl. 24.

(2) D. Wiersma: „Patologiese Leugenaars." Leiden 1934.

(3) Willemse en Rademeyer: a.w.; bl. 87.

(4) W.A. Willemse, a.w.; bl. 97.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Heeltemal tereg het verskeie van die hoofde verklaar dat oordrewe strengheid 'n goeie middel is om leuenaars te kweek. Lewin[1] wys daarop dat oneerlikheid maklik ontstaan as daar 'n toestand van vyandskap tussen opvoeder en kind bestaan. Hy sê:

> "The exercise of every form of cheating and deceit occurs more readily in proportion as the situation acquires for the child the character of strife. In such a strife the child may use without hesitation methods which it would probably not employ in any but a hostile atmosphere".

(Oneerlikheid is natuurlik net een van die baie euwels wat weens te grote strengheid kan ontwikkel).

J. Slaughter [2] verklaar die volgende :

> "The habits of children are established on the intelligent or practical basis - those lines of action are adopted which experience finds successful; the habit of lying is no exception to this rule and implies more. It usually exists in cases where authority of exceptional severity is exercised, and it is wellknown that additional punishment for the lie itself has but little effect. (Ek het gekursiveer).

In 'n vorige proefskrif[3] het ek reeds daarop gewys dat F.W. Foerster en F. Künkel dieselfde sienswyse toegedaan is. Foerster sê die volgende:

> "Mit blosser harter Disziplin kann man die Lüge freilich zeitweise unterdrücken - die Ursachen der Lüge im Charakter bleiben aber ohne Behandlung, ja sie werden durch den steten Appell an die Furchtmotive sogar gesteigert ............ Darum ist es auch gänzlich irrig, wenn manche Erzieher glauben die Lüge mit Schlägen ausrotten zu können.[4] Nirgends sind Schläge weniger am Platze als hier".

F. Künkel sê:

> "Wenn man ein lügenhaftes Kind hart genug behandelt, hört es zwar auf zu lügen, aber es sagt noch nicht die Wahrheit, sondern es schweigt überhaupt. Es wird aus einem redseligen und phantastischen Kind ein verstocktes und starres".[5]

Lyfstraf en harde strawwe word dus ten sterkste deur opvoedkundiges afgekeur, en hieroor is daar al meer en meer eenparigheid te bespeur, d.w.s. wat betref leuens. Lyfstraf is seerseker geen hervormende straf vir leuens nie. As die doel vergelding

---

(1) K. Lewin: "A dynamic Theory of Personality" - (Reward and Punishment: bls. 114-170); 1935, bl. 143.
(2) J.W. Slaughter: "The Adolescent"; 1925, bl. 73.
(3) C.E.W. Gutsche: "Tesis ter verkryging van die O.I. Finale Sertifikaat", 1932, bls. 5 en 6.
(4) F.W. Foerster: "Schule und Charakter"; 1920, bl. 53.
(5) F. Künkel: "Einführung in die Charakterkunde"; 1928, bl. 41.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is, dan is daar nie iets op te sê nie, maar om lyfstraf as 'n hervormende straf vir leuens te bestempel, is inderdaad self 'n onwaarheid of 'n dwaling. Die besonder hoë getal (108) vir „Beïnvloeding deur Woorde" in Tabel 3 en die lae getal (26) vir „Lyfstraf" is dan ook voldoende bewys dat hoofde van skole hierdie euwel oor die algemeen nie op onopvoedkundige manier bejeën nie.

Die getal vir „Samewerking met Ouers" naamlik vyf, is baie laag. Miskien is die verklaring gedeeltelik hierdie: hoofde meen dat die huislike opvoeding dikwels die skuld dra en dat daar nie veel samewerking kan verwag word nie, d.w.s. van die kant van sekere ouers, waar die kinders reeds deur gebrek aan voorbeeld en goeie sorg nie genoeg behoed is nie. Hierdie verklaring is egter nie voldoende nie, want by diefstal waar die fout dikwels aan die verkeerde huislike opvoeding toegeskryf kan word, noem die hoofde „Samewerking met Ouers" tog 23 keer. Waarskynlik beskou die skool leuens nie as baie ernstig nie in vergelyking met diefstal.

In verband met die (ons moet eerlik erken ietwat gebrekkige) samewerking tussen huis en skool skyn daar 'n algemene toestand te heers veral wat betref straf en oortredings. Oor die vraag omtrent onsedelike taal druk een hoof dit baie raak uit:

> "Ek het al ouers se aandag gevestig op so-iets, dan is en bly hulle kwaad vir my. Hulle kinders is te goed".

In verband met jeugmisdade deel prof. Willemse mee dat tensy 'n mens met die gesag van 'n regtelike skuldigbevinding by die ouers aankom, werp hulle baie maklik die blaam op ander „maats", ontken die euwels van hulle kind en word kwaad. Dit is eg menslik en bewys ook dat die ouer saam met sy kind wil staan of val. En tog moet ons met die ouers saamwerk en hulle beïnvloed om te help in die moeilike hervormende behandeling. Die samewerking kan b.v. daarop neerkom dat ouers daarop attent gemaak word om dieselfde strafbeleid of behandeling te volg as wat in die skool gevolg word. As daar b.v. by die huis net gedurig lyfstraf toegedien

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

word sonder om die kind te begryp en te beïnvloed, dan sou die onderwyser se pogings met ander middele tot hervorming maar 'n gedeeltelike wees.

Die getal vir „Ontmasker die Leuenaar voor die Klas" is nie baie hoog nie. Lewin(1) sê dat hierdie soort straf baie gevrees word deur die kind, omdat dit sy sosiale status kan benadeel. Maar uit persoonlike ondervinding weet ek dat dit soms nodig word om die leuenaar by sy regte naam te noem, al is dit voor sy maters. In een geval het dit b.v. die uitwerking gehad dat die oortreder die volgende dag my ontmoet het op straat voor die skool begin het, om sy leuen te kom bely. Die uitwerking is egter nie altyd so gunstig nie. Daar is gevalle van kinders wat - al is hulle op heter daad by 'n daad van oneerlikheid betrap - nogtans beslis sal aanhou ontken dat hulle skuldig is. Waarskynlik wil hulle daardeur nog die laaste bietjie prestige voor hulle klasmaters red. Hulle sal eerder hulle oortreding onder vier oë later bely as mens hulle simpatiek uitvra. Die verstandige onderwyser sal homself in die kind se plek stel en die menslike geaardheid in aanmerking neem, naamlik dat dit 'n baie harde taak is om in die openbaar skuldig gevind te word en om in die openbaar jou oortreding te bely, veral as die oortreding 'n vorm van oneerlikheid is. Selfs ons Christelike kerke verwag dit nie van ons volwassenes nie. Adler se skool(2) sê in hierdie verband, dat die leuen soos 'n uitwas te voorskyn kan kom „waar vroeger een werkelijke of vermeende krenking van het gevoel van eigenwaarde heeft plaats gehad. Hoe pijnliker deze krenking, hoe sterker de compensatie door middel van den leugen". Baie takt is dus nodig en oor die algemeen dink ek nie dat dit diep opvoedkundig is om die kind se eiewaarde voor sy maats te swaar aan te tas nie. Die persoonlike verhouding tussen kind en onderwyser kan ook maklik daaronder ly, en dit is dan moeilik te herstel; dit altans is my eie ondervinding

(1) K. Lewin, a.w.; bl. 138.

(2) Alfred Adler en ander, a.w., bl. 273.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

met party dergelyke gevalle. Maar hier ook, soos dikwels, hang die gunstige uitwerking van die straf (a) van die geaardheid van die kind, (b) van die persoonlikheid van die onderwyser, en (c) van omstandighede (b.v. die klas met wie 'n mens te doen het, die ouderdom, ens.) af.

Miskien is dit die regte plek om die straf „Om ekskuus of om Vergiffenis laat vra" te bespreek, want dit staan in noue verband met wat net gesê is, en word soms ook deur hoofde genoem. Kohnstamm[1] keur dit ten sterkste af. „Vergiffenis, aan een voorwaarde gebonden, is geen vergiffenis meer". Om 'n kind te dwing om vergiffenis te vra openbaar by ons heersug pleks van liefde, sê Kohnstamm! Ons moenie die plek van die Opperwese wil inneem nie! Die kind moet leer om hom te onderwerp aan die gesag van God, nie aan ons eie klein persoon nie! Die kind voel hy kan en mag hom nie aan ons gesag onderwerp pleks van die gesag van God nie! Daar is by kinders 'n intuitiewe verset daarteen om vergiffenis te vra en Kohnstamm meen dus dat die eis onsielkundig en onge-regverdig is. (Dit is egter nie verkeerd as die opvoeder 'n onreg wat hy begaan het, erken nie. Hy kan makliker die woorde daarvoor vind. Die opvoeder se prestige sal ook nie daaronder ly nie, sê Kohnstamm, want hy onderwerp hom nie aan die kind nie maar aan God). Sover Kohnstamm. Wat hy sê het ek 10 jaar lank probeer toepas in die daelikse onderwys en omgang met leerlinge. Ek stem geheel en al met hom saam in hierdie opsig.

Die metode om „'n Tydlank nie te vertrou of glo nie", word o.a. ook deur Rousseau aanbeveel. Adler se skool[2] sê die volgende: "Wantrouwen leert het kind zijn leugens heel fijntjes en voorzichtigjes spinnen en dient dus ter verdere ontwikkeling daarvan". Dit is natuurlik menslik om so iemand later nie meer te glo nie, en om voor te gee dat jy so iemand wel glo en vertrou is oneerlik. Maar om iemand aanhoudend daaraan te herinner dat hy

---

(2) Alfred Adler en ander, a.w.; bl. 273.

(1) Ph. Kohnstamm: "Persoonlijkheid in Wording"; bl. 277.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

by 'n sekere geleentheid 'n onwaarheid vertel het, is 'n gewisse middel om hom geheel en al te ontmoedig. Na erkenning van skuld (nie vergiffenis vra nie) behoort enige gevoel by die opvoeder te verander in Christelike vergewensgesindheid. (Erkenning van skuld sal die beste bevorder word, as die opvoeder takt gebruik en vrees vir oormatige straf verwyder).

Geen Straf: Van baie strenge dissipline tot geen straf is 'n wye sprong. Soms het dit wat betref hierdie oortreding 'n baie goeie uitwerking. Wexberg [1] gee die geval van "Fritz E" wat deur sy ouers baie streng behandel is. By die kinderkliniek ("Beratungsstelle") erken Fritz dat hy uit vrees vir sy ouers lieg. Dit word aan die ouers duidelik gemaak dat Fritz anders behandel moet word. "Das Lügen könne man dem Jungen nur abgewöhnen, wenn er gar keine Angst vor den Eltern habe". Hierdie metode is in die geval van Fritz met sukses toegepas - die laaste berig lui dat dit nou beter gaan; dis waar, Fritz vertel nog so nou en dan 'n leuen, maar eintlik is dit meer grootpraat as lieg.

Maar ek is nie 'n voorstander van die leuse „geen straf" nie. In die eerste hoofstuk het ek duidelik gemaak dat boetedoening en straf in belang van die oortreder is. Waarmee ek wel saamstem is dat alle vrees moet verwyder word, en as daar die regte gesindheid by die kind geskep word, dan sal hy geredelik sy straf ondergaan. Dit moet egter onthou word dat woordelike bestraffing ook 'n vorm van straf is en dat straf nie noodwendig allerhande ander vorms hoef aan te neem nie.

Eie Voorbeeld; Vertroue: Adler se volgelinge, trouens alle opvoedkundiges, lê baie klem op die eie voorbeeld van die opvoeder. Die kind moet die volle vertroue van sy ouers besit. "Het is zaak der ouders, vooral der moeder, dat het kind de

(1) E. Wexberg, A.W.; bl. 82.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

zekerheid krijgt, met al zijn zorgen en ongevallen vol vertrouwen tot hen te kunnen komen en daarbij altijd op hun meegevoel te mogen rekenen".[1]

Gemeenskapsgevoel: Verder kan daar volgens Adler se skool[2] baie leuens vermy word "als het streven van het kind naar eigen succes word omgebogen in de richting van maatschappelijke doeleinden". Met ander woorde, die neiging tot selfverheffing moet al heel vroeg omgeskep word tot die strewe na voortreflikheid in die diens van 'n gemeenskap. Adler se doelstelling bereik dus dieselfde resultate as die Christelike ideaal van naasteliefde, hoewel langs 'n omweg. Om te leer uitmunt deur naasteliefde-dade moet die kind volgens Adler al vroeg die geleentheid kry om vrywillig te dien met dade, b.v. in die huislike kring. Daardeur sal die twee fundamentele strewings van die kind, naamlik sy ambisie en sy naasteliefde saam kan werk en dit bring ook ware geluk in die menslike siel. Van begin tot end, tot by sy dood, was sy tydskrif "Individual Psychologie" vol hiervan, dikwels met treffende voorbeelde uit sy praktyk ontneem. Maar dit is juis daar waar die gemeenskapsgevoel deur die ambisie (strewe na mag) verdring is, waar die ware geluk ontbreek en waar die leuen hoogty vier. Adler en sy volgelinge het baie bewyse hiervoor aangevoer.

Maar die onderwys kan nog in ander opsigte help. Die ideaal moet 'n positiewe wees. Dit is nie voldoende om nie te lieg nie: Lietz[3] sê die volgende: "Auch ein Mensch, der nicht lügt oder gelogen hat, kann ein sehr unwahrer, unwahrhaftiger sein und ist oft ein solcher". („Ook 'n mens wat nie lieg nie of nie gelieg het nie, kan 'n baie onware, onwaaragtige wees en is dit ook dikwels"). Openhartigheid, sê Lietz is iets anders as „om nie te lieg nie" en na hierdie positiewe deug moet daar gestrewe word. Die hele onderwys moet volgens Lietz daartoe help om openhartigheid aan te kweek. Geskiedkundige feite moet nie geweld aangedaan word nie en veral moet die leerling nie

(1) A. Adler en ander, a.w.; bl. 269.
(2) A. Adler en ander, a.w.; bl. 270.
(3) W. Rein: "Encyklopädisches Handbuch der Pädagogik"; (1903-1911), Deel X, bl. 31: "Erziehung zur Wahrheit und Wahrhaftigkeit", deur H. Lietz.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

papegaaiwerk doen nie, maar sover gelei word dat hy self nadink en selfstandig leer werk.

In sy kritiek van Adler se leer kom prof. Willemse (1) tot 'n soorgelyke standpunt as die van Lietz. Hy toon aan dat die vernaamste drang van die kind is „om self iets reg te kry" sonder om juis gesien en geprys te word vir sy prestasie. Ons Westerse kompetisiegees verander en verdraai egter hierdie natuurlike strewe tot 'n oorspanne gejaag na sosiale erkenning en eer wat dan ontaard tot skynprestasies en voordoenery. Afgesien van die heersende kompetisiegees is daar nog 'n ander faktor wat die natuurlike neiging om iets konstruktiefs self reg te kry, laat ontaard en dit is die gebrek aan geleenthede vir die kind om hom of haar in spel en vryetydsbedrywe te verdiep. Lawaaimakers, agterbakse skynmense en persone wat met bedrog of oneerlike metodes 'n posisie wil bereik is dikwels diegene wat nie in hulle spel geleer het om deur eerlike eie vernuf en inspanning iets reg te kry nie. Die eerlike spelinspanning en in 'n taak verlore raak, begin reeds lang voor die skoolouderdom en daarom is volgens Willemse goeie kleuterskole reeds van groot betekenis. In die latere werklike skool moet dan ook alles in die werk gestel word om hierdie fundamentele neiging van die kind kanse te gee. Hy moet sien dat hy met inspanning duidelike resultate behaal, die konstruktiewe take moet hom uitdaag om hulle reg te kry, en herhaalde mislukkings moet teen alle koste vermy word. Al te hoë eise aan die kind en uiterste gestrengheid fnuik ook die kind se neiging tot selfstandige regkry en maak hom slaafs of 'n voordoener.

Kortliks wil ek nog die raad van Burt (2) hier byvoeg, d.w.s. in sover dit nie reeds deur die voorafgaande gedek word nie. Hy gee die volgende aan die hand:

(1) Deeglike ondersoek, voor 'n mens met die behandeling begin, en dan indiwidualistiese behandeling.

---

(1) W.A. Willemse: „Die Huisgenoot", 17 Februarie 1939.

(2) C. Burt, a.w., bls. 376 - 398.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(2) Maak langs ander weë eers seker van die feite voor jy die oortreder uitvra.

(3) "Treat the deceiver as though he were trustworthy; and you may shame him out of his deceit. Grant him, therefore, the fullest credit for every particle of fact his fabrications may contain........."

(4) Moenie straf as hy bely nie. Probeer om hom onder vier oë - nie voor die klas nie - te laat bely.

(5) Wees versigtig hoe jy die kind uitvra. B.v., moenie begin deur te vra: „Het jy dit gedoen of nie"? Verseker hom van jou vriendskap en wys daarop dat vriendskap op vertroue berus. Gee hom die versekering dat jy hom nie wil straf nie, maar dat jy hom beter wil verstaan. Moenie hom dwing om elke vraag van jou te beantwoord nie, of belowe hom om, wat hy bely, aan niemand verder te vertel nie, b.v. nie aan sy ouers nie, voordat of tensy hy jou vooraf sy toestemming gegee het.

(6) As 'n kind baie fantaseer omdat sy ervaring in die wêreld te beperk is, probeer dan om sy ervaring te verryk, b.v. deur reis, deur uitstappies en besoeke aan interessante plekke.

(7) "To cite the fate of Ananias may create more harm than holiness". Moedig liewers die studie van wetenskappe (akkuraatheid) aan; dit doen baie meer goed as sedeprekies.

(8) Wees self eerlik.

Laatkom.

Tabel 4.

| Ref.-nr. van Straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal klere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Skoolsit | 103 |
| 2 | Beïnvloeding deur woorde | 53 |
| 3 | Samewerking met ouers | 22 |
| 4 | Strafwerk | 6 |
| 5 | Verbeur van punte vir sertifikaat of beker | 5 |
| 6 | Spot, b.v. met sy verskonings | 5 |
| 7 | Publieke opinie van skool gebruik | 4 |
| 8 | Lyfstraf | 3 (plus 11) |
| 9 | Verantwoordelike werk gee | 3 |
| 10 | Laat rapporteer by hoof | 3 |
| 11 | Buite laat staan, tot les oor is | 2 |
| 12 | Ongeklassifiseerde strawwe of behandelings - net eenkeer elk genoem | 8 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Uiteensetting van Tabel 4.

Skoolsit: Die tyd (of dubbel die tyd) moet na skoolure, of gedurende 'n deel van die pouse ingehaal word. Laasgenoemde prosedure (om 'n deel van die pouse weg te neem) moet afgekeur word. Dit is nie alleen onopvoedkundig en teen alle gesondheidsreëls om op daardie tyd beslag te lê, maar dit is 'n oortreding van die regulasies van die Departement. Dit is net 'n klein minderheid van hoofde wat van so'n prosedure melding maak, die meerderheid bedoel skoolsit na skool.

Een hoof sê: „As waarskuwings nie help nie, dan net een middag tot drieuur op skool hou en dit is op 'n end", terwyl 'n ander hoof sê: „Vir 'n week elke dag vyf minute laat kantoortoe kom as die ander huistoe gaan". Laasgenoemde kan skaars „skoolsit" genoem word, en tog is dit dalk baie effektief. 'n Engelse hoof sê: "Two hours compensating detention on Fridays. - Lates never very numerous, but detention did not diminish number. Have now abolished all punishment for 'lates' and am keeping statistics".

Beïnvloeding deur Woorde: Hieronder val o.a.„waarsku; skaam maak; mooipraat; vermaning; wys op natuurlike gevolg of straf; aanmoedig om vroeër op te staan; ens. Onder 'skaammaak' kry ons een geval waar die kind voor sy maats hardop moet sê: „Die luiaard het die slaap te lief".

Samewerking met Ouers: Daar is 'n groot aantal hoofde wat direk of indirek verklaar dat die skuld gewoonlik by die huis lê, daarom beveel hulle samewerking met die ouers aan.

Onder „strafwerk" kry ons tweekeer „prosa leer". Laasgenoemde prosedure, naamlik om 'n kunswerk (prosa) met straf te assosieer, kan nie te sterk afgekeur word nie; ek kan ook werklik geen verband tussen oortreding en straf sien nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die „verantwoordelike werk" wat deur verskillende hoofde opgenoem word, is van drieërlei aard, t.w.:

(1) gee die oortreder die sleutel om die kamer oop te sluit in die oggend;

(2) laat hom die klok lui;

(3) maak hom verantwoordelik vir die aantree van die klas of ry.

Aldrie metodes moet as uitstekend beskou word, daar dit verantwoordelikheid aankweek en die euwel bekamp.

Ongeklassifiseerde strawwe of behandelings: Hieronder val: „name van oortreders uitlees voor die hele skool"; (dus 'n vorm van skaam maak); „'n tydlank voor skool laat rapporteer" (m.i. 'n uitstekende plan); „spesiale register aanhou op die muur en by name van laatkommers 'n swart merk deur hulleself laat sit"; „die onderwyser gaan die laatkommer by sy huis haal"; „laat die kind agter in die klas staan"; "no handwork at school" (hier sien ek weer geen verband tussen oortreding en straf nie, en ag dit dus nie goed nie); en dan is daar nog iets heeltemal oorspronkliks, naamlik, „laat hulle 'n aantal male om grond of skoolgebou draf"; (i.v.m. laasgenoemde metode word aanspraak daarop gemaak dat dit baie suksesvol is).

Behalwe strawwe of behandelings het die antwoorde 'n paar interessante opmerkings bevat. Een hoof verklaar: "Bright and interesting assembly usually does away with late comers". 'n Afrikaanse hoof sê: „Nie moeilikheid op die plaas daarmee nie. Selfs kinders wat ver woon probeer vroeg kom". 'n Paar hoofde sê: „Ondersoek die oorsake"; en 'n paar beklemtoon „geen straf".

En dan is daar nog die volgende filosofiese beskouing: "I do not attach much importance to late coming. Very few things are punctual: rains may be late - spring may be early - father may be late for dinner - and children may be late for school". Hy voeg egter by: "I have always been able to correct (without corporal punishment) a scholar who has begun to make a habit of coming late".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Onder spesiaal suksesvolle metodes is daar deur die 203 hoofde niks opgenoem nie, behalwe die een metode reeds genoem, naamlik om die laatkommer om die skool te laat draf.

## Verdere Bespreking.

Daar is miskien min oortredings waar die leer van die „Natuurlike Straf" so goed toegepas kan word soos hier. Skoolsit is een manier daarvan. 'n Ander sou wees om 'n werklik interessante onderwerp eerste op die rooster te sit sodat die laatkommer 'n poging sal aanwend om dit nie te laat verbygaan nie.

Dit is opvallend hoeveel mense daar is wat wel vir hulle werk op tyd is, want vir die volwassenes is die „Natuurlike Straf" onverbiddelik: dit bedreig hulle met verlies van hulle lewensbestaan. Maar hoeveel van dieselfde persone is op tyd by vergaderings of byeenkomste?

Sekerlik behoort die skool van alle beskikbare middels gebruik te maak om so'n gewoonte te bestry, en behoort belonings (bekers of sertifikate) vir indiwidue of nog beter vir klasse, 'n belangrike rol te speel in die bestryding van die euwel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## HOOFSTUK III.

### Moedswillige Onbeleefdheid.

### Tabel 5.

| Ref.-nr. van Straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere geneem. |
|---|---|---|
| 1 | Beïnvloeding deur woorde | 86 |
| 2 | Lyfstraf | 21 (plus 18) |
| 3 | Baie beleefd behandel | 20 |
| 4 | Om verskoning laat vra | 15 |
| 5 | Ignoreer (negeer) die oortreder | 9 |
| 6 | Spot | 8 |
| 7 | Samewerking met ouers | 6 |
| 8 | Publieke opinie van leerlinge gebruik | 6 |
| 9 | Afsonder | 4 |
| 10 | Sarkasme | 3 |
| 11 | Uit die klas ja (meisies) | 3 |
| 12 | Voorregte ontneem | 3 |
| 13 | Dwing om beleefd te wees | 2 |
| 14 | Ignoreer die onbeleefdheid, Geen straf | 2 |
| 15 | Skoolsit | 2 |
| 16 | Ongeklassifiseerde strawwe of beh. | 7 |

### Uiteensetting van Tabel 5.

Daar is heelparty gevalle waar hoofde verklaar dat hulle hierdie oortreding nog nooit aangetref het nie, en wat dus geen straf of behandeling noem nie

Onder „Beïnvloeding deur Woorde" het ek ingesluit: „skaam maak; waarsku; dreig met verwydering; doen 'n beroep op beter imbors; praat oor beleefdheid, met stories vir die laer klasse; teregwysing; druk teleurstelling uit, afkeuring; wys op wat ouers verwag; wys op vereistes van goeie burgerskap; redeneer: wys

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

daarop dat hy homself meer skade aandoen as sy onderwysers; toon op vriendelike wyse die kleinheid daarvan"; ens.

Baie beleefd wees: Hieronder kry ons die volgende : „Wees onder alle omstandighede beleefd teenoor hom en bly koud en onverskillig daarteenoor". - „Volgens regulasie liggaamstraf, maar ondoeltreffend - lê pligte op hom en wees besonder beleefd en vriendelik teenoor hom". - „Laat die kind skaam kry deur besonder beleefd teenoor die kind te wees. Volgens ondervinding beantwoord dit goed". Die hoof van 'n junior skool sê: "If children are accustomed to courteous treatment by teachers and attention is paid to good behaviour, there is little incivility except in the case of newcomers and they are soon dealt with by classmates". - Een hoof beveel nie net aan dat 'n mens self baie beleefd moet wees nie, maar voeg nog by: „Vra klasmaats om hom ultra-beleefd te behandel".

Spot: Hierin is inbegrepe: „Spot die kind goed. Maak van hom baas en wees self Klaas". - „Voor die klas laat staan en die kinders hom of haar baie beleefd laat groet of behandel". (Laasgenoemde het ek opsetlik nie onder Straf No. 3 geplaas nie). - „Die ding weer voordra effe oordrewe, en dit verspot voorstel". - "A good 'leg-pull' here is most effective".

Dwing om beleefd te wees: Hieronder val: „Laat kind dieselfde handeling op beleefde manier een- of tweekeer oordoen". - "Compulsion directed to enforce civility, i.e. made to be polite, etc. - not corporal punishment".

Onder ignoreer verskyn: "Judiciously ignoring child for day or two"; ens.

Ongeklassifiseerd: Hieronder val: „verantwoordelike posisie gee"; „prosa laat leer"; „dreig om huistoe te stuur (meisies)"; „een week skorsing van klas (groter seuns in hoër skool)"; "loss of marks for house"; „stuur kind vir dag huistoe"; „skorsing".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Verdere Bespreking.

Oorsake en Verhoeding: Baie hoofde is die sienswyse toegedaan dat onbeleefdheid op skool nie sal voorkom nie as omstandighede en behandeling by die huis en by die skool die regte is. So word daar die volgende opmerkings gemaak: „Ondersoek die huislike opvoeding", of: „U kom dit nooit teë as u 'n kind beleefd behandel". Laasgenoemde opmerking is gemaak deur iemand met 26 jaar ondervinding.

Die volgende word deur iemand gesê wat al 27 jaar ondervinding het, wat die suksesvolle hoof is van 'n baie groot skool, wat self 'n groot huisgesin het en wat al oor die 50 jaar oud is. Hy kan dus met gesag praat.

> „In 'n skool waar die gees gesond is, kom hierdie oortreding selde of ooit voor. As dit egter sy verskyning maak, dan moet daar dadelik gesoek word na die oorsaak: my ondervinding het my geleer dat 'n onbeleefde kind 'n 'onwelkome kind' is. Daar is 'n skroef los by die verhouding tussen kind en ouer. Tuis kry hy gedurig slae of 'n afjak, en as hy dan nog boonop 'n onsimpatieke onderwyser(es) het, word hy 'n 'probleemkind' met 'n onbeleefde geaardheid. Hierdie onbeleefdheid is 'n soort 'bluff' of wysmakery....... ........... altemit ook, volgens die sienswyse van die kind self, sy enigste beskermmiddel".

'n Engelse hoof sê die volgende: "Generally if there is deliberate incivility, the teacher may often be to blame for faulty handling of the child". 'n Ander hoof sê kortliks: "The teacher's fault". Some neem die verset meer die vorm van pruilery aan by meisies. Drie hoofde noem dit. Een sê: "A girl who is resentful, when spoken to about her work (one case). I found no remedy, but I did discover that her behaviour was due to home circumstances."

Daar kan volgens die antwoorde ook ander oorsake wees, b.v.: „Die kind wil net aandag trek". - „Byna altyd te wyte aan onkunde......." 'n Ander hoof se woorde lui: „Verduideliking van vergryp help altoos". - „In die meeste gevalle is dit 'n daad van onbedagsaamheid; deur die kind daarop te wys doen hy dit nie weer nie". — „In elke geval waar dit skynbaar onbeleefdheid was, was dit net vrees".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daar is egter ook diegene wat die oorsaak by die kind se gesondheid soek, b.v.: „Skaam en beskroomde kinders word baiemaal vals beskuldig, so ook senuweagtige. Baie min kinders is van natuur onbeleefd". - "Find cause: control at home? ill-health?"

Daar is dus ontsaglik baie moontlike oorsake. Ek som dié wat sover deur hoofde genoem is, kortliks as volg op :

1. Huislike opvoeding (te veel slae, afjak, ens.);
2. Verkeerde houding van die onderwyser;
3. Onkunde by die kind;
4. Onbedagsaamheid by die kind;
5. Vrees by die kind (dus: beskermingsmiddel: wysmakery, of "bluff");
6. Beskroomdheid by die kind;
7. Die wens by die kind om aandag te trek;
8. Senuweagtigheid by die kind;
9. Algemene slegte gesondheidstoestand.

Ongetwyfeld sit daar 'n groot skat van waarheid in die opgenoemde oorsake. Ek herinner my baie goed aan die verklaring van 'n beroemde professor in opvoedkunde. Die juiste woorde het my ontgaan, maar die trant daarvan was min of meer as volg: „As daar 'n kind in my klaskamer inkom met 'n boodskap van 'n ander onderwyser, dan gebeur dit dikwels dat hy die boodskap op 'n skynbaar onbeleefde manier, met 'n skynbaar onbeleefde houding weergee. Ek sê dan vir hom: 'Maar hoekom is jy dan so skaam?" Ek het sedertdien dieselfde verskynsel opgemerk. Dikwels wil so'n kind (onbewus) sy beskroomdheid wegsteek agter 'n skynbaar onbeleefde, amper sou ek sê astrante, houding. Hierdie onbeleefdheid is dus niks anders as 'n vorm van kompensasie nie; dit is nie egte, en nog minder moedswillige onbeleefdheid nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

En wat die gesondheidstoestand betref, speel dit seersseker 'n groot rol. Ek herinner my aan die geval van 'n dogter wat uiterlik onbeleefd en koppig was. Kort daarna moes sy vir 'n paar kwartale die skool verlaat. Na haar terugkoms was sy altyd baie beleefd, want die gesondheid was nou sterker en sy het ook goed reageer op 'n beleefder behandeling van my kant. Maar die toevallige of algemene stemming waarin die kind hom bevind, moet ook in aanmerking geneem word. Dit kan aanleiding gee tot onbeleefdheid of verset of die indruk verwek altans. Die ontwikkelingspsigologie leer ons(1) dat so'n negatiewe, botte, soms onbeleefde houding, veral by meisies, aan die begin van die puberteit (12 - 14 jaar) 'n algemene iets is. Na die 15de jaar kom die jeugdiges dan weer vanself in 'n meer selfvertrouende, openhartige, lewensmoedige fase.

Dit spreek vanself dat 'n individualistiese behandeling noodsaaklik is, die groot aantal van moontlike oorsake maak reeds daarop attent.

In die meeste gevalle behoort woorde voldoende te wees; uit die antwoorde is daar volop getuienis dat hierdie middel gewoonlik doeltreffend is. Ek noem hier net 'n paar antwoorde wat van sukses getuig:

> „Die volgende middel het nog nooit gefaal nie:- Neem die kind in jou vertroue en laat hom al sy moeilikhede aan jou vertel. Laat hom in sy klas tuis en welkom voel. Indien moontlik gee hom 'n ereposisie (monitor)".

'n Ander hoof sê:

> „Vroeër het ek die lat gebruik - wat natuurlik gehelp het. Teenswoordig wys ek die leerling daarop dat ek hom nie onvriendelik behandel nie, en sê vir hom ek verwag dieselfde van hom. Ek tref dit uiters selde aan".

Myns insiens is dit dikwels ook goed om 'n afwagtende houding in te neem. 'n Kind se temperament is ook iets wat 'n rol speel. Natuurlik mag onbeleefdheid op die duur nie geduld word nie, maar die verandering sal dikwels na 'n tydjie, miskien 'n uur of selfs 'n dag, vanself kom. Deur die kind tot „ekskuus-vra" voor die tyd te wil dwing deur allerhande dreigemente, sal hom net dwing

(1) Ch. Bühler: „Praktische Kinderpsychologie" Utrecht 1938, blo 164.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tot huigelary en sal net uiterlike of tydelike sukses bewerkstellig. As ons wag sal die kind moontlik uit homself om verskoning kom vra, en dit is heeltemal iets anders. Eersgenoemde metode (dwang) kom ooreen met die sagdruk van 'n groen perske - ons sal hom tog nie kan ryp druk nie!

Drastiese middels soos „sarkasme", „lyfstraf" en „skorsing" soos hulle in die tabel voorkom, behoort byna nooit nodig te wees nie; hulle waarde as opvoedende middels is seker gering en hulle doeltreffendheid as afskrikmiddels is twyfelagtig.

Ek wil hierdie afdeling met die volgende Duitse spreekwoord sluit: "Wie man in den Wald hineinschreit, so schallt es wieder heraus". Die letterlike vertaling sou wees: „Soos jy in die bos inskreeu, so kom die weerklank terug", of soos van Gelderen dit in Nederlands weergee: "Zoo men doet, zoo men ontmoet".

Ongehoorsaamheid of Verset.
Tabel 6.

| Ref.-no. van Straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Beïnvloeding deur woorde | 65 |
| 2 | Lyfstraf | 53 (plus 43) |
| 3 | Ignoreer, negeer | 14 |
| 4 | Samewerking met ouers | 10 |
| 5 | Om ekskuus laat vra | 10 |
| 6 | Dwing tot gehoorsaamheid | 10 |
| 7 | Skors of verwyder | 7 |
| 8 | Skoolsit | 7 |
| 9 | Publieke opinie van leerlinge gebruik | 6 |
| 10 | Strafwerk | 5 |
| 11 | Voorreg(te) ontneem | 4 |
| 12 | Afsonder, boikot | 3 |
| 13 | Uit die klas ja (meisies) | 2 |
| 14 | Gee hulle tyd tot nadenking | 2 |
| 15 | Verantwoordelike posisie gee | 2 |
| 16 | Ongeklassifiseerd | 6 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Uiteensetting van Tabel 6.

Beïnvloeding deur woorde: Behalwe baie van die metodes reeds onder tabelle 1 tot 5 behandel, kom die volgende nog onder hierdie hoof: „dreig met skorsing of verwydering"; „simpatieke behandeling"; „bespreek motiewe"; "Express more determination and definiteness as to what is required in cases of attempts of evasion of issue"; "kindness and reasoning".

Ongeklassifiseerde strawwe: „Laat die oortreder 'n tydlank in die kantoor werk". - „Hou hom uit ereposisies, b.v. komiteelid".- „Beskou dit as 'n groot grap - lag eenvoudig daaroor". „Uitoorlê deur huistoe te nooi of ander planne". „Laat die kind na erkenning sy eie straf kies". - "Loss of marks for House".

Daar is buitendien nog hoofde wat daarop attend maak dat daar na die oorsake moet gesoek word, voor daar van enige straf of behandeling kan sprake wees. Een hoof voeg nog by: „Wysig die omstandighede sodat die struikelblok verdwyn", terwyl 'n ander sê: „Sien of daar provokasie was, vriendelik wees".

## Verdere Bespreking.

Daar is verskeie hoofde wat moontlike oorsake noem, naamlik:

1. Huislike omstandighede;
2. Provokasie by die skool;
3. Vermeende veronregting: „Dit kry 'n mens alleen wanneer die leerling meen hy word onreg aangedoen. Verduidelik en gee hom tyd tot nadenking".

Gelukkig is daar al heelwat navorsingswerk gedoen om sielkundige verklarings vir ongehoorsaamheid, opstandigheid of verset te gee. Wat betref ongehoorsaamheid is die volgende sielkundige feit van belang: as daar baie reëls is wat baie dinge belet, dan sal sulke reëls baie oortredings uitlok. Wat belet is kry meteens 'n besondere aantrekkingskrag. Daarom: hoe minder reëls, hoe beter.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verder moet ons in aanmerking neem dat 'n kind op sekere ouderdomme meer geneig is tot verset as op ander. Hierdie stadia is:

(a) By die kleuter (tussen 1½ en 3½ jaar);

(b) Gedurende die begin van die Puberteit (13 - 15 jaar).

(a) Ongehoorsaamheid by die Kleuter.

Charlotte Bühler [1] het daarop gewys dat 'n kind van omtrent twee jaar oud 'n houding van verset kan aanneem, as hy begin om sy doelbewuste wil te beoefen. Prof. Bühler vertel hoe dat sy haar tweejarige dogtertjie in haar waentjie gestoot het. Op die terugweg wou sy die kind van die hek na die voordeur self laat loop (want sy het anders reeds graag geloop) maar toe begin die kind te huil en kom in 'n sterk verset. Sy was nie tevrede om dit bloot „koppigheid" te noem nie, en het daarop uitgevind dat as sy die kind voorberei deur vooraf te sê: "As ons tuiskom klim jy by die hek uit die waentjie en loop na die deur", dan is alles reg. Mev. Bühler neem aan dat die kind op die leeftyd nie meer passief en sonder doel lewe nie, maar 'n eie doel begin te stel ~~het~~. Die gerigte wil of doel sit hulle dan deur, of raak in 'n opgewonde verset.

Mev. Bühler lê miskien te veel nadruk op die negatiewe en weerstandige in die kleuter se wilslewe.

Die Amerikaanse ondersoeker Caille[2] het vasgestel dat die kind om die drie jaar hom nie net verset teen die planne van die volwassenes nie, maar ook dikwels eiewillig instem met sekere voorstelle van die oueres. My eie waarnemings dui ook meer op 'n strewe na selfstandigheid by die kleuter, „iets self regkry", soos Willemse dit noem: Ek dink aan die voorbeeld wat Montessori êrens aanhaal:

(1) C. Bühler: "Das Seelenleben des Jugendlichen", bl. 104. e.v., aangehaal in "Het Moeilijke Kind" deur dr. A. Adler, e.a., bl. 63.

(2) R.K. Caille: "Resistant Behaviour of Pre-School Children," New York, 1933.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„'n Kind is besig om langs die strand sy emmertjie vol sand (of was dit klippe?) te maak. Die diensmeisie is egter haastig en help die kind toe gou dat die emmertjie maar vol kom, en toe ruk sy die kind weg huistoe. Maar die kleintjie het hom verset en vreeslik te kere gegaan. Waarom? Sy doelstelling was nie om die emmertjie vol te hê nie, maar om dit self vol te maak." Ek dink ook aan die volgende geval wat ek self belewe het:

„'n dogterjie van 6½ jaar het besluit om self 'n rokkie vir haar te maak. Sy kan al goed werk met die masjien, maar die eintlike moeilikheid was met die uitsny van die patroon en die ryg; maar ook daar wou sy net die allernoodsaaklikste hulp (leiding) van haar ma aanneem, en het sommer maklik beledig gevoel as die leiding te veel die vorm van hulp aanneem. Sy het die rokkie dan ook werklik gemaak en is baie trots daarop".

So'n prysenswaardige drang tot selfstandige handeling en onafhanklikheid kan die beste grondslag vorm vir die opvoeding tot verantwoordelikheid, maar indien dit onnodig uitgetart of nie die regte geleenthede kry nie, kan dit ontwikkel tot koppigheid.

(b) „Verset" gedurende die Puberteitsjare.

Kohnstamm wys daarop dat die puberteitsjare die tydperk is wanneer daar na selfstandigheid gestreef word. Eintlik is dit die tweede tydperk van hierdie aard in die lewe van die kind. Kohnstamm vervolg: "Hier zij slechts de conclusie getrokken, dat men reeds het kind verantwoordelijkheid, en dus vrijheid, moet geven als men de 'opstandigheid' der jeugd verzachten wil. Maar men mag niet verwachten aldus elk spoor dier opstandigheid te voorkomen. Dat ware ook allerminst gewenscht, het zou beteekenen verstijving en verstarring van de maatschappij in een aangenomen vorm". (1) Kohnstamm sê verder dat die vrywinglose harmonie, hartlikheid, ens., gouer en beter herstel word namate die ouers self gereed is "om vrij te laten". Hy meen 'n mens sal die enigsins onhandige pogings tot selfstandigwording miskien met 'n bietjie humor beskou - maar die ouer of opvoeder moet dit nie met spot of kritiek bejeën nie.

---

(1) Ph. Kohnstamm, a.w., bl. 419.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Allen[1] sê die volgende: "It (adolescence) is noted for its rebellious spirit, its constant desire to kick against the pricks". Hy sê ons het hier in 'n seker sin te doen met 'n interessante teenstrydigheid: aan die een kant strewe die jeugdige daarna om hom aan te pas aan die sosiale eise en verwagtings, maar aan die ander kant is hy opstandig teen alle wet en orde. Dit, meen Allen, is juis 'n bewys vir die gesondheid (van gees) van die jeugdige. Hy sê verder:

> "To a teacher of adolescents, this spirit of rebellion should be recognised as a sign of the worth of the child .......... It shows the conflict towards a self-balance that alone can produce the controlled adult. If the teachers, the scoutmasters, the social leaders, attempt to put down the rebellious spirit with a heavy hand, insiduous repressions will follow and the psychic nature of the child will receive incalculable damage".

Die volgende aanhaling deur Boyd[2] steun Allen se sienswyse:

> "A strong child rebels against his father's authoritative attitude, and if the attitude of rebellion goes on long enough, he will be a rebel his whole life through. A gentle child also resents the rod of iron, but he evades authority by subterfuge, lying, and cheating".

Carp[3] wys ook daarop dat straf wat te swaar is dikwels tot verset lei. Hy sê verder die volgende:-

> "Dat een heimelijk verzet en gevoelens van wrok op latent-gebleven agressieve driften prikkelend werken en ten grondslag liggen aan verschillende crimineele en a-sociale handelingen van - verwaarloosde, maar desondanks niet psychopatische - kinderen, is een onloochenbare ervaring". Sulke kinders (of volwassenes) voel hulle aangetrek "tot een gemeenschapsband van medelotgenooten, welke in een gezamenlijk wrok-gevoel den steun vinden, welken zij op grond van sociale insufficientiegevoelens behoeven".

Dit is bekend dat te strenge of te lakse dissipline tot verset kan lei. Burt, Glueck e.a. het aangetoon dat gebrekkige dissipline die veelvuldigste omgewingsoorsaak vir die ontstaan van die jeugdige misdadiger is[4]. Dit is dus van groot belang om die regte ewewig te hou, en ook om nie wisselvallig te werk te gaan nie,

---

(1) A.B. Allen, a.w.; bls. 113-114.
(2) E.G. Malherbe: "Educational Adaptations in a Changing Society", bl. 190.
(3) Carp, a.w., bl. 133; vergelyk ook bl. 651 onder.
(4) Burt: a.w.; Glueck: "One Thousand Delinquent Boys." New York 1934.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

want wisselvallige dissipline is net so noodlottig.

Die volgende behandelings, deur hoofde opgenoem, maak spesiaal aanspraak op sukses:

„In die junior skool: "Many respond to friendly advice especially if they feel the teacher is interested and understanding; with a few judicious ignoring succeeds".

„In die laer skool: "Two of the older girls - 14 years - developed (at different times) indifference to their work. They said quite openly they did'nt care. So I said I really need'nt care either and they could take all their books to a private room and do as they pleased. One day was quite enough". (Ek wonder of dieselfde of beter resultate nie met 'n minder drastiese straf sou bereik geword het nie).

„Hier moet 'n onderwyser daarteen waak om tog nooit te kere te gaan nie, baie opgewonde te word nie. Ek beroep my op my klas as 'n geheel in so'n geval; die sondaar voel hy staan alleen".

Die volgende kom met die voorafgaande behandeling omtrent ooreen: "A boycott by class mates soon brings an apology, reformative". "If teacher gains confidence and love of pupils, these never arise".

Onder besondere suksesse het die volgende verskyn: "On two different occasions I have had two boys, who had been expelled from their previous schools. 'A' was expelled for disobedience and frequent insubordination. I got him interested in football and cricket and he turned out an excellent youth......." (Die behandeling van 'B' gee ek onder die afdeling „Stokkiesdraai").

„In die hoër skool: Die hoof van 'n hoër skool vir meisies sê die volgende: "I find that it is adolescent age that is the most difficult and the most revealing. Some girls become often unmanageable, insubordinate, self-assertive, silly in regard to boys, disobedient, indolent at that stage (often standards VI, VII, VIII) and then settle down again excellently in standards IX and X. The 'reform' is not the result of punishment (ek kursiveer) but is due to a more settled condition. Punishments are never very permanently effective at this stage, though they are necessary for the general law and order in the school".

Op 'n ander plek in die vraelys sê die hoof duidelik: "I have found that after the adolescent age has been attained a disobedient or insubordinate pupil settles down"..

(In verband met laasgenoemde aanhaling wil ek net opmerk dat ek min van daardie opstandigheid van meisies in 'n gemengde hoër skool aangetref het gedurende al my jare van ondervinding. Daar mag drie redes daarvoor wees:

1. meisies gedra hulle beter in die teenwoordigheid van seuns;
2. waarskynlik gedra meisies hulle ook beter in die teenwoordigheid van 'n man as in die teenwoordigheid van 'n dame;
3. die wangedrag van sekere seuns is eerder opvallend in 'n gemengde skool, sodat 'n mens skaars, indien ooit, bewus is van ongehoorsaamheid of verset van die kant van meisies. Ek sê nie dat genoemde drie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

redes geldig is nie, maar bied hulle net aan as 'n moontlike verklaring)."

Die uitsprake van hierdie ervare onderwysmanne en van die aangehaalde deskundiges toon aan dat daar deur takt, opregtheid, simpatie en tog darem ook ferme dissipline, baie kan bereik word om hierdie euwel te bestry, maar as ander middele nie help nie, dan mag dit noodsaaklik wees om die oortreder uit die skool te verwyder, om die res van die skool teen sy verderflike invloed te beskerm. Dit behoort egter baie selde nodig te wees.

Die kwessie van „lyfstraf" en „verset" word in hoofstuk VII bl. 172. bespreek.

In verband met hierdie hele saak verwys ek ook na hoofstuk 1, bl. ..8..... waar middele opgenoem word om opstandigheid by kranksinniges te behandel. Die noodsaaklikheid van geskikte werk, of geleenthede om selfstandig te presteer, is ook vir normale kinders soos die psigologie van die kleuter en van die puberteit bewys, van die grootste belang.

Onsedelike Taal (op mure, ens.).

Tabel 7.

| Ref.-no. van straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Beïnvloeding deur woorde | 91 |
| 2 | Lyfstraf | 34 (plus 14) |
| 3 | Publieke opinie van leerlinge gebruik | 16 |
| 4 | Samewerking met ouers | 15 |
| 5 | Die hoof sorg dat dit skoon kom | 14 |
| 6 | Skorsing of verwydering | 10 |
| 7 | Mond laat uitspoel (5) of daarmee dreig (1) | 6 |
| 8 | Afsonder | 5 |
| 9 | Laat brief hardop lees deur leerling (privaat indien nodig) | 4 |
| 10 | Die leerling sorg dat dit skoon kom | 3 |
| 11 | Voor die klas of skool stel | 2 |
| 12 | Ongeklassifiseerd | 14 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Uiteensetting van Tabel 7.

Ongeklassifiseerd: Hieronder val: „Skoolsit", „strafwerk", „negeer die oortreder", „kind huistoe stuur vir die dag", „laat oortreder privaat erken", „in ergste gevalle laat ek hom alles in 'n boek skrywe, wat ek voor sy oë verbrand", „positiewe suggestie deur 5 keer uit te skryf: "Ek (naam) is 'n skoon en rein dogtertjie (seuntjie)", „hou uit erepossies (komiteelid)", „kind belaglik maak (in party gevalle)", „straf al die seuns indien op mure geskryf", „briefies opskeur en ignoreer", „soms help dit om die kind te laat aanhou skryf of sê wat geskryf is totdat hy siek is van die woorde", "organised games", "displeasure by look".

Verdere Bespreking.

Hierdie oortreding kom waarskynlik meer in die groot stede voor as op die platteland. Maar dit hang af van baie faktore. 'n Hoof met 'n sterk persoonlikheid sal dit orals tot 'n minimum afbring deur 'n goeie toon te skep. Die hoof van 'n skool op die Rand sê b.v.: "No experience with my scholars - due to unceasing vigilance in inspection of lavatories, etc." Aan die ander kant weet ek van 'n geval waar so-iets voorgekom het, maar waar daar 'n volstruispolitiek gevolg is met die gevolg dat die euwel enorme afmetings aangeneem het.

Oor die algemeen is daar 'n sterk neiging by hoofde om nie onnodig ophef van so-iets te maak nie. So sê een hoof: „Net skoonhou en afwas, nie daaroor praat nie is die beste".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Volgens Houwer[1] is vuilpraat soms nie so'n ernstige euwel nie. Dikwels is dit 'n magsvertoon, sê hy, "om zich ten aanzien van anderen als gewichtigheid of op zijn minst als gelijkwaardige te kunnen laten gelden". De sexueele vuilpraat is daarom op zich self niet het meeste verontrustend". Nogtans erken hy die groot gevaar, naamlik dat "de kinderfantasie te sterk en te lang blijvend kan worden belast".

Daar is dus twee foute wat kan begaan word en wat die saak waarskynlik sal vererger, naamlik om nie te wil erken nie dat die euwel wel bestaan, b.v. deur dit nie eers te verwyder nie, en deur te veel die aandag daarop te vestig.

Indien daar moet gepraat word dan is dit m.i. die beste om, soos baie hoofde aanbeveel, privaat met die oortreder te gesels. Openbaring van die oortreder voor die klas is ongetwyfeld 'n ongewenste prosedure. Dit kwes nie alleen die kind se gevoel van eiewaarde nie, maar bring ook die onsmaaklike sy van 'n kiese saak te naak op die voorgrond. Soms is dit goed om met die ouer seuns en meisies (prefekte) apart daaroor te praat - 'n man met die seuns en 'n dame met die meisies. As hulle medewerking kan verkry word, dan is die slag al halfpad gewen. So sê een hoof: „Geen moeilikheid. Kinders werk saam om skoolgronde netjies te hou". 'n Ander hoof sê:

> „Selde aangetref: Praat mooi daaroor, dan verdwyn dit sover ek uitgevind het. Straf vestig die aandag te veel daarop. Ek het al ouers se aandag gevestig op so-iets, dan is en bly hulle kwaad vir my. Hulle kinders is te goed".[2]

Dit bring ons tot 'n ander punt: daar is verskeie hoofde wat enige straf in verband hiermee afkeur. Dit is seker beter om van positiewe suggestie gebruik te maak as om allerhande strawwe in verband hiermee uit te dink. Dit is beter om die mooie en edele te beklemtoon as om lank oor die verkeerde uit te wei. Die hele saak hang nou saam met die vraagstuk van seksuele opvoeding

---

(1) D.Q.R. Mulock Houwer: "Gestichtspaedagogische Hoofdstukken", 1938, bl. 53.

(2) In hierdie verband is die opmerking wat Bryan in sy boek: "The Troublesome Boy" op bl. 168 maak interessant: "It has been my experience with other problem children of tender years in whom obscenity has been a prominent symptom: they have invariably come of the most decent and respectable parents"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op skool wat ons onder die volgende oortreding (seksuele vergrype) behandel.

Daar word soms ook abnormale gevalle aangetref. So sê een hoof: "Mental case". Wat betref hardnekkige of abnormale gevalle sal verwydering uit die skool, m.i. nie net geregverdig wees nie, maar kan dit selfs dringend noodsaaklik word.

Seksuele Vergrype.

Tabel 8.

| Ref.-no. van beh. | Soort van Behandeling of Straf toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Beïnvloeding deur woorde | 19 |
| 2 | Skorsing, verwydering, na 'n behoorlike inrigting stuur | 18 |
| 3 | Samewerking met ouers | 12 |
| 4 | Seksuele belering | 10 |
| 5 | Sport, liggaamsoefening, harde handewerk aanmoedig | 2 |
| 6 | Mediese hulp inroep | 2 |
| 7 | Lyfstraf | 1 |
| 8 | Na polisie verwys | 1 |
| 9 | Afsonder van ander kinders | 1 |
| 10 | Publieke opinie van leerlinge gebruik | 1 |

Uiteensetting van Tabel 8.

Daar is maar omtrent 30% van die hoofde wat 'n straf of behandeling aan die hand gegee het. Die orige 70% het in die meeste gevalle geantwoord: „kom nie voor nie", of „geen ondervinding", terwyl 'n paar glad nie geantwoord het nie. Voor ons dus die strafbehandeling nagaan, is dit beter om eers te sien watter vergrype volgens die antwoorde voorkom. Hier volg 'n tabel wat 'n oorsig gee van al die vergrype wat hoofde onder „I" opgenoem het. Die totaal (24) is klein. Die rede hiervoor is dat die 30% hoofde wat strawwe of behandelings opgenoem het, nie in alle gevalle die spesifieke vergryp meld nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Tabel 9.**

| Ref.-no. | Soort van Vergryp | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Selfbevlekking (Onanie) | 7 |
| 2 | Ekshibisionisme | 6 |
| 3 | Onbehoorlike aanraak van ander geslag | 3 |
| 4 | Seksuele omgang met ander geslag | 2 |
| 5 | „Slegte gewoonte tussen meisies" | 1 |
| 6 | Doktersboek met onbehoorlike prente aan ander kinders gewys | 1 |
| 7 | Klein seuntjies in junior skool wat inloer in meisies se private | 1 |
| 8 | „Nagtelike indringing by dogterskoshuise" | 1 |
| 9 | Onbehoorlike suggesties | 1 |
| 10 | „Geheime vryery" | 1 |

**Uiteensetting en Opmerking by Tabel 9.**

In sommige gevalle is dit nie heeltemal duidelik presies wat hoofde bedoel nie. Nos. 5, 8 en 10 staan vir die rede tussen aanhalingstekens. Ek gee hulle dus weer soos hulle in die antwoorde verskyn.

Selfbevlekking. "Masturbation, particularly prevalent among small boys. Child encouraged to employ hands otherwise. Cleanliness stressed. Comfortable clothing. Watched. Child told quietly that it is ugly". -

"One boy aged 9. Pointed out to school doctor. Was operated on and cured". (Ek veronderstel dat besnydenis nodig was). -

"A talk on lines of latest medical views". -

"Eksperte advies. Pamflette versprei".

Ekshibisionisme. "Case of boy 11 years exposing himself in classroom. A warning and careful watch by teacher. No further offence". -

"Have had occasional cases of boys exposing themselves; usually quiet talk is sufficient". -

„Ekshibisie in klas: Hou gedurig besig; sien dat hulle besig bly". -

"X.Z. was expelled from my school in 19..... after we had spent six months of unremitting effort in trying to reform him. The harm was done to him before his school-going age by wrong treatment at home. His mother was feeble in body and mind and his father a narrow-minded man who subjected

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

the child to brutal thrashings. I spent a lot of time talking to the father and once sat in their little hovel till late at night to try to keep him off the child. I feel it was more with the father I failed than with the child. The boy was docile at school and apparently happy but he began to steal, he stole thirty shillings from the teachers' purses and when he began to expose himself in school and I had parents of little girls complaining, I felt that for the good of the school he had to go.

The expulsion was confirmed by the Education Department".-

Onbehoorlike aanraak van ander geslag. "Vermaning. Verwydering indien ernstig". - "One case - suspension for 3 days - mother interviewed - no further report". "Niks het gehelp nie". (Blykbaar is die oortreder uit die skool verwyder).

Seksuele omgang met ander geslag. "Refer to the police".

Slegte gewoonte tussen meisies. "I have recently had occasion to deal with a case of bad habits between girls - not yet very serious. I put this into the hands of the Lady Inspector of Schools. We did not punish but the parents were interviewed".

Boeke met onbehoorlike prente gewys. "One occasion only - doctor's book was brought to school and the pictures shown to a few girls. I sent for the parents and they spoke to the girls".

Klein seuns wat by private inloer. "Boys looking into girls' lavatories. Getting child's confidence - treating it as child's natural curiosity and satisfying it as far as the particular child could understand".

(Groot seuns): „Nagtelike indringing by dogterskoshuis". „Beweeg ouers om seun weg te neem. Die toniek werk op indiwidu en op res van skool gewenst".

Onbehoorlike opmerkings en suggesties. „Tydelike isolasie".

„Geheime vryery". „Skorsing".

## Verdere Bespreking.

Die volgende is die volledigste antwoord wat ek ontvang het. Dit is van 'n hoof afkomstig wat baie ondervinding het en wat hoog aangeskrewe staan.

„Kinders, wat hulle hieraan (onsedelike taal en vergrype) skuldig maak, het meestal leiding nodig. Dit is seker een van die moeilikste oortredings om te bestry, omdat die Afrikaner-ouer oor die algemeen bitterlik gekant is teen 'n openhartige bespreking oor seksuele feite met die kinders. Ten spyte van die teëkanting kan op taktvolle wyse leiding gegee word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Liggaamsoefeninge en sport word aangemoedig. 'n Gesonde kind wat aan die buitemuurse aktiwiteite van die skool deelneem, is minder blootgestel aan morbiditeit.

In die grofste gevalle, en waar die kind tuis in 'n onsedelike atmosfeer verkeer, word daarop aangedring dat die kind na 'n behoorlike inrigting gestuur word".

'n Ander hoof sê:

Every attempt must be made to examine the offence 'scientifically'. Nearly every offence of this nature can be dealt with effectively by principal plus teacher plus parent in consultation. Often the parent is guilty of delayed instruction".

Seksuele Voorligting: Dit is die ouer se plig om baie vroeg hiermee 'n begin te maak. As die ouer die kind afjak of mislei, dan kry hy langs ongewenste weë „inligting" en „belering". Dit wil nie sê dat die ouer reeds aan 'n jong kind alles moet vertel nie, maar wel die feite waarna 'n vertrouensvolle kind sou vra en slegs in soverre as hy dit kan begryp. As die ouer sy plig verwaarloos of wil ontduik, dan is dit natuurlik beter dat die skool die werk op sy skouers neem as dat die kind in onkunde voortlewe~~(1)~~. Groter kinders behoort 'n taktvolle werkie soos dié van dr. Meiring[1] self te lees.

Dit is egter 'n groot dwaling om aan te neem dat seksuele inligting alleen die kind teen alle seksuele misdrywe sal vrywaar. McDougall[2] het daarop gewys dat daar teenswoordig 'n neiging is om te ver te gaan met hierdie inligting. Hy sê: "........ knowledge may be more dangerous than ignorance; ignorance of some of the facts is a great and necessary safeguard of youth; a second-hand familiarity with the facts of sexual vice cannot fail to be injurious to youth, and even a full insight into the psychology of sex is highly dangerous. Surely the boy should know only parts of the facts". Hy lê dan verder uit dat dit die beste is om 'n seun te laat dink dat alle vrouens min of meer so is soos hulle in 'n ideale wêreld behoort te wees, ens.

(1) „Die Wonder van jou Ontstaan en Geboorte,"Pretoria, 1933.
(2) W. McDougall: "An Introduction to Social Psychology", 1926, bl. 360.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit moet egter nie so verstaan word asof McDougall teen seksuele belering is nie. In alle geval meen ek dat die gevaar wat hy vermoed alleen in uitsonderlike gevalle in Suid-Afrika aangetref sal word, in die meerderheid van gevalle sal verswyging van feite die groot gevaar wees. Nogtans is daar duidelik twee gevare en nie net een nie. Een ding is egter seker: as die kind eenmaal gesien het dat die ouer hom oneerlik antwoord, dan sal hy baie van sy vertroue in die ouer verloor het en sal die gevolge soms noodlottig wees. As seksuele belering egter nie gepaard gaan met 'n godsdienstige opvoeding nie, dan is die gevaar wat McDougall sien groter as anders.

Geslagtelike perversies: Wanneer klaarblyklik perverse gewoontes reeds voor die puberteit aangetref word, is hulle gevaarliker as gedurende die rypingstyd. Gedurende die vroeë puberteit (12½ tot 15½ jaar) vind mens volgens deskundiges[1] heel veel masturbasie (veral by seuns), homo-erotiese vriendskappe en geslagtelike fantasieë sonder dat dit (volgens deskundiges) juis as abnormaal kan beskou word! Dikwels word die grootste gevaar meegebring deur 'n te strenge onbegrypende verbod. Die storie dat selfbevlekking „'n mens mal maak" teer op die sensitiewe gees van die jeugdige en as hy telkens weer voor die versoeking val ontstaan 'n swaar skuldbesef sodat sy sosiale moed, godsdienstige geloof en sedelike weerstandsvermoë verder verswak word.[2] Die opvatting van Wexberg, 'n bekende volgeling van Adler, is ook van belang. Hy sê dat daar in sulke gevalle meestal teleurstellings in die werklike lewe die wanpraktyke voorafgegaan het, en dan word volgens hom 'n visieuse sirkel gevorm: „Onanie, ursprünglich die Folge der Flucht in die Einsamkeit, wird zum Anlass noch grösserer Vereinsamung".[3] („Selfbevlekking, wat oorspronklik die gevolg was van vlug in die eensaamheid, veroorsaak nou nog groter afsondering").

---

(1) E. Kretschmer: "Medizinische Psychologie", Leipzig, 1930, bl. 131. E.A.D.E. Carp: "De Psychopatiën" bl. 70, Bryan, a.w. b.166.
(2) Willemse en Rademeyer, a.w., bl. 49.
(3) E. Wexberg, a.w., bl. 126.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

By groter kinders is dit volgens Wexberg die slegte gewete wat verdere afsondering van die maatskappy veroorsaak.

Watter behandeling beveel opvoedkundiges in verband met selfbevlekking aan? In die eerste plek beklemtoon hulle die noodsaaklikheid van samewerking met die medikus. Burt[1] sê so'n samewerking is noodsaaklik in die volgende gevalle wat dikwels weëns skaamte deur die kind verswyg word: (a) "Phimosie" of vernouing van die voorhuid. Hier mag besnydenis nodig wees; (2) "herpes preputialis", 'n soort huidsiekte van die voorhuid; (c) "pruritus vulvae", 'n soort jeuksiekte by geslagsdele van meisies. Hy vervolg: "The slight local inflammation itself may heighten sexual excitement and lead either to sex-delinquencies, or, if these are repressed, to some form of substituted delinquency."

Die bekende medikus, prof. dr. Schönenberger[2] lê baie klem op aanmoediging en beïnvloeding van die wil deur die dokter, die ouer, die onderwyser. Verder beveel hy soos in die meeste gevalle gedoen word, eenvoudige kos, sport en liggaamsoefeninge aan. Hy beklemtoon ook die noodsaaklikheid van gereëlde werking van die maag, want seksuele prikkeling kan ook deur verstopping van die dikderm bewerkstellig word.

Wat die meer sielkundig-opvoedkundige kant betref, sê Wexberg dat die toestand vererger as daar lomp pogings op opvoedkundig gebied aangewend word, b.v. as ons probeer om selfbevlekking vir die kind as iets heeltemal afskuweliks voor te stel om hom so te probeer bang maak, want dan word al die kind se energie in beslag geneem deur die stryd om homself los te maak van die slegte gewoonte. 'n Mens moet liewers positief te werk gaan, sodat die kind sy energie aan die vereistes van die lewe bestee.

Houwer[3] sê feitlik dieselfde en beklemtoon as verhoedingsmaatreël „verantwoordelijkheidsopvoeding en vooral het wekken van belangstelling voor hooger liggende normen en waar-

---

(1) ~~E. Kretschmer: "Medizinische Psychologie", Leipzig, 1930, bl. 13; (2) D.B. Carp: "De Psychopathie"~~

(1) C. Burt, a.w., bl. 281. (2) F. Schönenberger: "Der Naturarzt", 1931, Deel II, bl. 611. (3) D.Q.R. Mulock Houwer, a.w. ; bls. 59 en 61.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

den"; hy noem (a) geskikte werk, (b) die wenslikheid om die kind te interesseer vir selfbestuur, (c) deelneem aan toneel- en musiekuitvoerings en (d) geskikte lektuur. Verder sê hy in verband met behandeling: "inplaats van door verontwaardiging en verwijten, die het kind gemakkelijk in verzet of in een nog sterker hem deprimeerende en met schuldgevoelens belastende situasie brengen, wordt de houding van den opvoeder dan gekenmerkt zowel door een innerlijke als uiterlijke rust......." 'n Mens moet die saak objektief beskou, sê hy: die kind is meer „swak" as „sleg", en wat nodig is, is opvoeding tot selfvertroue en bemoediging, sodat die kind met volharding en met sy medewerking gebring word tot selfbeheersing. "Het weten echter, dat de opvoeder nu met hun moeilijkheden bekend is en niet 'tegen' maar 'naast' hen staat, is voor de meeste pupillen met sexueel getob reeds een verlossing". Houwer sê dat die opvoeder die geringste beterskap as 'n stap tot oorwinning moet erken. (Hy praat hier van die ergste gevalle in gestigte). Verder sê ook hy, dat samewerking tussen psigiater en opvoeder wenslik is.

Al die outoriteite stem saam dat dit van die grootste belang is om daarvoor te sorg dat die kind sy vrye tyd op die regte manier leer bestee. In hierdie verband beklemtoon Wexberg[1] veral middels wat die aandag sal aftrek ("Ablenkungsmittel"), want hoe minder aandag die kind aan die gewoonte bestee, hoe meer sal hy vind dat die drang nie so 'onweerstaanbaar' is as wat hy hom verbeel het nie. Soos feitlik alle opvoedkundiges beveel hy dan aan "lebhafte körperliche und geistige Tätigkeit, kalte Bäder", maar hy beklemtoon dat die geestelike behandeling - soos ek dit reeds beskryf het - vooraf moet gaan, want sport is ook 'n kwessie van gemeenskap en die kind moet eers uit sy skulp gekruip het, en dan sal hy die volle voordeel van deelneming aan sport kry. Hier moet ook melding daarvan gemaak word dat Burt[2] sowel as ander daarop

(1) E. Wexberg, a.w.; bl. 127.

(2) C. Burt, a.w., bl. 242.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wys dat liggaamlike vermoeiing alleen sonder enige ander behandeling of hulp by baie die toestand eerder vererger as verbeter.

Ruth Künkel(1) sê: "De eenige weg, die tot genezing leidt, gaat langs een vriendelijke, sympathieke, tegemoetkomende houding van den opvoeder, die het hem mogelijk maakt zich met success in de maatschappij te wagen". Die kind moet voel, dat hy iets beteken, dat hy sy lewenstaak kan volbring en vir ander tot nut kan wees. As hy so aangemoedig word, meen Ruth Künkel, sal sy belangstelling weer na die buitewêreld uitgaan.

Hierdie behandeling is nie alleen van toepassing op selfbevlekking nie, maar geld ook vir onbehoorlike selfontbloting of ekshibisionisme, te veel seksuele fantasieë en selfs waar jeugdiges moet stry teen 'n sterk geslagsdrif. Daarom beveel Willemse vir sinlik te sterk ontwikkelde meisies aan: 'n beter verstandhouding tussen ouers en dogter, die volledige voorligting en uitleg oor haar sterk geslagsdrif, aanmoediging van gesonde vriendskappe, wekking van nuwe belange (veral in musiek, sport, buitelewe en gesonde teaterspel).(2)

As geheel en al verkeerd moet die volgende strawwe beskou word :

(a) Lyfstraf: Ek maak op bl 189. daarop attent dat lyfstraf die euwel by sekere kinders kan vererger, dat lyfstraf sekere kinders seksueel kan prikkel. Maar selfs waar dit nie die geval is nie, het ek nog geen opvoedkundige teëgekom wat hier lyfstraf sou aanbeveel. Die gevaar van verdere ontmoediging is te groot. Ek het wel gehoor dat lyfstraf in 'n seker gestig vir Sodomie as 'n laaste strafmiddel gebruik word. Dalk het dit waarde as afskrikon beskermingsmiddel, maar ek glo nie dat dit opvoedkundige waarde in hierdie verband kan hê nie, of dit moet heeltemal die uitsondering wees.

---

(1) A. Adler e.a., a.w.; bl. 108.

(2) W.A. Willemse en C.I. Rademeyer, a.w.; bl. 97.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(b) Opsluiting: Willemse sê: „Mens vind juis dat selfbevlekking en homoseksuele praktyke van allerlei aard (selfs soms op klaarligte dag) in sommige industrieskole, verbeteringsgestigte, maar veral in tronke beoefen word (Hapke). Niksdoen en opsluiting help die verkeerde praktyke en gedagtes aan". [1] Carp en Houwer[2] stem met hierdie uitspraak saam. Laasgenoemde verklaar: „dat opsluiten tusschen zes steenen vlakken niet bezinning of inkeer brengt, eerder een verhoogde spanning wat de sexueele belevingen en drang tot uiting betreft".

(c) Bangmaak: Bryan sê van masturbasie[3]: "There is no evidence that the practice of self-abuse, unless carried to excess, has of itself any serious physical consequences". Hy is van opinie dat 'n mens die oortredende seun liewers moet bevry van vreeskomplekse wat betref die gevolge en voeg dan by: "Let no-one think that this attitude is going to encourage the habit; it is far more likely to cure it". Bangmakery keur hy totaal af, "as Heaven only knows how many boys' lives have been spoiled in the past by the terrible suggestions of possible consequences made by well-meaning people who were trying to help them". - Wat ookal die gevolge mag wees, bangmakery is seker nie aan te beveel nie.

Wat betref ekshibisionisme moet dit volgens Carp as iets beskou word wat veral by volwassenes uiters moeilik is om heeltemal te genees. In verband met ekshibisionisme by psychopatiese persoonlikhede vind Carp[4] „dat een bestraffing - onder welken vorm dan ook - geen bevredigend resultaat geven kan .......... de straf zelve brengt geen verbetering"; in sulke gevalle kan alleen "een gedurende langen tijd - wellicht jaren achtereen - doorgevoerde behandeling en leiding" suksesvol wees.

In die vraelyste het die volgende antwoord voorgekom: „Hier vermag die kerngesonde Christen veel". 'n Ander hoof sê: „Kom baie selde voor. Ek het nog nooit so'n geval (seksuele vergryp) gehad nie.

(1) Willemse en Rademeyer, a.w.; bl. 97.
(2) Carp, a.w.; bl. 532, Houwer, a.w.; bl. 57.
(3) Bryan, a.w.; bls. 176 - 178.
(4) Carp, a.w.; bls. 530-531.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

My Godsdiens vrywaar, dink ek......" En 'n derde hoof sê: „Godsdiens is die enigste redmiddel - indiwiduele werk en aanmoediging". Burt[1] ken ook 'n plek daaraan toe, self by dié jeugdige misdadigers wat al diep gesonke is. Veral beklemtoon hy gemeenskaplike sing van gewyde liedere - in die gees van die Heilsleër -; dit, sê hy, sal die jeugdige eerder tref as die taal van die Bybelklas. Maar: "Always the quiet example will be much more effective than the eloquent sermon".

Namate daar dus die regte gemeenskapsgevoel en die regte Godsdiens heers, sal selfbeheersing toeneem. En hierdie punt is van belang: dan sal ander oortredings ook minder hulle verskyning maak. Dit is verbasend hoeveel outoriteite (Adler, Hall, Willemse) saamstem, dat leuen, bedrog en oneerlikheid groter afmetings aanneem by die wat hulle op seksuele gebied nie kan beheers nie. Selfbeheersing op een gebied beteken dikwels selfbeheersing op baie meer gebiede.

Rook, waar dit belet is.

Tabel 10.

| Ref.-no. van Straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Beïnvloeding deur woorde | 79 |
| 2 | Lyfstraf | 35 (plus 16) |
| 3 | Samewerking met ouers | 6 |
| 4 | Rookgoed wegneem | 4 |
| 5 | Voorregte ontneem | 4 |
| 6 | Dwing om te rook tot hy siek word | 3 |
| 7 | Laat roker voor klas rook | 2 |
| 8 | Afsonder | 2 |
| 9 | Spot | 2 |
| 10 | Publieke opinie van skool gebruik | 2 |
| 11 | Beskaam deur rookgoed vir oortreder aan te bied | 2 |
| 12 | Skoolsit | 2 |
| 13 | Ongeklassifiseerd | 6 |

(1) C. Burt, a.w.; bl. 245.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Uiteensetting van Tabel 10.

Beïnvloeding deur Woorde: Hieronder word genoem: „Wys op slegte gevolge, b.v. wat betref bekwaamheid vir sport"; „toon teleurstelling"; „skaam maak"; „waarsku"; „dreig met skorsing of verwydering"; „vertel kind dat hy kan rook as hy groot is".

Lyfstraf: Party is van opinie dat lyfstraf help wat betref klein seuns, waar die gewoonte nog nie vas aangeleer is nie. Party wat dit vir groter seuns gebruik, doen dit as afskrikmiddel. As voorbeelde gee ek die volgende antwoorde: „Liggaamstraf by jongeres help". - "Young boys caned. Confirmed smokers - no steps taken". -"Make agreement with bigger boys - if caught give the cane (this does not cure)".

Samewerking met ouers: In enkele gevalle word daarop gewys dat dit help. Een hoof sê: "Very often effective". Maar in verskeie gevalle word dit betreur dat van daardie kant geen hulp kan verwag word nie. Voorbeelde: "One must remember that older brothers, sisters - and even mothers smoke in the home. In many cases big boys and girls are themselves allowed to indulge". - „Die seun se ouers en susters rook - waarom hy nie ook?......." - In hierdie verband het daar verskeie antwoorde van hoër skole vir meisies gekom en dit lyk nie asof hulle daar te veel sonde daarmee het nie. Nogtans lui een antwoord: "Suspected twice, but not really found out".

Ontneem van Voorregte: Hieronder word veral bedoel die voorreg om die skool te mag verteenwoordig by 'n belangrike wedstryd.

Dwing om te rook tot siek: Die oortreder moet „'n sterk sigaar" of „'n ou pyp met roltabak" rook; in laasgenoemde geval was die gevolg: „rook nooit weer". - 'n Ander resep (wat ek onder No. 13 gesit het) lui as volg: „'n ½ sigaret laat fyn kou en 1 minuut in die mond hou"; die uitwerking daarvan was in twee gevalle „baie effektief". Ek heg min waarde aan hierdie metodes. Seer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

seker is hulle nie altyd effektief nie.

Ongeklassifiseerd: Hieronder verskyn behalwe die pas genoemde behandeling nog die volgende: „Rokers (op gronde) kry geen pouse"; „apologie"; „laat hom voor onderwyser rook"; „laat leer uit die hoof alle nadele van rook"; „akkoord met seuns en self nie rook nie"; „saaldra".

## Verdere Bespreking.

Daar is 26 hoofde wat uitdruklik sê: „Geen straf" of „straf help niks nie".- Verskeie beklemtoon die voorbeeld van die onderwysers.- Van die hulp van prefekte word in sommige gevalle gebruik gemaak. Daar is ses hoofde wat sê dat hulle dit nie uitdruklik belet nie. Een sê: "Do not believe in emphasizing it by prohibition".

Drie hoofde sien die oplossing daarin dat ou rokers aangeraai of beveel word om nie voor kleiner seuns te rook nie. Die voormalige hoof van 'n koshuis sê : „Seuns wat van hulle ouers verlof had om te rook is toegelaat om te rook op aangewese plekke en het die reg verbeur as hulle van die ander seuns saam laat rook het. Goeie gevolg - min uitsonderinge".

Antwoorde soos die volgende het ook voorgekom: „Dit slaan my dronk". - „Wil baie graag weet". - Hierdie antwoorde is 'n verdere bewys hoe moeilik dit is om die gewoonte te bestry.

Die volgende suksesvolle metodes word spesiaal deur hoofde opgenoem: In verband met klein seuns: „Behandel simpatiek. Wys op nadelige gevolge. 'n Seun (roker) het drie dae later met 'n stralende gesig vir my kom sê: 'Meneer ek rook nie meer nie.' Het ek hom nie gelukgewens nie! As die onderwyser self rook is die probleem moeiliker". -

Seuns (ouderdom nie genoem nie): "I have found that treating such an offender with utter contempt, and refusing to admit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

him to the corporate life of the class has wrought a cure".

„Rook, onmanierlike gedrag, luidrugtigheid, lelike taal: bestry met behulp van ou leerlinge - skoolgees. Bestaande goeie toon is sterkste middel".

Persoonlik kan ek hier geen raad van opvoedkundiges byvoeg nie. Een ding is seker: Hoe langer die aanleer van so'n gewoonte egter kan uitgestel word, hoe beter sal dit wees. As die gewoonte eenmaal gevorm is, dan gaan dit uiters swaar om dit af te wen al word daar ook van dwangmiddels gebruik gemaak. Ek het ook by industrieskole en by 'n verbeteringsgestig navraag gedoen, maar daar word dit maar oogluikend toegelaat - natuurlik nie in teenwoordigheid van die staf nie. Nog ernstiger word die saak as daar dagga gerook word. Ook dit word in seker gestigte in ons land aangetref. Indien sulke gevalle in 'n skool sou voorkom, sou verwydering beslis noodsaaklik word.

Wat betref die rook van tabak is 'n wetenskaplike bespreking goed, b.v. om daarop te wys dat pyprook sonder „intrek" minder nadelig is as sigaretrook, dat daar ook in die latere lewe in alles matigheid moet beoog word, ens. Die beste uitweg skyn maar om nierokers deur oorreding so lang as moontlik daarvan af te hou, en rokers te laat belowe om terwille van hulle gesondheid tog uiters matig te rook. (In Hoofstuk V onder die „Moeilikste Ondeugde om te Bestry", kom ons weer op hierdie saak terug).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Stokkiesdraai.

### Tabel 11.

| Ref.-nr. van Straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Lyfstraf | 64 |
| 2 | Samewerking met ouers | 62 |
| 3 | Beïnvloeding deur woorde | 54 |
| 4 | Skool aantrekliker maak | 24 |
| 5 | Oorsaak verwyder | 21 |
| 6 | Rapporteer aan outoriteite | 20 |
| 7 | Gaan haal kind, of laat hom haal, of soek hom op | 15 |
| 8 | Skoolsit | 10 |
| 9 | Vriende maak met kind | 7 |
| 10 | Die versuimde werk laat inhaal | 7 |
| 11 | Strafwerk | 4 |
| 12 | Verantwoordelike posisie („werkies") gee | 4 |
| 13 | Skors of verwyder (indien herhaaldelik) | 4 |
| 14 | Voorregte ontneem | 3 |
| 15 | Ongeklassifiseerd | 10 |

### Uiteensetting van Tabel 11.

Uit die antwoorde is dit duidelik dat hierdie oortreding meestal onder seuns voorkom, maar gevalle van meisies word ook genoem, selfs die geval van 'n dogter wat gekom het van "a terrible family", en waar daar geen salf aan te smeer was nie. Die hoof van 'n hoër skool maak melding van drie ouer meisies. Twee van hulle het later gaan werk terwyl 'n derde na 'n industrieskool gestuur is.

Geen Straf: In party gevalle word uitdruklik „geen straf" beklemtoon, in baie ander gevalle word dit veronderstel.

Lyfstraf: Hierdie straf word altesame 64 keer genoem. Maar hoofde het nie voldoende gedifferensiëer of hulle vir stokkiesdraai van 'n ligte aard of van 'n ernstige aard lyfstraf sou toedien nie. Opvallend was dit dat nie een van die 14 hoofde van junior skole hierdie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

straf genoem het nie, alhoewel die oortreding ook daar voorkom.

Samewerking met ouers: Hoe ernstiger die oortreding hoe groter oor die algemeen is hierdie totaal in die tabelle. Die samewerking kan verskeie vorms aanneem, t.w. :

Die hoof van 'n junior skool sê:

> "Truancy (habitual): Co-operation between parent and teacher is invaluable. Taking home a piece of paper with the school stamp on each day, cured most obstinate cases. The parent reported to me if the child had no paper to show".

'n Soortgelyke metode word selfs in een van die hoër skole vir meisies toegepas, t.w.:

> "Directly a girl is absent her form-mistress sends out a form to her parents. - The form reads: 'The Principal presents her compliments and would be glad to know why Mary was absent on .........'"

So'n prosedure voorkom ook die fabrikasie van valse verskoningsbriefies.

In een skool neem die samewerking die vorm aan dat die ouer die seuntjie elke dag skooltoe bring.

Maar daar is ongelukkig ook gevalle waar daar glad nie op die ouer se samewerking gereken kan word nie. Een hoof verklaar: „Een geval gehad - vader het kind eerder gehelp - laat vaar - alleenlik rapporteer aan skoolbesoekbeampte". 'n Ander hoof sê: "One case only - boy ran away from home: stepmother....... If the teacher is liked and respected no truancy, unless home circumstances intervene". 'n Derde hoof verklaar : "I am sure that truancy can often be traced to unhappy conditions at home". 'n Vierde sê:

> "Usually home circumstances and bad companions are to blame. Pupil has lost touch with 'the good life' as it were. Sympathetic handling over long period only hope - extreme cases often have to be taken from parents if no control can be exercised (moral control)".

Beïnvloeding deur woorde: Die noodsaaklikheid om taktvol en simpatiek op te tree word dikwels beklemtoon, terwyl „aanmoediging" ook voorkom. Maar in een geval word „dreig met wegstuur van die huis" genoem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

<u>Skool aantrekliker maak</u>: Die hoof van 'n junior skool verklaar:

> "No experience of habitual truancy. The occasional truant is made habitual by unintelligent treatment. I have had three cases of occasional truancy all cured by making the child like school. NO PUNISHMENT".

Die hoof van 'n ander junior skool verklaar:

> "Tell child to come and tell you next time it does'nt want to come to school and you will find something for it to do in garden. Child doesn't come and stops playing truant. (Once it did not work - nothing did! ! a very bad case....)"

Die baie ervare en suksesvolle hoof van 'n laer skool sê:

> „As die atmosfeer by die skool aangenaam gemaak word, die lesse aantreklik en die nie-nakom van werk nie onbillik gestraf word nie, dan is daar baie min rede om oor hierdie oortreding te klae. In my skool kom dit baie selde voor.
>
> Vroeër het stokkiesdraai sig meestal onder die ondervoede kinders voorgedoen. Die Staatsondersteunde melkskema en die verskaffing van sop en brood het 'n hele ommekeer teweeggebring. Lyfstraf vererger die oortreding".

Die hoof van 'n Engelse skool sê:

> "Usually boys are not happy when playing truant and this has been used as a lever".

Die volgende geval het onder „baie suksesvolle gevalle" verskyn:

> „Hy het gewoonlik (15 jaar) van sy huis weggeloop en weke weggebly. Sy pa het hom baie geslaan - niks gehelp nie. Hy is onder my sorg geplaas - gepraat met hom - op gevare gewys van sy handelinge - gesê hy kan baie beteken vir die skool; veral belang gestel in voetbal - vandag is hy getrou in sy werk en gereeld in skool".

Die noodsaaklikheid om iets te <u>soek</u> wat die kind by die skool sal aantrek word telkens weer beklemtoon; een hoof praat b.v. van aanmoediging van "handcrafts and hobbies (if the ordinary syllabus does not appeal)", terwyl 'n ander "any odd jobs round the school" vir die kind wil soek.

Maar die tekortkomings of ongeskiktheid van die gewone leerplan word soms juis indirek beklemtoon en een hoof maak dan ook daarvan melding dat hy vir so'n seun (wat al oor die ouderdom was) werk gaan soek het. Die behandeling was met sukses

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bekroon. Nie dat ek so'n behandeling in alle gevalle sou aanbeveel nie, maar soms word 'n seun vir wie die leerplan van die middelbare klasse geheel en al ongeskik is deur geleerdheid-delle ouers of belanghebbende hoofde verplig en „aangeraai" om tog maar te bly.

Rapporteer aan Outoriteite: In die meeste gevalle word net skoolbesoekbeamptes genoem, maar in een geval word van die polisie melding gemaak, terwyl die volgende geval 'n voorbeeld is waar die speurders ingeroep is:

> "A boy over school age whose parents wished him to remain at school. Told him in front of the C.I.D. he would be arrested at sight as a photograph of him was held by the C.I.D. No further truancy resulted".

Gaan haal hulle, ens.: Voorbeelde: „Gewoonlik gaan ek hulle met die fiets haal - dis genoeg".

> "Ek 'betrap' hulle tuis en ry hulle per motor na skool waar ek hulle aan al die leerlinge vertoon - dit is laaste vergryp." - "Een geval gehad van seunx wat selfs van skoolkar op pad afspring en terug hardloop huistoe of halfdag in lande rondloop - openlik verset teen ouers -. Een goeie pak slae nadat ek hom een môre uit sy vriend se kamer - die vriend was uit die skool - gehaal het, het hom vir goed reggesit ...... Dit was die vierde maal in my tyd. Voor my het dit baie gebeur".

Vriendskap kweek: Een hoof sê: „Maak van hom jou maatjie", terwyl 'n ander aanbeveel om „dik" vriendskap met die seun aan te kweek. Die volgende geval kom eintlik, soos ook party ander - onder meer as een hoof:

> "Continual truancy: I have met with much success in this case by kind methods and a talk with the parent in front of the culprit. in 3 cases the boys have become good hard-working enthusiastic members of the school".

Verantwoordelike Posisie:

Onder „baie suksesvol" het verskyn:

> "B was expelled for theft and truancy. I treated him kindly and placed him in a position of trust and I never had cause to regret it".

No. 15: Ongeklassifiseerd: Genoem word: „Afsonder van ander kinders", „gebruik publieke opinie van klas of skool", „gee punte vir gereelde skoolbesoek", „laat die oortreder deelneem aan sport" (val indirek onder No. 4), „soek beter maats vir hom", „demosie", „negeer hom", „spot", "laat oortreder sy straf self bepaal

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

by volgende oortreding (gewoonlik hou hy akkoord)", soek betrekking vir leerling".

Verdere Bespreking.

Burt[1] wys daarop dat stokkiesdraai byna altyd vroeg in die lewe begin, en dat dit met uitsondering van diefstal die mees voorkomende jeugdige misdaad is. Maar is dit nou werklik so'n ernstige misdaad? Burt[2] sê die volgende: "As a rule truancy is little thought of. But, in actual fact, it is usually the first step on the downward stair to crime". Die volgende trap is dan leuens-vertel. Die stokkiesdraaier bly later die hele nag van die huis af weg, kry honger en begin te steel. So volg een misdaad op die ander[3]. Willemse[4] sê: „Seker byna 'n derde van alle misdadigers in Suid-Afrika het in hulle jeug van skool weggeloop of stokkies gedraai en so het die verwaarlosing begin." Dr. van Schalkwyk het reeds daarop gewys dat misdaad en stokkiesdraai op die Rand baie voorkom en ons ondersoek (Vraag 4, S) het gewys dat stokkiesdraai op die Rand en in die groot stede een van die moeilikste van alle euwels is om te bestry.

Burt[5] wys op baie moontlike oorsake. Hy sê: "Bad companions, poor home discipline, the attraction of the streets, the desire to earn money, a distaste for a particular lesson, or a dislike for a particular teacher - all may play their part".

Willemse[6] sê van stokkiesdraai: "It is an escape from a failure situation." (Ek het gekursiveer). Hierdie belangrike punt moet altyd voor oë gehou word.

---

(1) C. Burt, a.w.; bl. 455.

(2) C. Burt, a.w.; bl. 455.

(3) Vergelyk ook M. Hoffner: "Kriminalität und Schule" (1932), bls. 19 - 21.

(4) W.A. Willemse en C.I. Rademeyer, a.w.; bl. 39.

(5) C. Burt, a.w.; bl. 457.

(6) W.A. Willemse, a.w.; bl. 7.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Belangrike bydrae tot die vraagstuk lewer P.E. du Toit in 'n ongepubliseerde (M.Ed.) proefskrif, „Die Oorsake van Stokkiesdraai", (Universiteit van Pretoria). Hy het 50 gevalle van stokkiesdraaiers noukeurig ondersoek. Die oorsake wat hy ontdek het, is deur hom onder die volgende hoofde gerangskik:

Ekonomiese Toestande: Byna driekwart van die 50 gevalle kom uit arm gesinne.

Gebrekkige Gesinslewe: Hy noem 9 moontlike gebreke, naamlik; vader dood, vader verlaat of geskei, moeder dood, moeder verlaat of geskei, stiefvader (wat optree as vader), stiefmoeder, enigste kind, oudste kind, jongste kind. Laasgenoemde twee faktore het van belang geblyk in baie gevalle waar die gapinge tussen hierdie kind (oudste of jongste) en die volgende groot (b.v. 4 - 6 jaar) is, met die gevolg dat die ander kinders min met hom verkeer en hy gevolglik min of meer in die posisie van die enigste kind aangetref word.

Gebrekkige Dissipline kan wees te streng, te laks of wisselvallig en skommelend.

Bedorwe Ouerlike Huis: By baie van die gevalle was daar drankmisbruik, misdaad of onsedelikheid in die gesinne. (In sulke gevalle is totale verwydering van die kind die enigste redmiddel).

Gesondheidstoestande: Hieronder ressorteer ondervoeding en gevolglik minder energie vir skooltake, slegte tande met gevolglike vergiftiging van die liggaam wat energierowend is, vergrote kliere (mangels en adenoïede), spraakgebreke wat aanleiding gegee het tot bespotting deur ander skoliere, oë-moeilikhede met gevolglike afkeer van skoolwerk, gehoor-moeilikhede met nadelige effek op skoolprestasies. Eersgenoemde drie het by baie van die 50 kinders voorgekom.

Skoolmoeilikhede: Net 6% kla oor verkeerde optree van staflede teenoor hulle. Du Toit klassifiseer hieronder ook by arm kinders

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

skaamtegevoel vir klere en swakheid in een of ander skoolvak.

<u>Intelligensie:</u> Du Toit het gevind dat Std. VI, 44% (22 uit 50) van die totaal opgelewer het en dat 56% van die 22 stokkiesdraaiers in Std. VI 'n intelligensie-kwosient van 89 of minder het, m.a.w., dat dit onwaarskynlik is dat hulle Std. VI sal deurkom en nie verder as die laer skool sal kom nie. (Die ondersoek was nog voor die huidige stelsel van spesiale klasse vir subnormales). Ek dink dat du Toit se bevindings wys hoe korrek Willemse is in sy reeds aangehaalde bewering: „stokkiesdraai is vlug uit 'n mislukkings-situasie".

Dit spreek vanself dat die behandeling op die oorsake gebaseer sal wees en dat dit indiwidueel moet wees. Vanselfsprekende behandelings sal ek egter hier nie noem nie. Kohnstamm[1] sê die volgende:

> "In Amerika is de 'visiting teacher' wier taak het is in de gezinnen de oorzaken der schoolmoeilijkheden op te zoeken en een gemeenschappelijke therapie voor te bereiden een bekende verschijning. In deze richting werken de consultatiebureaux met hun 'case conferences', waar in gemeenschappelijke bespreking tusschen psycholoog-paedagoog, psychiater en maatschappelijke werkster de storingen in een karakterontwikkeling worden opgezocht en een plan van opbouw, dat de medewerking van school en gezin vraagt, wordt entworpen".

Burt[2] sê die volgende:

> "For the master, the best rule is this: make school life so attractive that these young defaulters prefer lessons to truancy, the classroom to the street".

Ek stem saam, maar dikwels sal hierdie prosedure niks baat nie, veral in gevalle van kinders wat nie met die sillabus kan worstel nie. Uit 'n omvangryke studie in Amerika oor stokkiesdraai, het geblyk dat ongeveer 70 persent van die kinders te oud is vir hulle klas en dus agterlik moet genoem word. As ons nou volgens Burt aanneem dat gewoonlik meer as die helfte van die agterlike kinders verstandelik subnormaal is, dan volg dit dat subnormaliteit in al sy

(1) Ph. Kohnstamm, a.w.; bl. 407.

(2) Burt, a.w.; bl. 501.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

grade 'n baie belangrike mede-oorsaak kan wees. Daarom is dit gebiedend noodsaaklik om 'n kind wat traag is, nie dadelik te straf nie, maar eers verstandelik te toets en medies te laat ondersoek. Blote indrukke van die onderwyser is nie genoeg nie, maar wel 'n individuele Binet-skaal-toets. Subnormale kinders moet dan tydelik of permanent in die spesiale hulpklas (soos in Transvaal en elders reeds gebruiklik) geplaas, of na 'n inrigting met 'n spesiale leerplan gestuur word.

Selfs in die hoër skole word kinders aangetref wat die werk feitlik nie kan baasraak nie, en dan slegs saamsit of kort-kort met of sonder ekskuse uit die skool bly. Sulke gevalle wys daarop dat die staat ook in die hoër skool 'n bywoningsdwang op die ingeskrewe kinders behoort uit te oefen. Omdat hulle dit vernie kry waardeer baie ouers en kinders nie die middelbare onderwys genoeg nie.

## HOOFSTUK IV.

### Slordige Skrif (van 'n erge graad).

**Tabel 12.**

| Ref.-no. van Straf of beh. | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Laat (oor)skryf, in die meeste gevalle onder toesig of met aanmoediging en hulp van die onderwyser | 174 |
| 2 | Skoolsit (met be-oefening van skrif) | 20 |
| 3 | Lyfstraf | 6 (plus 14) |
| 4 | Skaam maak | 6 |
| 5 | Ekstra werk | 4 |
| 6 | Punte toeken vir skrif | 4 |
| 7 | Waarsku (en help) | 3 |
| 8 | Kort oefening (daeliks) | 2 |
| 9 | Grappig die spot dryf | 2 |
| 10 | Prys(e) uitloof (vir goeie vordering in handskrif) | 2 |
| 11 | Ongeklassifiseerd | 7 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Uiteensetting van Tabel 12.

(Oor)skryf met aanmoediging, ens.: Dit is opvallend dat die oorgrote meerderheid van hoofde saamstem dat die hoofsaak nie straf nie, maar aanmoediging is.

Onder hierdie hoof is inbegrepe: „Prys en help", „hou leerling se hand terwyl hy skryf", „voorskryf", „simpatieke raad", „aanhou die aandag daarop vestig", „gee leerling 'n goeie pen", „laat hom baie langsaam skryf", „prys die geringste verbetering", „prys elke poging tot netjiese werk", „beter werk laat wys aan hoof en weer aanmoedig", „wys beste (netjieste) werk aan sulke kinders en vergelyk met hul eie werk - moedig hulle aan om ook te probeer en gee punte of sterretjies vir enige poging gedoen"., „aanmoediging nog altyd gehelp", „dit is wonderlik wat waardering kan doen", "suggest re-writing - if this is done without rancour on teacher's part, child usually responds -", "little ones can always be coaxed and praised to give tidy work", "to re-write work and awarding higher marks than might seem merited".

Lyfstraf: Daar is net 6 wat lyfstraf aanbeveel en nog 14 as ander maatreëls nie help nie. In teëstelling hiermee kry ons hierdie antwoorde: „Geen lyfstraf!" - „Straf help nie baie nie". - „Hieroor kannie gestraf word nie". - "Caning only rarely of effect".

Skaam maak: Een hoof sê: „Die swak werk aan klas toon". 'n Beter metode is, m.i. die wat reeds onder No. 1 genoem is, naamlik om netjiese werk aan die slordige werker te wys.

Punte toeken: 'n Engelse hoof sê: "In connection with work (class- or homework) I have introduced a system of 'Good Work' and 'Bad Work' stamps which have certainly caused an improvement in as far as neglect and neatness of work is concerned".

Waarskuwing en Hulp: Die volgende aanhaling wys dat aanmoediging ook hier 'n rol speel: "Give them a warning and walk round the class whilst the work is being done suggesting use of blotting paper, clean hands, upright figures, care, not dipping too deeply, etc. Always good results - then no backsliding. - Have had marvellous results".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Ander hoof sê:

"When this offence is reported to me, I have a talk with the child and then write 'Office' on his book about six pages further on to remind him to report to me when that point is reached, with a promise of severer measures when no improvement is shown. This seldom fails".

Ongeklassifiseerd: Hieronder is inbegrepe: „Skryflesse saam met kleintjies", „minder skryfwerk", „strafklas op Saterdag-voormiddag", „punte by toetse aftrek", „laat kind partykeer ou boeke bemors totdat hy siek word van die morsery", "work re-written with parent's signature", "put them among neatest workers".

Verdere Bespreking.

Die volgende opmerkings is seker interessant, maar ek is nie in staat om die bewerings wetenskaplik te staaf of te verwerp nie:

1. 'n Juniorskool-hoof met 27 jaar ondervinding sê:

   "This is not likely to occur in a junior school, Little children try hard. Untidiness is usually due to lack of control of the muscles of hand or arm".

2. 'n Laerskool-hoof met 30 jaar ondervinding sê:

   „Handskrif is oorerflik van ouers, d.w.s. dit kom my voor dat sekere mense die handspiere en selfs die wilskrag op sekere maniere laat uitkom, veral in skrif. (Verder hang handskrif af van die optrede en voordoen van die onderwyser".

Ek is geneig om te dink dat daar in die voorafgaande twee bewerings baie waarheid sit. Ongetwyfeld is dit soms opvallend hoe al die kinders van 'n sekere huisgesin dieselfde handskrif het. Ek onthou sulke gevalle baie goed. In die geval van kinders (3 seuns) van 'n sekere huisgesin, was die handskrif nie juis slordig nie, maar moeilik om te lees. Die handskrif was klein en met baie woorde in 'n reël, en dit was net verniet om daaroor met die seuns te praat. Dit was 'n pyniging om hulle opstelle deur te lees, alhoewel hulle prestasies bokant die gemiddelde was, nie net wat taal, maar ook wat inhoud betref. Ek glo nie dat dit bloot afhang van die skryfonderwys wat hulle ontvang het nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

3. Die hoof van 'n Engels-medium laer skool (9½ jaar ondervinding) sê:

> "Constant repetition of work has improved some cases - others appear incapable of improvement". (Ek het gekursiveer).

4. Die hoof van 'n junior skool (19 jaar ondervinding) sê:

> "Young children who are quick mentally, are often untidy, but tidiness can be taught them".

5. Die hoof van 'n hoër skool vir meisies (27 jaar ondervinding) sê: "Have given special care and attention, either myself or the teacher of the class, till improvement was shown. Sometimes, but not always, asked work to be re-written. Not constantly though, as this often defeats its purpose".

Slordigheid op Eie Lyf en Klere.

Tabel 13.

| Ref.-nr. van Straf of Beh. | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Beïnvloeding deur woorde | 110 |
| 2 | Laat was by skool | 54 |
| 3 | Samewerking met ouers | 36 |
| 4 | Gereëlde inspeksie | 18 |
| 5 | Huistoe stuur (om te was) | 10 |
| 6 | Gesondheidslesse, Kompetisie met Rooikruiswerk | 10 |
| 7 | Publieke opinie van skool gebruik | 4 |
| 8 | Skoolverpleegster se hulp inroep | 3 |
| 9 | Spot of terg | 3 |
| 10 | Afsonder | 2 |
| 11 | Lyfstraf | 2 (plus 3) |
| 12 | Ongeklassifiseerd | 8 |

Uiteensetting van Tabel 13.

Beïnvloeding deur woorde: Hieronder is inbegrepe: „Onderhoud", „mooipraat", „waarsku" (net 5 sê dit), „skaam maak" (13 sê dit),

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„trots op uiterlik opwek", „wys op voordeel van sindelikheid", „prys die netjiese kinders", „aanmoedig vir geringste verbetering", „simpatieke houding".

Veral die woorde AANMOEDIGING en PRYS kom baie in die antwoorde voor. Wat betref 'n onderhoud word daarop gewys dat dit privaat moet geskied; een hoof sê: „skaam maak - fluisterend", Verskeie wys daarop dat dit nie nodig is om meer as eenkeer met dieselfde leerling te praat nie.

<u>(Laat) was by skool:</u> Onder andere word gesê: „Ek het al twee seuns in die bad gesteek en goed laat skrop", „in die winter 'n koue stortbad", „as hy homself nie by die skool was nie, dan 'n seun die dogter of 'n dogter die seun laat was", "forcible wash by classmates may be suggested".

<u>Samewerking met ouers:</u> Hieronder is inbegrepe: „Ouers besoek en aan hulle gesondheidsredes verduidelik", „taktvol gesels met moeder". Verskeie sê dat dit gewoonlik (of altyd) die ouer (moeder) se skuld is.

<u>Inspeksie:</u> Party sê: „Gereelde daelikse inspeksie". Party beklemtoon die wenslikheid van 'n skool-uniform, b.v. seuns moet boordjie en das dra, ens. Een hoof sê: "Even in games and physical exercises the school authorities should have a special uniform for the activities". Een hoof maak die volgende opmerking : "Most often a child does not realise what it is that makes him look untidy". Die volgende metode is enig van sy soort: „Leerlinge word s'oggens in die rye deurgekyk. Alger wat slordig is word na die 'vuilry' gestuur. Dit gebeur selde dat 'n kind meer as tweekeer in hierdie ry beland".

<u>Kompetisie:</u> Die kompetisie is tussen klasse, groepe of spanne, Een hoof sê: "Red Cross badge withheld if slovenly".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ongeklassifiseerd: Genoem is: „Prys die geringste verbetering en gee buitewerkies om belangstelling", „armstes - simpatiek wees - klere gee", „sit leerling in gemengde klas" (dit het betrekking op 'n groot laer skool waar daar blykbaar aparte klasse vir seuns en meisies is), „skool en omgewing mooi maak", „tydelike skorsing (in ernstige gevalle wat aanhou)", "refuse to allow culprit to wear school colours", "the gymnastic mistress asks them about their tunics and speaks of baths if necessary", "each child brings personal towel and soap. Classes taken to wash after playtime, in charge of teacher or monitor" (Laasgenoemde metode het betrekking op 'n junior skool).

## Verdere Bespreking.

Slordigheid mag 'n simptoom wees van sosiale ontaarding, van verwaarlosing, van gebrek aan dissipline by die betrokke persoon, of selfs by die hele huis waaruit die kind kom. Willemse(1) sê die volgende van sulke uiterste gevalle: „Die hoëre gemeenskapslewe word vervang deur onvaste awentuurlike bendelewe met verwaarlosing van sedes en maniere, onreinheid van vel en klere". (Ek het gekursiveer). Maar Willemse(2) wys aan die ander kant daarop dat selfs die mees versonke misdadiger nog daarna strewe „om met sy liggaamsvoorkoms iewers uit te munt, b.v. deur sy totoeringe". Willemse sê verder dat die uiterlike voorkoms van ontsaglik groot betekenis is vir die ontwikkeling van die 'Ek'. Namate hierdie voorkoms dus verbeter word, sal die kind weer aangemoedig word om sy regmatige plek in die maatskappy in te neem.

Slordigheid of netheid kan egter geensins altyd as 'n openbaring van die karakter gedui word nie. Dit kan tog nie ontken word nie dat groot bedrieërs in baie gevalle netjies aangetrek rondry in blink motors! Maar dit is juis hulle bedrog wat hulle daartoe in staat stel. Aan die ander kant is daar gevalle van skynbare

---

(1) W.A. Willemse en C.I. Rademeyer, a.w.; bl. 49.

(2) W.A. Willemse en C.I. Rademeyer, a.w., bl. 120.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

of gedwonge slordigheid wat deur ekonomiese toestande veroorsaak word. 'n Engelse hoof sê tereg: "Be careful to distinguish between slovenliness and poverty". Dit is 'n feit dat die landstoestande in die Unie van Suid-Afrika van so'n aard is dat „byna helfte van die Unie se blanke gesinne op 'n baie lae ekonomiese peil leef" en dit is ook 'n feit „dat 36% van ons skoolbevolking vandag gerekruteer word uit huise waar toestande (op hul beste) ongeskik is vir die behoorlike voeding en kleding van die kinders".[1] (Ek het gekursiveer). Tereg sê dr. E.G. Malherbe dan ook dat daar iets radikaals verkeerd met die hele ekonomiese stelsel van 'n land moet wees, waar armoede in sulke onrusbarende afmetings aangetref word. Hoe is so-iets moontlik en waarom word so-iets geduld in 'n land met die grootste rykdom van die wêreld? Ten slotte net nog dit: Dr. E.G. Malherbe het ook bewys dat die persentasie „baie arm" huisgesinne groter op die platteland is as in die groot stede. My statistieke bewys dat slordigheid op die platteland moeiliker om te bestry is as op die Rand en in die groot stede. Hiervan maak ek die gevolgtrekking dat baie van die sogenoemde slordigheid op die platteland grotendeels niks anders as ARMOEDE is nie. Dit is armoede wat daardie mense dikwels dwing tot skynbare slordigheid.

---

(1) E.G. Malherbe: „Die Armeblanke-vraagstuk in Suid-Afrika", Deel III, „Onderwys en die Armblanke", 1932, bl. 233.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Vernielsug.**

Tabel 14.

| Ref.-nr. van Straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Beïnvloeding deur woorde | 91 |
| 2 | Vergoeding, Reparasie deur kind | 67 |
| 3 | Lyfstraf | 25 (plus 32) |
| 4 | Kinders help om meubels te politoer, bome te plant, snoei en versorg | 8 |
| 5 | Samewerking met ouers | 6 |
| 6 | Publieke opinie van skool gebruik | 3 |
| 7 | Strafwerk | 3 |
| 8 | Afsonder | 2 |
| 9 | Kompetisie tussen klasse (meubels) | 2 |
| 10 | Ongeklassifiseerd | 10 |

Uiteensetting van Tabel 14.

Beïnvloeding deur woorde: Hieronder is o.a. inbegrepe: „Verwek belangstelling en trots op eie besitting", „gee spaarsinlesse", „wys op gevolge - tref die belastingbetaler", ens.

Vergoeding of Reparasie: In 8 van die 67 gevalle word verwag dat die kind self die reparasiewerk doen, die vloer self moet skrop as daar inkkolle is, ens. Soms moet die hele klas saamwerk: "If a form makes marks on our walls, the girls in it must wash them off". (Dit het betrekking op 'n meisieskool). Opvoedkundig is dit 'n uitstekende plan. Vir herstelling van houtwerk is dit ook dikwels moontlik, b.v. waar daar 'n houtwerksentrum is.

Lyfstraf: Daar is 'n paar gevalle waar lyfstraf volg indien daar geen vergoeding gedoen word nie. Een hoof sê: „Weens die armoedige omgewing is lyfstraf m.i. die doeltreffendste". Met ander woorde, die skool weerspieël die werklike lewe: die ryk man betaal sy boete voor die Hof, die arm man gaan gevangenis toe! Boetes en lyfstraf behoort seker nie alternatiewe te wees nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Meubels, politoer, ens.: Uit die antwoorde is dit duidelik dat hierdie metode baie goeie resultate oplewer. Dit kan nie sterk genoeg aanbeveel word nie.

Ongeklassifiseerd: Genoem word: „Voorsien van slegste boeke en bank", „hou kind besig", „messe verbied op skool", „soek die oorsaak", „lei in ander voordelige kanale", „wen vertroue en indien kind skuld erken, help hom om die skade reg te maak", „ontneem van sy besittings wat hy as baie waardevol beskou", „'n paar harde rapse. Meer drasties is miskien om in die kind se teenwoordigheid iets van hom te verniel wat hy waarde aan heg. Volg op met simpatieke gesprek". (Laasgenoemde metode moet afgekeur word. Om iets van die kind te verniel maak tog die indruk van vergelding. Ek dink dit sal die saak vererger).- "Frighten with Law, Police", "report to probation officer".

## Verdere Bespreking.

Thorndike(1) wys daarop dat die konstruktiewe en die destruktiewe neigings by die mens in werklikheid onder een begrip saamgevat kan word, naamlik manipulasie (of hantering) van voorwerpe. Die mens, veral die kind, wil doende wees. As die les hom verveel sal hy op die bank of in 'n boek begin teken. Baie volwassenes doen dieselfde op vervelende vergaderings of kongresse. Een hoof sê: „So natuurlik by kinders, dat straf vir my onbillik lyk. Ek praat liewers daaroor en wys dat dit verkeerd is". Daarom is dié metodes die bestes wat voorsiening maak vir die kind om aktief te wees, b.v. om die meubels te politoer, om bome te snoei of nat te lei, ens. Laat die kind self sy boeke oortrek, en dit binne skoolure.

Burt(2) wys egter daarop dat die neiging tot vernielsug dikwels by die swaksinnige kind aangetref word, b.v. brandstigting net terwille van die plesier om 'n groot brand te sien. In sommige gevalle, sê Burt, is dit uiting van wraak, b.v. teenoor die werkgewer. Daarom, meen ek, is dit baie belangrik dat die gesindheid

(1) E.L. Thorndike: "Educational Psychology, Briefer Course", 1925, bl. 63; vergelyk ook prof. J. Murray: "Education for Industry and Leisure", bl. 30 van "Educational Adaptations in a Changing Society" (Malherbe), 1937.

(2). C. Burt, a.w.; bl. 310.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tussen kind en opvoeder die regte moet wees.

Noodsaaklikheid van Ontwikkeling van Eiendomsgevoel: 'n Baie ervare hoof van die Transvaal sê die volgende:

> „In die vry of sogenaamde 'kostelose' opvoeding van hierdie Provinsie, het hierdie ondeug beslis vrugbare aarde vir ontwikkeling onder sekere kinders. Die kind besit niks waarvoor hy of sy ouer betaal nie. Hy het geen respek vir eiendom nie; hy het geen 'eiendomsgevoel' ontwikkel nie".

Sekere skole in die Kalahari het hierdie beginsel met groot sukses toegepas. Mnr. Struwig, die hoof van die Industrieskool op Heidelberg, Transvaal, het my van sy persoonlike besoek soentoe vertel. Hy noem, o.a., die skool op Dikepping, omtrent 12 myl van Olifantshoek, waar die kinders baie groente kweek en waar die een helfte van die geld aan die kinders gaan en die ander helfte aan die skool. Die kind is feitlik 'n aandeelhouer op party van die skole en dra self iets by, b.v. 'n bok, om die boerdery by die skool verder te ontwikkel. Hierdie metode van gemeenskaplike besitting herinner aan die groot sukses van Langermann(1) in verband daarmee.

Samewerking om vernielsug te bestry kan in die skool verskeie vorms aanneem, b.v. een hoof noem die feit dat seuns soms „kwaad doen aan mekaar se fietse". Sy oplossing is die volgende: „Fietseienaars hou gesamentlik toesig. - Het lank laas klagte gehad". 'n Ander hoof noem „mors op skoolterrein" as 'n ander vorm van vernielsug. Metodes om dit te bestry is die volgende: „Skool in spanne verdeel en elke span is verantwoordelik vir 'n deel van die gebou of terrein". - "Ek tel papiere op in teenwoordigheid van leerlinge; dit steek aan".

---

(1) J. Langermann: "Der Erziehungsstaat", 1910, bl. 10 e.v. Vergelyk ook bl. .242. van hierdie proefskrif.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Vloek.

### Tabel 15.

| Ref.-no. van Straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Beïnvloeding deur woorde | 117 |
| 2 | Lyfstraf | 21 (plus 26) |
| 3 | Afsonder | 18 |
| 4 | Publieke opinie van skool gebruik (b.v. oortreder word geborsel) | 10 |
| 5 | Samewerking met ouers | 8 |
| 6 | Mond laat uitspoel (6), daarmee dreig (1) | 7 |
| 7 | Ignoreer dit (indien nie ernstig) | 3 |
| 8 | Laat oortreder aanhou vloek | 3 |
| 9 | Om verskoning laat vra | 2 |
| 10 | Ongeklassifiseerd | 12 |

### Uiteensetting van Tabel 15.

Beïnvloeding deur woorde: Een hoof sê hy wys daarop dat dit 'n kenmerk is van iemand wat belangrik wil wees maar dit nie is nie. 'n Ander skrywe dit toe aan gebrek aan woordeskat en probeer vloektaal te vervang deur „onskuldige, hoogdrawende uitdrukkings". 'n Derde wys daarop dat onopgevoede mense vloek. Die hoof van 'n junior skool sê, die onderwyser moet die kind vra wat hy deur so'n woord bedoel. Gewoonlik kan die kind dit nie verduidelik nie, wat 'n bewys is dat hy maar oorsê wat hy gehoor het.

Laat die oortreder aanhou vloek: Een hoof sê: „Aanhou vloek totdat hy moeg is, dan nog. - Uiters effektief. Kind moet hardop vloek by my op kantoor". Dit is moeilik vir my om my met so'n „uitleef-teorie" te vereenselwig.

Ongeklassifiseerd: „Positiewe suggestie: net 5 reëls uitskryf: 'Ek (naam) is 'n skoon en rein dogtertjie (seuntjie)". - „Met liefde en voorbeeld oorwin".- „Klas besluit oor straf". (Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

publieke opinie van die klas word dus onder leiding van die onderwyser gebruik, wat nie presies dieselfde as Straf No. 4 is nie).- „Spot".- „Skorsing (as laaste maatreël)". - "School colours withdrawn".- "Deny certain privileges".- "Evidence of lack of vocabulary. Make boy write a long list of adjectives".- "Writing out poetry".- "Working in garden". (Ek sien hier min verband tussen oortreding en straf).- "Try to get boys to avoid bad company".- "Give more responsibility".

## Verdere Bespreking.

Die volgende algemene opmerkings kom in die antwoorde voor: „Straf is te drasties vir kinders".- „Geen duursame middel". "Depends on type of swearing. I swore much when a boy but it wasn't malicious - an emotional outlet and harmless".- "Only bravado. Treated as such".- "Habit probably due to assertiveness and wish for prestige. Give more responsibility".

Inderdaad kan die gewoonte om te vloek verskillende oorsake hê. Dit kan 'n simptoom wees van 'n gevoel van minderwaardigheid en 'n strewe na prestige. In verband met die gebruik van onsedelike taal het ek dit reeds bespreek op bls. 79....

Dit kan 'n simptoom wees van opstandigheid teen die sosiale orde. Dit is opvallend hoe dikwels dit by party verarmdes aangetref word, wat die maatskappy (soms met reg) beskuldig vir hulle ellende op ekonomies gebied.

Dit is ongetwyfeld dikwels slegs 'n slegte gewoonte en 'n simptoom van 'n toestand van ongedissiplineerdheid en word by party jeugdige misdadigers in 'n erge graad aangetref. Dikwels is dit een van die kenmerke van 'n „held" in 'n verwaarloosde omgewing(1), dus 'n bravado.

Dit kan suiwer nabootsing van die taal van die omgewing wees. Hoofde het dan ook die invloed van die huis beklemtoon.

(1) Keyter, a.w., bl. 70. Willemse, a.w.; bl. 98.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

By die betergestelde klas kan dit ook nabootsing wees van die taal van sekere kinderbediendes.

Die straf of behandeling sal dus altyd met hierdie en ander moontlike oorsake moet rekening hou. Ek verwys ook na wat reeds op bl. 77-80 gesê is in verband met „Onsedelike Taal").

## Ernstige Werkversuim.

Tabel 16.

| Ref.-nr. van Straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Laat skoolsit, ekstra hulp van onderwyser | 90 |
| 2 | Beïnvloeding deur woorde | 39 |
| 3 | Samewerking met ouers | 24 |
| 4 | Lyfstraf | 21 (plus 35) |
| 5 | Dwing om die agterstallige werk te doen | 18 |
| 6 | Strafwerk | 16 |
| 7 | Voorreg(te) ontneem | 5 |
| 8 | Ignoreer (uiteindelik) | 4 |
| 9 | Spesiale (daelikse) kontrole | 4 |
| 10 | Laat hom sak end van die jaar | 3 |
| 11 | Gee minder of makliker huiswerk | 2 |
| 12 | Maak die werk interessanter | 2 |
| 13 | Demoveer tot daar verbetering is | 2 |
| 14 | Geen huiswerk gee in primêre skool | 2 |
| 15 | Ongeklassifiseerd | 6 |

## Uiteensetting van Tabel 16.

Skoolsit, ens.: In enkele gevalle word die pouse (of 'n deel daarvan) vir die doel gebruik. Hierdie prosedure het ek al op 'n vorige bladsy afgekeur. In een geval word melding gemaak van 'n „Strafklas - Saterdag voormiddag $1\frac{1}{2}$ uur" en in 'n ander

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

geval word gesê: "Dien die tyd op Vrydagmiddag of Saterdag in". Daar is egter gevalle waar die strafklas meer die vorm aanneem van ekstra hulp wat die onderwyser aan die leerling gee, en wel só dat die kind die noodsaaklikheid daarvan voel. Een hoof sê b.v.: "Assisting child after and before school always works".

Samewerking met Ouers: Een hoof sê dat dit 'n goeie uitwerking het as die onderwyser in teenwoordigheid van die ouer met die kind praat. 'n Ander hoof sê: "Can be cured only by co-operating with the parent. Often no facilities are provided at home and parents are indifferent. I instituted a special homework-book to be signed by parent and teacher - weekly".

Lyfstraf: Een hoof sê: „Liggaamstraf moet onder geen omstandighede toegepas word". Daar is egter 56 wat lyfstraf aanbeveel. Een hoof sou dit ook by meisies wil toedien. Hy sê: „Ek het baie lui meisies ook al vroeër 'n paar houe gegee met die gevolg dat hulle hoër skool toe is en vandag nuttige burgeresse. Nou doen ek dit nie meer nie want liggaamstraf word meer en meer afgeskaf en ek is bang vir die Departement". As laaste middel vind 'n ander hoof lyfstraf by sommige seuns baie effektief, as die leerling in die regte stemming gebring word om dit as billik te erken. Die hoof van 'n hoër skool verklaar: „Gee 'loafers' g'n rus nie. Slaan hulle of reg of uit die skool".

Voorregte ontneem: Hieronder word genoem: pligte as monitor en deelneming aan sport.

Spesiale Kontrole: Genoem word o.a.: „Spesiale belangstelling. Leerling bring van sy beste werk elke dag na hoof se kantoor". Die volgende plan beskou ek as 'n uitstekende: „Bring day-boys to hostel to do prep."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Minder huiswerk gee: Treffend is die volgende woorde: "Give less homework. But most children want homework and feel hurt if deprived of it".

Ongeklassifiseerd: Genoem word: „Afsonder", „gee slegte rapport", „oorsaak: nie die regte vakke - sorg dat hy die regte soort sekondêre onderwys kry", „skooltye langer maak en huiswerk uitskakel", „by my huis op stoep in volle gesig van publiek na skoolure laat kom doen. Baie doeltreffend", "there should be no homework if home conditions are bad".

## Verdere Bespreking.

Dit is opvallend hoe dikwels hoofde in hulle antwoorde verklaar dat die huislike toestande die oorsaak van werkversuim is. Van die plan om dagskoliere by die koshuis te laat studeer, het ek reeds melding gemaak. In Holland was daar 'n paar jaar gelede sprake van die bou van spesiale studiesale vir kinders wat nie by die huis geleentheid het om te leer nie. Of die plan uitgevoer is, weet ek nie. In „Onderwys en die Armblanke"(1) lees ons die volgende:

> „Redelikerwys kan ons derhalwe veronderstel dat die beter vordering wat koshuisleerlinge op skool maak, grootliks aan hul verbeterde omgewingstoestande as sulks toe te skryf is ........ Die koshuisleerlinge, hetsy arm of nie-arm, malarialyers of nie-malarialyers, het klaarblyklik 'n groot voorsprong op die dagskoliere".

Maar ook in koshuise is die kwessie van behoorlike toesig die beslissende faktor(2), nie net wat betref studie nie, maar ook wat betref georganiseerde ontspanning.

Soos in die geval met stokkiesdraai, is werkversuim 'n simptoom van 'n wantoestand. Een hoof sê: „Niks help as die leerlinge nie wil nie. Hoofsaaklik word werkversuim veroorsaak deur slegte onderwys of onderwysstelsel". Die hoof van 'n hoër/meisies-skool sê: "If it is repeated and continual, punishment such

(1) E.G. Malherbe: „Onderwys en die Armblanke", bl. 314.

(2) Soos bo: bladsy XXVII en bl. 330.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

as detention, returned work, loss of marks have no effect. But the pupil, if taken from school, would do quite well, work she cared about".

**Werkversuim en die Natuurlike Straf, naamlik Promosie of Vertraging:** In „Onderwys en die Armblanke" word 'n baie deeglike uiteensetting van die hele kwessie van armoede en vertraging gegee. Die bevindings van die Kommissie is, dat vertraging op skool vandag (1932 is dit gedruk) nie meer so erg as in die verlede is nie, maar dat dit nog veel groter is as waarskynlik tot dusver (1932) vermoed is.

> „Sulke vertragings oefen 'n baie nadelige invloed uit op die karakter van die kinders. Hulle word gewend aan mislukking en verloor hulle selfrespek".(1) ..... „Die percentasie vertraagde leerlinge word al hoe meer hoe nader 'n mens aan Stds. IV en V kom".(2) Ons lees verder van „die ontsettende morele uitwerking wat hierdie herhaaldelike druiping op die houding van sulke kinders teenoor die lewe het. 'n Skoolstelsel wat so-iets toelaat, kweek inderdaad armblankes, van baie van wie dit kenmerkend is dat hul so gewoond raak aan mislukking dat hul dit naderhand nie meer agterkom of hul daaroor bekommer nie".(3)

Hoewel reeds in 1930 - 1932 geskryf, mag die belangrikheid van daardie woorde nie onderskat word nie. Blykbaar het hulle dan ook op die outoriteite 'n groot indruk gemaak. Maar dit lyk asof die pendulum nou miskien weer te ver in die teenoorgestelde rigting gegaan het. Wat betref sekere dele van Suid-Afrika skyn dit die geval te wees. In die geledere van die onderwys-personeel (hoofde sowel as assistente) heers selfs ontevredenheid daaroor dat kinders soms bevorder word wat totaal onbekwaam is om met die volgende standerd se werk aan te gaan. Hierdie ontevredenheid het hom op die volgende maniere geuit:

---

(1) E.G. Malherbe: „Onderwys en die Armblanke", bl. XXV.

(2) Soos bo: bl. 155.

(3) Soos bo: bl. 163.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(a) deur middel van 'n beskrywingspunt wat vir die Transvaalse Onderwysersvereniging se Kongres vir 1938 ingestuur is. Dit is deur die Hoofbestuur van die T.O. behandel, en nie deur die Kongres nie, maar 'n hoof van 'n sekere skool het op daardie kongres in die openbaar verklaar dat dit in sy omgewing byna onmoontlik is om 'n leerling in Std. VI te laat sak, al is hy ook hoe swak;

(b) deur spontane uitlatings in die vraelys wat ek uitgestuur het, alhoewel ek nooit die punt geraak het nie. Hier volg voorbeelde:

> "If the pupils are allowed to be promoted without earning promotion........ then one has to resort to reformative punishment". ......... "As pupils are promoted en bloc (since Educ. Conf. in S.A.) to obtain statistics comparing favourably with other provinces or countries, conditions in our schools have been the causes of many delinquencies".

(c) deur middel van die pers. Ek gee 'n aanhaling van 'n artikel „Oor Bevordering van Leerlinge in die Laer Skool" wat op bl. 35 van die November-nommer 1938 van „Die Christelike Skoolblad" verskyn het. Die skrywer - hy verswyg sy naam - maak melding van die onopvoedkundige bevordering wat teenswoordig plaasvind. Hy sê dan die volgende:

> „Daar bestaan nou 'n departementele reëling dat 'n verklaring moet gelewer word as meer as 10% van die leerlinge van 'n klas druip. Hierdie reël het die praktiese gevolg dat onderwysers (en inspekteurs?) so bang is om leerlinge te laat druip en dalk 'n verklaring sal skuldig wees, dat daar 'n sterk neiging is om leerlinge maar aan te stoot. Die vrees het so'n vat gekry dat onderwysers (en inspekteurs weer?) nie weet nie dat daar ook soms sulke buitengewone gevalle kan wees waarby dit normaal 'n vereiste behoort te wees om meer as 10% te laat druip; maar nou is daar weer (miskien tereg?) die vrees oor die verklarings wat gegee moet word. Ja, die vrees het so'n invloed gekry dat daar soms gewaak word om maar heelwat minder as 10% te laat druip om aldus aan die 'veilige' kant te bly - of dit nou in die belang van die kind is of nie".

In hoever die voorafgaande aanhalings op vaste gegewens gebaseer is, weet ek nie, maar dit is duidelik dat daar in verskeie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kringe ontevredenheid oor die teenswoordige beleid heers;

(d) deur 'n amptelike verklaring deur die Unie-Onderwysdepartement in die Jaarverslag van 1937 (bl. 20). Daar lees ons, meer bepaald wat betref die hoër skool, dat

> „standaarde moes verlaag en eksamenpunte gedokter word, en as daar na dit alles nog druipelinge by die eksamen was, kon dit maklik aan die onbetroubaarheid van die wrede eksamenstelsel toegeskryf word.......
> Gevolglik het ons daarin geslaag om die universiteite en hoër skole met mense te vul wat vakke bestudeer wat glad nie by hulle talente en behoeftes aanpas nie".

Intelligensietoetse wat in die laaste paar jare aan verskeie hoër skole in die Transvaal afgeneem is, het dan ook bewys gelewer dat 'n aansienlike persentasie van dié leerlinge wat in Std. VI „geslaag" het en nou in Std. VII of Std. VIII is, feitlik geen kans het om ooit die juniorsertifikaat-eksamen met sukses af te lê nie. - En wat betref die universiteite word dit vandag taamlik algemeen erken dat 'n aansienlike aantal van die studente nog nie ryp is om werklik te studeer nie.

In verband met die vorige aanhalings en meer bepaald wat betref (d), is dit treffend dat Suid-Afrika blykbaar in die voetstappe van die Verenigde State van Amerika volg. Daar[1] het die demokratiese beskouings gelei tot volksontwikkeling op 'n groot skaal, „maar terselfdertyd het dit met hom gevoer die groot euwel van 'n algemene verlaging van die peil van ontwikkeling". Keyter gee 'n lang en baie treffende aanhaling deur Bagley om hierdie bewering te staaf[1]. Om in ons land hierdie neiging te begryp, moet ons egter nie net rekening hou met die demokratiese ideaal van volksopvoeding en die sielkundige nadele van druip vir die kind nie, maar ook met die maatskaplike toestande hier te lande. Daar is naamlik vir ons jeug te min tegniese arbeid verkrygbaar, daarom probeer almal om te studeer, so goed en so kwaad as dit gaan.[2]

---

(1) Keyter, a.w.; bls. 402 - 404. (Bagley: "Higher Education Faces the Future", bls. 138, 144, 145).

(2) S.F.J. van Rensburg: M.A.-verhandeling, Pretoria, 1937.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wat is nou die gevolge as 'n leerling promosie ontvang sonder dat hy dit verdien het? as hy half outomaties van die een klas na die ander bevorder word, nie net in die laer skool nie, maar ook tot 'n sekere mate in die hoër skool? Uiteindelik het hy geen vaste fondament onder sy voete meer en is die werk geheel en al bo sy vuurmaakplek. Veral is dit die geval wat betref sekere vakke soos b.v. rekenkunde, maar ook wat betref ander vakke.

In party gevalle sou dit in die belang van die leerling wees as hy nog 'n jaar in die klas kon gebly het. In ander gevalle - waar die nodige akademiese aanleg ontbreek - is dit noodsaaklik dat die kind die nodige beroepsleiding ontvang sodat hy nie na 'n gewone (akademiese) hoër skool gaan nie, maar na 'n ander inrigting b.v. 'n handels- of 'n ambagskool, sodat hy die vir hom geskikte opleiding kry. In 'n hoër skool word so'n kind net ontmoedig. 'n Geval van 'n groot hoër skool met alle fasiliteite en 'n hoogge-kwalifiseerde personeel, het onder my aandag gekom. In hierdie skool het daar end 1937 en 1938, 50% van die kandidate in die juniorsertifikaat-eksamen gesak. Sou 'n vroeëre sifting met behulp van intelligensie- en ander toetse nie in die belang van hierdie ongelukkige kandidate gewees het nie? Dan sou hulle nie op so'n betreklik hoë skoolgaande ouderdom uitvind dat die hoërskool-kursus nie vir hulle geskik is nie?

Maar om nou weer terug te kom tot die Armblanke-Rapport en werkversuim. Seer seker was dit nooit in die verste verte die bedoeling van die skrywers om vir onverdiende bevordering te pleit nie. Inteendeel beklemtoon hulle orals die noodsaaklikheid van die vorming van goeie werkgewoontes(1), die instel van beter toesig by koshuise, verskeidenheid van leervakke, ens., sodat hierdie faktore verdiende promosie sal bewerkstellig.

---

(1) E.G. Malherbe: „Onderwys en die Armblanke", bl. X.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Wreedheid.

### Tabel 17.

| Ref.-nr. van Straf | Soort van Straf of Behandeling toegepas | Aantal kere genoem |
|---|---|---|
| 1 | Beïnvloeding deur woorde | 94 |
| 2 | Lyfstraf | 24 (plus 10) |
| 3 | Publieke opinie van skool gebruik | 6 |
| 4 | Diere aanhou ("To keep pets") | 4 |
| 5 | Lidmaatskap van Dierebeskermings-vereniging | 3 |
| 6 | Die kind „seer maak" (min of meer dieselfde aan kind doen wat hy aan dier gedoen het) | 2 |
| 7 | Samewerking met ouers | 2 |
| 8 | Ongeklassifiseerd | 8 |

### Uiteensetting van Tabel 17.

Beïnvloeding deur woorde: Bedoel word meestal: natuurstudie, lesse in versorging van diere, dierestories, ens. Hoofde van junior skole sê die volgende: "Encourage a love for animals. Lessons should be given pointing out their helplessness and their trust in human beings, a trust which none dare deny". - "Constant talks on kindness to animals and insects who do not harm and often help us".- "With little children cruelty often due to inability to understand that animals feel ......." Volgens die antwoorde lewer hierdie metodes baie goeie resultate op.

Publieke opinie gebruik: Inbegrepe is: „Teleurstelling en afkeuring van klas". - „Laat sy maats hom karnuffel".

Diere aanhou by die skool: Een hoof sê: "I have observed no cruelty to animals. - Our trouble here is in the opposite direction, collection of nondescript pets".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

<u>Ongeklassifiseerd:</u> /„Skoolsit", „Opsluit in 'n kamer" (en dit in ons 'verligte' eeu!), „self ware voorbeeld as Christen wees", „leergange in gesondheidsleer en veiligheidsmaatreëls", „laat leerling iets <u>goeds</u> doen teenoor veronregte diere of diertjies", „prefekte tree op", „impositions", "box (own size)".

. Die totaal van al die strawwe saam is laag, omdat baie hoofde dit selde of nooit aantref.

## Verdere Bespreking.

Interessant vind ek die volgende verklaring deur 'n hoof:

> "I would like to mention a remarkable fact which I have noticed. You can see I have had over 20 years' teaching experience both in X.............. (naam van 'n land) and in South Africa. - I therefore have the ability to compare.
>
> In X........... children are cruel to children suffering from some disability. Cripples are teased and sometimes cowardly abused. Weak sighted are scoffed at.......
>
> But in South Africa the children are considerate to those suffering from any physical inferiority. They do not as a rule deride 'mentally defective' cases, nor do they bully cripples. They actually help them. In my school, without any prompting on my part, a boy suffering from infantile paralysis, is given his innings at cricket - but the fast bowler bowls underhand. And there is a boy stationed to run for him!!- This sort of thing I think a remarkable testimonial to the boys and girls of South Africa".

Volgens die antwoorde is wreedheid nie 'n moeilike oortreding om te bestry wat betref die stede nie en nog minder wat betref die platteland waar die kinders baie help in die versorging van diere op plase. Maar dit bewys nog nie dat wreedheid min voorkom <u>buite</u> die skoolterrein nie. Op die skoolterrein is daar min geleentheid daarvoor, en ~~som~~ Garinger[(1)] /het daarop gewys dat skoolhoofde daardie oortredings wat die uiterlike dissipline in die klaskamer (en ook op die skoolterrein) kan benadeel, in 'n ernstiger lig beskou as oortredings wat dit nie direk doen nie.

---

(1) E.H. Garinger: "The Administration of Discipline in the High School", 1936, bls. 81 - 82.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die oortreding „wreedheid" is m.i. 'n baie ernstige en verdien 'n verdere bespreking.

Wreedheid op verskillende leeftye aangetref: Volgens Burt[1] word wreedheid meer dikwels by seuns as by meisies aangetref en heel dikwels maak dit (blykbaar) reeds by jong kinders sy verskyning. Daar kan baie motiewe vir sulke „wreedheid" wees. Burt sê dit kan toegeskryf word aan : self-handhawing ("self-assertion"), nuuskierigheid, 'n soort sport- of jaginstink, strydlus, toorn, ens. 'n Klein kind wat diere mishandel, is in dié opsig egter meer soos 'n katjie wat met 'n muis speel - hy besef nie watter pyn sy spel veroorsaak nie. Wat hy geniet is sy eie aktiwiteit en nie die lyding van sy slagoffer nie. "It is therefore of the utmost importance, in dealing with the seeming brutality of the smaller child, to avoid reading into his mental processes an insight that exists solely in our own. What is cruel is his act, not his intention".[2]

Wexberg[3] is dieselfde sienswyse toegedaan. As hoofmotief noem hy die lus by die kind om te eksperimenteer en te ondersoek, b.v. as die kind 'n pop uitmekaar skeur om te sien wat binne is, of as hy 'n lewendige diertjie uitmekaar pluk. Hy beweer verder dat kinders soms diere mishandel om te kompenseer vir hulle eie gevoel van onmag en weerloosheid.

Volgens Wexberg kom werklike wreedheid en medelye op omtrent dieselfde ouderdom vir die eerste keer voor, naamlik omtrent gedurende die vyfde lewensjaar, want hy glo dat albei (wreedheid en medelye) eers werklik aanwesig kan wees as die kind goed weet wat lyding is. Wexberg gee die voorbeeld van 'n seuntjie van vyf jaar wat glad nie vissies wou eet nie en alle eetlus verloor het as hulle op tafel gebring is. Hierdie seuntjie is vroeër in sy lewe deur 'n kinderbediende op wrede manier vir die geringste oortredinkie geslaan, met die gevolg dat hy hom

(1) en (2). C. Burt, a.w.; bl. 471 - 473.

(3) E. Wexberg, a.w.; bl. 78.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sou met die vissies vereenselwig. By wyse van vergelyking en aanvulling is die geval wat Kohnstamm[1] aanhaal baie interessant. Kohnstaam maak melding van die geval van mev. Stern se seuntjie, Bubi. Toe Bubi hoor op watter wrede manier vissies gevang word, het daar by die seuntjie 'n soort wrede fantasie ontstaan: hy kry medelye met die vissies wat hom geuit het in wrede fantasie teenoor die vissers: hy wens dat die vissers op wrede manier gestraf word. Hierdie is egter nie tipiese kinderwreedheid nie, maar geregverdigde kinderwraak. Dit kom volgens Willemse taamlik dikwels voor en lei tot wreedheid deurdat kinders nie besef nie hoeveel leed hulle veroorsaak. So deel hy mee van seuns wat 'n kat met draad vasgebind het en laat uithonger omdat die kat van hulle duiwe sou gevang het. Die hoofoorsaak van wreedheid by kinders sien hy ook in hulle eksperimenteerlus en nuuskierigheid. Hy het die geval teëgekom van seuns wat 'n hoender se pote afgekap het om te sien of dit dan met die stompies nog sou kan loop. Voorskoolse kindertjies is volgens hom egter veel meer geneig om diertjies liefkosend te versmoor as om hulle uitmekaar te trek, maar waar dit voorkom is dit twyfelagtig of dit veel verskil van dié van skoolkinders soos Wexberg voorgee. Kindertjies van twee jaar toon definitief medelye wanneer ander jammerlik huil en weet ook reeds heel goed wat „eina" of so-iets beteken.

Verskeie opvoedkundiges[2] [3] wys daarop dat neigings tot wreedheid meer dikwels gedurende die puberteitsjare aangetref word. Allen sê, daar moet gesorg word dat die kind op hierdie stadium kans kry om sy energie op die regte manier te gebruik. "Outbreaks of cruelty in the adolescent, if remaining unchecked and undiverted, produce sadism in adult life". Hall[4] wys daarop dat moordlus en wreedheid teenoor diere nie altyd met mekaar gepaard gaan nie. Hy sê: "Many youthful murderers, calleous to the sufferings of their victims, have had the keenest sympathy with pets and even with children..... The

(1) Ph. Kohnstamm, a.w., bl. 264.
(2) en (3): W. Rein se "Encyklopaedisches Handbuch der Pädagogik, Band IX, "Tierquälerie", bl. 196. A.B. Allen, a.w.; bl. 118.
(4) G.S. Hall, "Adolescence, 1921, Deel II, bl. 85.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

juvenile torturers often seem to have specialized psychic zones, where tenderness is excessive, as if to compensate for their defect". Daar is natuurlik gevalle waar persone wat in hulle jeug diere mishandel het, later moordenaars geword het. In Rein se "Encykolpädisches Handbuch der Pädagogik" word daar dergelike gevalle onder "Tierquälerei" genoem, b.v. die gevalle van die Romeinse keisers Caligula en Domitiaan, asook die geval van Lodewyk XIII van Frankryk. En die spreekwoord: "Junge Tierquäler, alte Lustmörder" mag in sekere gevalle waar wees, maar dat lusmoordenaars altyd wreedaards teenoor diere is, kom met Hall se bevindings nie ooreen nie. Nog minder is wreedheid 'n algemene trek van jeugdige misdadigers in verbeteringshuise; inteendeel is my die versekering gegee dat hulle in baie gevalle baie lief is vir diere. Dit moet egter onthou word dat sulke jeugdige misdadigers in die meeste gevalle in sulke gestigte beland, nie weens gewelddade teenoor mense nie, maar in sowat 80% of meer gevalle weens kleiner of groter diefstalle of inbraak.

By volwassenes word wreedheid ongelukkig soms selfs daar aangetref waar mens dit die minste sou verwag, naamlik by sekere opvoedkundiges. Die volgende is 'n verklaring van 'n baie ervare en suksesvolle hoof:

> „Die onderwyser(-es) is dikwels self die oorsaak dat hierdie ondeug sy verskyning maak. Oordrewe toepassing van lyfstraf het ongetwyfeld 'n nadelige uitwérking op 'n sekere klas van kind........... As 'n kind 'n neiging tot wreedheid openbaar, sou ek nie geneë wees om lyfstraf toe te dien nie, maar ek sou liewers deur my voorbeeld, deur natuurstudielesse en deur sulke werkies as "God's Beautiful Out-of-Doors" aan te beveel die kind tot 'n ander insig en opvatting probeer beweeg".

Tot vandag toe word gevalle van wreedheid teenoor kinders aangetref. Volgens Houwer is die toestande in party Franse gestigte soms ongelooflik. Hy[1] gee die volgende voorbeeld:

---

(1) D.Q.R. Mulock Houwer, a.w., bl. 142.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

"In 1937 publiceert de Paris Soir, dat na een celstraf van 150 (hondertvijftig) dagen 'op water en brood', ten slotte aan de gevolgen overleed een 19-jarige pupil uit het Fransche gesticht Eysses". Nou is dit wel waar dat die Franse outoriteite reeds in 1930 die maksimum selstraf tot 8 (agt) dae beperk het, en dat genoemde geval dus 'n oortreding van die regulasies was, maar - plaasgevind het dit!

In die nuwere psigologie bestaan die tendens om wreedheid met die geslagsdrif in verband te bring.

So sê Allen[1] : "Cruelty is an outward manifestation of sexual disturbance". Burt[2] sê: "Freud and the Freudians treat sadism as a definite and instinctive variety of sex-impulse. Maar in Rein se "Handbuch"[3] is daar reeds lank voor Freud op die geval van 'n sekere Leo Wachholz gewys; hierdie persoon het seksuele bevrediging gekry as hy diere mishandel het.

Maar ek het voldoende aangetoon dat wreedheid dikwels niks met seks te doen het nie; miskien kan genoemde gevalle dus selfs as afwykings beskou word. Vir die opvoeder is dit egter van groot belang om te weet dat daar tussen wreedheid en seks verband kan wees. In alle geval moet daar teen 'n oormaat van lyfstraf gewaak word, want Allen sê[4] :

> "Cruelty cannot be eliminated by thrashing. Thrashing will drive cruelty underground and result in the sadist or the masochist. Cruelty and the impulse towards cruelty must be analysed before the real and desirable spirit in a child may be synthesised. Without this quiet unobtrusive synthesis, the child will become the criminal, anti-social in all his acts".

Daar is baie ander metodes deur die hoofde opgenoem en toe ek hulle vergelyk het met die wat in Rein se "Handbuch" onder "Tierquälerei" voorkom, het ek gevind dat daar 'n treffende ooreenkoms is. Die volgende punte van Rein (Klenk is die skrywer van die artikel)

---

(1) A.B. Allen, a.w. ; bl. 117.
(2) C. Burt, a.w.; bl. 474.
(3) W. Rein: "Encyk. Handbuch d. Päd.", Deel IX, bl. 197.
(4) A.B. Allen, a.w.; bl. 118.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dien egter nog gemeld te word: Klenk beklemtoon nie net natuurstudie in die skool nie, maar wys op die noodsaaklikheid van gemeenskaplike uitstappies in die natuur. Die kind moet leer om te luister na die sang van voëls in die natuur, moet sien hoe die voëls hulle kleintjies voer, ens., moet leer om in die winter aan voëltjies van ~~hulle~~ sy eie brood iets af te staan. Die daad sê hy, is noodsaaklik. (Jammer dat ons skool-regulasies uitstappies binne skoolure nog nie toelaat nie. In Duitsland is dit nie net toegelaat nie, maar selfs verpligtend). Klenk beklemtoon veral ook die noodsaaklikheid van Sangonderwys. Hy sê: „Die lied moet vir die kind die diepgevoelde, dierbare taal word, deur middel waarvan hy met die natuur en sy medeskepsels - die diere - kan gesels". - Maar byna enige vak kan volgens Klenk gebruik word vir die bestryding van wreedheid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK IV.

## Die Moeilikste Ondeugde om te Bestry.

Die vraag het gelui: „Watter van die opgenoemde oortredings of ondeugde vind u die moeilikste om te bestry? (In volgorde van moeilikheid asseblief).

(Die metode wat ek hier gevolg het, is die van indeksnommers. Voorbeeld: Veronderstel dat iemand die oortredings in hierdie volgorde noem: (1) Leuens, (2) Rook, (3) Wreedheid, (4) Werkversuim, ens., dan het ek aan elke oortreding dié nommer toegeken wat ooreenkom met die/van die volgorde: Leuens kry dus 1 punt, Rook kry 2 punte, ens. Uiteindelik is dan al die punte bymekaar getel en die oortreding wat die minste punte gekry het is die moeilikste om te bestry, ens. Van absolute matematiese akkuraatheid kan daar nie sprake wees nie, want die afstand tussen (1) Leuens en (2) Rook in die voorbeeld mag groter wees as die afstand tussen (2) Rook en (3) Wreedheid, ens. Dit gee egter tog 'n baie goeie algemene beeld van die volgorde van moeilikheid, veral as die getalle groot genoeg is).

Die volgende is die totale van hoofde wat hierdie vraag beantwoord het:

I. Junior skole.

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaansmedium. | Rand en Stede | 1 |
| Engelsmedium. | " " " | 4 |

II. Laer skole.

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaansmedium. | Rand en Stede | 19 |
| Engelsmedium. | " " " | 21 |
| Afrikaansmedium. | Platteland | 57 |
| Engelsmedium. | " | 6 |

III. Hoër skole.

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaansmedium. | (Vir seuns en meisies) Rand en Stede | 0 |
| Engelsmedium. | (Vir seuns en meisies) Rand en Stede | 3 |
| Afrikaansmedium. | (Vir seuns en meisies) Platteland | 14 |
| Engelsmedium. | do. | 0 |
| Afrikaansmedium. | (Seuns), Rand en Stede | 1 |
| Engelsmedium. | do. | 5 |
| Afrikaansmedium. | (Meisies) Rand en Stede | 0 |
| Engelsmedium. | do. | 2 |
| | Totaal: | 133 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Differensiëring:** Sover as moontlik het ek gedifferensieer:

A. Tussen Afrikaansmedium-skole en Engelsmedium-skole;

B. Tussen Platteland aan die een kant en Rand en groot Stede aan die ander kant.

C. Ook het ek die resultaat gegee vir 25 hoër skole, maar hier kon ek nie differensieer nie, want die getale is te klein.

A. 'n Differensiëring tussen Afrikaans- en Engelsmedium-skole is alleen dan waarde as hulle van dieselfde soort is, b.v. hulle kan albei Platteland of albei van die Rand en Stede wees, of die totale kan in albei gevalle in dieselfde proporsie saamgestel wees. Noodgedwonge kon die totaal nie hoër as 25 wees nie, saamgestel in albei gevalle uit 6 skole van die Platteland en 19 van die Rand en groot Stede.

Die volgende is nou die volgorde wat betref die moeilikheid om die oortredings te bestry in :-

| Afrikaansmed. Laer Skole (Platteland en Rand en groot Stede gemengd) | Engelsmedium Laer Skole (Platteland en Rand en groot Stede gemengd) |
|---|---|
| 1. Leuens | 1. Leuens |
| 2. Diefstal | 2. Stokkiesdraai |
| 3. Rook | 3. Rook |
| 4. Stokkiesdraai | 4. Vloek |
| 5. Vloek | 5. (Diefstal |
| 6. Slordigheid (Lyf en klere) | (Werkversuim |
| 7. Slordige skrif | 7. Onsedelike taal |
| 8. Werkversuim | 8. Seksuele vergrype |
| 9. Ongehoorsaamheid of verset | 9. Slordige skrif |
| 10.(Onsedelike taal | 10. Afknou |
| (Laatkom | 11. Laatkom |
| 12. Seksuele vergrype | 12. Slordigheid (Lyf en Klere) |
| 13. Vernielsug | 13. (Ongehoorsaamheid of verset |
| 14. Wreedheid | (Vernielsug |
| 15. Moedswillige Onbeleefdheid | 15. (Moedswillige onbeleefdheid |
| 16. Afknou | (Wreedheid |

**Gevolgtrekkinge:** Dit is opvallend dat die vyf eersgenoemde vergrype in albei gevalle 'n taamlike ooreenkoms toon. 'n Taamlike groot verskil sal in hierdie en in die volgende lyste opgemerk word betreffende „Slordigheid op Lyf en Klere". Dit verskyn vroeg waar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

~~waar~~ ons te doen het met Afrikaansmedium-skole. Ek het egter reeds by behandeling van dié ondeug daarop gewys dat hierdie blykbare slordigheid in die meeste gevalle waarskynlik aan armoede te wyte is, waaronder ons Afrikaanssprekendes die swaarste ly! As mens die Afrikaans- en Engelssprekendes in die stede en op die platteland afsonderlik kon vergelyk, sou miskien interessante resultate bereik word, want uit die volgorde onder B blyk dat vloek en afknou by Engelssprekendes in die stede moeiliker is om te bestry as by Afrikaanssprekendes.

B. Vir die differensiëring tussen Platteland en Rand en Groot Stede, kon alleen Afrikaansmedium-skole gebruik word, omdat die aantal Engelsmedium plattelandse skole te klein is.

Die plattelandse skole bestaan uit 'n groep van 57. Die rand en stede groep bestaan ongelukkig net uit 19. (Hier hoef die getalle nie noodwendig dieselfde te wees nie). Omdat laasgenoemde groep taamlik klein is, het ek dit gekontroleer deur 21 Engelsmedium-skole (Rand en Stede) by te voeg, sodat die totaal 40 is. Ek gee op regterhand eers die resultate vir die 19 Afrikaansmedium-skole (Rand en Stede) alleen en dan tussen hakies die volgorde aan wat dit vir die 40 skole (soos verduidelik) sou gewees het.

| Plattelandse Laer Skole | Rand en Stede, Laer Skole |
|---|---|
| 1. Leuens | 1. (1) Leuens |
| 2. Rook | 2. (2) Stokkiesdraai |
| 3. Diefstal | 3. (3) Rook |
| 4. Slordige skrif | 4. (4) Diefstal |
| 5. Slordigheid (lyf en klere) | 5. (6) Slordige skrif |
| 6. Werkversuim | 6. (9) Slordigheid op lyf en kl. |
| 7. Vloek | 7. (5) Vloek |
| 8. Onsedelike taal | 8. (7) Werkversuim |
| 9. Vernielsug | 9. (8) Onsedelike taal |
| 10. Afknou | 10.(11) Laatkom |
| 11. Seksuele vergrype | 11.(12) Ongehoorsaamh. of verset |
| 12. Laatkom | 12.(10) Seksuele vergrype |
| 13. Stokkiesdraai | 13.(14) Vernielsug |
| 14. Ongehoorsaamh. of verset | 14.(15) Wreedheid |
| 15. Moedsw. onbeleefdheid | 15.(16) Moedsw. onbeleefdheid |
| 16. Wreedheid | 16.(13) Afknou |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die opvallendste is dat stokkiesdraai twee so verskillende posisies inneem, in die twee volgordes waar die ander ondeugde 'n byna treffende ooreenkoms vertoon. Vernielsug en afknou skyn ook heelwat te verskil, miskien omdat die ongebonde lewe van die platteland minder remmend daarop werk.

C. Hoër Skole.

Ek gee eers die resultaat vir 25 hoër skole. (Vir samestelling van hierdie groep sien bl. 126.) Tussen hakies gee ek dan die volgorde wat dit sou gewees het vir 14 (van die 25) hoër skole. Hierdie 14 is almal Afrikaansmedium-hoër skole van plattelandse dorpe (nie Rand en Groot Stede nie).

Volgorde vir 25 Hoër Skole (Engels en Afrikaans).

1. (3) Diefstal
2. (1) Rook
3. (2) Leuens-vertel
4. (5) Vernielsug
   (6) Stokkiesdraai
   (7) Werkversuim
7. (7) Ongehoorsaamheid of verset
8. (13) Laatkom
   (4) Vloek
10. (13) Onsedelike taal
11. (11) Seksuele vergrype
12. (7) Afknou
   (7) Slordige skrif
14. (11) Moedswillige onbeleefdheid
15. (13) Slordigheid op lyf en klere
16. (13) Wreedheid.

Dit is opvallend dat Oneerlikheid (Diefstal en Leuens) ook in die hoër skool so'n hoë posisie in die volgorde inneem. Rook het reeds 'n ingewortelde gewoonte geword en is gevolglik baie moeilik om te bestry. Geen wonder dat party inrigtings die stryd sommer gewonne gee nie. Garinger[1] sê die volgende wat betref hoër skole in die Verenigde State van Amerika: "Some schools have smoking rooms for pupils or 'smoke councils' that supervise the practice". Wat ons eie land betref, het dit onlangs onder my aandag gekom dat 'n sekere firma die skool (!) gebruik om propaganda

(1) E. H. Garinger, a. w. bl. 62.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir hulle ware (d.w.s. rookgoed) te maak. Rokers-albums word aan hoofde van skole uitgedeel en hulle deel dit weer aan assistente uit om onder die leerlinge van die skool te versprei. By so'n tweeslagtige houding kan 'n mens beswaarlik verwag dat die gewoonte sal afneem.

In teëstelling hiermee trag sekere nie-liberale lande (volgens koerantberigte) om 'n groot nasionale veldtog teen rokery te organiseer. Natuurlik sal so'n onderneming stuit teen gevestigde kommersiële belange. Hierdie gedragslyn is, m.i., egter opvoedkundig die gesondste. Om toe te gee aan die drange van die jeug is wat Haeberlin noem „sentimentele" opvoeding in teëstelling met „saaklike" opvoeding. Klaarblyklik is die oefening van selfbeheersing deur b.v. rook sonder dwang tot 'n minimum te beperk of heeltemal af te skaf, baie waardevol waar verantwoordelikheidsgevoel die doel word van opvoeding. Die persoon wat in staat is om sy eie vitale drange en sugte te beheers, sal tog maar die ideaal bly selfs in 'n liberalistiese wêreld. Maar so maklik is die rookvraagstuk nie afgehandel nie. Dit word 'n uiters lastige iets omdat dit die enigste „ondeug" op die lys is wat volwasse persone en selfs onderwysers vryelik mag beoefen, en een van die hoekstene van ware opvoeding is tog die ideale voorbeeld! Verder is dit goed moontlik dat rook 'n minder skadelike substituut is vir verbode drangbevredigings soos b.v. geslagsluste. Ten slotte is dit 'n baie verkeerde opvoedkunde wat eise stel (veral selfbeheersingseise) waaraan so'n groot aantal leerlinge onder die heersende omstandighede eenvoudig nie kan voldoen nie. Onnakombare eise ondermyn die morele selfvertroue en verantwoordelikheidsgevoel van die slagoffers. Die eenvoudige en skynbaar onskuldige rookvraagstuk raak dus aan die fondamente van die opvoedkunde en is glad nie opgelos nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Werkversuim: Dat werkversuim by sekere leerlinge in die hoër skool floreer, kan nie ontken word nie. Ons het reeds gewys op onverdiende promosies. Verder is dit 'n treurige feit dat die jeugdiges in ons liberale tyd 'n gees van onverskillige laksheid openbaar. Selfs professore kla dat die studente so weinig humoor het vir aanhoudende werk.

Slordigheid op Lyf en Klere: Ek noem drie moontlike redes waarom dit 'n veel laer plek inneem as in die geval van laer skole: eerstens is ouers van kinders op hoër skole meer bemiddeld (of liewers minder arm) as ouers van die laer skool se leerlinge; tweedens speel die koshuise 'n belangrike rol om die euwel te bestry; derdens is dit die gevolg van die natuurlike neiging om meer op die uiterlik te let namate die leerling die puberteitsjare dieper ingaan. Gewoonlik werk twee of aldrie oorsake saam. Die groter voorkoms van vernielsug in die hoër skole is waarskynlik net soos rook toe te skryf aan die grootmanshouding wat in die rypingsjare te voorskyn tree. Daarom kom ongehoorsaamheid en verset in die hoër skole ook meer op die voorgrond.

D. Alle Skole.

Ek gee nou die resultaat vir 133 skole sonder enige differensiëring:

1. Leuens-vertel
2. Rook
3. Diefstal
4. (Slordige skrif<br>(Vloek
6. Werkversuim
7. Stokkiesdraai
8. Onsedelike taal
9. Slordigheid op lyf en klere
10. Vernielsug
11. Laatkom
12. Afknou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

13. Seksuele vergrype
14. Ongehoorsaamheid of verset
15. Moedswillige onbeleefdheid
16. Wreedheid.

## Finale Bevindings.

Met weglating van „Laatkom", „Slordige skrif" en „Slordigheid op Lyf en Klere", kan ons die volgende groeperings maak wat betref volgorde van moeilikheid om die oortredings te bestry:-

Groep I: ONEERLIKHEID: (1. Leuens, 3. Diefstal).

Groep II: GEBREK AAN SELFBEHEER: wat betref uiterlike gewoontes (2. Rook, 4. Vloek).

Groep III: PLIGSVERSAKING: (6. Werkversuim, 7. Stokkiesdraai)

Groep IV. SEKSUELE OORTREDINGS: (8. Onsedelike taal, 13. Seksuele vergrype).

Groep V. AGRESSIWITEIT: (10. Vernielsug, 12. Afknou,
14. Ongehoorsaamheid of verset,
15. Moedswillige onbeleefdheid,
16. Wreedheid).

In verband met oortredings „Groep I", is daar taamlike eenparigheid wat betref die verskillende soorte van skole, Afrikaansmedium, Engelsmedium, Laer Skool, Hoër Skool. Orals staan een van die vorme van oneerlikheid (gewoonlik leuens) nommer een op die lys en die ander vorm van oneerlikheid volg gewoonlik gou op sy hakke.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## HOOFSTUK V.

### Die Frekwensie en Doeltreffendheid van Vername Strafmiddels.

### Die Mees-Voorkomende Strawwe:

Tabel 18.

| OORTREDINGS | STRAWWE OF BEH.: Beïnvloed. woorde | Skaammaak | Spot | Iseleer of negeer | Skoolsit | Strafwerk | Voorreg ontneem | Pub. opinie | Samewerk. met ouers | Lyfstraf oortree. 1ste. | Lyfstr. 2de Oor. | Skors of dreig daarmee |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A. Afknou | 90 | 14 | 0 | 12 | 3 | 1 | 1 | 11 | 4 | 52 | 88 | 0 |
| B. Diefstal | 84 | 10 | 0 | 4 | 3 | 0 | 0 | 2 | 23 | 18 | 45 | 15 |
| C. Leuens | 110 | 25 | 2 | 3 | 1 | 4 | 2 | 1 | 5 | 26 | 52 | 0 |
| D. Laatkom | 56 | 4 | 5 | 0 | 103 | 6 | 2 | 4 | 21 | 3 | 14 | 0 |
| E. Onbeleefdheid | 94 | 14 | 8 | 13 | 2 | 0 | 3 | 6 | 6 | 21 | 39 | 4 |
| F. Ongehoorsaamheid of verset | 66 | 4 | 1 | 17 | 7 | 5 | 5 | 6 | 10 | 53 | 96 | 7 |
| G. Onsed.Taal | 91 | 11 | 0 | 6 | 1 | 1 | 1 | 16 | 15 | 34 | 48 | 10 |
| H. Rook | 81 | 3 | 2 | 2 | 2 | 0 | 4 | 2 | 6 | 35 | 51 | 3 |
| I. Seks.Vergr. | 19 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 1 | 12 | 1 | 1 | 18 |
| J. Stokkiesdraai | 55 | 0 | 1 | 1 | 10 | 4 | 3 | 1 | 62 | - | - | 4 |
| K. Slordige skrif | 97 | 7 | 2 | 0 | 19 | 5 | 0 | 0 | 1 | 6 | 20 | 0 |
| L. Slordigh. op lyf en klere | 113 | 15 | 3 | 2 | 0 | 0 | 1 | 4 | 36 | 2 | 5 | 1 |
| M. Vernielsug | 91 | 1 | 0 | 2 | 0 | 3 | 0 | 3 | 6 | 25 | 57 | 0 |
| N. Vloek | 118 | 13 | 1 | 18 | 0 | 0 | 2 | 10 | 8 | 21 | 47 | 1 |
| O. Werkversuim | 39 | 1 | 0 | 4 | 90 | 16 | 5 | 1 | 24 | 21 | 56 | 0 |
| P. Wreedheid | 94 | 1 | 0 | 1 | 1 | 1 | 0 | 6 | 2 | 24 | 34 | 0 |
| | 1298 | 123 | 25 | 86 | 242 | 46 | 29 | 74 | 241 | 342 | 653 | 63 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die totale in die kolom „Beïnvloeding deur Woorde", bevat ook „Skaam maak" en „Spot". Maar in die volgende twee kolomme word „Skaam maak" en „Spot" ook apart gegee. Die totale vir „Skaam maak" is moontlik veel groter, want baie strawwe soos „Onderhoud" en „Vermaning", ens., is vaag en veronderstel miskien „Skaam maak". Vir stokkiesdraai is die lyfstraf-kolom nie ingevul nie, omdat hoofde nie orals duidelik geantwoord het nie. By benadering is die totaal vir kolom „Lyfstraf by tweede oortreding" vir Stokkiesdraai 64. Wat betref die kolom „Skors", is dit duidelik dat hoofde dikwels „permanente verwydering" daaronder verstaan. In 'n baie geringe aantal van die 63 gevalle word alleen met skorsing gedreig.

Die volgorde van die 9 mees-voorkomende strawwe of behandelings wat betref hulle totale, is dus as volg :

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Beïnvloeding deur woorde (Skaam maak: 123; Spot: 25) | 1,298 |
| 2. | Lyfstraf .......:342 plus 311 | 653 |
| 3. | Skoolsit | 242 |
| 4. | Samewerking met ouers | 241 |
| 5. | Isoleer of negeer | 86 |
| 6. | Publieke opinie (skoolgees) gebruik | 74 |
| 7. | Skorsing, of verwydering | 63 |
| 8. | Strafwerk | 46 |
| 9. | Voorregte ontneem | 29 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In verband met die verskille in die toediening van straf in verskillende soorte skole gee die volgende tabel 'n oorsig:

Tabel 19.

| Soort van Skool (Elke groep bevat 20 skole). Afr.=Afrikaans Eng.= Engels Pl.= Platteland R.= Rand St.= Stede L.= Laer skool H.= Hoër skool | Strawwe of Behandelings: Beïnvloed deur woorde | Skaammaak | Spot | Isoleer of negeer | Skoolsit | Strafwerk | Voorregte ontneem | Pub op. | Saam met ouers | Lyfstr. 1ste soort. | Lyfstr. 2de soort | Skors of verwyder |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.Afr.Pl. L. | 131 | 14 | 4 | 11 | 24 | 5 | 1 | 3 | 21 | 49 | 71 | 4 |
| 2.Afr. R.& St.L. | 153 | 19 | 1 | 14 | 22 | 8 | 4 | 12 | 31 | 43 | 77 | 2 |
| 3.Eng.R.& St.L. | 87 | 15 | 4 | 11 | 37 | 2 | 3 | 3 | 30 | 53 | 78 | 0 |
| 4.Afr.Pl.H. | 117 | 6 | 3 | 1 | 16 | 4 | 4 | 16 | 19 | 22 | 62 | 1 |

Die tabel is gebaseer op 'n totaal van 80 skole, 20 van elke groep. In die tabel kom voor die vernaamste strawwe of behandelings deur die 80 skole vir oortredings A tot P (met weglating van oortreding „I" weens geringe totaal en weglating van totale vir lystraf vir oortreding „J" vir redes reeds vroeër uiteengesit, onvoldoende gegewens).

Wat betref Groep 4 (Afrikaanse plattelandse hoër skole) was daar net 20 skole vir hierdie vergelyking beskikbaar. Daarom het ek my by hierdie totaal (20) bepaal wat betref al die groepe. Die groepe is, m.i., groot genoeg dat die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word:

(1) In Engelsmedium Laer Skole aan die Rand en in die groot stede, word daar minder gebruik gemaak van „Beïnvloeding deur Woorde" as in Afrikaansmedium-skole.

(2) Engelsmedium Laer Skole (Rand en stede) heg meer waarde aan „Skoolsit" as Afrikaansmedium Laer Skole (Rand en stede of platteland).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(3) In die Laer Skool (Platteland of Rand en Stede, Afrikaans- of Engelsmedium) word daar vir dieselfde oortreding proporsioneel meer dikwels van lyfstraf gebruik gemaak as in die Hoër Skool (Afrikaansmedium Platteland), d.w.s. vir die eerste oortreding. In ander opsigte is die getalle nie groot genoeg om definitiewe gevolgtrekkings toe te laat nie.

(4) Die Hoër Skool (Afrikaansmedium) heg nie so baie waarde as die Laer Skool aan sulke strafmiddels soos: „Skaam maak", „Isoleer" of „Skoolsit" nie.

(5) Die Hoër Skool (Afrikaansmedium) maak meer gebruik van die „Publieke Opinie" (skoolgees) as die Laer Skool.

(6) Die Rand en groot stede maak meer gebruik van „Samewerking met ouers" as die Platteland. (Miskien is die rede die digter bevolking wat makliker kan bereik word).

Vergelyking met Amerika.

Wat betref die hoër skool alleen (Afrikaansmedium) gee ek die respektiewe volgorde insake die mees-voorkomende strawwe of behandelings in Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika. Ek noem net die ses strawwe of behandelings wat in Garinger[1] sowel as in my lys voorkom. Die volgorde is dan as volg:

| Suid-Afrika | Veremigde State van Amerika. |
|---|---|
| 1. Lyfstraf | 1. Skoolsit |
| 2. Samewerking met ouers | 2. Samewerking met ouers |
| 3. Skoolsit | 3. Voorregte ontneem |
| { 4. Strafwerk | 4. Strafwerk |
| { 4. Voorregte ontneem | 5. Verwydering |
| 6. Verwydering | 6. Lyfstraf |

(1) E.H. Garinger, a.w.; bl. 25, "Table VII".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Die Verskillende Strawwe.

### A. Skaam maak.

Van die 203 hoofde verklaar 181 dat hulle van „skaam maak" as strafmiddel gebruik maak. Daar is egter sekere beperkings wat deur party van die 181 gemaak word, t.w. baie beklemtoon dat hulle dit net oor die algemeen (vir die hele klas gebruik en nie indiwidueel nie; party beklemtoon dat dit onder vier oë moet gebeur, as dit indiwidueel toegepas word; party sê: „Nie vir fyngevoelige kinders nie"; ander wil dit weer meer vir meisies gebruik as vir seuns.

Nogtans is dit duidelik dat dit 'n baie algemene strafmiddel is, wat deur sommige hoofde sterk aanbeveel en waarteen daar baie min beswaar gemaak word.

Uit die antwoorde op Afdeling „4, A tot P" en Afdeling „5" van die vraelys, is dit duidelik dat dit vir al die opgenoemde oortredings gebruik word, en volgens Tabel 18 die meeste vir leuens-vertel, slordigheid op lyf en klere, onbeleefdheid, afknou, vloek en onsedelike taal. Buitendien het hoofde nog opgenoem: „Slegte gedrag teenoor onderwysers", „Bemoeisiekheid", „Verklik", "Misbehaviour".

Van die 181 het 142 hulle uitgespreek oor die uitwerking van skaam maak as straf:

| Goed | Middelmatig | Swak |
|---|---|---|
| 97 | 38 | 7 |

By die sewe wat die uitwerking swak vind, moet waarskynlik die meerderheid van die 22 (203-181) gevoeg word, wat nie van hierdie strafmiddel gebruik maak nie of wat die vraag nie beantwoord het nie. Een van hierdie 22 bestempel die straf as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„onopvoedkundig" en een sê: "I do not like children to feel ashamed. I wish them to be happy and courageous".

Oor die algemeen sal die uitwerking egter goed wees, ook in geval van nie-ernstige oortredings deur jeugdige misdadigers wat voor die hof moet verskyn. „Dit lyk of 'n ernstige woord van vermaning en berisping van die magistraat 'n baie goeie uitwerking op die jeugdige het as hy nog nie 'n geharde misdadigertjie is nie".[1]

Baie van die wat die uitwerking „goed" of „middelmatig" vind, voeg sekere beperkings daarby, t.w. : „Sommige leerlinge word baie kwaad maar later help dit". "This is found very effective with boys and girls, provided encouragement is given when child is trying to improve". "This weapon should be handled cautiously. A little talk does wonders with a child, but under no circumstances should a child be made to feel a worm or a criminal".

Die noodsaaklikheid om te indiwidualiseer word baie beklemtoon: die uitwerking hang af van die geaardheid van die kind. Veral by psychopatiese kinders is dit noodsaaklik om baie versigtig te werk te gaan, want "een bestraffing of standje van den onderwijzer kan tot zelfmoord (!) voeren"[2].

Die metode moet egter nie net by die kind aanpas nie, maar ook by die persoonlikheid van die onderwyser en by die omstandighede, soos die volgende voorbeeld wat ek aan Pellissier ontleen het, [3] treffend illustreer:

---

(1) C.F. Albertyn: „Jeugmisdaad", 1938, bl. 162.

(2) Carp, a.w., bl. 106. Vir voorbeelde sien A. Dohme se werk: "Beitrag zur Psychologie und Psychopathologie typischer Schulkonflikte".

(3) S. Henri Pellissier, Direkteur van Onderwys van die Oranje-Vrystaat: „Laat Ons vir Ons Kinders Lewe", in „Die Huisgenoot", 4 Desember, 1936.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„Op 'n groot kongres van onderwysers in 'n land oorsee, het die besprekings o.a. ook oor straf gegaan. By die geleentheid het 'n ervare onderwyser vertel hoe hy met 'n seun wat baie halsstarrig en koppig en ondeund was, gesukkel het en hom tot vervelens toe lyfstraf toegedien het. Op 'n dag toe hierdie seun weer 'n ernstige oortreding begaan het, het die ou onderwyser moedeloos uitgeroep: 'Ek is sat daarvan om jou te slaan. Trek uit jou baadjie'. Hy het toe die baadjie geneem en dit geslaan. Dit het die seun so diep getref dat dit die keerpunt in sy lewe was; daarna was hy 'n ander mens. Soos verwag kan word, het 'n jong onderwyser, wat op die konferensie teenwoordig was, by die eerste geleentheid waar hy geroepe was om lyfstraf in sy skool toe te dien, hierdie metode op die proef gestel tot groot vermaak van al die kinders in die klas. Kortom, dit was 'n groot mislukking en sy prestige het ernstig daaronder gely".

B. Grappig die Spot Dryf.

Van die 203 hoofde verklaar 120 dat hulle daarvan gebruik maak. Hulle maak egter die volgende beperkings: (a) Nooit individueel nie. Die persoonlike element moet nooit sterk uitkom nie; (b) 'n Gevaarlike wapen; as die oortreder self kan lag help dit; (c) Mens moet dit nie te ver drywe nie; (d) Die onderwyser moet baie ekonomies daarmee wees; (e) Die onderwyser moet versigtig wees. Hy moet die kind nie kreuk of verkleineer nie; (f) Vir fyngevoelige meisies of seuns vir ligte oortredings. (g) Vir ernstige oortredings nadelig; (h) Vir kinders wat kort van draad is, maar dan moet na die grappige die onderwyser toon dat hy die kind wil help en 'n oor het vir sy moeilikhede; (i) Very seldom and as last resort; (j) Effective with genial children who neglect duty or work carelessly through irresponsibility; (k) A little legpull is allright, but some teachers do not know when to stop; (l) Has to be used with discretion. Must never be other than humorous. - Never sneer; (m) Sparingly.- only in a kindly way, otherwise much harm is done.

Volgens die verskillende onderdele van die vraebus, word hierdie strafmiddel die meeste (maar nogtans min) gebruik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir : Laatkom, slordige skrif, slordigheid op lyf en klere, onbeleefdheid. Daar is baie wat beklemtoon: net vir oortredings van 'n ligte aard, en voeg nog die volgende by: papbroekerigheid, pieperigheid, kalwerliefde, gesig poeier of verf, vergeetagtigheid, onnoukeurigheid, versteuring van werk deur lawwe grappe, pruilery (by meisies).

Glad nie genoem word die volgende ernstige vergrype: diefstal, onsedelike taal, seksuele vergrype, vernielsug, wreedheid. Dit word egter vir die ernstige vergryp „Moedswillige onbeleefdheid" gebruik, maar drie hoofde, nie in Tabel 18 opgeneem nie, praat duidelik van sarkasme vir hierdie vergryp, en ek vermoed dat party van die 8 in Tabel 18 ook bedoel het dat hulle sarkasme gebruik. Daar is natuurlik 'n baie groot verskil tussen „Grappig die spot dryf" en „sarkasme", en laasgenoemde moet afgekeur word, terwyl ek my ook nie kan voorstel dat „spot" baie wenslik is vir „onbeleefdheid" nie.

Van die 120 wat dit wel gebruik, vind 93 die uitwerking as volg :

| Goed | Middelmatig | Swak |
|---|---|---|
| 50 | 36 | 7 |

By die 7 wat die uitwerking „swak" vind, moet waarskynlik die grootste deel van die 83 (203-120) bygevoeg word wat dit nie gebruik nie, of wat die vraag nie beantwoord het nie.

Vergelyking met „Skaam maak": Volgens Tabel 18 word „Skaam maak" omtrent vyfkeer so dikwels gebruik as „Grappig die Spot Dryf". By eersgenoemde straf vind 97

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die uitwerking daarvan „goed", by laasgenoemde maar 50. Wat betref eersgenoemde was daar baie min beswaar daarteen gemaak, en soms sterk aanbevelings, maar by laasgenoemde is daar oneindig baie besware en beperkings. Nogtans is daar enkele - baie min - gevalle waar hoofde van laasgenoemde middel baie gebruik maak.

Die baie beperkings wat gemaak word, gee 'n mens die indruk dat ook baie van die 120 maar skepties daarteenoor staan. Deur baie hoofde wat dit beslis afkeur, is daar dan ook die volgende kritiek uitgeoefen: (1) Dit wek 'n minderwaardigheidsgevoel. (2) Dit doen meestal baie meer kwaad as goed. (3) Sommige kinders dryf naderhand die spot met hulleself. (4) Dit wek wrok en haat. (5) Leads to bullying behind your back and obstinacy. (5) Drives shy selfconscious children into themselves with bad effect. (6) Ineffective and unkind. (7) Most undesirable: there are always scholars failing to see the "humour". (8) A method only used by bullies and cowards. (9) This is in my opinion always dangerous, as the child is always at a disadvantage, and there is often a sting in the humour, which will be remembered long after the incident is closed. I prefer not to use it. (10) Decidedly not: may do unteld harm.

Dit is duidelik dat daar 'n groot moontlikheid is om met hierdie middel kwaad te doen. Kinders reageer baie verskillend daarop. Een hoof sê: „Alleen iemand met 'n natuurlike aanleg behaal hier sukses. As dit kan is dit 'n uitstekende middel". 'n Engelse hoof sê: "I do not believe in ridicule unless the child laughs too". Myns insiens hang dit af van 'n natuurlike aanleg by die kind sowel as by die onderwyser of die middel mag gebruik word. As die onderwyser nie seker van die uitwerking daarvan is nie, dan moet hy dit liewers vermy.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die feit bly darem nog dat 'n klas soms spontaan lekker lag oor 'n opmerking van die onderwyser wat hy nie bewus as spot bedoel het nie, en dit gebeur ook dat 'n kind deur sy snaakse foute of ekskuse soms die klas spontaan laat lag. In hierdie verband is McDougall (1) se teorie oor die lag-instink interessant. Hy sê ons lag oor die kleiner ongelukke van ons medemense. In die geval van humor lag ons oor tekortkomings in die mensdom as 'n geheel, m.a.w., ons sluit onsself daarby in; ons sal dan ook oor ons eie klein ongelukke of tekortkomings lag. As ons 'n mens nou sover kan kry dat hy oor sy eie ongelukke of tekortkomings self kan lag, dan bevry ons hom van die bekommernis daaroor. Volgens McDougall is dit goed om van hierdie instink gebruik te maak - hy praat van "health-giving laughter". Ek stem egter met McDougall saam dat die teorie van prof. Bergson ook 'n deel van die waarheid bevat, naamlik "that in the higher civilised communities........ laughter is,more or less, deliberately made to subserve the ends of social discipline". Myns insiens is dit moontlik om die twee reaksies in die klaskamer te kombineer, naamlik om 'n sekere tipe van kind saam met ons en die klas oor homself te laat lag en om hom dan terselfdertyd sodoende te dissiplineer.

C. Isolasie.

Van die 203 hoofde is daar 147 wat een of meer van die genoemde vorms van „Isolasie" (tydlank alleen sit, uitstuur, negeer) gebruik. Daar word egter baie beperkings gemaak. Baie van die 147 keur dit af om 'n kind uit te stuur, heelparty is daarop teë om 'n kind te negeer, maar min van die 147 het daarteen beswaar gemaak om 'n kind 'n tydlank alleen te laat sit.

Baie van die 147 sê dat hulle min gebruik maak van

(1)

W. McDougall, a.w.; bls. 387 - 397.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die vorm(s) van „Isolasie" wat hulle wel goedkeur. Nogtans bewys die gegewens onder hierdie afdeling sowel as dié in Tabel 17, dat hiervan tog veel meer gebruik gemaak word as van „Grappig die Spot Dryf". Spesifieke gevalle van beperkings is die volgende: (a) Alleen in die geval van kinders wat liggaamlik of sedelik onstigtelike invloed uitoefen, en dan op baie versigtige wyse. (b) Op swartbord laat werk: dikwels. Uitwerking goed. Nie uitstuur of negeer nie. (c) Die verskillende vorms word soms gebruik vir „onhebbelike meisies", „koppigheid" of „aanstellery" by meisies waar dit uit die antwoorde duidelik is dat 'n seun in so'n geval 'n pak slae sou kry. (d) "I do not believe in ignoring. Separate seats are very occasionally necessary. Talkative girls are sometimes sent out of the class". (e) "Works in the case of sensitive child only". (f) "Pupil must not be made to feel an outcast".

Uit Tabel 18, sowel as uit hierdie afdeling ("5, C") is dit duidelik dat hoewel isolasie vir alle oortredings in aanmerking kom, dit tog veral gebruik word vir alle vorms van wangedrag binne die klaskamer, veral vir ongehoorsaamheid, verset, moedswillige onbeleefdheid.

Van die 147 hoofde is daar 106 wat die uitwerking by dié vorm van isolasie wat hulle wel gebruik, as volg vind:

| Goed | Middelmatig | Swak |
|---|---|---|
| 43 | 53 | 10 |

By die 10 wat die uitwerking „swak" vind, moet blykbaar die grootste deel van die 56 (203 - 147) gevoeg word, wat geen vorm van isolasie gebruik nie.

Niemand word oor hierdie strafmaatreël geesdriftig nie. Party van die 56 hoofde keur dit nog meer af as „Grappig die Spot Dryf".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verskeie sê dat dit meer effektief vir meisies is as vir seuns.

Die geaardheid van die kind word dikwels beklemtoon as die beslissende faktor waarvan sukses of mislukking afhang.

Party hoofde verklaar dat die uitwerking in hierdie geval daarvan afhang of die klas meewerk om die oortreder te straf (b.v. deur hom te boikot). Die publieke opinie van die klas of skool is dus 'n belangrike faktor.

Van 'n aparte sitplek kan m.i. met voordeel gebruik gemaak word, veral vir kinders wat nie genoeg aandag aan hulle werk bestee nie. Dit is selfs tot in Vorm V in party gevalle baie nodig. Kinders besef dat dit soms nodig is en verwelkom dan so'n maatreël.

Uit die kamer stuur behoort baie selde nodig te wees. Myns insiens moet die deur dan oop bly en die kind net buitekant staan en net vir 'n baie kort rukkie - miskien vir twee tot drie minute. Daarna kry hy opdrag om nou weer in te kom. (As 'n mens met nuwe of baie belangrike werk besig is, behoort 'n kind natuurlik nie uit die kamer gestuur te word nie). Dit is opvallend hoe so'n kort tydjie van isolasie 'n kind van houding laat verander. Hy kom byna altyd so terug dat hy nou sy volle aandag aan sy werk bestee.

Vir klein kinders is Montessori se metode van „isolasie" onder sekere omstandighede seker aan te beveel. Die kind neem sy speelgoed saam en sit dan in 'n hoek van die kamer waarvandaan hy kan sien hoe sy maters werk. Dit is dan vir hom 'n aanskouingsles en hy verlang gou terug na die ander kinders en word dan natuurlik dadelik weer toegelaat[1].

---

(1) M. Montessori, a.w., bls. 103 - 104.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Negeer mag vir 'n deel van 'n periode in enkele gevalle miskien goed wees. In die praktyk is dit egter onmoontlik en nadelig om lank hiermee aan te hou. Hoe gouer die normale houding tussen onderwyser en leerling herstel word, hoe beter.

D. Skoolsit.

Van die 203 hoofde is daar 146 wat van hierdie straf gebruik maak, terwyl daar van die orige 57 hoofde 41 is wat hulle definitief daarteen uitspreek. 'n Paar (16) het dus hieroor geen sienswyse uitgespreek nie.

> (Dit was veronderstel dat „skoolsit" beteken na skoolure laat werk, maar daar is 'n paar gevalle waar hoofde uitdruklik sê, dat hulle die pouse daarvoor gebruik. Laasgenoemde prosedure moet sterk afgekeur word).

Daar is baie van die 146 hoofde wat hierdie maatreël maar selde gebruik. Ook is daar baie van die 146 wat dit nie as straf beskou nie, maar as ekstra hulp wat die onderwyser aan die kind verskaf, in sommige gevalle „waar die huislike opvoeding swak is"; in ander waar die werk nie of swak gedoen is. Een hoof sê b.v. : "I do not recommend detention as punishment. Any child who conveniently can is invited to use his class-room for doing work which would otherwise be done at home".

Uit Tabel 18 en afdeling „5, D" is dit duidelik dat dit veral gebruik word vir Laatkom en Werkversuim en in 'n veel mindere mate ook vir Slordige Skrif. In Tabel 18 word hierdie strafmaatreël 242 keer genoem, waarvan 103 keer vir laatkom, 90 keer vir werkversuim, 19 keer vir slordige skrif en maar 30 keer vir al die orige oortredings saam.

Dikwels word die ouer in kennis gestel of word hy gevra om sy goedkeuring uit te druk, b.v. in gevalle waar die tyd deur die Departement toegelaat, oorskry word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die volgende is 'n paar antwoorde op die vraag: Wanneer en Hoelank? „Laat die kind liewers een dag goed skoolsit (tot laat) as elke dag 'n rukkie". (In die Transvaal word die tyd tot 15 minute beperk). - „Strafklas $1\frac{1}{2}$ uur Saterdagoggend onder toesig van 'n onderwyser". - „Ekstra lesse in die n.m. of veral op Saterdag vir swakkes in 'n vak, maar nie as skoolsit beskou nie. Dit vind ons baie doeltreffend". - „Tweemaal per week". - „As natuurlike gevolg vir oortreding (werkversuim, ens.) 30 tot 40 minute".- "For three consecutive days". (Blykbaar omdat die Departement net 15 Minute op 'n tyd toelaat).(1)

„Dit moet nuttige werk wees - nie 'reëls' nie". Hiermee stem ek volkome saam en nie met die volgende raad nie wat die teësin in werk nog gaan vererger: "Give them the kind of work they like least of all". - Met die volgende opinies stem ek saam en meen dat albei doele verenig kan word, naamlik: "It must be helpful and aim must be constructive". - "Must be arduous or it will become a farce".

Die noodsaaklikheid van behoorlike toesig word dikwels beklemtoon. Een hoof sê: "Not general detention room (failure) - but individual teachers should detain and supervise". Ek stem saam dat dit die ideaal is, maar as dit werk is wat wel binne die bereik van die leerling is en as hy dit uit pure luiheid nie gedoen het nie of omdat hy - soos een hoof dit uitdruk - aan die „lui sportdol-tipe" behoort, dan is dit m.i. net so doeltreffend as enige ander onderwyser toesig hou; dit is immers nie altyd net ekstra hulp nie, want party leerlinge in hoër skole raak heeltemal bederf daardeur om maar altyd op die ekstra hulp van die onderwyser te wil reken en verder maar lui te wees. Skoolsit is m.i. ook 'n STRAF nieteenstaande die goeie teorieë van „Geen straf", „Net altyd alles interessant maak", ens., ens. En waar kan 'n mens 'n beter voorbeeld van die „Natuurlike Straf" kry as hierdie, veral vir groter kinders?

(1) Weëns busse en treine, ens., beveel party hoofde 24 uur kennisgewing aan. Myns insiens is dit wenslik, al volg die straf dan nie onmiddellik op die oortreding nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van die 146 hoofde wat daarvan gebruik maak, het 86 gevind dat die uitwerking as volg is:

| Goed | Middelmatig | Swak |
|---|---|---|
| 36 | 46 | 4 |

By die 4 wat die uitwerking „swak" vind, moet 41 gevoeg word wat definitief daarop teë is.

Dit word deur baie beklemtoon dat die uitwerking beter is indien die kind besef dat dit in sy eie belang gebeur en net gebruik word om versuimde werk in te haal. Ander sê die sukses hang daarvan af of die ouers saamwerk.

Een hoof sê die effek hang af van die temperament van die kind. 'n Ander hoof sê egter: „Die gemiddelde kind is gewillig om hulp te ontvang, maar nie langer as 30 minute nie".

Baie beklemtoon dat dit sy effek verloor as daarvan te veel gebruik gemaak word en noem ook besware daarteen:

(a) Nadelig vir die kind se gesondheid: hy kan nie na skool konsentreer nie; baie kinders woon te ver, maak die kind te moeg.

(b) Dit gee die kind 'n wrok en afkeur - dit verbitter die kind - dit stomp die kind af. - "Makes for sullenness".

(c) Skoolsit werk gesonde huiswerk teë.

(d) Die onderwyser straf homself.

(e) Die tyd (15 minute) wat die Departement daarvoor toelaat, is te kort.

(f) "It interferes with sports".

Hierdie strafmiddel is dus nog baie algemeen in gebruik. Selfs in die Verenigde State van Amerika is dit die geval. Garinger[1] het gevind dat van alle strawwe skoolsit die meeste

---

(1) E.H. Garinger, a.w.; bl. 25.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

toegepas word in die 312 hoër skole waar hy ondersoek ingestel het. Wat betref my eie ondersoek is daar net twee strawwe wat meer gebruik word, naamlik, „Beïnvloeding deur Woorde" en „Lyfstraf", en vir meisies kom laasgenoemde nie in aanmerking nie.

Nou is dit waar dat baie van die besware in 'n mindere of meerdere mate gegrond is. Garinger noem Thorndike se beswaar, naamlik[1] "............... putting the idea of punishment, of undesirability, into closest connection with the experience of school and school work". Die kwessie van „Werk" en die idee dat werk <u>altyd</u> net aangenaam moet wees, word later bespreek. Hier wil ek net daarop wys dat ons nie uit die oog moet verloor nie dat die skool veral ook 'n voorbereiding vir die lewe is, en in die werklike lewe is daar tog werk wat ons <u>moet</u> doen al is dit ook onaangenaam. Ons hoef nie met Garinger te betreur dat daar so'n groot kloof tussen teorie en praktyk van onderwys in hierdie opsig is nie, want die teorie sal hom ook by die bevindings en eise van die praktyk aanpas. Werkgewoontes moet aangeleer word. Indien dit dus nie by die huis van die kind gedoen word nie, dan moet die skool daarvoor probeer sorg. Teneinde die kind se gesondheid nie te benadeel nie, mag 'n pouse van 35 minute voor die detensieklas ingeskuif word.

## E. <u>Strafwerk by die Huis.</u>

Daar is 170 van die 203 hoofde wat 'n definitiewe opinie daaroor uitspreek: 71 maak daarvan gebruik (party selde of met voorbehoud) en <u>99 is beslis daarop teë</u>. Die opinie van die meerderheid is dat skoolsit meer doeltreffend is as strafwerk by die huis. Volgens gegewens (Tabel 18) van Afdeling „4, A tot P" word daar meer as vyfkeer soveel gebruik gemaak van skoolsit as van

---

(1) E.H. Garinger, a.w.; bl. 25.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

strafwerk by die huis. (Die getalle is: Skoolsit: 242, strafwerk by die huis: 46).

Meestal word dit gebruik vir versuimde werk; dit sy werk wat by die huis moes gedoen gewees het of werk wat in skoolure kon gedoen gewees het. Ook word dit gebruik om slordige werk te laat oordoen. Een hoof vind dat dit meer doeltreffend is as skoolsit as dit „Korreksiewerk" genoem word.

Hoofde erken dat dit nuttige werk moet wees. Dit moet dan ook ten sterkste afgekeur word dat 'n hoof - gelukkig net een geval - dikwels prosa as strafwerk by die huis laat leer. Soms word daar 'n briefie aan die ouer gerig met die versoek om toesig te hou. Op die manier kry 'n mens soms die belangstelling van die ouers. Party hoofde sê dan ook dat die sukses van hierdie metode afhang van die ondersteuning wat die ouers gee.

Daar word meer besware teen hierdie metode ingebring as wat daar aanbevelings daarvoor is. Voorbeelde: (a) Tydverkwisting, (b) dit werk net slordigheid in die hand, (c) altyd 'n mislukking. - Gewoonlik geknoei, (d) nie onder toesig van onderwyser nie, (e) dit veroorsaak moeilikheid met die ouers, (f) gelewerde werk is al te dikwels „andermanswerk", (g) dit lok verset uit, (h) dit maak dinge nog erger, (i) dit laat kind sy belangstelling verloor, (j) kinders word van hul vrye tyd beroof, (k) leerlinge op plase moet te veel tuis werk en dan gee die werk 'n brouery af; (l) It encroaches on their time for other lessons, (m) will make for unpleasant association re school, (n) does not involve the same curtailment of liberty as detention.

Dit ly geen twyfel dat volgens die opinie van die groot meerderheid skoolsit doeltreffender is as strafwerk by die huis. Dit is veral waar wat betref die laer skool, maar ook wat betref die hoër skool. Die groot faktor is die toesig van die

onderwyser en sy hulp . Dit strek die personeel van 'n skool seker tot eer as hulle verkies om van skoolsit gebruik te maak, want dit beteken dikwels 'n groot opoffering van die onderwyser. Vir sekere kinders b.v. groter meisies in middelbare klasse, is strafwerk by die huis dikwels baie doeltreffend, want hulle doen hul werk netjies en sal sorg dat 'n herhaling van die straf nie gou weer nodig is nie. Vir seuns is skoolsit m.i. in die meeste gevalle doeltreffender.

### F. Ander Soorte van Straf of Strafwerk.

Die doel van hierdie vraag was om uit te vind of daar ander soorte van strafwerk (nie skriftelike) in party skole toegepas word. Maar daar is ook ander soorte van straf onder hierdie afdeling opgenoem, sodat ek die antwoorde onder twee afdelings gegroepeer het, naamlik I. Straf; II. Strafwerk.

Ander soorte van Straf.

(a) „Vervanging van interessante periode (b.v. Algemene Kennis) deur iets meer sieldodend".

(b) „Onthou lofpraat by ouers, maar kind moet bewus word dat van ander kinders met lof by hulle ouers gespreek word". - "Putting to shame before the parents".

(c) "Deprivation of enjoyment through home mediation".

(d) "The carrying of a report for a few days or a week. Each subject teacher ~~daily~~ makes comment on this report".

(e) "Order marks".

(f) "Temporary suspension from 'House'". - "Taking pupil (especially girl) out of the group and placing in another group". - "The removal of the child to another class of the same standard under another teacher is frequently effective".

Volgens Garinger[1] is laasgenoemde prosedure onder (f) iets waarvan daar dikwels gebruik gemaak word in hoër skole in die Verenigde State van Amerika. Daar kan dit natuurlik maklik gedoen word, want daar word groot hoër skole aangetref, selfs met meer as 2,000 kinders.[2]

---

(1) E.H. Garinger, a.w.; bl. 37.

(2) E.H. Garinger, a.w.; bl. 6.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In sulke skole is daar baie klasgroepe van dieselfde „standerd", soms met gedifferensieerde leerplan, om by verskillende kinders aan te pas. In sover so'n prosedure in Suid-Afrika moontlik is, is dit seker aan te beveel.

Ander soorte van Strafwerk.

(a) Vloere laat skrop waar ink gemors is.- Gebreekte ruite laat verwyder en nuwes laat insit. - Herstellingswerk aan beskadigde banke, ens., moet eie-handig verrig word.

(b) „Tuinwerk, gras-sny, skoffel, ens. - seuns".

(c) „Die hele werf se papiere, ens.,laat optel as hy gevang word daarop te mors". - "An 'order squad' to clean up school grounds etc."

(d) „Om in die handwerksentrum nuttige dinge vir die skool of lokaal te help maak. (Uitwerking: middelmatig)".

(e) "Sewing buttonholes - for girls".

(f) „Saaldra". (Jammer, maar besonderhede is nie aan my verskaf nie).

(g) "At a co-ed. school I gave 20 selected girls an hour and a quarter physical jerks. Once was enough."

(h) „Seuns wat klippe rondgooi in die speelgrond, moet 'n week lank elke oggend 'n klippie na my kantoor bring".

(i) "For slovenliness school duties are assigned which require regularity and order".

Strafwerk in die Algemeen.

Die eerste vyf soorte van strafwerk opgenoem, sal soos reeds in vorige hoofstukke aangedui, nuttig wees mits daar 'n verband bestaan tussen die ondeug of versuim en die strafwerk.

Natuurlik is daar 'n rede waarom sulke strawwe (a tot e) deur so min hoofde gebruik word. Daar is by baie ouers nog die ou vooroordeel teen handearbeid en die onderwyser wat 'n straf soos (b) toepas, stel hom bloot aan ernstige kritiek. Dat tenminste een nogtans die moed het strek hom seer seker tot eer. Dit het betrekking op 'n Afrikaansmedium sekondêre skool in Natal. Natuurlik is dit soms moeilik om aan sulke strawwe uitvoering te gee, veral in dagskole. Maar wat van koshuise? Waarom nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tenminste daar meer gebruik daarvan maak nie? Dit kan selfs orals 'n reël gemaak word dat sulke werk nie net as straf nie, maar ook as plig verwag word, b.v. om in die tuin te skoffel, water te lei, ens., - natuurlik mits die verantwoordelike onderwyser ook sy hande uit die moue steek. Uit eie ervaring (as huisvader) weet ek dat seuns maar te gretig is om self iets in die rigting te doen as hulle net die regte leiding kry. Ek dink terug aan die tyd toe 'n ander huisvader en ek in 'n plattelandse dorp al die beskikbare grawe en pikke van die munisipaliteit geleen het, waens by die ouers gekry en saam met al die koshuisseuns groot vragte mierhope afgekap en aangery het vir tennisbane. Ons het as huisvaders met pik en graaf saamgewerk met die seuns en almal het dit baie geniet. Toe ek (byna 20 jaar gelede) tydelik onderwyser by 'n verbeteringsgestig was, het ek eenkeer my kamer as straf deur 'n paar seuns laat skrop. Maar hulle het dit graag gedoen en het later met trots kom vra of dit nou goed was. Ek noem hierdie voorbeelde om te bewys dat die ou vooroordeel verdwyn as daar op die regte manier tewerk gegaan word.

Verskeie hoofde het egter geantwoord dat daar nie so-iets as opvoedkundige strafwerk bestaan nie, dat straf nooit met werk assosieer mag word nie, ens. Een antwoord lui: „Werk moet veredel. As werk onder dwang gedoen word, skep dit 'n hekel in daardie soort werk, en is dit onopvoedkundig. Ek glo m.a.w. nie aan so-iets as opvoedkundige strafwerk nie". Selfs prof. Willemse is hierdie standpunt toegedaan.[1] Hy voer ook aan dat daar tussen ernstige konstruktiewe spel en die regte soort lewensarbeid waarin 'n mens werklik verdiep raak, 'n noue verband bestaan. Net soos Thorndike en Wexberg is hy bevrees dat werk (wat in werklikheid die uiting moet wees van die drang om „self iets reg te kry") beskou sal word as straf vir sondes en slaafs ongeinteresseerd verrig sal word.

---

(1) „The Road to the Reformatory", bls. 22, 67 en 85.

Ek hou vol dat daar seer seker so-iets as opvoedkundige strafwerk bestaan. Natuurlik behoort sulke werk produktief en waar moontlik, konstruktief, te wees en is sulke metodes af te keur wat vroeër in gevangenisse baie gebruik is, naamlik om misdadigers te verplig om 'n groot hoop sand of klippe van een plek na 'n ander te laat dra - en dan weer terug, ens.

Die sukses van die strafwerk sal ook nie net daarvan afhang of die werk vir die maatskappy nuttig is of nie, maar wel of die opvoeder daarin slaag om die regte gesindheid te kweek, dat hy sy werk „gewillig" as 'n boetedoening doen, dat hy dit as 'n offer bring vir gedane kwaad. (Ek verwys na Hoofstuk I, bl. ..10......).

Wat betref strafwerk No. (f), (Saaldra) is dit onproduktief, maar m.i. as militêre straf veel beter as lyfstraf. Vir my altans kom dit geheel en al onvanpas voor om 'n kadet in uniform, 'n soldaat in wording, te laat buk vir 'n pak slae, vir 'n dissiplinêre oortreding as kadet. Die soldaat moet gerespekteer word: Lyfstraf behoort m.i. liewers deur saaldra vervang te word, net soos ophang deur doodskiet vervang word. Saaldra is buitendien 'n straf wat deur militêre Boere-tradisie geregverdig is. Vir diegene wat teen die hele idee van strafwerk is, sal so-iets soos saaldra beter voorkom as b.v. stukke leer uit Milton se "Paradise Lost", want die leerling sien saaldra nie as „werk" aan nie en in sy latere lewenswerk kan min met „saaldra" vereenselwig word.

Straf No. (g) mag onder omstandighede goed wees, maar die tyd ($1\frac{1}{4}$ uur) is ongetwyfeld te lank, veral vir meisies! Strawwe (h) en (i) mag ook goeie resultate afwerp: dit hang af van die geaardheid van die kind.

## G. Tydelike Skorsing en Permanente Verwydering.

Die antwoorde in verband met hierdie afdeling maak melding van die volgende gevalle van skorsing of verwydering (Tabel 20 :

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tabel 20.

| | Na ander inrigtings gestuur | Tydelik geskors | Permanent verwyder | Tesame |
|---|---|---|---|---|
| Seuns | 6 | 35 | 67 | 108 |
| Meisies | 3 | 9 | 32 | 44 |
| Kinders (seuns? of meisies?) | - | 2 | 11 | 13 |
| | 9 | 46 | 110 | 165 |

Dit blyk dat die aantal seuns wat geskors of verwyder word, byna 2½ keer so groot as die aantal meisies is en dat die aantal kinders wat verwyder of weggestuur word (119), meer as 2½ keer so groot is as die aantal wat geskors is (46).

Alhoewel hoofde melding maak van 165 kinders wat geskors of verwyder is, het hulle maar vir 122 kinders die redes vir skorsing of verwydering genoem. Ek het die redes in Tabel 21 geklassifiseer. Dit sal opgemerk word dat daar in die tabel 'n totaal van 135 redes voorkom vir die skorsing of verwydering van 122 leerlinge. In sommige gevalle is daar meer as een rede genoem:

Skorsing: verset en oneerlikheid .... 1 seun
inbraak en diefstal ........ 1 seun

Verwydering: seksuele vergrype en swaksinnigheid ........... 2 seuns
diefstal en ekshibisionisme 1 seun
inbraak en diefstal ....... 1 seun
drink, seksuele misstappe, vuiltaal in teenwoordigheid van meisies ................ 2 seuns
seksuele vergrype, minderwaardig, (onhebbelik stout, vieslik, onsedelike suggestie) ... 1 meisie
vuiltaal, seksuele vergryp, kinders gedreig met mes ........... 1 meisie

Daar is egter agt van die 122 gevalle waar verwydering toe te skrywe is aan baie redes, wat ek nie almal in die tabel opgenoem het nie, omdat dit aan die oorsigtelikheid daarvan afbreuk sou gedoen het. Ek gee die ses gevalle hier en onderstreep die hoofredes wat wel in die tabel opgeneem is:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(a) 2 seuns verwyder weens: opstokery, diefstal, leuens, parmantigheid;

(b) 2 seuns verwyder weens: moedswillige verset, herhaalde ongehoorsaamheid, vloek, rook, leuens-vertel, luiheid;

(c) 1 seun verwyder weens: stokkiesdraai, wangedrag en opsetlike verleiding van maters;

(d) 1 meisie verwyder weens: diefstal, parmantigheid, slegte sedelike invloed op ander meisies;

(e) 1 meisie verwyder weens: onsedelike briefies, gedurige werkversuim, slordigheid;

(f) 1 meisie verwyder weens: uitdagende moedswillige versuim en verset ; het troukompleks gehad.

In een van die 122 gevalle is 'n seun met „vuil karakter" „op aandrang van ouers met goeie gevolg" geskors.

Die aanwesigheid van verskillende redes vir so'n ernstige strafmaatreël is heel belangrik. Dit, saam met die feit dat geslagtelike vergrype en oneerlikheid dikwels redes is, bewys dat daar slegs in uiterste of ernstige gevalle die toevlug tot skorsing of verwydering geneem word. Maar dit is ook nog 'n aanduiding dat by ernstige gedragsmoeilikhede die situasie meestal gekompliseerd is: verskillende ondeugde doen hulle in dieselfde persoon voor. Ons kan ons dit so voorstel dat die verwaarlosing of wanaanpassing reeds ver gevorder het en net soos 'n liggaamlike kwaal reeds etlike simptome gelyktydig vertoon.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Tabel 21.**

| Redes vir Skorsing of Verwydering | Aantal kere genoem vir seuns Sk. | seuns Verw. | meisies Sk. | meisies Verw. | seuns? of meisies? |
|---|---|---|---|---|---|
| **Dissipline:** | | | | | |
| Verset teen onderwyser(es) | 8 | 2 | 0 | 1 | |
| Brutaliteit " " | 1 | 0 | 0 | 0 | |
| Gekskeer met " | 0 | 0 | 3 | 0 | |
| Humeur en onbeheerbaar | 0 | 1 | 1 | 1 | |
| Medeleerling met mes dreig | 0 | 0 | 0 | 1 | |
| Kan nie met groep saamwerk nie | 0 | 3 | 0 | 0 | |
| Drink | 0 | 2 | 0 | 0 | |
| Oortree wette buite skool | 0 | 3 | 0 | 0 | |
| Afwesigheid sonder rede | 12 | 0 | 0 | 0 | |
| Stokkiesdraai | 0 | 1 | 0 | 0 | |
| Koshuisreël verontagsaam | 0 | 4 | 0 | 4 | |
| | 37 | | 11 | | - |
| **Seksuele Vergrype:** | | | | | |
| Ekshibisionisme | - | 1 | - | - | - |
| Onsedelike praatjies of briefies | 1 | 4 | 1 | 5 | 1 Ver. |
| Vuil of bedorwe karakter | 4 | 1 | - | 2 | - |
| Ernstige belediging van dogter | - | 1 | - | - | - |
| Onsedelikheid, seksuele omgang | 0 | 11 | - | 15 | 1 Ver. |
| | 23 | | 23 | | 2 |
| **Vorme van Oneerlikheid:** | | | | | |
| Algemene oneerlikheid | 1 | 3 | | | - |
| Diefstal | 1 | 18 | - | 2 | - |
| Inbraak | 1 | 5 | | | - |
| **Swaksinnigheid:** | - | 5 | - | 1 | 2 Verw. |
| | 34 | | 3 | | 2 |
| Groottotaal (135): | 94 | | 37 | | 4 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daar is betreklik min hoofde wat hulle oor die gevolge van tydelike skorsing of permanente verwydering uitspreek. In die geval waar 'n seun weens „buitengewone brutaliteit teen onderwyser" vir een maand geskors is, het dit „'n baie goeie uitwerking" gehad. In die geval van 'n ander seun „vir 'n week geskors, omdat hy eenvoudig nie wou werk nie", het dit ook „'n baie goeie uitwerking" gehad. Een hoof sê, skorsing is effektief, want dit dwing die ouer om saam te werk.

Verwydering word in die meeste gevalle toegepas as 'n beskermmiddel, in die belang van die skool as 'n geheel. Hoofde verklaar oor die algemeen dat verwydering (en selfs skorsing) in die meeste gevalle 'n goeie uitwerking op die agterblywende deel van die skool gehad het. In een geval waar 'n meisie verwyder is weens „onsedelike taal op muur van gemakhuis", sê die hoof: „Vir jare was daar geen herhaling". Die hoof van 'n hoër skool dink 'n mens moet die reg hê om verwydering aan te beveel in geval van swak karakters met kriminele aanleg en anti-sosiale neigings. Hy voeg by:

> „Ek wil selfs beweer dat, as toegang tot 'n skool nie beperk is tot 'n sekere klas of tipe nie, dit in die belang van die skool is dat die hoof probeer om minstens eenkeer elke 4 jaar (ek praat van hoër skole) 'n swakkeling te skors".

Ek kan hierdie hoof se sienswyse in dié sin verstaan, dat die hoër skool kinders te gemaklik opneem: die onderwys is „vry", ouers en ander persone dring by 'n kind van enige aanleg aan „om verder te leer"; promosie van die laer- tot die hoër skool word ook nie meer so streng getoets nie. Maar is verwydering uit die hoër skool (of uit die voortsettingskool) nou die gewenste middel om hierdie euwel te bestry? Kan dit nie op 'n ander manier geskied nie, naamlik deurdat die verkeerde elemente betyds gekeer word om met akademiese vakke aan te gaan? Ongetwyfeld word daar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

elke jaar sekere tipes in Vorm II (Std. VII) van die hoër skool aangetref, van wie 'n mens binne die eerste twee kwartale of vroeër al definitief kan bepaal, dat hulle geen voordeel uit die hoër skool-kursus kan trek nie. Intelligensietoetse wat begin 1939 aan 'n sekere hoër skool in die Transvaal geneem is, het bevestig dat die I.K. van 'n aansienlike persentasie van sulke kinders so laag is dat daar geen sprake van kan wees dat hulle ooit die junior-skoolsertifikaat (Std. VIII) kan verkry nie. Sulke kinders is geheel en al misplaas in 'n gewone hoër skool en behoort betyds oorgeplaas te word dat hulle tegniese onderwys kan ontvang of 'n ambag leer, ens. Ongelukkig is dit egter so dat baie ouers die hoër skool-kursus vir hulle kinders verkies, omdat hulle vir tegniese onderwys moet betaal. Hierdie kinders werk remmend op die skoolwerk ook van ander en nadelig op die gees van die klas. Skorsing en verwydering is egter te drasties en vernederend. Veel liewer moet die skoolhoof oortuigend met die ouers praat om die kind 'n ander koers te laat kies. Om 'n swakkeling te skors sou die ander 'n bietjie bangmaak en aanspoor om te leer, maar dit kan nie die intelligensie van die ander onpaslikes verbeter nie.

Hoofde het dan ook die volgende besware geopper: (a) Dit is te drasties. (b) Dit bederf die kind se loopbaan. In een geval waar 'n dogter op aandrang van die skoolkommissie verwyder is, sê die hoof: „Die lewe van die kind is geruïneer". (c) Dit los die kwessie vir die kind nie op nie. (d) Een hoof sê: "I have not used this or recommended it. Personally I regard it as an indication of my own inefficiency". En tog moet dieselfde hoof erken: "In one case which came under my notice a 3 days' exclusion was effective against insubordination". (e) Dit is sleg vir die nuwe skool, waarheen die verwyderde leerling gaan. Een hoof sê dan ook dat permanente verwydering gewens is vir ernstige vergrype, <u>mits</u> die kind nie na die eerste die beste skool kan gaan nie. (f) "Expulsion is a stigma never obliterated. Expulsion tends to awaken criminal tendencies in a child". - 'n Ander

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hoof sê: "No child should ever be expelled from a school. It is my impression that that form of punishment is a short cut to crime". 'n Derde sê: "Utterly opposed to this. Results too far reaching and dangerous".

Uit twee antwoorde blyk dit dat onervare hoofde soms te gou van hierdie maatreël gebruik maak. Een van hulle wat 'n meisie vir „lieg en steel" verwyder het, sê - blykbaar as 'n soort apologie - dat dit gebeur het toe hy nog jonk was en dat dit niks gehelp het nie. Die ander wat 'n seun weens "filthy behaviour" geskors het, sê hy het dit gedoen, "while I was rather new to my job". (Die uitwerking in laasgenoemde geval was "very effective").

## Slotbevindings.

Skorsing en verwydering is drastiese strafmaatreëls en behoort selde in werking te tree. Albei is egter in uiterste gevalle onmisbare strafmaatreëls. Selfs baie suksesvolle hoofde het dit gevind. Ander hoofde wat dit totaal afkeur, het miskien nog nie met werklik misdadige kinders van 'n erge graad te doen gehad nie. Skorsing en verwydering is bo alles beskermingsmaatreëls vir die skool as 'n geheel. Dit wil egter nie sê nie dat 'n hoof dit hoofsaaklik mag gebruik om die agterblywendes aan te wakker nie, want ons kan dit beswaarlik regverdig dat een in dié mate ly om die ander daardeur af te skrik. Nogtans kan dit nie ontken word nie dat - in geval van ernstige oortredings - verwydering van die oortreder as toevallig gevolg sal hê dat die agterblywendes tog afgeskrik word. Gevalle het ook onder my aandag gekom waar die hoof aan die hele skool duidelik gemaak het dat die herhaling van 'n sekere oortreding verwydering as gevolg kan hê, en dit is opvallend hoe die neergelegde norme van 'n skool dan onmiddellik aanvaar word, veral as daar die regte tipe van prefek is wat navolgenswaardige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voorbeelde gee. Die hele kwessie van afskrik is egter reeds in Hoofstuk I behandel. Dit is altyd beter, indien moontlik, om die ouer te beweeg om sy kind „vrywillig" uit die skool te neem, dan bly die stigma van gedwonge verwydering nie by die kind nie. Vrywillige verplasing van 'n leerling kan soms 'n groot seën vir hom beteken[1]. Hy kry 'n kans om sy lewe feitlik opnuut te begin, en word soms op die manier verwyder van die verderflike invloed van slegte maters. Om op dié manier 'n bende ("gang") op te breek, is dikwels die beste oplossing. Garinger sê dat sekere skole in die Verenigde State van Amerika soms moeilike kinders eenvoudig oorplaas na 'n ander skool. Hy verbaas hom egter dat dit nie meer dikwels gedoen word nie. Hy sê[2]:

> "The transfer of pupils from one school to another often provides a new environment that is conducive to the building of new and better habits and attitudes.... ....... A transfer is better than a withdrawal from school".

In alle geval is dit 'n feit dat vrywillige oorplasing van 'n leerling en in uiterste gevalle gedwonge verwydering, daartoe kan bydra om die toediening van lyfstraf tot 'n minimum te reduseer. 'n Treffende voorbeeld hiervan het ons in die beleid van dr. Thomas Arnold van Rugby, wat 'n groot hervormer was op opvoedkundig gebied. Herhaaldelik beklemtoon hy die noodsaaklikheid om elemente wat geen voordeel uit die skool se leerplan kan trek nie of wat hulle nie by die skool se norme kan aanpas nie, dit sy "in der minne" of met geweld, uit die skool te verwyder. Hy het dan ook vrylik gebruik gemaak van hierdie maatreël, as die omstandighede dit vereis het, met die gevolg dat dit moontlik was om die roekelose massale toediening van lyfstraf wat so'n kenmerk was van baie van sy tydgenote op Rugby-skool tot 'n betreklike minimum ("minimum" vir sy tyd altans) te reduseer.[3]

---

(1) Bryan: "The Troublesome Boy", bls. 21 - 22.

(2) E.H. Garinger, a.w.; bl. 38.

(3) Dr. H. Gutsche: "Thomas Arnold als Reformator des höheren englischen Schulwesens im 19. Jahrhundert", 1914, bls. 59 - 61, 97, 138 - 138, 146, 150.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Selfs iemand soos Allen[1] wat glad nie 'n voorstander van straf is nie, beveel as ultima ratio aan dat 'n moeilike seun na 'n ander klas moet verplaas word, of anders moet die onderwyser maar padgee, meen Allen[2]! Maar wie gaan dan skoolhou as al die meesters wegloop?

## H. Ontneem van Voorregte.

Van die 203 hoofde is daar 106 wat hiervan gebruik maak. Party is geesdriftig daaroor en sê hulle doen dit dikwels. Dit sal egter opgemerk word dat hierdie strafmaatreël maar 29 keer genoem voor in Tabel 18, d.w.s.vir al daardie oortredings. Ons moet dus die gevolgtrekking maak dat baie van die 106 hoofde maar baie selde hiervan gebruik maak.

Die volgende voorregte word genoem:

(1) Speletjies, sport, verteenwoordiging van die skool in spanne, ens. (Daar is 60 hoofde wat dit noem).

(2) Werkies vir die onderwyser doen (monitor-werkies), b.v. uitdeel van boeke, potlode, ens. (25 hoofde noem dit).

(3) Prefekte verloor hul status. (8 Noem dit).

(4) Speeltyd of deel daarvan wegneem. (6 Noem dit). Opmerking: Speeltyd (pouse) is geen voorreg, maar 'n REG en 'n NOODSAAKLIKHEID vir die kind. Dit mag onder geen omstandighede weggeneem word nie!

(5) Biblioteek-voorregte. (5 Noem dit).

(6) Deelname aan Uitstappies en Pieknieks. (5 Noem dit).

(7) Deelname aan die Funksies van die skool. Genoem word: Konserte, dramatiseer, koorwerk, dans. (Een of ander funksie deur 7 hoofde genoem).

(8) Vryheidsinkorting. Genoem word: Vryheid om sy eie werk te kies, vryheid om sy eie sitplek in klas te kies, vryheid om die klaskamer te verlaat sonder om eers om verlof te vra, vryheid om gedurende die pouse huistoe te gaan om tee te drink (die vryheid word ontneem as hy laat terugkom). "Freedom is suspended: Report to the head every morning before school and immediately after school each day. This works excellently with thoughtless children". (Altesame noem 6 hoofde een of ander vorm van vryheidsinkorting, waar die vryheid as 'n voorreg beskou word).

---

(1) Allen, a.w.; bl. 51.

(2) Allen, a.w.; bl. 129.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(9) Ontneem van agting of goedwilligheid ("good will") van onderwyser. (3 Noem dit).

(10) Die reg om te dien as bestuurslid van een of ander skoolvereniging of klub. (2 Noem dit).

(11) Lees of luister vir plesier. Eintlik word genoem: lees in tydskrifte, stil-lees, om nie te mag luister (ander werk te moet doen) as die onderwyser uit 'n mooi boek voorlees. (3 Hoofde noem een of ander vorm hiervan).

(12) Deelname aan 'n aangename vak, b.v. handwerk, of aan gesamentlike klaswerk. (2 Noem dit).

(13) Dra van skoolkleure. (2 Noem dit).

(14) „Verplasing na 'n laer groep (dieselfde klas). Klassifikasie is gebaseer gedeeltelik op sosiale gesindheid". (1 Hoof noem dit).

(15) Die voorreg om in die skooltuin te mag werk. (1 Hoof noem dit)

(16) Om aan die end van die verblyf op skool 'n getuigskrif te ontvang. (1 Hoof noem dit).

(17) Bywoning van rolprent-projektor-vertonings. (1 Hoof noem dit).

(18) Die voorreg om vroeër te mag huis-toe gaan. ("Those who win attendance shield for week go home earlier").

Opmerking: Laasgenoemde kom my meer soos 'n beloning as 'n voorreg voor. Om pryse en belonings toe te ken is altyd maar 'n twyfelagtige prosedure, veral as dit genoemde vorm aanneem. Die toekenning van 'n skild of beker is tog al genoeg! Maar waarom moet doodgewone pligsvervulling, d.w.s. skooltoe kom as mens gesond is, nou eintlik beloon word?

Daar is buitendien nog gevalle waar hoofde melding maak van voorregte wat van kosgangers ontneem word, t.w.:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(1) Om bioskoop toe te mag gaan.
(2) Om besoeke te mag aflê.
(3) Om vir die naweek huistoe te mag gaan.
(4) In die geval van meisies: om besoekers of gaste te mag ontvang.
(5) Om Saterdae vry te wees.

Die ondeugde waarvoor die voorregte van die kind ontneem word, is meestal „Ongehoorsaamheid"of Verset" en „Werkversuim".

Oor die uitwerking van hierdie strafmiddel het 71 hoofde hulle definitief as volg uitgelaat:

| Goed | Middelmatig | Swak |
|---|---|---|
| 45 | 22 | 4 |

Onder die 45 „Goed" is ook 'n paar inbegrepe wat die uitwerking „Uitstekend" vind. By die 4 wat die uitwerking „Swak" vind, moet waarskynlik die grootste deel van die 97 (203 - 106) hoofde gevoeg word wat blykbaar nooit van hierdie strafmiddel gebruik maak nie.

Dit skyn of dit veral in die geval van kleiner kinders 'n goeie uitwerking het. Die hoof van 'n junior skool sê:

> "This is the only form of punishment I approve of. If A has been troublesome, let B water A's tree for a week. It does not fail and leaves no smart".

Van die 14 hoofde van junior skole het nie een hom definitief daarteen uitgespreek nie, en maak minstens nege daarvan gebruik.

In die geval van groter kinders hang die uitwerking meer af van die geaardheid van die kind. In alle geval lyk dit asof die uitwerking alleen dan goed is, as daar nie te lank met die straf aangehou word nie.

Oor ongunstige uitwerkinge van die straf sê hoofde die volgende:

> Dit veroorsaak 'n minderwaardigheidsgevoel. Dit laat die kind opstandig voel, en kan 'n wrok by die kind laat ontstaan. In die geval van meisies (in koshuise) wat nie toegelaat word om uit te gaan nie, sê die hoof: "For one day - reasonably effective. - For a period - usually makes girl rebellious". Daar is gevaar dat daar te ver gegaan word: „Sorg daarna dat daar weer 'n gees

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van toenadering kom". As daarmee lank aangehou word (b.v. ontneem van sportgeleentheid) kan dit verlies van belangstelling veroorsaak. Party seuns is nie juis gretig om aan sport deel te neem nie. Op hulle is die uitwerking dus swak as hierdie voorreg ontneem word. Ook by geharde oortreders is die uitwerking onbevredigend.

Party van die besware wat teen hierdie strafmaatreël geopper word, is van 'n ernstige aard. 'n Kind se regverdigheidsgevoel kan maklik gekrenk word. Dit is opvallend dat 106 van die 203 hoofde dit teoreties as 'n strafvorm goedkeur, maar dat hulle dit in die praktyk baie min gebruik. Soos reeds gesê, kom dit net 29 keer in Tabel 18 voor. Dit is duidelik dat dit 'n strafmiddel is, wat hoegenaamd nie onvoorwaardelik aanbeveel kan word nie.

Myns insiens is een ernstige beswaar, dat die kind nie altyd die verband tussen oortreding en strafvorm kan sien nie. Soms is die verband goed, b.v. werkversuim en dan as straf: werk in plaas van speel, maar as die oortreding b.v. leuens vertel is, en die straf is: nie deelname aan 'n uitstappie nie, dan is daar geen duidelike verband en sal die kind makliker 'n wrok kry.

Buitendien het ek reeds daarop gewys dat hoofde dit aanbeveel om soms 'n voorreg aan 'n oortreder te gee, b.v. in die vorm van 'n bietjie verantwoordelikheid. Voorregte gee is dikwels beter as voorregte ontneem.

Op grond van die verklarings van hoofde maak ek die volgende aanbevelings in verband met hierdie strafmiddel:

(1) By kleiner kinders mag dit met voordeel gebruik word, maar wat betref groter kinders moet hulle geaardheid en die omstandighede veel meer in aanmerking geneem word.

(2) Hierdie straf moet selde toegepas word.

(3) Die opvoeder behoort nie lank met hierdie straf aan te hou nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(4) Dieselfde kind moet nie gou weer op hierdie manier gestraf word nie.

(5) Sover moontlik moet daar verband tussen straf en oortreding wees. Die opvoeder mag die straf nie willekeurig kies nie.

(6) ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE MAG DAAR REGTE VAN DIE KIND ONTNEEM WORD NIE: b.v., die kind het reg op die pouse, hy het reg op bywoning van al die vakke, b.v. handearbeid, ens. Geredelik moet egter toegestaan word dat dit van enkele van die 18 opgenoemde „voorregte" moeilik is om te bepaal of hulle regte of voorregte is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## HOOFSTUK VII

### Lyfstraf.

(a) Op welke ouderdomme vind u lyfstraf die beste? En waarom?

Volgens die oordeel van die 93 hoofde wat hulle hieroor definitief uitgespreek het, is die uitwerking van lyfstraf by seuns die beste tussen die ouderdomme 9 jaar en 13 jaar. (Die juiste syfers is 9.19 jaar en 13.006 jaar).

Hoe is hierdie resultaat verkry? Meeste van die 93 hoofde het in hulle antwoorde twee ouderdomme genoem, b.v. tussen 10 jaar en 14 jaar of van 8 jaar tot 12 jaar. Die gemiddelde minimum is die rekenkundige gemiddelde van al die minimums en die maksimum is op dieselfde wyse verkry.

Daar was egter ook ander antwoorde op die vraag: Heel party hoofde het hulle geheel en al teen lyfstraf verklaar en dus geen ouderdomme genoem nie. 'n Paar het vroeë lewensjare as die minimum genoem, b.v. "Early years - to create habit". - "Van 2 tot 5 jaar - om gehoorsaamheid te leer".- "Not after three years". Daar was ook baie hoofde wat die opinie uitgespreek het dat lyfstraf nie meer so effektief is nie, as dit toegedien word na die puberteitsjare reeds begin het.

As lyfstraf vir jong kinders goedgekeur word, dan beteken dit nie dat hoofde 'n drastiese aard daarvan aanbeveel nie. B.v. die hoof van 'n junior skool sê: "Not used with junior school to Std. 1. Only a hand slap or seldom small cane on the hand very very seldom up to 10 years". 'n Vaderlike hoof (ouderdom 57, ouer van 9 kinders) sê: "

> „Gee hom 'n paar plakke met 'n plankie oor die boude. Dit kan die kind nie beseer nie. Neem hom oor jou skoot. Dit lyk meer ouerlik. 'n Moeder met haar liefde en die gestrengheid met die platskoen en die kind oor haar skoot, voer meer uit om karakter te bou as die vader met die riem of die lat".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Redes vir Minimum 9 Jaar of Jonger.

1. Dit help om goeie gewoontes te vorm by klein kinders.
2. As 'n kind jonk is, onderwerp hy hom makliker. Die kind is nog buigsamer.
3. Dit maak 'n blywende indruk op hom.
4. Op skool skrik baie kinders wat jonger as 9 jaar is te veel as lyfstraf aan hulle toegedien word. „By klein kindertjies word 'n geweldige emosionele storm verwek, met moontlik blywende nadelige gevolge (vrees)". (Verskeie hoofde sê min of meer dieselfde).
5. Leerlinge onder die ouderdom kan in die skool gewoonlik sonder lyfstraf beïnvloed word, al sou die eie mense tuis dit van kleinsaf matig moet toepas. 'n Nederlandse spreekwoord sê: "Vreemde ogen dwingen het best".

Redes vir Maksimum 13 jaar.

1. „Dit kan na die ouderdom moontlik onversoenbare haat of wrok opwek". - „Daarna maak dit die kind koppig, veroorsaak verhardheid en opstandigheid". - „Lei daarna dikwels tot verset".- "Older boys become imbued with a spirit of revenge and become sullen if c.p. is practised too much".- "Older ones resentful and in such cases not reformative, although it may appear to be so". "Pupils do not yet consider themselves martyrs as is often the case with those of more advanced years".
2. „Daarna moet kind sy pligsgevoel (en sy verstand gebruik").- „Daarna meer op selfrespek hamer". -„By ouer kinders op gemoed werk, want meer eergevoelig". - „Die gemoedslewe by groteres word deur lyfstraf nadelig beïnvloed".
3. „Hierna doen lyfstraf in die meeste gevalle meer kwaad as goed - word daarna beskou as vernedering - grief". - „Daarna voel seun te veel gekrenk in sy persoonlikheid". - "Too

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

humiliating". - "Older boys usually consider it an indignity or else they are indifferent to such treatment."

4. „Te gevaarlik na puberteitsleeftyd". - „Daarna gevoel kind hom al 'n man en dit krenk sy eer". - "The adolescent never appreciates c.p. It is positively dangerous in his case".

5. „Vir ouer kinders is ander metodes beter".

Die volgende samevatting van wyle mev. M.E. Theron[1] gee 'n goeie beeld van moderne opvattinge:

> „Myers, Adler, Thom en Blanton glo dat daar in uitsonderlike gevalle wel voordele aan verbonde is vir die kind wat nog geen redeneervermoë besit nie. Dit gee hom 'n besef van 'n besliste optrede, en beskerm hom teen gedurige geraas en verwyt, wat vir die meeste kinders baie onaangenamer is as liggaamlike straf. Die skrywers is dit daaroor eens dat daarvan baie karige gebruik gemaak moet word, en uitsluitend vir die voorskoolse kind".

Ons moet saamstem dat lyfstraf baie spaarsaamlik gebruik by die jong kind meer effektief is as nadat die puberteit met sy moeilikhede en sensitiwiteit 'n aanvang geneem het. Maar tussen 9 en 13 jaar skyn dit op skool en tuis tog by sekere kinders nie kwaad te doen nie as die roede in sekere gevalle op die agtergrond bly dreig. Hall sê o.a. die volgende[2] oor lyfstraf:

> "...... there is much to be said in favour of it for certain offences among boys in the early teens and younger. Dermal pain is far from being the pitiful evil that sentimental and neurasthenic adults regard it, and to flog wisely should not become a lost art, whether with criminals or in normal families, although, of course, other very different influences should supplement it".

Dit het m.i. ongetwyfeld sy voordele, maar na die puberteitsjare behoort dit heeltemal die uitsondering te wees. In hierdie verband sê Allen[3] die volgende:

> "No form of physical punishment should be meted out to a boy or girl during the adolescent period. Physical shock produces mental shock, and any physical shock received during this delicate age in a child brings with it repercussions that resound throughout the rest of the child's life".

---

(1) M.E. Theron: „Die Suigeling en die Voorskoolse Kind", 1936, bl. 163.

(2) G. Stanley Hall: "Adolescence", 1921, Deel I, bl. 402.

(3) A.B. Allen, a.w.; bl. 39.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aan die departementele regulasie wat vereis dat daar van alle gevalle van toediening van lyfstraf verslag moet gehou word, behoort m.i. baie sorgvuldige uitvoering gegee te word en hierdie informasie behoort deur die verskillende departemente elke jaar statisties verwerk te word sodat daar kan gesien word hoeveel lyfstraf op die verskillende ouderdomme toegedien is, ens. So'n prosedure is m.i. eerder aan te beveel as om lyfstraf na 'n sekere ouderdom te belet, want teen laasgenoemde reëling sou daar uit 'n praktiese oogpunt beskou, baie besware kan gemaak word. Om 'n ouderdomsgrens deur regulasie te bepaal, sal meer moeilikhede in die hand werk as die teenswoordige stelsel of as gehele afskaffing. 'n Departementele handleiding behoort lyfstraf na 'n sekere ouderdom egter af te raai, maar nie te belet nie.

(b) Is volgens u ervaring 'n deeglike pak of net 'n goeie raps aan te beveel? En waarom?

Op die eerste deel van hierdie vraag het daar in hoofsaak vyf verskillende antwoorde ingekom, naamlik:

(1) 18 het hulle ten gunste van 'n enkele raps uitgespreek;
(2) 25 " " " " 'n paar rapse " ;
(3) 75 " " " " 'n pak " ;
(4) Party het geantwoord dat dit alles van omstandighede afhang, b.v. van die oortreding en die kind;
(5) Verskeie het hulle geheel en al teen lyfstraf uitgespreek.

Opmerking: Opinies van hoofde van junior skole en van meisieskole is nie in bostaande statistiek inbegrepe nie. Die 75 wat hulle ten gunste van 'n pak uitgespreek het, het in sommige gevalle gesê dat hulle daaronder verstaan van drie tot ses houe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aanbevelings vir 'n RAPS.

(1) „Dit laat die kind goed skrik". (Een hoof sê: "I have found that the sight of a cane is often more effective than to use it".)
(2) „Mens kan eers die uitwerking afwag; miskien is 'n raps voldoende en 'n pak onnodig". - "A single cut is enough to make a child realise". - "A little pain is nearly as deterrent as severe pain and leaves a possible reserve of more punishment".

(3) „Dit laat die oortreder skaam voel en die vernedering is ewe groot as in die geval van 'n pak".- "Disgrace and pain brought on pupil the same as when thrashing is given".
(4) „Dit is nie mishandeling nie, en dit wek selde 'n gevoel van wrok".- "No physical nor harmful aspect on the child".

Besware teen 'n RAPS.

(1) „Dit word as 'n grap beskou. Dit het geen blywende indruk".

(2) „'n Raps kort-kort toegedien maak die kind nukkerig". (Baie hoofde maak hierdie beswaar).
(3) „Rapse maak die leerling gewoon aan lyfstraf".
(4) „Heeldag tik, raas en uitskel verneder die onderwyser. Leerling verloor respek vir onderwyser".
(5) „'n Goeie raps beskou die kind as 'n teken van ongeduld van die onderwyser".
(6) "Boys swank about their canings and a single, sharp cut would disappoint". (Ek twyfel dit egter of hierdie beswaar baie gegrond is).

Aanbevelings vir 'n PAK.

(1) „Dit laat die kind die erns van die straf besef".
(2) „Die uitwerking is meer permanent; herhaling is selde nodig". (Baie hoofde sê dit).
(3) „Dit is nodig om sterk seuns af te skrik".
(4) „Kind moet voel dat hy met opset seergemaak word".
(5) „The second cut is more effective than the first, because anticipation is more acute".

Een hoof (15½ jaar ondervinding) sê:

„Ek het gedurende die afgelope 5 jaar 5 gevalle gesien of self gehad waar net een deeglike pak deur die hoof (as 'n allerlaaste middel) 'n totale ommekeer ten goede in 'n seun gebring het. Nog net gister het een so'n seun wat reeds skool verlaat het en nou goed op pad is om 'n man te word, my spesiaal kom bedank vir daardie een pak wat ek hom op sy eie versoek vir aanhoudende diefstal gegee het. 'Ek het alweer baie versoekings gehad, meneer, maar ek is nou sterker', het hy gesê. (N.B. As een pak nie help nie, sal 'n tweede ook nie help nie)".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(Hierdie teorie, naamlik dat die kind self om 'n pak moet kom vra omdat dit hom in die toekoms sal help, het skrywer ook in verband met subnormale seuns aangetref in 'n sekere inrigting. Dit moet toegegee word dat daar sulke gevalle van swakkelinge is wat gebrek aan selfstandigheid toon, al is hulle al diep in die puberteitsjare. Die uitwerking van 'n pak wat „vrywillig" gedra word, sal waarskynlik veel beter wees as die wat met geweld toegedien word).

Besware teen 'n PAK.

(1) „Dit kan 'n wrok veroorsaak". (Baie hoofde sê dit)
(2) „'n Deeglike pak gaan altyd gepaard met verset." - „Goeie pak bring instink (selfpreservasie) in werking en daarteen veg is moeilik". - "Thrashings very often make the child sullen". (Hier mag bygevoeg word dat indien so'n ietwat wrede behandeling nie verset ontlok nie, moet dit 'n slaafse mens wees wat daardeur dan nog meer slaafs word).
(3) „Na 'n paar houe voel die kind tog niks meer nie weens die skok wat plaasvind".
(4) "A good thrashing has no reformative or any other value".
(5) "More cuts than one stimulate anger of punisher".- "A thrashing is brutal".

Dit is moeilik om opsommend tot 'n definitiewe gevolgtrekking te kom. 'n Pak veronderstel in sommige gevalle dat die onderwyser die wandaadjies laat akkumuleer en as uiteindelik woorde nie meer help nie, dan 'n afrekening laat volg, want vir die eerste oortredings sou 'n pak in sulke gevalle darem te drasties wees. In so'n geval egter sou 'n raps voor die gedrag reeds vasgewortel het, miskien reeds 'n wending veroorsaak het. 'n Ander sy van die saak is dat straf 'n simboolhandeling is wat die slagoffer moet laat besef dat daar geregverdigde verontwaardiging oor sy gedrag is. As simbool is een of twee rapse ongetwyfeld net so effektief as 'n stortreën van rapse.[1]

---

(1) Vergelyk Ph. Kohnstamm, a.w.; bl. 270.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(c) <u>**Hoe effektief is lyfstraf vir karakterfoute soos lieg, baasspeel, verset, onwelvoeglikhede, vloek, rook?**</u>

Die volgende antwoorde is in aanmerking geneem: Waar 'n hoof hom oor die karakterfoute positief uitgespreek het wat betref die uitwerking wat lyfstraf daarop het; waar 'n hoof hom negatief uitgespreek het; waar 'n hoof hom oor party karakterfoute positief en oor ander negatief uitgespreek het.

Daar is altesame 123 hoofde se antwoorde wat duidelik genoeg was om in aanmerking te kan kom. As ons hulle antwoorde plaas langs die wat lyfstraf vir die bepaalde oortredings dadelik of uiteindelik wou toedien, dan het ons Tabel 22 :

Tabel 22.

| | Aantal wat lyfstraf effektief vind | Aantal wat lyfstraf nie effektief vind nie | Aantal wat lyfstraf dadelik sou toedien | Aantal wat lyfstraf uiteindelik sou toedien | Totaal wat lyfstraf sou toedien |
|---|---|---|---|---|---|
| Baasspeel | 63 | 60 | 52 | 36 | 88 |
| Leuens | 36 | 87 | 26 | 26 | 52 |
| Verset | 58 | 65 | 53 | 43 | 96 |
| Rook | 28 | 95 | 35 | 16 | 51 |
| Vloek | 38 | 85 | 21 | 26 | 47 |
| Onwelvoeglikhede | 44 | 79 | (Geen statistieke). | | |

As 'n geval van baasspeel sou plaasvind, dan sou 52 van die 203 hoofde lyfstraf toedien, maar as die geval hom sou herhaal, dan sou daar nog 36 hoofde wees wat lyfstraf sou toedien. Daar is dus 'n totaal van 88 hoofde wat lyfstraf vir baasspeel sou toedien.

Daar is egter net 63 hoofde wat glo dat lyfstraf vir baasspeel effektief is. Dit kom dus daarop neer dat 88 min 63 hoofde, d.w.s. 25 hoofde, wel lyfstraf vir baasspeel sal toedien, alhoewel hulle nie aan die hervormende uitwerking daarvan glo nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Blykbaar sal die 25 dit alleen toedien vir ander redes, b.v. om ander kinders af te skrik. Dieselfde verskynsel tref mens aan in die antwoorde oor die ander oortredings.

Dit is verder treffend dat die 63 hoofde wat glo dat lyfstraf vir baasspeel effektief is, maar 51% verteenwoordig van die 123 wat duidelik geantwoord het. In die geval van verset is dit 47%, vir onwelvoeglikhede 36%, vir vloek 31%, vir leuens 30% en vir rook slegs 23%. (Wat betref werkversuim sal op bladsy. 175 blyk dat die persentasie daarvoor op 45% uitwerk).

Met opset het ek party van genoemde oortredings in die vraag ingesluit omdat sommige onderwysdepartemente lyfstraf toelaat in gevalle van „herhaalde of ernstige versuim van werk, lieg, terg, onbetaamlikheid, ernstige verset teen die tug, stokkiesdraai, ens.".

Uit Tabel 22 blyk duidelik dat hoofde min geloof heg aan die hervormende waarde van lyfstraf in geval van meeste van die opgenoemde oortredings, en dat VERGELDING of AFSKRIK as die hoofmotief vir die toedien van lyfstraf in genoemde gevalle moet beskou word. Vir sommige van hierdie karakterfoute mag motiewe van vergelding, afskrikking of beskerming van die gemeenskap miskien geregverdig wees, b.v. in die geval van baasspeel, maar hierdie motiewe kan lyfstraf nie regverdig in geval van so'n karakterfout of oortreding soos lieg of stokkiesdraai nie. Lyfstraf sal 'n leuenaar selde hervorm, en dit sal hom ook nie daarvan afskrik om die volgende keer 'n beter leuen uit te dink nie. In alle geval is dit dikwels selfbedrog as die opvoeder in gevalle van leuens-vertel lyfstraf toedien onder die voorwendsel dat hy die oortreder wil hervorm! Om stokkiesdraai met lyfstraf te wil genees, is in die meeste gevalle dieselfde as om die duiwel met Beëlsebul te wil uitdryf: dit sal die saak heel waarskynlik net vererger, want soos ons reeds aangetoon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het ontvlug kinders juis die skool omdat dit vir hulle onaangenaam en 'n mislukking is.

Daar is dan ook verskeie hoofde wat gewys het op moontlik nadelige gevolge as lyfstraf vir genoemde karakterfoute (of vir party daarvan) toegedien word. Soos mens kan verwag na ons uiteensetting oor die ouderdomme en lyfstraf, glo hoofde van hoër skole veel, veel minder aan hierdie straf as hoofde van laer skole. In die hoër skool is dit dikwels al te laat om 'n hervorming met hierdie middele teweeg te bring, en beskou baie hoofde van hoër skole lyfstraf dan suiwer as afskrikmiddel hoofsaaklik vir die ander kinders. Onder andere word die volgende gesê :

> „Lyfstraf vererger die saak; dit maak die kind net skelmer; dit wek alleen wraaksug (hoër skool); die luiperd kan nie sy vlekke verander nie - nie slaan nie (hoër skool); dit is net so effektief soos dit is om die put te demp as die kalf verdrink het".
>
> „Lyfstraf alleen baat nie veel nie. Dit moet op simpatieke wyse gedoen word met so'n gesprekkie tussen die houe, dan het dit 'n verbasend goeie uitwerking". (M.a.w., die gesprekkie bewerk waarskynlik die hervorming, meer as die lyfstraf). „'n Beroep op die logiese is veel meer werd". - „Lyfstraf kan nie opweeg teen taktvolle oortuigingswerk nie".
>
> „Dit wek vrees maar verbeter die karakter nie". (Verskeie hoofde sê dit). - "I think it has a very bad effect; instead of being reformative, it creates fear with its subsequent results, e.g. lying, dishonesty, etc." - "A fear-complex is started which may result in more evasion". - "C.P. drives the offence underground where other bad habits join it"
>
> „Wanneer 'n kind se gewete verhard is, dan is hy ook gehard teen slae". - „Nuttig vir jong kinders.... ....... nutteloos vir groot kinders waar gewoonte al ontwikkel is".

Hierdie sienswyses stem ooreen met die jongste verbeteringsidees in verband met jeugmisdaad. Lyfstraf word oor die algemeen afgekeur as slegs negatief en van kortstondige betekenis.[1] Albertyn moet egter terselfdertyd[2] erken

---

(1) Burt, a.w.; bls. 120-123; Willemse, a.w.; bl. 55; C.F. Albertyn: „Jeugmisdaad" (1938), bl. 163.

(2) C.F. Albertyn in: „Die Huisgenoot", 13 Augustus 1937.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dat lyfstraf nooit heeltemal uitgeskakel kan word nie. Soos Pellissier[1] tereg opmerk, moet dit ons ideaal wees om dit tot 'n minimum te beperk.

(d) Hoe effektief is lyfstraf vir werkgebreke soos werkversuim, spelfoute, nie-aandag-gee-nie?

Die uitspraak van 144 hoofde wat definitief geantwoord het, is as volg:

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Werkversuim: | 65 vind lyfstraf effektief, | | | 79 nie effektief nie. | | | |
| Spelfoute: (as werkgebrek) | 13 | " | " | " , 131 | " | " | " |
| Nie-aandag-gee-nie: (werkgebreke) | 24 | " | " | " , 120 | " | " | " |

In teëstelling met die tendens van hierdie syfers - wat teen die waarde van lyfstraf vir werkgebreke getuig - gee ek hiér die opinies weer van drie hoofde, wat báie optimisties is. Dit is egter te betwyfel of hulle resultate van blywende aard en of hulle sukses juis aan die toedien van lyfstraf toe te skryf is.

> Werkversuim: "It is effective as regards neglect. I have known a boy fail in geometry theorems nine lessons running, and then succeed nine lessons running after a touch of the cane". (Sou die seun dit nie miskien nou maar soos 'n papegaai geleer het sonder om dit te begryp?)
>
> Spelfoute: "I am loath to admit it, but there is not the shadow of a doubt that boys who get an occasional cut certainly learn their spelling thereafter and this is not achieved by 'keeping in' or re-writing words, say 10 times each".
>
> Aldrie werkgebreke: Een ultra-optimis verklaar van lyfstraf: „Dit genees hulle". (As die saak maar so eenvoudig was!)

Die meerderheid daarenteen verklaar:

> „Dit gee nooit die gewenste resultaat nie. Dit is heeltemal onwenslik, want dit het 'n slegte uitwerking". "Positively harmful".-

---

(1) S.H. Pellissier: „Die Huisgenoot", 4 Desember 1936.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„Dit verbitter die kind".- "In most cases it is ineffective because it is unjust and a child is peculiarly sensitive to injustice. Children have not got our powers of concentration and perseverance". "Character training is necessary, not obedience by fear". "Such defaulting usually due to the teacher - inexperienced bad methods, lessons not interesting, etc."

Die laaste uitspraak is 'n bietjie drasties gemunt op die onderwyser en is seer seker nie gewoonlik die geval nie. Soos elders uiteengesit is dit my standpunt dat die onderwyser nie elke stukkie werk op homself 'n plesier kan en behoort te maak nie. Daar is kinders, veral in die stede, wat nooit tuis of elders geleer het om te werk nie, en slegs soek na plesier en bioskopery. Moet 'n mens nou jou metode en opvoedkundige beginsels geweld aandoen net om hulle te pas? In hierdie verband is die volgende aanhaling uit die rapport van die Nuwe Onderwysbond se Konferensie van 1934 van groot belang(1):

„Professor John Murray, referring to Professor von Dürckheim-Montmartin's plea for greater hardiness, agreed that there was too much talk of 'playing' in education. There was more hardihood and determination about the Scottish student. Combat, courage, action and perseverance are the basis of life, and so of education, which means living and struggling. Weak sentimentality produces a weak generation. Today there was too much false education in the world, in which idleness, drift, and the debauch of sensation were due to the release of energy and the removal of discipline".

Seer seker moet die onderwyser probeer om sy werk interessant te maak, maar selfs dit red nie die werklosse jeugdiges nie. Lyfstraf sal volgens die uitspraak van hoofde in die meerderheid van gevalle ook nie vir werkgebreke help nie. Daar moet 'n ander redmiddel gesoek word. Wat nodig is, is DIE AANLEER VAN WERKGEWOONTES REEDS OP 'N VROEË OUDERDOM, dan sal daar op latere leeftyd veel minder moeite daarmee wees. Om ouere jeugdiges nog vir die lewe en die universiteit werkgewoontes aan te leer, sou 'n stelsel - soos dié vandag in Duitsland - ontsaglik baie beteken. Daar moet elke jeugdige

---

(1) E.G. Malherbe: "Educational Adaptations in a Changing Society". (Report of the New Education Fellowship Conference), 1937, bl. 289.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

seun of dogter, ryk of arm, ses maande lank gratis vir die Volkstaat handewerk verrig. Die seuns werk b.v. met pik en graaf. Maar die jong kinders moet voor of in die skool leer om te konsentreer en hulle in 'n taak te verdiep. Baie moderne skrywers glo dat die regte soort vryetydsbedrywe van kleinsaf die kind leer om met 'n moeilike taak te volhard, maar ek twyfel of dit voldoende is. Soms word die Montessori-skool as 'n voorbeeld van volkome vryheid van handeling genoem, maar die argument is nie steekhoudend nie, want leerlinge in sulke skole is nie „vry" om met die leermateriaal te „speel" net soos hulle wil nie, maar mag net sekere handelinge daarmee verrig. Om 'n sterk innerlike dissipline te ontwikkel, moet die kind te staan kom onder 'n streng uiterlike dissipline, 'n wet, orde en gesag. Selfs die psigo-analise bewys dat die gewete of „Ideale-Ek" ontstaan of ontwikkel deur die ouerlike gesag en dwang.(1) Om 'n gesonde samewerking te kry tussen die beterwete en die natuurlike drifte, moet die gesag en dwang nie onregverdig en te drasties wees nie. Maar heeltemal sonder dwang, 'n weinigie vrees en 'n vaste voorbeeld skyn eerbied en werkpligsbesef beswaarlik by die natuurlike mens te ontstaan.

(e) <u>Kan lyfstraf heeltemal uitgeskakel word of is daar gevalle waar dit onmisbaar is?</u>

Van die 203 hoofde het 164 duidelik geantwoord, en wel as volg:

<u>15</u> sê lyfstraf <u>kan</u> heeltemal uitgeskakel word;<br>
<u>149</u> sê " <u>kan nie</u> " " " nie.

Die antwoorde van hoofde van meisieskole is nie in die 15 wat lyfstraf kan uitskakel inbegrepe nie. Ook is nie daarin inbegrepe die antwoorde van drie hoofde wat verklaar dat hulle nie in lyfstraf glo nie, maar wat die vraag nie duidelik beantwoord het nie.

---

(1) "Psycho-Analysis Today": (Edited by) Lorand, London, 1933, bls. 19, 75, ens.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 11 van die 15 gevalle was die antwoorde sonder enige voorbehoud soos b.v. „Ja, heeltemal", of "Yes, definitely".
In 4 gevalle was die antwoorde as volg:

> "C.P. can definitely be minimised and practically dispensed with if teacher would treat children with greater sympathy". "Yes definitely, provided it is dispensed with universally". "For all practical purposes it can be entirely dispensed with". "I think it can be dispensed with - but boys should not know that you think it can be dispensed with".

Die meeste antwoorde wat lyfstraf nie wou uitskakel was ongekwalifiseerd „Nee". Volledigheidshalwe gee ek die gekwalifiseerde antwoorde hier almal weer. Sover as doenlik het ek hulle onder sekere hoofde gerangskik.

In verband met die ouerlike gesag: „Dit kan nie nou-al afgeskaf word nie, want by die huislike opvoeding word daar nog te veel gebruik daarvan gemaak in S.A." - „Voorlopig nog onmisbaar. Die vraagstuk hang saam met tug wat deur ouers uitgeoefen word".- Die hoof van 'n skool in 'n sekere streek sê dat die ouers tot die sosiaal primitiewe tipe behoort en dat hulle glo dat lyfstraf 'n geneesmiddel vir alle oortredings is. Die kind neem dan hierdie houding van die ouer onbewus oor. Dus „sal dit miskien ongerade wees om heeltemal weg te doen met lyfstraf. Die ouer moet ook daarvoor opgevoed word".- 'n Ander hoof sê: „Nodig vir sekere kinders wat bederf is deur hulle ouers".

Beperking tot bepaalde kinders: Baie hoofde sê: „Dis onmisbaar vir sekere kinders". Party noem persentasies vir wie dit onmisbaar is: een hoof skat dit op 7% tot 10%, 'n ander op $\frac{1}{3}$%. Een sê: „Die gevalle word gelukkig al minder". 'n Sekere hoof verklaar: „In hierdie jaar in hierdie treurige omgewing het ek nog maar een seun 2 rapse vir skoolversuim gegee". (Dit was sy totaal i.v.m. lyfstraf toegedien gedurende twee kwartale). 'n Engelse hoof met 39 jaar ondervinding sê: "The longer I teach

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

the less I believe in c.p., but I do not think it can be entirely dispensed with". 'n Afrikaanse hoof sê byna dieselfde, naamlik: „Alhoewel ek dit baie spaarsaamlik toepas, wil ek nie skoolhou of hoof wees van 'n skool waar dit verbied is nie. Ek is dus beslis teen die afskaffing daarvan".

Die huidige stelsel en lyfstraf: „Onder die huidige stelsel is dit onmisbaar". - "Under our present social and educational system c.p. cannot be entirely dispensed with, but the necessity therefor is decreasing". - „Kan slegs uitgeskakel word as onderwyser die kind vir 24 uur per dag onder sy leiding het".

Tekortkomings van die mens: Een hoof sê dat lyfstraf 'n teken van swakheid is, maar ons is nou eenmaal nie volmaak nie en moet dus daarvan gebruik maak. 'n Ander hoof sê: „Vir sommige meesters onmisbaar". - Maar hierdie uitsprake is ook interessant: „Etlike gevalle is my bekend van onderwysers(esse) wat nooit van lyfstraf gebruik maak nie en goeie werk lewer". - „Daar is onderwysers(esse) met wonderlike persoonlikheid wat daarsonder kan klaarkom".

Wenslik vir sekere oortredings: „Nee, in sekere opsigte is dit nou nie juis onmisbaar nie, maar wenslik, b.v. uitermate koppige verset". - Een hoof is bereid om dit af te skaf behalwe vir: afknou, vernielsug en wreedheid. 'n Ander hoof wil dit hou „vir oortredings waar mens hom soos 'n dier gedra". - "Should be employed only in extreme cases where parental authority is weak and offences are deliberate acts of indecency or brutality in boys".

Vir die stedelike skoolbevolking nodig: „Enkele gevalle onmisbaar, vernaamlik vir die stadskind". - "It cannot be dispensed with amongst the Reef population. I think it is not essential in more settled communities".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Algemeen: "Boys who want to work must be protected from disturbance by playboys and buffoons".

"Almost, in the case of the primary school". (Verskeie sê omtrent dieselfde).

„Dis onmisbaar, maar moet alleen as laaste middel gebruik word". - „Dit behoort baie beperk te word".

„Lyfstraf moet nie afgeskaf word nie maar moet versigtig toegepas word. Ook moet daar nie 'n lys van oortredings wees waarvoor lyfstraf kan toegepas word". (Ek het gekursiveer. Hierdie punt het ek al bespreek. Dit is m.i. 'n gevaarlike prosedure om so'n lys te maak).

(f) Waar sou u lyfstraf beslis afkeur? En waarom?

Dit is nodig om die antwoorde onder vyf hoofde te groepeer teneinde aan te toon waar en waarom lyfstraf volgens 154 hoofde wat geantwoord het, afgekeur moet word.

1. Die geaardheid van die kind: „By fyngevoelige, senuwe-agtige, baie eergevoelige of oorgevoelige kinders". - „By minderwaardige-voelende kinders". - „Vir onbedagsaamhede, tensy gevolge baie ernstig is".- „Waar die kind onbewus verkeerd doen".- „Waar die kind nie oortuig is van sy oortreding nie".

„By leerlinge wat na mooipraat luister".- „Waar ander middels help".- „As die kind tekens van berou toon". „By kinders wat deur slae tot verset geprikkel word".- „By party sal 'n pak 'n wrok laat ontstaan".- „As twee pakke (vir dieselfde oortreding) nie gehelp het nie". In verband met laasgenoemde opmerking sê Lynch[1] die volgende:

> "My own observation of corporal punishment in schools leads me to the conclusion that where it is inflicted at all, it is usually inflicted, time after time, on the same pupils".

Calvert[2] en Benson[3] stem saam wat betref lyfstraf deur die hof toegedien. Burt bewys dit ook en voeg nog die volgende opmerking en slotbevinding by[4]:

(1) A.J. Lynch in sy voorwoord tot A.B. Allen se aangehaalde werk.
(2) Calvert, a.w.; bl. 243.
(3) George Benson, M.P.: "Flogging: The Law and Practice in England" (1937), bls. 27-28.
(4) Burt, a.w.; bls. 122 en 123.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> "Once a boy has been flogged, the psychologist finds it hard to regain his confidence, and re-awaken his selfrespect"................"When all is said, in ninety-nine cases out of a hundred, corporal punishment, however inflicted, is likely to make the incipient transgressor, not more penitent, but more furtive and defiant; and impunity would do less harm".

Ek wil daarop wys dat laasgenoemde aanhalings van Burt van toepassing is in verband met lyfstraf deur die hof toegedien. Ek glo nie dat dit in dieselfde mate kan gesê word in verband met 'n paar rapse op 'n verstandige manier deur 'n skoolhoof toegedien nie.

2. Spesifieke oortredings: Die volgende word opgenoem: lafhartigheid, klein foute, oortredings, karakterfoute en werkgebreke reeds in hoofstukke II en III behandel, seksuele en oorge-erfde neigings. O.a. word die volgende gesê : "Sex offences: Here it will definitely excite the sensuality".- "In cases of sexual mistakes, unintentional indecencies, because it aggravates and exaggerates as unintentional".- "Theft, because child will improve his methods".- "Many anti-social offences, because aggravated by corporal punishment".

3. Huislike opvoeding en omstandighede: „Alle foute begaan as gevolg van 'n verdraaide lewenshouding van ouers oorgeneem, en van verkeerde opvoeding tuis". - „Steel as gevolg van honger of sterk begeerte".- „In geval van leuens, moedswillige onbeleefdheid, slordigheid op lyf en klere. Dié is meeste as gevolg van huislike omstandighede". - „Rook en ander gewoontes by die huis gevorm".- „In geval van kinders wie se gemoed vol is van swak omstandighede tuis." - „In geval van kinders wat reeds 'n verbitterde gevoel teen die samelewing het. Dit laat hulle net die bitter kant van lyfstraf sien". - „In geval van tuis oorwerkte kinders".

4. Ouderdomme: „Beginjare op skool, 6 tot 9 jaar. Hier word baie min dinge met opset gedoen".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„By die puberteit. Die kind het dan simpatie nodig".

„Dit doen min goed om aan groot seuns, veral na 15de jaar, lyfstraf toe te dien. Dit krenk die kind". (Die hele kwessie van ouderdomme is egter reeds breedvoeriger elders behandel).

5. Die onderwyser: „As die onderwyser kwaad is, behoort hy nie lyfstraf toe te dien nie".- „Waar die skuld by die onderwyser lê, b.v. metodes". - Analitiese kennis skemer in die volgende antwoord deur: „By onderwysers wat sadistiese neigings het.".

(g) Is dit goed dat alleen die prinsipaal lyfstraf moet toedien? Noem asseblief voordele en nadele hiervan volgens u sienswyse.

Daar is 147 hoofde wat hierdie vraag duidelik beantwoord het, en wel as volg:

76 het op die eerste deel „NEE" geantwoord.

71 " " " " " „JA" " .

Behalwe die 147 hoofde wat „Ja" of „Nee" geantwoord het, is daar ander wat net die tweede deel van die vraag beantwoord het, naamlik voordele en nadele opgenoem het. Hulle antwoorde is ook in die volgende paragrawe inbegrepe.

Waarom slegs die hoof mag straf.

(Ek het dit wenslik geag om die redes onder drie hoofde te groepeer, al is die indeling 'n bietjie kunsmatig. Die getal tussen hakies dui aan hoeveel hoofde daardie rede genoem het).

Wat betref die hoof: Hy kan kalmer of/en onpartydiger oordeel oor die saak (52).- Hy is verantwoordelik teenoor die ouers en die Departement (9).- Dan bly hy beter op hoogte wat betref moeilikhede en oortredings in sy skool. Daar is beter kontrole (4).- Die hoof het oor die algemeen meer ervaring as baie assistente (3).- Dit is meer waarskynlik dat die hoof elke geval van lyfstraf sal aanteken, en hy kan dan altyd na die rekord

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

refereer (1).- Die kind appresieer die hoof se optrede meer (1).

Wat betref die assistent: Party (jong) assistente verloor beheer oor hulleself of gaan te ver. (8).- Assistente oordoen lyfstraf maklik (2). - Staflede is geneig om van die voorreg misbruik te maak, b.v. slaan aan kop, in gesig, op ore, ens. (1). (Opmerking deur skrywer: Uit die blote feit dat ek laasgenoemde en ander argumente noem, moet daar nie afgelei word dat ek daarmee saamstem nie).- "Does away with the bullying type of teacher". (1). Jong onderwysers soek te gou resultate met lat pleks metode. (1).- Die assistent is dikwels skuldig vir die oortreding (1). - "Safeguards the teacher" (1).

Die meeste van die voorafgaande redes is slegs van toepassing op party jong en onervare assistente; die woord „Assistent" sou met reg dikwels deur „Hoof" kan vervang word sonder aan die geldigheid van die uitsprake afbreuk te doen. Een hoof sê dan ook die volgende: „Ja seker - tog jammer dat alle prinsipale die reg moet hê. Sommige behoort minder reg te hê as assistente, omdat hulle die kind nie bestudeer nie - lyfstraf is makliker maatreël". 'n Ander hoof erken dat assistente „maar ook prinsipale nie oordeelkundig kan te werk gaan in verband met lyfstraf nie". Nog 'n hoof betwyfel of alle hoofde hulle status waardig is en wil hierdie reg nie aan alle hoofde toegestaan sien nie.

Algemeen: Daar is dan geen misbruik van lyfstraf nie (9), en dit beperk lyfstraf tot 'n minimum (4).- Daar word dan 'n uniforme gedragslyn in die skool gevolg (8).- Dit voorkom baie moeilikhede met ouers (7).- Dit voorkom vernedering in teenwoordigheid van klasmaats (3).- „Die goeie vrye gees word dan nie benadeel nie" (1).- Dit gee die skyn van groter erns daaraan (3). Die straf kry dan opvoedingswaarde, want die kind besef dat hy sy straf verdien het (1).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Waarom nie alleen die Hoof mag straf nie.

Wat betref die Hoof: Die hoof word 'n soort pous, regter, publieke aanklaer, strafuitdeler, laksman (19).- Die kinders ontwikkel haat en vrees pleks liefde vir die hoof (11).- Die hoof weet nie altyd of die leerling die straf verdien nie en hoeveel straf hy verdien: hy straf dalk buitesporig (4).- As net die hoof straf kan dit later in blote formaliteit verloop: die hoof word 'n masjien (2).- In die meeste gevalle waar die hoof dit toedien, is dit nie effektief nie (1).- Die hoof se straf is te koelbloedig (1).- „'n Prinsipaal kan ook 'n sadist of 'bully'wees" (1).- Dit verkleineer die plig van die hoof in die oë van die leerling (1).- Die hoof kry al die moeilikhede met die ouers (1).- Dit is 'n onplesierige taak vir die hoof (1).- Die hoof het te veel werksaamhede (1).

Wat betref die Assistent: Dit ondermyn die assistent se prestige of sy selfvertroue, belemmer sy dissipline, kan moedswillige verset uitlok as hy nie mag straf nie (56).- Die assistent behoort die straf self toe te dien, omdat die oortreding by hom plaasgevind het (6).- Die assistent ken sy leerlinge beter as wat die hoof hulle ken (3).- Deur betyds te straf kan die assistent die kwaad keer, waar dit anders „wortel skiet" (2).- As die assistent nie die reg het nie, dan is daar gevaar dat hy homself te lank moet bedwing en hom dan dalk sal te buite gaan. As hy wel die reg het, sal hy betyds matig en verstandig straf (2).- Die kind beskou die assistent as 'n verklikker en sien met minagting op hom neer (2).

Die straf volg gouer op die oortreding as die assistent self mag straf (5).- Daar word nie soveel tyd verkwis nie, as die assistent self mag straf (2).- Dis effektiewer as die assistent straf (1).- Die kind probeer om vry te spring as die saak eers voor die hoof kom (1).- As die hoof alleen die reg het, kan daar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n ernstige meningsverskil tussen hoof en assistent ontstaan (1).

Wanneer albei mag straf.

Ek voeg hier 'n paar punte by wat voortvloei uit gekwalifiseerde antwoorde: 'n Paar sê: „Goeie afranseling deur die hoof, maar raps deur die assistent". Ervare assistente behoort die reg te hê. Assistente behoort die reg te hê, waar die verhouding tussen hoof en staf die regte is. Lyfstraf behoort ook deur die assistent toegedien te word op een of meer van die volgende voorwaardes: (a) in teenwoordigheid van die hoof, (b) in die hoof se kantoor, (c) na bespreking sonder teenwoordigheid van die hoof, (d) volgens beleid van die hoof, (e) met die verstandhouding dat daar van alle gevalle rekord sal gehou word. Een hoof sê: „Ek moedig 'n jong of nuwe onderwyser aan om aan die begin self lyfstraf toe te dien (onder my toesig) omdat dit sy gesag versterk". Dames-assistente behoort in alle geval nie die reg te hê nie. Dames-assistente behoort die reg te hê om meisies te straf waar dit absoluut nodig is.

Dit is baie moeilik om algemene gevolgtrekkings te maak omdat daar so baie soorte hoofde asook assistente bestaan en omdat ons nêrens die ideale persone aantref nie.

'n Mens moet in aanmerking neem dat die antwoorde van hoofde afkomstig, en dit is opvallend dat die teenswoordige oplossing, naamlik dat die hoof alleen straf of dat die assistent alleen in die teenwoordigheid en met die toestemming van die hoof lyfstraf mag toedien nie deur hulle as 'n ideale oplossing van die probleem beskou word nie.

Waar die assistent nie die reg het om selfstandig lyfstraf toe te dien nie, behoort die hoof hom sy volle morele ondersteuning te gee deur oplê van strawwe en selfs toediening

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van lyfstraf aan oortreders. As die assistent nie mag straf (slaan) nie en die hoof ondersteun sy gesag nie deur ook te straf (slaan), dan is dit m.i. ongerymd om die assistent verantwoordelik te hou vir die toon en dissipline van sy klas. Op die oomblik dra die hoof die verantwoordelikheid van dissipline en toon van die skool as 'n geheel, omdat die assistent sulke beperkte dissiplinêre mag het en kom dit vir my inkonsekwent voor dat die hoof sy assistente se dissipline op hulle rapporte beoordeel, as hy hulle nie soos bo verduidelik ondersteun nie.

'n Meer ideale en ook demokratiese skema sou wees om die (ervare) assistente te vertrou, mits hulle verslag doen van die gevalle van lyfstraf wat meer as 'n enkele raps is. So'n straf behoort 'n persoonlike saak tussen meester en leerling te wees en nie ander persone aan te gaan nie. Na die raps of pak moet daar mettertyd ook 'n werklike versoening plaasvind anders is die straf beslis onopvoedkundig. (1) Hierdie persoonlike verhouding en versoening bestaan met die onderwyser wat heeldag vir sy leerlinge sorg en nie met die hoof wat „slegs 'n regter" is nie.

(h) <u>Deskundiges beweer dat lyfstraf die kind seksueel prikkel. Wat is u sienswyse?</u>

162 hoofde het hierdie vraag beantwoord. Hulle antwoorde kan as volg ingedeel word:

<u>A.</u> 132 hoofde stem nie saam, of weet nie, ens.

<u>B.</u> 21 hoofde beskou dit as moontlik.

<u>C.</u> 9 hoofde stem definitief saam dat sulke gevalle aangetref word.

Die antwoorde wat onder "A" gegroepeer is, lui as volg: „dink nie so", „glo dit nie", „weet nie", „het dit nooit opgemerk nie", „dink dis onmoontlik", „dit is onsin", „gekheid", „wil nie met deskundiges stry nie", „betwyfel dit", „kannie oordeel", „geen ondervinding", „nog nooit hiervan gehoor nie", ens.

(1) Ph. Kohnstamm. a.w.: bl.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die antwoorde wat onder "B" gegroepeer is, lui as volg: „beskou dit as moontlik in die puberteitsjare", „dink dis moontlik by party kinders", „miskien soms maar nie in die reël nie", "not if it falls at once, the offence still hot as it were. The ritual admits of sexual stimulus", ens.

„C": Die antwoorde wat hieronder gegroepeer is moet omdat dit seldsame en belangrike waarnemings insluit, vollediger weergegee word:

„Ek deel dieselfde sienswyse. Lyfstraf werk nooit kalmerend op die senugestel nie hoewel die reaksie assulks bestempel kan word. By diere en barbare is daar vervolging of afknou gepaard met die seksinstink".-

„Ek het dit nog net in een geval ondervind. Die stelling is seker waar net in baie uitsonderlike gevalle".-

„Net die tipes soos beskryf in 'Psychopathia Sexualis' van Krafft-Ebing".-

„As 'n kind baie geslaan word, kan dit hom senuweagtig maak en dit kan seksueel prikkel".-

"Yes. I knew a boy 12 - 13 years of age, who derived pleasure from corporal punishment".-

"Yes - it rouses all the emotions and in the case of girls makes for nervous strain".-

„Dit reageer ongetwyfeld op die geslagsorgane. Selfs die vrees vir lyfstraf sal 'n klein dogtertjie kan tot urinering drywe of tot ontlasting. Waar neigings tot perversie bestaan (Sadisme en Masochisme) sal die persoon geprikkel word".-

In 'n ander rubriek keur 'n hoof lyfstraf vir seksuele vergrype af met die woorde:

"Yes, (veronderstel: 'I disapprove of corporal punishment') for sexual offences. Here it will definitely excite the sensuality".

Op die huidige vraag antwoord hierdie hoof:

"In certain cases, notably those of excitable character or of intense nervousness, it does excite sexually".

Onder die antwoorde wat nie juis van geslagtelike prikkeling getuig nie, kom ook uitsprake wat tog lig hierop werp:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„My eerlike opinie is dat lyfstraf die kind tot 'n sekere mate tot wanhoopsdade dryf - regstreeks, wat dan as gevolg mag hê dat hulle hulle skuldig maak aan seksuele misdrywe - by groter kinders. Die gevoel tot wanhoopsdade by die kleiner kind mag ook sy seksgevoel tot 'n seker mate beïnvloed". -

„Ek meen dit verminder die waardigheidsgevoel en kan so lei na minderwaardige dade".-

„Ek weet nie. As die kind daarna seksueel misdryf, wil dit my voorkom of hy vir homself 'n vergoeding besorg vir die voorafgegane swaarkry. Ek sou graag wil glo dat dit net in hoogstens 1% gevalle waar is, anders sou ek die laaste een wees om lyfstraf toe te dien".-

"No, C.P. does not excite a child sexually, but is in many ways injurious to his health and mental outlook. It is especially fatal to children of a sulky nature or a retiring one".-

„Ek dink 'n pak slae doen dit, omdat dit noodwendig verset bewerkstellig; met die in werking tree van die drifte wat daarmee in verband staan. Rapse, waar die kind self buk, behoorlik toegedien, doen dit volgens my mening nie". (Onder "B" gegroepeer). -

"An adolescent's reaction to any restraint or discipline by force, moral or physical, may take the form of sexual excitement".-

"I have not been able to confirm nor refute this, but am inclined to agree that it is true if adolescent boys are punished by woman teacher".-

„Miskien mag die skok die genoemde fisiologiese uitwerking hê".-

"Don't know - it certainly excited me when I was a child". (Onder "A" gegroepeer, omdat dit vaag is).-

"In some cases possibly. Boys often wish to urinate after it".-

"Ek het eenmaal 'n seuntjie van 8 moes slaan, wat baie geagiteerd daar uitgesien het, en met die eerste hou al sy broekie natgemaak het". (Dergelike gevalle is bekend[1].

„Alwemit; al wat seker is, is dat dit die onderwyser seksueel prikkel. Sadisme".

"I have read of it exciting teachers sexually".- (Hierdie bewering word ook wetenskaplik gesteun. Calvert[2] sê die volgende: "... it is a fact that persons who have carried out sentences of corporal punishment are known to have experienced sexual excitement in doing so, and even some of the onlookers are known to have had the same sensations").

---

(2) E.R. Calvert, a.w.; bl. 258.

(1) Lewin, a.w.; bl. 146.

Die aantal dus (naamlik 9) wat wel saamstem dat lyfstraf party kinders seksueel prikkel, is baie klein. Die aantal wat dit nie glo nie is byna 15 keer so groot. Dat die persone dit uit hulle eie jeug nie kan onthou nie bewys niks nie, want dit is moeilik om in 'n krisis so-iets te begryp en lank daarna te onthou. Die antwoorde en waarnemings wat so-iets wel aanhaal, is egter voldoende bewys dat daar tog sulke gevalle voorkom. Ek verwys ook na die volgende outoriteite wat hierdie stelling (wat betref sekere kinders) onderskryf: (a) Krafft-Ebing: "Psychologie Sex"., bl. 27, (b) Ellis: "Das Geschlechtsgefühl", bl. 136, (c) Schopen: "Die Erziehungsstrafe", bl. 21, (d) F.W. Foerster: "Schule und Charakter", bl. 219, (e) Haeberlin: "Kinderfehler", bl. 26, (f) Casimir: "Langs de Lijnen van het Leven"., bl. 112, (g) Moll: "Zeitschrift für Psych. u. Path.", Band III, bl. 315, (h) Saaler (Dr. med.): "Die neue Erziehung", Heft 4, 1922, (i) Liefmann (Dr. med.); "Zeitschrift für Paed. Psych.", Nr. 7/8, 1927, (j) Calvert: "The Lawbreaker", (1933) bls. 256-257, (k) E. Glover (M.D.): "The Psycho-Pathology of Flogging", (1937), bls. 10-11, (l) Keyter: „Opvoeding en Onderwys", bl. 305.

Buitendien is daar die getuienis van die groot filosoof en opvoedkundige J.J. Rousseau wat homself betref toe hy nog 'n seun was. Ek het in Suid-Afrika ook die getuienis gekry van iemand wat vroeër belas was met die werk om aan naturellekinders wat deur die hof veroordeel is, lyfstraf toe te dien. Hy meen dat hy baie gevalle opgemerk het waar die bewering in 'n mindere of meerdere mate waar is. Verder het die visehoof van 'n sekere inrigting my meegedeel dat hy van so'n geval (seun) kennis dra.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Genoemde skrywers (a tot k) wys almal op die gevaar dat sekere kinders moontlik seksueel geprikkel kan word deur die toediening van lyfstraf, veral as dit op die dye of op die sitvlak toegedien word, omdat die senuwees van die sitvlak en die van die seksuele organe in dieselfde streek geleë is. Liefmann wys daarop dat genoemde gevaar groot is by kinders wat naby die puberteitsjare is, maar dat so-iets in sekere gevalle ook voor die puberteit kan gebeur.

Dit is egter vroeër oor die algemeen beweer dat sulke gevalle die uitsondering is. Maar Saaler (reeds aangehaal), 'n medikus, wys daarop dat daar baie dergelike gevalle bekend is. Saaler kom tot die gevolgtrekking dat die bewering dat sulke gevalle net uitsonderings is, nie steek hou nie. Liefmann (reeds aangehaal), ook 'n medikus, sê die volgende: „Die getuienis wat dokters, heilpedagoge en geestelikes maar altyd weer te hore kry, is (genoegsaam) bewys, hoeveel daar al op hierdie gebied gesondig is". Calvert [1] sê dan ook die volgende: "There is increasing evidence that the close relationship between flogging and sex is not confined to a small group of abnormal people".

Dit is egter onmoontlik om vas te stel by watter persentasie kinders iets dergeliks kan plaasvind. Verdere wetenskaplike ondersoek deur opvoedkundiges, medici en bewaarders van gevangenisse waar lyfstraf toegedien word, moet versamel word om hierdie vraag ook maar by benadering te kan beantwoord. Dit lyk egter asof die persentasie van gevalle nie só gering is dat ons dit geheel en al kan verontagsaam nie.

Die vraag kom nou op: Wat moet die opvoedkundige doen met hierdie feite voor oë? Party opvoedkundiges (b.v. Gunning) beveel aan dat lyfstraf alleen op die hande toegedien moet word.

(1) Calvert, a.w.; bl. 257.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Maar Liefmann beweer dat die gevaar dan nog nie uitgeskakel word nie, al word dit daardeur verminder. 'n Ander opvoedkundige, Schopen, [1] het weer 'n lang pleidooi gelewer dat lyfstraf - soos by die Grieke en Romeine - altyd op die rug toegedien moet word. So word daar gesoek na 'n uitweg.

As ons daardie kinders maar kon uitken, dan sou ons miskien ander strafmiddels aanwend, maar dit is met ons hedendaagse kennis onmoontlik om hulle uit te ken. Al wat seker is, is dat die puberteitsjare die gevaarlikste is.

Die probleme kan ook so gestel word: weeg die goed wat lyfstraf in sulke gevalle doen op teen die kwaad? En as dit nie daarteen opweeg nie, behoort ons lyfstraf dan na 'n sekere ouderdom (by benadering) geheel en al af te skaf?

As ons daarsonder kon klaarkom dan sou dit seker die eenvoudigste oplossing wees. Maar dit moet nie vergeet word nie, dat die doel van straf nie net hervormend is nie, maar soms ook afskrikkend; die gemeenskap moet ook teen die enkeling beskerm word. Tensy daar ander strawwe is wat meer of net so goed afskrik as lyfstraf, sal dit in sekere gevalle onmisbaar wees, selfs by groot seuns. Ek dink aan ernstige gevalle van afknou in sekere inrigtings waar die lewe van die enkeling in ernstige gevaar verkeer, as hierdie euwel nie deur afskrik gekeer word nie. Beter sou dit egter wees om sulke elemente geheel en al uit so'n inrigting te verwyder!

Ons moet dus besluit dat die opvoeder altyd die moontlikheid voor oë moet hou, dat die kind seksueel geprikkel kan word by die toedien van lyfstraf. Ook is dit duidelik dat lyfstraf so min as moontlik toegedien moet word na die puberteitsjare 'n aanvang geneem het. Indien moontlik behoort die opvoeder dit dan geheel en al uit te skakel, nie net vir genoemde rede nie, maar

---

(1) E. Schopen: "Die Erziehungsstrafe", bls. 4 en 66.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ook vir baie ander redes wat vroeër al opgenoem is waar die kwessie van ouderdomme bespreek is. Die gemiddelde hoogste ouderdom vir lyfstraf volgens die antwoorde, naamlik 13, kom dan ook voor die puberteitsjare, tenminste in die meeste gevalle van seuns.

('n Ander ernstige beswaar teen die toediening van lyfstraf is dié, dat die graad van gevoeligheid nie kan gemeet word nie. Burt[1] sê die volgende: "Sensibility to pain is exceedingly difficult to test; the most striking cases of its apparent absence are found among the mentally deficient. Saaler[2] sê dis onmoontlik om die graad van gevoeligheid te bepaal).

## B. Lyfstraf vir Skoolkinders en Jeugdiges: Waar wettig en waar nie.

Wat betref die wettigheid of nie van toediening van lyfstraf op SKOOL het mev. B. Ensor in "The New Era" (1929) sekere waardevolle gegewens versamel. Ek gee dit hier in verkorte vorm weer, maar wil daarop attent maak dat dit geensins volledig is nie, omdat die informasie van party lande te vaag is.

Lande waar lyfstraf op skool wettig toegelaat word, is die volgende: Australië (Queensland, Suid-Australië, Victoria), Ceylon, Chili, Denemarke, Duitsland, Engeland en Wallis, Ierse Vrystaat, Kanada, Newfoundland, Noord-Ierland, Nu-Seeland, Skotland, Suid-Afrika, Swede, Switserland (in die Duitse kantons), Tasmanië, V.S.A. (in tenminste 11 van die state. In antwoord op 'n vraag deur my tydens die N.O.B.-konferensie van 1934, het dr. W.M. Robinson verklaar dat lyfstraf selde toegepas word ...r in die V.S.A.).

Waar nie toegelaat nie: ⊕(beteken dat alhoewel onwettig word dit soms tog daar gebesig) Argentinië, ⊕Belgie, Brasilië, ⊕Bulgarye, Egipte, Estland, Finland, ⊕Frankryk, Griekeland, Italië, ⊕Japan, Joego-Slavië, Meksiko, Nederland, Noorweë, Peru, ⊕Pole, ⊕Portugal, ⊕Roemenië, Sjina, Switserland (Franse en Italiaanse kantons), Tjeggo-Slowakye, Turkye, V.S.A. (in tenminste 2 van die state).

Daar bestaan 'n tweede lys deur 'n lid van die Britse

---

(1) Burt, a.w.; bl. 123.
(2) Dr. med. Bruno Saaler: "Die Neue Erziehung" Heft 4, 1922. Hierdie bydrae deur Saaler is ook oorgeneem in "Strafanstalt oder Lebensschule von Paul Oestreich" en verskyn daar op bls. 94 - 100.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Parlement, G. Benson, opgetrek[1]. Hierdie lys gee besonderhede in watter lande die HOF lyfstraf aan kinders en jeugdiges mag toedien. Ook hierdie lys is onvolledig. Dit het egter die voordeel dat dit later opgetrek is, naamlik in 1931 en in 1937 in hersiening geneem is. Volgens hierdie lys word dit toegelaat in: Australië (N.S.W., Queensland, S. Australië, Victoria, W. Australië), Egipte, Engeland[2], Finland, Indië, Nu-Seeland, Noorweë, Suid-Afrika, Swede, V.S.A. (blykbaar net in 8 van die state). En nie toegelaat nie in: België, Chili, Columbia, Cuba, Denemarke, Estland (behalwe in verbeteringsgestigte) vir jeugdiges, waar dit wel toegelaat is), Duitsland (voormalige Oostenryk ingesluit), Frankryk, Griekeland, Hongarye, Italië Nederland, Switserland, Tseggo-Slowakye, Turkye, V.S.A. (blykbaar in al die state met uitsondering van 8).

In die voorafgaande is aangetoon dat daar party lande is waar lyfstraf op skool deur die wet belet is maar waar dit tog stilletjies toegedien word. Ook is daar gevalle van lande soos Duitsland en Switserland (Duitse kantons) waar dit nodig geag is om na afskaffing dit weer in te voer. (Wat betref Duitsland word die toediening van lyfstraf egter dringend afgeraai[3]) Dit is dus duidelik dat totale afskaffing nie orals 'n sukses geblyk het nie.

Myns insiens sou dit verkeerd wees om dit in Suid-Afrika deur wetgewing op skool te belet, tensy die georganiseerde onderwysprofessie as 'n geheel dit bepleit. Wat vir ander lande en volke pas, pas miskien nie op hierdie stadium vir ons nie. Dwepers met afskaffing sien soms net die voordele daarvan, maar die saak het baie aspekte. As afskaffing van lyfstraf b.v. beteken dat daar gevolglik baie meer gebruik moet gemaak word van ander

---

(1) G. Benson: "Flogging: The Law and Practice in England", 1937, bls. 16 - 25.

(2) Egter afgekeur deur die "British Medical Journal" wat verklaar: "Birching..... is bound...... to cause a mental injury that will result either in neurosis or criminality". ("The Star", 6th April, 1937).

(3) Keyter, a.w.; bl. 471.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

strafmaatreëls soos permanente verwydering uit skool of lang ure van detensie dan is dit nog die vraag watter die grootste euwel gaan wees. Dit kom my voor dat die standpunt wat Duitsland inneem, naamlik om dit tog toe te laat maar om dit terselfdertyd dringend af te raai, 'n baie gesonde is. Kontrole deur statistieke aan die outoriteite (Onderwysdepartemente) verskaf, is m.i. aan te beveel. Ek vereenselwig my met Pellissier[1] waar hy die minimum gebruik van lyfstraf beskou as die ideaal wat ons ons moet voorhou, want: „As lyfstraf onverbiddelik uitgeskakel word, gebeur dit in baie gevalle dat allerhande strawwe, wat tot verbittering en griewe lei, toegepas word".

(1) S.H. Pellissier: „Die Huisgenoot", 4 Desember 1936.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## HOOFSTUK VIII.

### Straf in Verband met Buitegewone Opvoedkundige Inrigtings.

Ses buitengewone inrigtings is besoek en ek het daar persoonlik met die hoofde onderhoude gehad. In verskeie gevalle het daar buitendien onderhoude tussen my en assistent-lede van die personeel plaasgevind, sodat hierdie gegewens op die uitspraak van sowat tien tot twaalf persone berus.

Die volgende inrigtings is besoek:

1. Die Abraham Kriel-Kinderhuis (ook genoem die Langlaagte-Weeshuis) op Langlaagte, Transvaal;
2. Die Industrieskool vir Meisies op Standerton, Transvaal;
3. Die Industrieskool vir Seuns op Heidelberg (Emmasdale), Transvaal;
4. Die Houtpoort-Verbeteringshuis (vir seuns), Heidelberg, Transvaal;
5. "Norman House" in Johannesburg;
6. "Spackman House" op Krugersdorp, Transvaal.

Eersgenoemde inrigting behoort aan die Ned. Herv. of Gerf. Kerk van Suid-Afrika. Inrigtings nommers 2, 3 en 4, behoort aan die Staat en staan onder die beheer van die Unie-Departement van Onderwys. Inrigtings nommers 5 en 6 behoort aan die "Lads Hostels Committee", Johannesburg, maar word deur die Staat ondersteun.

### Metode van Insameling van Gegewens.

By die onderhoude het dieselfde vraelys wat aan skole gestuur is, ook hier as grondslag gedien. Dit was egter nie moontlik om mens streng hierby te bepaal nie. Hiervoor is daar verskillende redes, naamlik (a) die vraelys het meer bepaald by dagskole gepas, (b) hoofde van inrigtings het dit in sommige gevalle moeilik gevind om hulle antwoorde by die vraelys aan te pas en het dit verkies om hulle straf-beleid in algemene trekke te verduidelik. Omdat dit inrigtings is waarin die kind pal

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

inwoon en aan wie dit toevertrou word om verwaarloosde en misdadige kinders te rehabiliteer, is die strafprobleme hier baie moeiliker, maar die kans om die kind te bestudeer baie beter.

1. Die Abraham Kriel-Kinderhuis.

Direkteur: Ds. H.J. de Vos, B.A.

Die vernaamste oortredings wat aangetref word, kan saamgevat word onder die hoof „Moedswillige Onnutsigheid" Dit is begryplik in 'n inrigting wat in al sy tehuise saam gemiddeld tussen 700 en 800 kinders van alle ouderdomme tussen drie en een-en-twintig jaar moet huisves. Die kinders wat nie as onversorgde wesies hierheen gestuur word nie, is meestal onder die Kinderbeskermingswette na die inrigting gekommitteer omdat hulle ouerhuise te wense oorlaat (vgl. Tabel 23 bl. 207). Sulke kinders, aan 'n wanordelike lewe gewoond, sal natuurlik teen die orde en tug van 'n goeie inrigting maklik oortree in die vorm van „onnutsigheid". Dikwels neem die oortreding ook die vorm aan van wegloop uit die inrigting, wat soms groot sorge verskaf aan die direkteur en lede van die personeel, b.v. as 'n seun wat weggeloop het en miskien kwaad gestig het, in die nag weer teruggebring word. Soms is die familiebetrekkings skuldig deurdat hulle die kind aanpor om weg te loop. In twee treffende gevalle het alle waarskuwings niks gehelp nie. Die belofte om nie weer weg te loop nie is telkens weer gebreek. Uiteindelik moes daar tot lyfstraf oorgegaan word. Daarna het die seuns besef dat die weeshuis volle vaderlike outoriteit oor hulle besit en was die weglopery op 'n end. Die twee seuns was daarna ewe blymoedig en gelukkig in die weeshuis.

Soms is dit goed om 'n wegloper na 'n ander afdeling van die weeshuis te verskuif. Gelukkig het die inrigting so baie vertakkings, dat dit moontlik is. Soms word vir so'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

oortreder 'n minder strenge hoof (afdeling) uitgesoek en het dit 'n goeie uitwerking. Maar soms is 'n verandering in die teenoorgestelde rigting nodig. In uiterste gevalle moet so'n wegloper na 'n ander inrigting verplaas word, soos 'n industrieskool of selfs 'n verbeterskool waar die beheer veel meer drasties kan wees.

Indien mens die motiewe of oorsake van die oortredings teen die inrigting volgens die uiteensetting van die direkteur rangskik, is dit die volgende:

A. Selfsug.

Hierdie motief kan hom op verskillende maniere uit, b.v. deur die veelvuldige vorms van oneerlikheid. Dit kom besonder baie voor en moet in party gevalle toegeskryf word aan die vroeër omgewing van die kind. Soms neem die oneerlikheid meer die vorm aan van onvertroubaarheid. 'n Kind word b.v. toevertrou met die werk om boontjies te plant maar hy sal die werk nie noukeurig doen nie, sodat daar nie die nodige afstand tussen die plante sal wees nie; of 'n kind wie se werk dit is om die hoenders te versorg, sal sy werk soms versuim. „Dis 'n fyn kuns om toesig te hou en tog verantwoordelikheidsgevoel te laat ontwikkel", het die direkteur verklaar. Ander vorms wat die SELFSUG sal aanneem, is: diefstal, leuens-vertel, afknou van ander kinders.

B. Vrees.

Hierdie motief tref mens aan by afgeknoude seuns. 'n Klein seun sal b.v. ontken dat hy deur 'n groter seun afgeknou is uit vrees dat die afknouer hom dan nog verder sal mishandel. Hy sal sy beserings dus aan 'n ongeluk toeskryf. 'n Tweede moontlikheid is dié dat 'n kleiner seun deur 'n baasspeler gedwing word om lae dade te verrig, b.v. diefstalle.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Derde moontlikheid is dié, dat die afknouer self 'n misdaad sal verrig (nie juis afknou nie) en dan 'n kleiner seun sal dwing om die skuld op hom te neem. Aldrie gevalle het al voorgekom. Soos later aangetoon word moet in sulke gevalle kras opgetree word om die kleiner seuns te beskerm.

### C. Verkeerde Besef van Manlikheid.

Dit kan hom uit (a) in leuens, (b) in opsetlike vernielsug, (c) in beïnvloeding van ander tot kwaaddoen en (d) rook.

Wat betref vernielsug openbaar dit anti-sosiale neigings. Soms word plaasgereedskap nie goed opgepas nie. Dit mag blote baldadigheid wees waaraan gebreekte plaasgereedskap kan toegeskryf word, maar dit mag ook moedswilligheid wees, en dan is dit nodig om straf op te tree.

Wat betref beïnvloeding tot kwaad, is daar dikwels twee wat saam wegloop, rook, ens. Die beïnvloeding tot kwaad gaan soms met dwang gepaard, b.v. liggaamlike mishandeling.

### D. Wraaksug.

Soos reeds vermeld is daar ook gekommitteerde kinders in die Kinderhuis, d.w.s. kinders wat deur die Staat soontoe gestuur word. Dikwels is die huislike omstandighede van hierdie soort kinders baie treurig: daar is b.v. uiterste armoede, dronkenskap, egskeiding, ens. Nogtans beskou die ouers dit in party gevalle so, dat die kind met geweld van hulle verwyder is en por hulle die kind aan tot verset in die inrigting.

In sulke gevalle is dit van die grootste belang om eers die regte verhouding tussen kind en weeshuis te skep. Die kind moet besef dat wat hier gedoen word, in sy belang is. As die regte verhouding eers geskep is, dan gaan dit dikwels veel beter. Dit is nie wenslik om van lyfstraf gebruik te maak voor die verhouding reg is nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

### E. Ruggegraadloosheid.

Die direkteur beskryf hierdie tipe kind met die woorde „'n jellievis-gedoente". Waarskynlik sou mens hulle „onstabiles" of „gelatenes" kan noem volgens die indeling van Willemse[1]. Vir hulle is daar besondere genade en takt nodig. Meer as een persoon is nodig om met so'n kind se opvoeding te help. „Daar steek iets goeds in elke kind. Dit moet die uitgangspunt wees. Die kind moet verstaan 'n mens sien die goeie in hom, sodat die kind nie wanhoop nie". Hier speel AANMOEDIGING dus 'n baie groot rol. Dikwels is dit kinders wat uit 'n slegte huis kom en daarom is hulle verwant aan die volgende groep.

### F. Kinders wat te Veel Lyfstraf Ontvang het.

„Dié is nogal baie", het die direkteur verklaar. Baie van hulle is net soos dronkaards wat verslaaf is, maar in hierdie geval nie aan drank nie, maar aan die noodsaaklikheid om lyfstraf te ontvang. Die direkteur is van sienswyse dat mens in sommige gevalle verplig is om stadigaan minder lyfstraf toe te dien, nie meteens daarmee kan ophou nie, want daar is party wat amper nie 'n ander „taal" as die van lyfstraf verstaan nie. As mens mooipraat, dan beskou hulle dit as papheid.

## SPESIFIEKE OPVOEDKUNDIGE MAATREËLS EN SOORTE VAN STRAF.

### A. Die Godsdiensfaktor.

„Die godsdiensfaktor is ongetwyfeld 'n baie sterk faktor", het die direkteur verklaar. Die godsdienstige atmosfeer speel 'n groot rol in die opvoeding en verbetering van die kind. 'n Gesaghebbende van die Unie-Onderwysdepartement het onlangs nadruk gelê op die waarde van die godsdiensfaktor in opheffingswerk. Die hele atmosfeer kan daardeur verander word. (Wanneer die inrigting „Houtpoort" behandel word, sal ek aantoon dat

---

(1) Willemse, a.w.; bl. 102.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hierdie sienswyse deur baie opvoedkundiges gehuldig word). Dit is begryplik dat kinders wat onversorgd in die wêreld staan meer behoefte voel om 'n Hemelse Vader te soek en te vind as skoolkinders wat ouerliefde geniet.

Die direkteur maak dikwels gebruik van die gebed onder vier oë en het gevind dat dit dikwels help waar ander middels gefaal het.

## B. Lyfstraf.

Die direkteur is bekend met die teorieë van A.S. Neill en ander wat lyfstraf geheel en al wil uitskakel. Maar in 'n groot weeshuis werk dit nie so gemaklik nie. 'n Inrigting met beperkte geldmiddele en personeel kan ook nie die beleid volg van 'n klein inrigting soos die van Neill waar daar proporsioneel 'n baie groot personeel beskikbaar is.

In 'n groot inrigting moet die element van beskerming van die groep ook 'n rol speel; b.v. die afknouer moet afgeskrik word, anders sal sy slegte voorbeeld gevolg word en die hele samelewing in die weeshuis sal daaronder ly. Die direkteur beklemtoon die gevaar dat daar teenswoordig te ver kan gegaan word wat betref die vergoddeliking van die indiwidu ten koste van die maatskappy. Die neiging om alles te wil regmaak met opgeskorte vonnisse ens. ook by jeugdiges, kan oordryf word en dit kan noodlottige gevolge hê vir die maatskappy.

Lyfstraf kan dus nie geheel en al uitgeskakel word nie. Nogtans behoort lyfstraf die grootste uitsondering te wees. Hoewel die huisvader ook dié straf mag toedien moet hy gereëld rapporte stuur aan die direkteur in verband met enige lyfstraf wat miskien toegedien is. (Opmerking: „Huisvader" is die benoeming van die eerste in rang na die direkteur).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Motiewe vir die misdaad moet altyd in oorweging geneem word, b.v. waar 'n seuntjie uit vrees vir 'n afknouer 'n misdaad doen, daar sou dit uiters onverstandig wees om aan die seuntjie lyfstraf toe te dien, maar vir die afknouer sal lyfstraf meer van pas wees en dikwels ook 'n goeie uitwerking hê.

Vir genoemde redes is dit baie noodsaaklik om 'n behoorlike ondersoek in te stel as daar oortree is, want as 'n kind verkeerd gestraf word, dan verhard hy! „Aan die ander kant: as die kind voel jy het reg gehandel, dan gaan dit sy vertroue in jou nie skok nie, dan sal lyfstraf hom nie van jou afstoot nie, mits dit ook in die regte gees toegepas word en nie as uit wraaksug nie. Die kind waardeer dit eintlik". - Tog moet lyfstraf 'n uitsondering bly en dit moet liewers nie toegepas word solank die hoof kwaad is vir die kind nie. Aanmoediging is van baie meer belang, want dikwels het so'n kind al in sy vroeër omgewing genoeg gehoor hoe 'sleg' hy is.

## C. Isolasie.

Isolasie word nooit as straf toegepas nie. Alleen vir bewaring word 'n wegloper in uiterste gevalle gedurende die nag in 'n slaaplokaal gesit wat kan gesluit word. Gedurende die dag kry 'n ander seun die opdrag om 'n bietjie 'n oog op die wegloper te hou sodat hy nie verdwyn nie.

## D. Ekstra Strafwerk.

Hiervan word soms gebruik gemaak, b.v. seuns wat op die plaas hulle werk versuim het, moet op Saterdagmiddag die mielies klaar oes. Die uitwerking van so'n straf is bevind meestal goed te wees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

### E. Ontneem van Voorregte.

Dit is 'n straf wat die direkteur nie graag toepas nie. Dit word selde gedoen. Voorbeeld: nie-bywoning van 'n konsert-vertoning.

### F. Geldstrawwe.

Elke seun ontvang 'n bedrag geld, ambagsgereedskap, ens., wanneer hy eendag die inrigting verlaat om selfstandig te word. In uitsonderlike gevalle kan die bedrag verminder word. Maar dit word selde gedoen, want dit kan dalk aan die seun se ambisie afbreuk doen.

### Die Prefekstelsel.

Die direkteur meen dat dit in onbruik was toe hy aan die hoof van die inrigting gekom het. Dit is egter daarna in party afdelings (koshuise) ingevoer, maar het ook weer in een daarvan in onbruik geraak. „Dit hang tog weer af van die een wat toesig hou of hy geskik is om dit toe te pas en vol te hou daarmee". Die direkteur self is ten gunste van so'n stelsel. Op raad van die direkteur het ek nader gaan kennis maak met die huisvader van die „Berger-Koshuis" van die Abraham Kriel-Kinderhuis, omdat die prefekstelsel daar in werking is.

### Die Berger-Koshuis.

Huisvader: Mnr. C.B. Zietsman.

Hierdie koshuis is 'n „Fabriekskoshuis". Daar is omtrent 30 groot seuns daarin gevestig. Gedurende die dag werk hulle in fabrieke in die omgewing. Hulle verdien dus almal en betaal maandeliks £3 vir hulle onderhoud aan die koshuis. Die werklike koste vir hulle onderhoud is groter, maar word langs ander weë gedek. Die koshuis is dus feitlik die brug tot 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

selfstandige lewe. Hoewel die koshuis ook onder die administrasie van die direkteur van die Abraham Kriel-Kinderhuis staan, oefen die Departement van Volkswelsyn kontrole daarop uit en ondersteun dit finansieel.

Dit is belangrik om te vermeld dat dit eintlik 'n koshuis is vir seuns met 'n intelligensie-kwosiënt onder 80-85 wat geklassifisseer word as „sub-normaal", d.w.s. hierdie seuns kan nie met sukses die primêre skool deurloop en standerd ses voltooi nie[1].

Toe ek die koshuis besoek het, was die huisvader omtrent 'n jaar lank daar werksaam. Hy het my vertel dat daar eers baie ongehoorsaamheid en ongemanierdheid was en dat hy eers baie lyfstraf moes toedien. Hy het egter die seuns een vir een geneem om hulle vertroue te wen, met die gevolg dat hy uitgevind het dat daar meer goeds in hulle was as wat hy gedink het. Die huisvader het die seuns dikwels toegespreek (en doen dit nog) veral op Sondae, sodat die godsdienstige element 'n groot rol speel.

Die huisvader het toe die prefekstelsel as volg ingevoer:

Daar is 'n Raad wat bestaan uit die huisvader, die huismoeder, die assistente van die huismoeder en drie seuns. Staf en seuns is dus met gelyke getalle - drie elk - verteenwoordig.

Die seuns kies self hulle drie prefekte, maar die huisvader het die reg van veto. Sover het laasgenoemde egter nog nie van sy veto-reg gebruik gemaak nie. Op my vraag, wat die huisvader as noodsaaklike eienskappe by 'n prefek beskou, het hy geantwoord: „Hulle moet respek vir hom hê en hy moet liggaamlik sterk wees". Ons neem aan dat hierdie eise spesiaal op hierdie tipe van seuns betrekking het.

Die Raad hou elke veertien dae 'n vergadering. Dan moet oortreders voor die Raad verskyn. (Eers word hulle oortuig van hulle oortreding en daarna word die straf bepaal).

---

(1) M.L. Fick: "The Intelligence of Dependent Children", 1936, bls. 29.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Voorregte van prefekte: Hulle eet aan dieselfde tafel as die huisvader. Soms kry hulle ekstra tee. (Die huisvader was toe juis besig om die hoofprefek te leer hoe om 'n motorkar te bestuur. Dit is natuurlik nie 'n 'offisiële' voorreg nie, maar m.i. wys dit juis hoe die huisvader persoonlik in die seuns belangstel en verklaar dit ook verder sy invloed oor die seuns).

Goeie Gevolge.

Ek het toegang gehad tot die notuleboek van die Raad. Dit is opvallend dat die prefekte niks deur die vingers sien nie. Tot van baie klein oortredings word daar melding gemaak, sodat die humoristiese kant (altans vir die leser van die notules) ook tot sy reg kom. So word daar b.v. melding gemaak van 'n sekere oortreder wat die baadjie van sy slaappak altyd oor sy kop uitgetrek het sonder om dit eers oop te knoop, met die gevolg dat dit geskeur het. Van 'n ander seun word o.a. vertel dat hy op pad huistoe van die kerk en terwyl hy in gelid gemarsjeer het, 'n blik geskop het.

Van die strawwe in die notuleboek genoem, het ek opgemerk: (a) om verskoning laat vra, (b) waarskuwing, (c) vryheidsinkoring, b.v. kanselleer van verlof om stadtoe (Johannesburgtoe) te gaan, (d) lyfstraf. Laasgenoemde word egter selde opgelê en word alleenlik deur die huisvader self toegedien. Dit het my getref dat die beginsel van indiwidualiseer ook deur die prefekte toegepas word. Soos die huisvader dit uitdruk: „Hulle ken die kind en sy geaardheid en hulle weet wat die kind wil hê en wat hy nie wil hê nie".

Die huisvader verklaar dat hy nou baie min lyfstraf toedien. „As die vertroue eers gewen is, dan is dit 'n groot plesier vir die seun om die opvoeder tevrede te stel, met die gevolg dat die kwaaddoenery uit die mode raak. Vandat die Raad in werking gekom

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het vind ons dat daar veel minder moeilikheid plaasgevind het en ek skrywe dit daaraan toe dat dit vir die seuns baie vernederend is om voor hulle eie maats te kom". Verder het die huisvader melding gemaak van die hoofprefek se godsdienstige bekering en het hy sy invloed oor die ander seuns grotendeels daaraan toegeskryf. „Van dag kan alles aan hom oorgelaat word". Opvallend is ook dat die prefekte elkeen vir homself 'n netjiese pak klere laat maak het (met die geld wat hulle verdien) sodat hulle ook in dié opsig 'n voorbeeld is.

Die huisvader berig verder van 'n seun wat eers heeltemal opstandig was, maar wat later self om 'n paar rapse kom vra het omdat hy besef het dat hy dit verdien. Dit gebeur nou meermale dat seuns hulle oortredings self kom bely en vra om gestraf te word. „Die lat sal niks baat nie as die persoon aan wie dit toegedien word, nie besef dat hy dit verdien het nie". Hierdie sienswyse van die huisvader het ons ook in die antwoorde van hoofde van skole teëgekom. Ons is geneig om gedeeltelik daarmee saam te stem.

Samevatting van Faktore waaraan Sukses te danke is.

Dat die werk in hierdie koshuis met 'n groot mate van sukses bekroon is, is deur die direkteur onder my aandag gebring. Dit is vir daardie rede dat ek 'n spesiale onderhoud met die huisvader gereël het. Myns insiens is die sukses hoofsaaklik aan die volgende faktore te danke:

1. Die vername plek wat godsdiens hier inneem.
2. Die voorbeeld en gedissiplineerdheid van die huisvader. (Hy was vroeër in die polisiemag).
3. Persoonlike belangstelling in en omgang met die seuns. Dit is moontlik omdat die aantal seuns - dertig - nie te groot is nie.
4. Voorkom van ledigheid deur beoefening van sport, ens.
5. Opwekking tot mede-verantwoordelikheid, veral deur die prefekstelsel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

6. Geskikte werk. Die werk in die fabrieke pas aan by hulle intellektuele peil van ontwikkeling.

7. Hulle is 'n taamlik homogene groep wat betref ouderdom, aanleg en ontwikkeling.

8. Invloed van die vroulike element in die koshuis. Die huismoeder en haar assistente sorg nie net vir kos en klere nie, maar neem ook daadwerklike aandeel aan die administrasie, b.v. wat betref die prefekstelsel. Houwer(1) haal wyle ds. J. Visser, vroeër hoofdirekteur van die "Rijksopvoedingsgesticht te Amersfoort" aan. Ds. Visser sê: "De afwesigheid van de vrouw in ons werk is duidelijk voelbaar. Het is een tekort dat door surrogaten niet geheel kan worden aangevuld. Uit eerbied voor de vrouw, dient echter de eisch gesteld te worden, dat haar als opvoedster ook de volle taak moet kunnen worden opgedragen". Houwer wys daarop dat "alle reëducatie uiteindelijk in de gevoelswêreld zijn wortels heeft". Hy wys op die groot krag wat uitgaan uit die gevoelselement in die gestigslewe en in dié opsig is die vrou dus onmisbaar, ook vir groterige seuns". Die praktyk het gewys - sê Houwer - dat seuns teenoor die vrou as gestigsopvoeder anders reageer as teenoor die man. By jonger kinders soos in die ander afdelinge van die Kinderhuis, sal die vroulik-moederlike faktor van nog groter betekenis wees. "Immers, de verwaarloozing, welke bij vele psychopathische kinderen in de vroege jeugd plaatsvond, is vooral het gevolg van een ontbroken hebben van een moeder, in den waren zin van het woord".(2)

2. <u>Die Industrieskool vir Meisies op Standerton, Transvaal.</u>

Hoof: Mnr. A. Gill.

Hierdie dogters is gekommitteerde kinders. In die meeste gevalle is armoede van die huisgesin die rede waarom die dogters na die inrigting gestuur is, maar in enkele gevalle is wantoestande by die huis of onbeheerbaardheid van die dogter die rede. Meestal is die kinders <u>indirek</u> gekommitteer, d.w.s. hulle is oorspronklik na weeshuise gekommitteer en is dan, na hulle die ouderdom van 14 jaar bereik het, na hierdie industrieskool oorgeplaas. So is daar begin 1938 sowat 60 na Standerton oorgeplaas. Toe ek die skool besoek het, was daar sowat 160 op die register. Die wat <u>direk</u> gekommitteer is, is dus kinders wat direk van hulle ouerlike huis kom. Laasgenoemde groep is 'n klein minderheid, maar

---

(1) D.Q.R. Mulock Houwer, a.w; bl. 159.

(2) Carp, a.w.; bl. 507.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

volgens die oordeel van die hoof is hulle verreweg die moeilikstes. In uiterste gevalle kan dogters van die industrieskool na die verbeteringsgestig vir meisies op Durbanville (naby Kaapstad) gestuur word.

Om enige misverstand uit die weg te ruim, wil ek hier byvoeg dat dogters wat op seksuele gebied mistrappe begaan het, nie na 'n industrieskool gestuur word nie, maar na 'n ander inrigting. Om 'n idee te gee watter soorte kinders en jeugdiges na industrieskole soos die een, gesertifiseerde inrigtings soos Langlaagte en nie-gesertifiseerde inrigtings verwys word, het ek die volgende tabel saamgestel uit die offisiële verslae van die Unie-Onderwysdepartement en die Departement van Volkswelsyn vir die jaar 1937 (gedruk 1939).

Tabel 23.

Gronde vir verwysing van blanke kinders na industrieskole, gesertifiseerde inrigting en nie-gesertifiseerde inrigting, gedurende 1937.

| Gronde vir Verwysing | Industrieskole | | Gesert. en Nie-Gesert.Inr | |
|---|---|---|---|---|
| | Seuns | Meisies | Seuns | Meisies |
| 1. Behoeftigheid | 34 | 26 | 300 | 286 |
| 2. Geen ouer of voog nie | 23 | 8 | 72 | 79 |
| 3. Gevind in die sorg van 'n persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdaad teenoor die kind | 10 | - | 24 | 26 |
| 4. Onbeheerbaarheid | 63 | 9 | 51 | 25 |
| 5. Stokkiesdraai | 9 | - | 3 | 3 |
| 6. Omgang met onsedelike of slegte persone | 2 | 2 | 3 | 9 |
| 7. Bedel, of onder die ouderdom van 16 jaar besig bevind met straathandel dryf | - | - | 1 | - |
| 8. Wat weg van ouers onderhou word weens nadelige huislike omstandighede | - | 1 | 22 | 19 |
| Totaal: | 141 | 46 | 476 | 447 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Oortredings wat voorkom.

Wègloop: Dit word hier soms aangetref, hoewel glad nie soveel as by inrigtings vir seuns nie. Gewoonlik is dit kinders wat nuut is en wat huistoe verlang. Soms voel die dogter veronreg omdat sy van die huis verwyder is. Dit is selde dat so'n dogter gestraf word. Die hoof probeer langs ander weë die moeilikheid te bestry. Hy sal die dogter b.v. laat besef dat sy afbreuk doen aan die goeie naam van die inrigting of hy sal 'n paar ander meisies vra om aan die kind 'n bietjie liefde te betoon - dit in die kind se teenwoordigheid.

In een geval het 'n dogter na 'n plaas weggeloop; die hoof het haar gaan haal en vir haar 'n koppie koffie laat gee sonder om iets oor die saak te sê. Sy het weer weggeloop. Die hoof het baie mooi gepraat. Die weglopery het egter aangehou en uiteindelik is lyfstraf toegedien, en dit met goeie gevolge. Die hoof is van sienswyse dat die eerste twee behandelinge 'n voorbereiding was vir die lyfstraf - die kind het nou aan die vriendelike behandeling van die vorige kere teruggedink.

Uitsluip: 'n Groot euwel waarmee die hoof te kampe het is die uitsluip saans. Dit is maar 'n klein persentasie van die dogters wat hulle aan hierdie oortreding skuldig maak, maar dit is 'n groot moeilikheid wat nie met gewone strafmaatreëls kan bestry word nie. Die hoof maak van twee middels gebruik, naamlik (a) die publieke opinie van die dogters, (b) godsdienstige inwerking. Hierdi twee middels word met 'n groot mate van sukses gebruik. Verwant met uitsluip is sonder verlof dorptoe gaan. Hier pas die hoof die natuurlike straf toe: die volgende keer kry die dogter nie verlof om dorptoe te gaan nie.

## ~~D~~. Onbeleefdheid en Verset.

Om dit te bestry moet daar die regte verhouding tussen staflid en kind geskep word. Sagmoedigheid van die kant van die hoof teenoor die kind het hier gewoonlik die gewenste uitwer In ernstige gevalle van koppigheid word aan die kind tyd

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nadenking gegee en dit het 'n goeie uitwerking. Dit is die uitsondering dat gevalle van <u>weiering om klasse by te woon</u> voorkom. Met takt het die hoof dit ook oorwin. In een geval het dit gehelp om die twee oortreders te waarsku dat die hoof hulle voor die hele skool sou skaam maak.

### E. <u>Nie-belangstel-in-werk.</u>

Die hoof probeer om ideale by die kind te skep en tegelykertyd om die werk interessanter te maak.

### F. <u>Rook.</u>

Die hoof is van opinie dat rook 'n <u>teken</u> is van iets (sonde) wat dieper lê. „Rook is 'n vrugsonde, nie 'n wortelsonde nie", het hy verklaar. Hy bestry dit dus nie direk nie, maar vind die oplossing op godsdienstig gebied. ('n Poging om dogters 'n walging vir rook te laat kry deur hulle te laat aanhou met rook, het op mislukking uitgeloop).

### <u>Strawwe wat toegepas word.</u>

Soms word <u>ekstra werk</u> as straf toegepas. Dit kan die vorm aanneem van werk in verband met die huishouding of in verband met die tuin. Dit het soms 'n goeie uitwerking, maar die sukses daarvan hang af van die indiwidu.

Die dogters mag in die vakansie gaan kuier. Soms word gewaarsku dat hierdie <u>voorreg weggeneem</u> kan word, maar sover was 'n waarskuwing nog altyd voldoende. Daar was toe juis sowat veertig dogters uit op vakansie.

„Lyfstraf help baie selde", het die hoof verklaar, „ons skakel dit meer en meer uit. Sagmoedigheid help dikwels meer". Die uitskakeling van lyfstraf kan volgens die opinie van die hoof alleen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

geleidelik plaasvind. 'n Mens moet eers die regte gees in die inrigting skep.

Daar was vroeër 'n „Meisiesraad", maar die hoof het dit voorlopig afgeskaf. Party van die prefekte het verkeerde leiding gegee. Daar is egter by elke koshuisie ("cottage") twee meisies wat help. Hulle is "monitors".

Later, as daar eers die regte gees geskep is, wil die hoof die moontlikheid van her-invoering van die prefekstelsel in oorweging neem. Op die oomblik maak hy gebruik van die hulp en invloed van voorbeeldige godsdienstige dogters, wat hy self om hom groepeer.

## Algemeen.

Die hoof soek die oplossing van baie van die moeilikheid op godsdienstig gebied. Blykbaar kry hy deur sagmoedigheid (maar tog ook beslistheid!) goeie werk gedaan wat betref tug en opbou van karakter. Hoewel dit 'n moeilike taak is, skyn dogters tog nog inskikliker te wees. „In die meeste gevalle, veral met dogters, as 'n mens weet hoe om met hulle te praat, kan 'n mens 'n verandering te weeg bring sonder om te straf".

Ek wil my daarmee vereenselwig, want meer geweld sou waarskynlik min help, daar die dogters tog eendag weer in die maatskappy opgeneem moet word. As 'n mens hulle geheel en al met dwang beheer, sal hulle miskien wees soos plante in 'n broeikas, wat, as hulle op die oop vlakte geplaas word, nie bestand is teen die gure wind van die werklikheid nie. Die verantwoordelikheidsgevoel moet ontwikkel word.

Ten slotte moet die nasorg ("after-care") as 'n belangrike vertakking van die hoof se werksaamhede beskou word. Tydens my besoek is daar juis 'n maandelikse omsendbrief vir oud-skoliere afgerol en 'n kopie aan my oorhandig. Deur middel van so'n brief bly die hoof in aanraking met die groter dogters. Dit dien ook as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n soort nuusblad in verband met al die uitgeplaaste leerlinge. Enige nuusberigte van hulle ontvang, word in die omsendbrief op aantreklike wyse deur die hoof gerangskik en weergegee. Veral word daar melding gemaak van die vordering wat sulke uitgeplaaste dogters in verband met hulle werk maak. Aanmoediging tot volharding was miskien die treffendste kenmerk van daardie omsendbrief. Ek het die indruk gekry dat hierdie omsendbriewe met veel toewyding opgetrek word en dat hulle van groot seën kan wees vir die ontvangers daarvan.

### 3. Die Industrieskool vir Seuns (naby) Heidelberg Tvl.

Hoof: Mnr. J. Struwig.

Van die hoof se ondervinding is 20 jaar alleen in verband met hierdie soort skole vir seuns. - Volgens berekening van die hoof is daar ongeveer 40% van die seuns op die skool subnormaal, en hulle is soms baie moeilik.[1] Die ouderdom van die seuns varieer tussen 14 jaar en 18 jaar. Om 'n idee te kry van die soorte kinders in so'n skool moet die tabel wat die gronde vir verwysing hierheen aangee, nagegaan word (Tabel. 23. bls. 207.)

#### Oortredings wat voorkom.

Afknou: Dit kom heelwat voor. In baie gevalle word lyfstraf daarvoor toegedien, maar dit hang af van die seun.

Kleiner diefstalle: Soms word ekstra werk daarvoor toegeken, b.v. om in die tuin te werk, om vloere op te vryf, om by die stalle te werk, ens. Sulke strawwe word baie ekstensief toegepas en baie doeltreffend gevind.

Moedswillige onbeleefdheid: Wat betref beleefdheid meen die hoof dat die voorbeeld van die staf hier groot invloed uitoefen Die hoof haal self sy hoed vir die seuns af en vind dat so'n

(1) Vergelyk ook dr. Fick, a.w.; wat 42% subnormales daar vind, bl. 30.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voorbeeld goeie gevolge het. Buitestanders het al opmerkings gemaak oor die groot beleefdheid van die seuns. Die hoof praat glad nie met die seuns oor beleefdheid nie, net die voorbeeld is voldoende.

Ongehoorsaamheid of verset: Dit kom maar baie selde voor. Die kind besef hier dat hy moet luister.

Werkversuim: Dit kom soms voor, maar dan is die rede daarvoor dat daar iets anders tussenin gekom het wat die kind se aandag afgetrek het - hy het vergeet.

Onsedelike taal op mure: „Hoe minder 'n mens oor daardie ding lol, hoe beter", het die hoof verklaar; „as die kind uitvind dat dit 'n mens hinder, dan is dit baie erger". Dit kom nie in 'n groot mate voor nie. Die skilderafdeling van die skool sorg daarvoor dat alles weer skoongemaak word.

Rook: „Mens kan dit nie uitroei nie", het die hoof verklaar. In 'n sekere inrigting het 'n hoof dit ten sterkste belet. Wat was die gevolg?? Die seuns het op die naam van die hoof by die winkels tabak gaan koop!'. - Maar tog kan dit beperk word, b.v. die hoof verminder alle moontlike kanse daarvoor deur tussen die seuns rond te stap, ens. Hy volg die metode waarvan hy in "Tom Brown's School Days" gelees het.

Stokkiesdraai: Party van die seuns het wel stokkiesgedraai voor hulle na die inrigting gestuur is, maar daarna is die moeilikheid op 'n end.

Slordigheid op eie lyf en klere: Dit word verhoed. Seuns bad elke aand, ens.

Vernielsug: „Dit is een van die moeilikste dinge". Alles behoort aan die Staat. Dis die rede! - Die kinders moet die skade terugbetaal. Waarmee? Met die sakgeld wat hulle ouers vir hulle stuur of met selfverdiende geld. (Sien 'n paar bladsye verder onder „Selfwerk-Klubs").

Wreedheid teenoor diere: Hier het die seuns min met diere te doen en kom dit feitlik nie voor nie. Op die landbouskool op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dewetsdorp het die hoof tydens sy ondervinding daar gevind dat party seuns baie groot liefde vir diere het en selfs muise en ander wilde diere mak maak.

Wegloop: Hierdie oortreding veroorsaak dikwels moeilikheid. Soms word lyfstraf daarvoor toegedien. Wegloop is egter eerder 'n teken van iets wat nie in die haak is nie as 'n oortreding. 'n Mens moet die oorsake opspoor.

## Spesifieke Strawwe.

Ontneem van voorregte: Hiervan word selde gebruik gemaak. Die voorreg om gedurende die vakansie te gaan kuier word selde ontneem. Soms word 'n vry Saterdagmiddag deur strafwerk in beslag geneem.

Skoolsit: Hierdie straf word nooit toegepas nie. In die skool is daar nooit moeilikhede wat so-iets wenslik sou maak nie. Buitendien is die kinders sewe uur lank in die skool en op die ambag besig, en dit is genoeg.

Lyfstraf: Die hoof het al proefnemings gedoen om dit te probeer afskaf. Dit het egter onmoontlik geblyk om dit geheel en al uit te skakel. Die hoof is van opinie dat die Suid-Afrikaanse kind dink dat die opvoeder pap is as hy glad nie lyfstraf toedien nie. (Dieselfde sienswyse het ek in 'n paar antwoorde op die vraelys gekry van ander hoofde wat uit ondervinding praat). Die kind moet weeet dat daar so-iets as lyfstraf is wat kan toegedien word.

Die hoof deel egter die volgende interessante geval mee: 'n Seun het oortree en aan hom is lyfstraf toegedien. Dit het egter niks gebaat nie: die volgende dag het hy hom weer aan presies dieselfde oortreding skuldig gemaak. Toe het die hoof mooipraat probeer - sonder enige straf - en dit het 'n baie goeie uitwerking gehad. Dit hang dus ook hier baie af van die geaardheid van die kind.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die hoof dien in die meeste gevalle drie houe toe, maar soms ook meer, tot ses. Die hoof sou dit egter geheel en al afkeur as daar te veel houe toegedien word. 'n Paar houe is dikwels 'n afskrik- en genesingsmiddel, maar te veel houe, b.v. twaalf, het geen goeie uitwerking nie, want dan word dit deur die seun as wraak of vergelding beskou. Daar is nog 'n ander beswaar teen so'n handelswyse: die hoof het al met seuns wat deur die hof geslaan is, gepraat. (Die hof slaan op die naakte sitvlak). Hulle sê dat hulle na die eerste hou feitlik „doodgeslaan" is en daarna feitlik niks meer voel nie. Vroeër is seuns deur die hof geslaan in geval van wegloop, maar gelukkig is hierdie vorm van vernederende straf nou vir hierdie seuns afgeskaf.

Alhoewel die hoof lyfstraf as onmisbaar beskou, slaan hy tog baie min.

## Opvoedkundige hulpmiddels.

Godsdiens: „Godsdiens is bepaald 'n groot hulp", het die hoof verklaar. Veral is dit waar wat betref seksuele moeilikhede. Gesamentlike godsdiens word in die koshuise sowel as in die skool beoefen.

Wat betref godsdiens moet mens 'n aanknopingspunt by die kind se huislike opvoeding soek, b.v. wat het die kind se ma op godsdienstig gebied gesê? Daarop moet dan verder gebou word.

Van 'n gesprek onder vier oë sal die hoof gebruik maak, maar van 'n gebed onder vier oë kan misbruik gemaak word. (In 'n sekere inrigting het 'n priester met 'n seun alleen gebid, en toe die priester klaar was, vind hy dat hy sy sigarette kwyt is!)

Selfwerk-Klubs: Die seuns het hier die kans om sakgeld te verdien. In elke klub is daar 15 seuns. Al die seuns is gretig om daaraan te behoort. Gedurende sekere periodes werk so'n klub dan gesamentlik, b.v. aan meubels, en die profyt word dan onder di lede verdeel . Die klubs is eers kort gelede op aandrang van dr. A. la Grange in die industrieskole ingevoer en toon reeds

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tekens van 'n groot sukses te wees.

> „Nie alleen word daar deur hierdie skema vir die leerlinge middels in die hand gestel om in eie tydelike behoeftes te voorsien nie, maar deur die beroep wat gedoen word op selfwerksaamheid en onafhanklikheid, word daar geleenthede geskep vir die aankweek van waardevolle maatskaplike karaktertrekke wat vir die leerlinge in die later lewe van die grootste betekenis behoort te wees".(1)

Die Prefekstelsel: Die hoof het ondervinding van 'n s.g. „Seunsraad" wat as 'n soort hof gedien het. Die seuns het egter altyd net een soort straf voorgestel, naamlik lyfstraf! Die hoof is van opinie dat seuns soms 'n bietjie sadisties is: hulle sien soms graag dat ander bietjie seergemaak word! Ook neem hulle die voorgeskiedenis van die seun nie in aanmerking nie. Die hoof beklemtoon die noodsaaklikheid om te indiwidualiseer wat betref die toedien van straf, en dit besef die seuns nie. Die hoof weet van baie gevalle waar indiwidualiseer 'n vereiste is. Hy haal die geval aan van 'n seun wat as onbeheerbaar bestempel is, toe hy na 'n sekere inrigting, waar die hoof destyds was, oorgeplaas is. Die seun het van die droë vrugte in die huis begin steel. Wat is toe gedoen? Die huismoeder het die seun alleenlik 'n bietjie oor sy diefstal geterg, met die gevolg dat dit geheel en al opgehou het.- As die seuns nou 'n straf voorstel, word daar nie soos die hoof graag wil, geïndiwidualiseer nie.

Die hoof is egter van opinie dat 'n skakel tussen hom en die seuns 'n vereiste is, maar dit moet geen strafmagte hê nie. Daar is tans so'n „Kinderraad":

Elke koshuis word deur drie tot vyf seuns op die Kinderraad verteenwoordig. Daar is ses koshuise en dit gee 'n totaal van sowat 24 lede. Terselfdertyd dien die drie tot vyf verteenwoordigers in hulle eie koshuis as 'n Koshuisraad. (Buitendien is daar by elke koshuis „monitors" wat by die parade help).

---

(1) Verslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1937, bl. 29.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die kinders kies self die lede van die Kinderraad, maar die staf het die reg van veto, wat egter net in uiterste gevalle uitgeoefen word. As die lede nie die vertroue van die seuns het nie, dan sal so'n Raad nie van baie nut wees nie. 'n Mens moet probeer om saam te werk met die seuns wat gekies is. Dit is die neiging van die seuns om die populêrste seuns te kies. (Monitors word deur die staf aangestel, maar ook die staf kan foute maak en dit kan soms gebeur dat die beste nie aangestel word nie).

Die kiesing van die Raad geskied op dié wyse dat die kinders in elke koshuis in omtrent drie groepe verdeel word en elke groep kies sy verteenwoordiger op die Kinderraad. Elke groep vorm dus feitlik 'n „Kiesafdeling" en die stelsel is dan ook 'n praktiese les in Burgerkunde.

Vergaderings word elke twee weke in die koshuise (apart) gehou en wel onder leiding van die „Koshuismeesters"; ten minste eenmaal in die maand vergader die hele Kinderraad saam met die hoof.

Lede van die Kinderraad moet probeer om 'n beter atmosfeer in die koshuis te skep. Hulle mag voorstelle indien vir verbeterings. Soms maak hulle goeie voorstelle in die rigting. Die Raad help ook baie om die hoof op hoogte te bring en te hou van wat in die inrigting aangaan. Daarom beskou die hoof openhartigheid (eerlikheid) as die belangrikste eienskap wat so'n lid van die Raad moet besit, want so'n seun sê hoe hy alles sien, als sien hy dit dan ook in 'n verkeerde lig. „Raadslede" mag ook klagte indien.

Die hoof beskou die werk wat die Kinderraad doen as baie belangrik, maar hy voeg ten slotte met nadruk by: „Sodra 'n mens die Raad gebruik om vir 'n mens die werk makliker te maak, dan is dit 'n mislukking".

Ek het die indruk gekry dat die stelsel 'n groot sukses

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is. Dit is gebaseer op langdurige ondervinding van die hoof op verskillende plekke.

## Algemeen.

Die hoof het self 'n huisgesin van vier kinders en pas sy opvoedkundige bevindings in die huislike kring opgedoen sover as doenlik toe op die hele inrigting.

Hy het my daarop attent gemaak dat sekere strawwe nie meer toegelaat is nie. Vroeër (volgens 'n ou wet, naamlik No. 25 van 1913) was o.a. toegelaat: (a) eensame opsluiting, (b) wegneem van sekere bestandele van die daelikse rantsoen, (c) aftrek van punte in verband met onbevredigende gedrag. Alhoewel tot 1937 toegelaat, het die hoof van sekere geoorloofde strawwe nooit gebruik gemaak nie, b.v. wegneem van deel van die rantsoen. Ek onthou dat dergelike strawwe - ook eensame opsluiting - nog in werking was en ook toegepas is op „Houtpoort" toe ek 1919 tydelik daar werksaam was as onderwyser. Gelukkig het die Kinderwet, No. 31 van 1937, dergelike strawwe afgeskaf.

## 4. Die Houtpoortse Verbeteringshuis.

Hoof: Mnr. J.L. Pretorius.
Vise-Hoof: Mnr. P.J. Koorts.

Twintig jaar gelede: Dit was end 1919 en begin 1920 dat ek vir die eerste keer met hierdie verbeteringshuis kennis gemaak het en wel as tydelike onderwyser. Wat was Houtpoort toe? In naam 'n verbeteringshuis, maar in werklikheid veel nader aan 'n gevangenis vir jeugdiges. Trouens die gebou self was niks anders as 'n ou gevangenis nie, en die metodes by die inrigting in swang het al te sterk aan dié van 'n gevangenis herinner. Die inrigting is dan ook destyds beheer deur die Departement van Gevangenisse en die berugte hoenderspoor of pyl was dan ook orals afgedruk, self-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op die matras en kussings wat tot my beskikking gestel is.

Daar was destyds 'n groot staf van sowat 15 tot 20 gevangenis-bewaarders wat orals in uniform rondgestap het. Bewapen was hulle nie - dit was een van die min wesenlike verskille tussen hulle en bandietebewaarders en wat dit betref tussen die hele inrigting en 'n gevangenis. Die bewaarders is dan ook (tot 1934) oor en weer verplaas van tronke na verbeteringsgestigte. Daar was onder hulle egter persone wat 'n groot mate van menslikheid en insig aan die dag gelê het.

Die drag van die seuns was die dik vaal fluweel-pak met kort broek, en as hulle marsjeer, dan gee dit 'n tipiese geraas soos die broekspype teenmekaar skawe. Hulle hare was kort afgesny. Of laasgenoemde verpligtend was, kan ek nie met sekerheid sê nie, maar ek meen so.

Die isolasiesel met sy harde en koue sementvloer was ook aanwesig, en ook in gebruik.

Van „vryheid" kon daar min sprake wees. Soms is 'n seun of twee dorptoe gestuur met die poskar en dan was hy sy eie opsigter, maar oor die algemeen is daar altyd noukeurig oor die seuns toesig gehou. In die skool was die onderwyser die opsigter en was hy verantwoordelik om dieselfde aantal weer af te lewer as wat hy ontvang het. Dit was 'n gedurige tellery van seuns deur die opsigters en onderwysers, van die oggend tot die aand.

Alhoewel die staf baie gekortwiek was deur die feit dat die inrigting onder genoemde Departement gestaan het, wil ek dadelik byvoeg dat daar indiwidueel tog baie tot opheffing van die seuns gedoen is en, soos reeds gesê, het ek ook baie menslikheid daar aangetref, maar die stelsel in sy geheel was meer op 'n militêre as opvoedkundige lees geskoei.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Houtpoort vandag: As mens vandag Houtpoort besoek dan is die eerste treffende verandering die mooi dubbelverdieping koshuis wat intussen gebou is. (Dit is nog gebou onder die ou regime). Dit lyk net soos 'n gewone skoolkoshuis; - daar is nie meer die uiterlike kenmerke van 'n gevangenis nie.

Die lang ry sinkhuise van die bewaarders in uniform het lankal verdwyn. Die seuns is netjies aangetrek en stap in hulle vry tyd daar rond sonder dat hulle gedurig dopgehou word. Hulle dra nie fluweel-pakke nie en die hele gesigsuitdrukking is anders as die van vroeër. Spreek hulle aan en hulle sal hulle hoede spontaan afhaal en op beleefde manier vir jou inlig.

Die hoof was so vriendelik om sy rapport van 1936 tot my beskikking te stel. Hierdie rapport is baie belangrik, omdat dit in daardie jaar was dat die groot verandering plaasgevind het wat betref die nuwe vryheid aan die seuns toegestaan, ens. Natuurlik is die ou regime van 1919 intussen reeds geleidelik gewysig geword, maar ek het verkies om twintig jaar terug te gaan om die kontras duideliker te stel.

In genoemde rapport sê die hoof die volgende (bls. 10): „Vryheid: ................ „Om 'n aantal seuns soos hierdie op te sluit en gedurig te laat oppas en drywe deur bewaarders, is nie net misdadig nie, maar dit beteken dat van seuns wat anders goed sou gedoen het, misdadigers gemaak word.

Ons kan met vrymoedigheid verklaar dat die hele wese en gees van ons skool verander is en vandag weinig, indien wel, verskil van wat aangetref word in 'n gewone industrieskool. Hierdi wesentlike verandering, verbetering en groei van die gedrag, karakter, van die enkelinge, moet grootliks daaraan toegeskrywe word dat ons seuns vandag dieselfde „vryheid" geniet wat industrie skool-seuns het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die seuns gaan b.v. eenmaal in die maand alleen bioskooptoe net onder leiding van 'n monitor. Die helfte van ons seuns was op vakansie in Desember en hulle het almal teruggekom. Noudat hulle 'vry' is, werk en leer hulle baie harder en met baie meer belangstelling.

Die kinders beskou hul verblyf hier nie meer as straf en vervolging nie. Die gevoel van wrok en vyandskap teenoor staf en skool het totaal verdwyn".

Op bladsy 39 van genoemde rapport sê die hoof die volgende: „Waar ons vroeër gedurig moes hoor van inbraak, steel en allerhande ander gruweldade, is dit nou 'n seldsaamheid. Van voorregte word nie meer misbruik gemaak nie. Omdat ons hulle nie meer beskou as misdadigers en ook nie so behandel nie, is hulle dit ook nie meer nie".

Die voorafgaande aanhalings moet egter nie verkeerd verstaan word nie, want dit word ingelei deur die sin: „Van algehele vryheid kan daar geen sprake wees nie". Ook is my meegedeel dat daar in die begin tog seuns was wat die vryheid wou misbruik. Ek gee as aanvulling van die voorafgaande die volgende wat die hoof onder „Dissipline" sê (bladsy tien):

"We rule with an iron hand in a silk glove! Gehoorsaamheid en onderdanigheid word verwag en verkry; nie net terwille van die dinge self nie; dis nie onder die soort dwang van die tiran se grille en vir sy genot en heerssug of sug na mag wat hulle gehoorsaam nie, maar daar is dissipline en orde omdat hulle besef dis noodsaaklik om ons ander doele te bereik.

Ons respekteer die kinders en probeer hulle verstaan en met meegevoel behandel en daar is respek en ontsag teenoor ons.

Die pad was lank en opdraend maar die resultate was hoogs-bevredigend.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daar word geen losbandigheid toegelaat nie. Ons het nie 'n verkeerde, valse opvatting van vryheid nie. Kinders wil dissipline en leiding en orde hê, anders word hulle sleg, beskou dit as laksheid, luiheid of papbroekerigheid en kweek dan ook daardie eienskappe aan en word selfs brutaal en huigelagtig".

Die onregeerbare maar nie-misdadige kind in die industrieskool en die jeugdige misdadiger in die verbeteringshuis, behoort tot dieselfde sielkundige groep „wat bekend is as onaanpasbaar; en aangesien die oorsake van hulle onaanpasbaarheid dieselfde is, behoort die metode van behandeling ook grotendeels gelyksoortig te wees.

Die opvoedkundige program in die geval van verbeteringshuise vertoon dus geen grondverskille met dié wat in industrieskole gevolg word nie, en dit sou nie verkeerd wees om verbeteringshuise as behorende tot 'n soort geklassifiseerde industrieskole te beskou nie, waar die dissiplinêre stelsel miskien ietwat strenger as in industrieskole is".[1]

Die nuwe beleid in verband met toekenning van „vryheid" in verbeteringshuise word treffend in die volgende aanhaling weergegee:

> „Die jeugdige misdadiger „moet leer om hom in 'n wêreld te beweeg waar kwaad sowel as goed aangebied word, en hy moet leer om te kies, aangesien hy tog noodwendig tussen goed en kwaad moet kies wanneer hy die inrigting verlaat. Die werklike opvoeding bestaan daarin dat aan hom 'n keuse gelaat word en nie dat 'n kunsmatig onberispelike omgewing om hom heen geskep word nie. M.a.w. die aankweek van goeie gewoontes in 'n wêreld waar 'n keuse onmoontlik is, is 'n ideaal wat vrugteloos nagestreef word".[2]

Die seuns egter wat nie die mate van vryheid kan waardeer nie en wegloop of verdere oortredings pleeg, word snags as aparte groep opgesluit en staan ook bedags bekend as 'n moeilike groep. Dit is 'n vorm van trappestelsel wat terselfdertyd 'n strafmaatreël is.

---

(1) Verslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1937, bl. 34.

(2) Verslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1937, bl. 38.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Godsdiens: Die hoof verklaar in genoemde rapport die volgende: „Soggends kom almal bymekaar dan word die skool geopen met Bybellees, gesang en gebed.

Sondagoggende hou van die Normaalkollege-studente hier Sondagskool en smiddags hou een van die dorp se predikante 'n diens.

Dertien van ons seuns is (tydens hulle verblyf hier) aangeneem en voorgestel in die Ned. Geref. of Herv. Kerk".

Kersfees word jaarliks gevier en die seuns word dan onthaal. Dit was reeds in 1919 die geval.

Hier dien kortliks daarop gewys te word dat ware godsdiens onmisbaar geblyk het by opheffingswerk[1] veral wat betref jeugdige en ouer misdadigers (swaar-aanpasbares)[2]. Dit is 'n feit wat volgens Foerster in die praktyk so te sê algemeen erken word. In Engeland vind mens dan ook heel dikwels 'n predikant aan die hoof van 'n verbeteringsgestig[3]. Die vermaarde moderne sielkundige Jung lê ook baie klem op die besondere waarde van godsdiens as middel tot sedelike opvoeding[4]. Keyter[5] sê die volgende: „In die maatskaplike werk, die rehabilitasie van asosiale en agteruitgegane persone, word nadruk gelê op die innerlike gesondmaking, die verandering van die lewenshouding". Dit is 'n ongesonde gemoedslewe wat die grondoorsaak is van baie van die misdaad en sosiale vrywing en botsinge van ons tyd[6].

Sport en ontspanning: Ek wil hier eers opmerk dat daar reeds onder die ou bestuur in 1919 baie in die rigting van sport en ontspanning gedoen is. Vandag word o.a. die volgende beoefen:

(1) P. Haeberlin: "Wege und Irrwege der Erziehung", bls. 223, 224, 227.
(2) W.F. Foerster: "Schuld und Sühne", bls. 175, 176, 200; Carp, a.w.; bls. 505, 507.
(3) Mededeling deur wyle ds. J. Visser, in lewe direkteur van die "Rijksopvoedingsgestícht" te Amersfoort, Holland.
(4) Keyter, a.w.; bls. 173-176.
(5) Keyter, a.w.; bls. 132.
(6) Keyter, a.w; bls. 32, 166.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

rugby, krieket, atletiek, vuisvegtery, swem. Die seuns speel wedstryde teen naburige skole, b.v. Heidelberg, Nigel. Verder is daar 'n jaarlikse veldwedren. Ook word daar uitstappies gereël, b.v. na die Heidelberg-kloof, na Houtpoort-kloof, na die tentoonstelling op Johannesburg, ens. Tereg sê die hoof: „Die belangrikheid van sport as 'n opvoedingsmiddel vir ons seuns kan moeilik oorskat word".

Daar bestaan 'n debatsvereniging. Ook word daar baie gedoen wat betref sing van volksliedere, Engelse sowel as Afrikaanse.

Karakterstudie: Vanaf 1936 word daar besonder baie aandag hieraan bestee. Hierdie spesiale karakterstudie het al baie tyd in beslag geneem van die staf. Die hoof rapporteer as volg daaroor: „Elke kind se liggaamlike en gesondheidstoestand het ook aandag geniet .............. Feitlik by elke kind het ons kon vasstel dat die skoolopvoeding onderbreek, ongereeld of gebrekkig was .............. Ons het 71 kinders se lengte en gewig geneem. In alle opsigte is hulle onder normaal wat die liggaamsbou betref ............. Daar is 'n hele aantal seuns wat verskriklik klein en lig is vir hul ouderdom ........"

So het die studie op baie dinge lig gewerp en veral ook daarop gewys watter groot rol die huislike toestande gespeel het in die verkeerde vorming van die seuns. Volgens Willemse[1] kom meer as 70% van hierdie seuns op Houtpoort uit onvolledige huisgesinne (broken homes).

Die doel van die studie is om die nodige leiding aan die seuns te kan gee. Die hoof sê: „Die hoofsaak vir ons egter is dat die studie ons tot die oortuiging gebring het dat die suksesvolle behandeling van ons materiaal moontlik is en dat een van die vername vereistes is dat ons ons materiaal moet ken. ......

(1) W.A. Willemse: "The Road to the Reformatory", bl. 27.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Mens verbaas jou as jy die kind se karakter bestudeer het hoe 'n ander prentjie daar vir jou van hom geskilder is ..........."

Die prefekstelsel: So'n stelsel is in werking. Die hoof heg egter nie te veel waarde daaraan nie. Hy kontroleer dit „dat hulle nie die belhamels kies nie". Omtrent 10% van die seuns is prefekte. Prefekte vergader omtrent eenmaal in die week en wel alleen, tensy hulle die hoof of vise-hoof tot bywoning nooi. Hulle bespreek die beleid wat in die inrigting gevolg word. In verband met oortredings beveel hulle aan watter strawwe opgelê moet word. Dit is selde dat hulle lyfstraf voorstel. Gewoonlik is hulle baie billik, maar in enkele gevalle te kras.- Prefekte erken die noodsaaklikheid om te indiwidualiseer in verband met die oplê van straf.

Kleiner koshuise: Ek het reeds daarvan melding gemaak dat daar net een groot koshuis is. Daar is sowat 90 seuns. Die hoof (1936 Rapport, bl. 5) is egter nie ten gunste van die idee „van 'n sentrale eetkamer, een groot koue lewelose hostel vir slaap en woondoeleindes, en dus massa-opvoeding. Vir honderd kinders het ons drie hostels nodig".

Die hele moderne tendens in verband met inrigtings is dan ook kleiner en meer huislike tehuise(1) die sogenaamde "Cottage System". Met die oog op wat ek op Langlaagte (die Berger-Koshuis met sowat 30 kinders) gesien het, stem ek saam dat in sulke kleiner tehuise 'n veel intenser opvoedkundige beïnvloeding moontlik is. Mens kan moeilik besef welke opvoedkundige motiewe kon bestaan vir die bou van so'n groot koshuis. Waarskynlik is net die een groot koshuis gebou om die bewaring veral snags te vergemaklik. (Op Tokai, die ander verbeterhuis, is dit ook so). As daar drie koshuise sou wees, dan sou indeling van die seuns

---

(1) C.F. Albertyn, a.w.; bl. 156 en veral Lekkerkerker: Reformatories for Women in the United States. Groningen, 1931, bl. 289.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in drie taamlik homogene groepe volgens ouderdom, ens., moontlik wees.

## OORTREDINGS EN STRAFMETODES OP HOUTPOORT.

Wegloop: Hierdie euwel is nou tot 'n taamlike minimum afgebring. Nogtans het ek in die kantoor opgemerk dat sewe seuns op daardie tydstip as „weglopers" geklassifiseerd was.

Die grootste persentasie van die seuns het baie gunstig daarop reageer toe aan hulle die nuwe vryheid gegee is. 'n Klein minderheid het egter nie geweet hoe om dit reg te waardeer nie. Waarskynlik was hulle reeds te diep in die gewoonte om weg te loop as hulle nie opgepas word nie. Houwer [1] sê die volgende van bevindings op die gebied van wegloop: "Zeltner concludeert, dat de weglopers die slechts eenmaal 'tippelden', behooren tot de lichtere, gemakkelijk corrigeerbare gevallen; dat de groep echter, die zich aan drie of meermalen wegloopen bezondigt, overwegend defecte kinderen, zwaar verwaarloosden of uitermate verwenden omsluit". Houwer meen dat sulke weglopers opgevoed moet word tot moed, want soos reeds vantevore bewys, is wegloop gewoonlik vlug vir die werklikheid. Houwer meen dat so-iets nie langs die weg van redenaar regkom nie, maar dat dit kan gebeur "door liefdesbinding aan een persoon". Houwer meen egter dat daar tog ook moet gestraf word in sulke gevalle. Hy sê, straf moet hier dien om skuldbesef te wek", om langs dien weg te komen tot verbetering.... ...... De aard der straf moet echter afgesteld zijn op het type kind en door hem 'beleefd' kunnen worden als billijk en menschelijk". Maar Houwer moet per slot van rekening erken: "Er bestaat geen uniform recept: het is als met elke straf, tasten en zoeken naar de juiste greep".

Watter oplossing is daar nou op Houtpoort vir hierdie

---

(1) D.Q.R. Houwer, a.w.; bls.125, 132-133.

euwel gesoek? Voorlopig is twee slaapkamers so ingerig dat hulle toegesluit kan word en weglopers word gedurende die nag daarin gehuisves. Hierdie maatreël moet egter nie met „isolasie" verwar word nie. Weglopers gaan gedurende die dag skool- en ambag-toe, maar hulle doen feitlik elke dag ekstra werk onder toesig. Hierdie stelsel is egter nog nie voldoende uitgetoets nie, en moontlik sal dit nog gewysig word. Die persentasie wat so opgesluit word is sowat nege tot tien. Hierdie straf word egter ook in enkele gevalle vir ander oortredings toegepas. Die hoof sê die volgende: „Ons het gevind in die afgelope twee maande dat hierdie strafmetode nie net op dié kinders maar op almal 'n baie heilsame invloed gehad het". „Dit het duidelik geword", het die hoof verder aan my meegedeel, „die verontagsaming of nie-waardering van goedheid (opvoedkundige metodes) moet gestraf word".

<u>Rook:</u> „Daar is vroeër geld en klere gesteel om rookgoed in hande te kry", het die hoof verklaar, „ook is daarvoor ingebreek". Die oplossing is hierdie: Rook word nie meer gestraf nie. Natuurlik mag dit nie in teenwoordigheid van staflede gebeur nie. Verder word daar aan seuns die geleentheid gegee (deur „Selfwerk-Klubs") om sakgeld te verdien, waarvan hulle - indien hulle wil - 'n deel aan die koop van rookgoed mag bestee. Baie misdade soos steel en inbreek met die doel om rookgoed te kry, is daardeur „die nek ingeslaan" het die hoof verklaar, al het sulke misdade dan nie heeltemal verdwyn nie.

<u>Seksuele vergrype:</u> Vroeër het seksuele vergrype o.a. masturbasie en sodomie voorgekom. Die hoof meen egter dat die nuwe gees wat ontstaan het, ook hierin 'n baie groot verandering teweeggebring het. Die groot meerderheid van seuns keur dit af.

Die hoof wys die seuns op die lelikheid en onbeskaafdheid daarvan. Die beleid is om meer en meer <u>die aandag daarvan af weg te trek.</u>

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Diefstal: Soos al aangedui het inbraak en diefstal vroeër baie v orgekom. In die Unie-Onderwysdepartement se Rapport van 1936 het ek opgemerk dat dit tussen die 16-jarige en 17-jarige leeftyd is wanneer die grootste syfer bereik word van kinders wat na verbeteringshuise of industrieskole gestuur word en dat die oortreding in die meeste gevalle diefstal is. Die hoof van Houtpoort-Verbeteringsgestig skat dat meer as 90% van daardie seuns vir dié oortreding voor die hof was. Dit is dus begryplik dat hierdie euwel nie meteens sal verdwyn nadat die seuns na sulke inrigtings gestuur is nie.

Die vernaamste middels om hierdie kwaad te bestry, is om aan die seuns die geleentheid te gee om sakgeld te verdien. Daarvoor is die „Selfwerk-Klubs" wat ek reeds vroeër beskryf het, daar. Maar buitendien doen lede van die personeel soms nog spesiale moeite om ander betaalde werk aan die seuns te verskaf; b.v. die vise-hoof laat so'n seun sy motor skoonmaak of laat hom toe om in sy tuin te werk. So'n seun word aangemoedig om werk te kom vra, wanneer die versoeking tot steel by hom opkom. Hierdie pogings tot bestryding van die euwel is met 'n groot mate van sukses bekroon.

Laatkom: Dit kom nie eintlik in verband met die skool voor nie, maar wel in verband met die koshuis wat betref maaltye, b.v. as 'n seun op 'n Saterdagmiddag te lank in die dorp vertoef en laat terugkom. Die natuurlike straf, naamlik verbeuring van sy aandete is hier 'n baie effektiewe maatreël.

Wreedheid teenoor diere? Nee, so-iets kom feitlik nie voor nie. Die kinders is baie lief vir diere.

## SPESIFIEKE STRAWWE.

Skaam maak: Die hoof vind dat dit 'n baie goeie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

strafmiddel is. Soms gebeur dit in die saal voor die ander leerlinge en het dan ook op hulle 'n goeie uitwerking.

Grappig die spot dryf: Die hoof keur dit af as soiets voor ander kinders gedoen word. Die kinders is baie gevoelig. Die vise-hoof is van opinie dat die persoonlikheid van die kind nooit seergemaak moet word nie, anders het dit 'n nadelige uitwerking; hyself maak soms daarvan gebruik.

Opsluiting, ekstra werk: In verband met die oortreding „Wegloop" het ek hierdie strafmaatreël reeds verduidelik. Die opsluit gebeur gedurende die nag om wegloop te voorkom. Dit gebeur in slaapsale; nooit word seuns alleen opgesluit nie. Die ekstra werk vind plaas wanneer ander seuns vry is, b.v. tussen vieruur en vyfuur in die namiddag, en Saterdagmiddag tussen eenuur en vyfuur. Dit is altyd nuttige werk, b.v. op paaie, ens.

Hierdie gesamentlike strafmaatreël mag vir 'n week, 'n maand of selfs langer nodig wees.

'n Seun wat 'n gesteelde artikel ontvang en weggesteek het, het hierdie straf gekry. Tydens my besoek was hy weer „vry" en is ingeroep in die kantoor. Hy verklaar dat die uitwerking op hom was dat hy besluit het om nooit weer die straf op hom te haal nie. Hy meen die ander seuns in die groep het dieselfde besluit geneem. Of die straf nou opbouend sowel as afskrikkend is, is moeilik om te bepaal, maar dit skyn in alle geval albei te wees.

Die hoof is van opinie dat die noodsaaklikheid vir opsluit vinnig sal afneem.

Lyfstraf: Volgens die ervaringe van Houtpoort kan lyfstraf onmoontlik geheel en al uitgeskakel word - om dit af te skaf sal miskien net so noodlottig wees as om die polisiemag van die Staat af te skaf. Nie almal reageer op liefde nie, daar moet ook VREES wees. Die hoof het al vroeër lyfstraf maandelank afge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

skaf, maar gevind dat dit vir party onmisbaar is.

Dit beteken egter nie dat lyfstraf maar gedurig hier toegepas word nie. Die hoof is heeltemal daarop teë om gedurig te slaan. Hy skat dat daar sowat 50% van daardie seuns is wat nooit lyfstraf ontvang nie gedurende hulle verblyf van twee of drie jaar op die Verbeteringshuis, dan is daar sowat 25% aan wie eenmaal lyfstraf toegedien word, en sowat 25% wat meer as eenmaal lyfstraf ontvang gedurende hulle verblyf daar.

Die hoof stem saam dat lyfstraf meer effektief by jonger kinders is as by oueres. Na die ouderdom van 15 jaar bereik is, is dit nie meer so effektief nie, maar tog in sekere gevalle onmisbaar. Lyfstraf maak ouer kinders „hatig, nydig en wraaksugtig" het die hoof verklaar.

Lyfstraf sou sy goedkeuring wegdra indien toegepas vir afknou en wreedheid. Waar sodomie herhaaldelik gepleeg word, word dit uiteindelik ook probeer.

(Opmerking: Foerster(1) het reeds in 1918 daarop gewys dat enige vorm van lyfstraf toe al belet was in die grootste en suksesvolste verbeteringsgestigte van lande soos België, Frankryk en die V.S.A. „omdat hulle selfrespek as die fondament van alle sedelike regenerasie beskou". 'n Dergelike proefneming in 'n Duitse verbeteringsgestig met die moeilikste gevalle is destyds ook met groot sukses bekroon, sodat die direkteur (Moll) met geesdrif getuig van 'n nuwe gees in sy inrigting: "und ich danke Gott, dass ich durch diese Reform einen ganz neuen Geist in mein Haus gebracht habe, den Geist des Vertrauens, der Offenheit und besonders der Freude, das, was die Jugend ja am meisten liebt".
Dit is moeilik om te begryp waarom sulke proefnemings in weeshuise, industrieskole en verbeteringsgestigte in Suid-Afrika volgens die uitspraak van hoofde nog altyd op 'n

---

(1) F.W. Foerster: "Schule und Charakter" (1918), bls. 218, 223.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mislukking uitgeloop het. Sou dit wees dat sekere kinders deur hulle huislike opvoeding reeds voor hulle die skool besoek, aan lyfstraf „verslaaf" geraak het, soos die direkteur van 'n groot inrigting dit uitdruk? In hoeverre het die huislike opvoeding met die mislukkings van die proefnemings iets te doen??)

Verwydering: Dit is selde dat 'n seun verwyder word. Dit het egter al voorgekom dat seuns hiervandaan na die Tokai-Verbeteringshuis gestuur is. Ek moet hier byvoeg dat seuns op Houtpoort tussen die ouderdom van twaalf en agtien jaar is, terwyl die ouderdom van jeugdiges op Tokai tussen 16 en omtrent 21 tot 23 jaar is. 'n Seun wat ouer as 16 jaar is, word egter nie op Houtpoort opgeneem nie, maar word deur die hof direk na Tokai gestuur.

## NASORG.

Na 'n seun sy ambag geleer het, word hy uitgeplaas sover moontlik na 'n goeie huis en werk. Tydens my besoek was daar 16 uitgeplaastes. Die inrigting probeer ook om 'n oog oor hulle te hou totdat hulle geheel en al selfstandig is. Dit geskied met behulp van die proefbeamptestelsel in ons vernaamste stede. Die nasorg sal egter in die toekoms nog veel moet verbeter en uitgebou word.

## 5 en 6: VERBETERINGSKOSHUISE.

("Reformative Hostels".)

Daar is drie dergelike inrigtings vir seuns op die Rand, naamlik "Howard Pim Hostel" en "Norman House", albei op Johannesburg en "Spackman House" op Krugersdorp.

Hulle het tot stand gekom as gevolg van privaat inisiatief en behoort aan die s.g. "Lads' Hostels Committee" op Johannesburg. Dergelike inrigtings word ook in ander groter stede van die Unie van Suid-Afrika aangetref, b.v. op Pinetown, naby Durban.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die doel van hierdie inrigtings is volgens Willemse[1] tweeledig, naamlik: eerstens om jeugdiges oortreders van 'n behoorlike tuiste te voorsien en tweedens om hulle in aanraking te laat bly met die maatskappy, d.w.s. o.a. deur die skool in geval van die jonger seuns, en deur die werkkring in geval van die oueres. Hierdie inrigtings ontvang jeugdiges wat al voor die hof verskyn het. Sulke seuns word dan vir 'n tydperk van twee tot vyf jaar deur die Hof soontoe gestuur. Die komitee reël sy eie interne aangeleenthede, maar werk saam met die proefbeamptes (die Departement van Volkswelsyn) in die her-opvoeding van die seuns.

Die komitee beklemtoon indiwiduele behandeling[2] en die "Cottage System". Daarom is die aantal ingesetenes vir elke koshuis beperk tot omtrent twintig. Sover moontlik word daar ook gedifferensieer; b.v. in "Spackman House" op Krugersdorp is hoofsaaklik seuns van skoolgaande ouderdom gevestig, terwyl daar in "Howard Pim Hostel" slegs groterige seuns is wat reeds werk en in "Norman House" meestal seuns tussen 14 en 18 jaar wat werk of skoolgaan.

Oorplasing van een koshuis na 'n ander is ook moontlik en, indien noodsaaklik, kan 'n seun na Houtpoort- of Tokai-Verbeteringshuis verplaas word.

'n Ander beginsel wat die komitee baie beklemtoon, is vryheid: [3] "plenty of liberty, and the attendant possibilities of encountering temptation, but at the same time, maintaining a continual but unobtrusive supervision and a ready assistance in controlling his desires and conduct". Miskien is daar selfs die neiging om hierdie beginsel te ruim toe te pas en dat die inwonendes dan van die vryheid kan misbruik maak. Willemse sê [4]

(1) W.A. Willemse: "The Road to the Reformatory"; bl. 64.
(2) Lads' Hostels Committee, (Johannesburg): "Handbook", bl. 9.
(3) Lads' Hostels Committee, (Johannesburg): "Handbook", bl. 9.
(4) W.A. Willemse: "The Road to the Reformatory"; bl. 66.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

"life at such a hostel is too much of a picnic".

Die versorging is baie goed. Die spyskaart wat op bl. 17 van die „Handbook" verskyn, lyk regtig aantreklik!

Daar word heelwat aan sport en ontspanning gedoen. Onder andere word voetbal en vuisvegtery beoefen. Soms word daar vakansiekampe gereël vir die kleiner seuns van "Spackman House". Op "Howard Pim Hostel" is daar 'n "Rover" afdeling wat in verband staan met die "Boy Scout" Beweging.

5. "NORMAN HOUSE" in Johannesburg.

Hoof: Mnr. J. Angus.

Ouderdom van seuns: tussen 16 jaar en 21 jaar.

Die grootste deel van die ingesetenes beklee betrekkings in die stad. As 'n seun nog nie geskikte werk gekry het nie, dan word daar sekere werk in die tuin of in die koshuis aan hom opgedra.

Tydens 'n onderhoud wat ek met die hoof gehad het, het hy die noodsaaklikheid van indiwiduele behandeling beklemtoon met die woorde: "Treating in bulk does no good".

STRAFBELEID.

„Tuisbly" ("Gating"): Dit is 'n soort straf wat baie toegepas word. Dikwels word dit effektief gevind. "Gating is the most effective punishment for trivial offences", het die hoof later in 'n brief aan my verklaar.

Lyfstraf: Waar dit moontlik ten goede kan strek word dit nog toegedien, maar die hoof is nie 'n groot voorstander daarvan nie. Hy verklaar: "..... it might be deeply resented by a young man, so that I only resort to C.P. when it appears that ordinary stoppage of privileges is obviously too mild a punishment for the nature of the offence".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die hoof het my egter van 'n baie interessante geval vertel. 'n Groterige seun het al heelwat moeite veroorsaak. Eendag het die seun te ver gegaan met die gevolg dat die hoof hom 'n goeie pak toegedien het. Die hoof het egter gevrees dat hy die saak nou geheel en al verbrou het, en dat die regte verhouding tussen hom en die seun nou nooit weer sou herstel word nie. Tot sy verbasing was dit egter net andersom. Die pak het baie gehelp, want van dié tyd af het die seun en die hoof mekaar begin „verstaan", en alles het veel beter gegaan. So weet 'n mens nooit met sekerheid wat die uitwerking van lyfstraf sal wees nie. Miskien hang dit ook daarvan af wat 'n mens al alles van so'n seun verdra het, voor 'n mens tot hierdie maatreël oorgaan. Seker hang dit ook baie daarvan af wie die straf toedien, in watter gees hy dit doen en hoe hy daarna weer versoenend optree.

Die „Parlement".

Die koshuise-komitee is baie ten gunste daarvan dat daar by die seuns 'n mede-verantwoordelikheidsgevoel ontwikkel word. Daarom is daar ook 'n „Parlement" in hierdie koshuis wat bymekaar kom om moontlike griewe onder die aandag van die hoof te bring. Verder is daar 'n prefek (monitor) vir elke slaaplokaal.

## 6. "SPACKMAN HOUSE" op Krugersdorp.

Hoof: Mnr. R.J. Jones.

Ouderdom van seuns: tussen 10 jaar en 16 jaar.

Ek het die indruk gekry dat dit 'n baie moeilike taak moet wees om van hierdie koshuis huisvader te wees. Die hoof het egter geensins daaroor gekla nie, maar ek het tot die gevolgtrekking gekom na ek vertroud geraak het met die hele inrigting. By wyse van vergelyking net dit: op "Norman House"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het die hoof oor die algemeen weinig te sorg wat betref die werk van die seuns. Dit is waar dat hy ook daar so nou en dan 'n besoek moet aflê by die werkgewers as sake nie goed loop nie, maar die hoof het die direk iets met die vakopleiding van die seuns té doen nie. Hulle is direk aan hulle werkgewer verantwoordelik en is die grootste gedeelté van die dag werktoe. Dit is anders op "Spackman House". Daar gaan die seuns nog skooltoe en as hulle terugkom is hulle gedurig op die hande van die hoof - ook Saterdae en Sondae! Dit lyk ook asof baie van hulle nie vir die gewone leerplan van die laer of die hoër skool geskik is nie: baie vind die Std. VI-eksamen 'n groot struikelblok en die skool het vir party van hulle - afgesien van deelname aan sport - min aantrekkingskrag. Deskundiges wys ook daarop dat hoe jonger 'n oortredertjie is by sy eerste ernstige oortreding, hoe moeiliker is hy[1]. Hierdie moeilikhede is natuurlik nie aan die organisasie van die komitee te wyte nie, maar dit is van so'n ernstige aard, dat ek dit verder wil bespreek. Omdat die skool nie die nodige aantrekkingskrag het nie en die seuns hulle nie teen die eise opgewasse voel nie, presteer hulle ook weinig en party vlug later vir die werklikheid deur stokkies te draai. Nou is dit van belang dat hierdie oortreding op die Industrieskool op Heidelberg en op die Verbeteringshuis op Houtpoort, feitlik nie meer voorkom nie, maar in hierdie koshuis wel! Dit lyk dus maar 'n gedeeltelike oplossing om die seun net van die regte huislike atmosfeer te voorsien as die Staat nie daarvoor sorg dra dat die leerplan van die seun só is dat hy iets kan presteer en die beginsels van 'n nuttige handewerkvak aanleer nie. Dit lyk vir my asof baie van die goeie werk wat deur die komitee en die hoof van die koshuis gedoen word, maar tevergeefs is!

Daar is iets anders wat my die indruk gegee het dat party van die seuns hulle moeilike by die maatskaplike lewe kan aanpas. Tydens my besoek het drie van die seuntjies daar

(1) Willemse: "Die Brandwag", 27 Januarie 1939.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

by die koshuis rondgeloop, en dit was 'n skooldag! Hulle was tydelik uit die skool geskors weens diefstal.

Die noodsaaklikheid van godsdiens word ook hier ingesien. Die hoof erken egter met leedwese: "some boys have no background".- Huisgodsdiens word gereeld waargeneem. Sondae marsjeer die seuns almal saam dorptoe en gaan na die verskillende kerke waaraan hulle behoort.

Die hoof erken verder die goeie invloed van musiek, veral ook deur aktiewe deelname. Binnekort wil hy 'n blaasorkes begin.

Uiterlike netheid word baie beklemtoon en aangemoedig. Elke seun het 'n mooi blou pak vir Sondae. Ook vir goeie sportdrag word daar voorsiening gemaak. Die seuns is gevolglik trots op hulle kleredrag, veral omdat hulle nie 'n uniforme drag het nie, wat hulle sou brandmerk. Khaki-drag word liewers vervang deur ander klere om enige stigma wat daar by die seuns mag wees, te verwyder. Volgens Houwer(1) is hierdie punt van baie groot belang. Alle lof kom die hoof en die matrone toe in verband met hierdie saak. Dit was vir my bewonderenswaardig hoe één vroulike persoon al die werk kan volhou!

Soos op "Norman House" is hier ook 'n „Parlement". Dit bestaan uit ses van die twintig seuns. Hulle stel self strawwe voor, soos b.v. vryheidsinkorting, ekstra werk op die werf, ens. Die stelsel is egter nog maar kort gelede weer in die lewe geroep. Na invoering van die stelsel het die seuns in die begin strawwe voorgestel wat bepaald te swaar was, sodat hulle deur die Huiskomitee in hersiening geneem en gewysig is. (Die "House Committee" is 'n plaaslike sub-komitee van die "Lads' Hostels Committee" en vergader saam met die hoof van die koshuis al na gelang van omstandighede). Die hoof vind dit moeilik om geskikte seuns vir die „Parlement" te kry. Wat nodig is, is vertroubare seuns wat ook 'n voorbeeld vir ander kan wees.

---

(1) D.Q.R. Mulock-Houwer, a.w.; bls. 85-89.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die hoofoortredings is: Stokkiesdraai , soms Wegloop om 'n naweek by die huis of elders deur te bring (sonder toestemming, wat hiervoor moet gevra word), verder Werkversuim wat egter aan gebrek aan belangstelling toegeskryf moet word, soos reeds uiteengesit. Dit lyk asof daar nie altyd vir huiswerk die nodige ywer aan die dag gelê word nie. Party seuns vorder egter heeltemal bevredigend op skool. Diefstal wat die seun aan nuwe vervolging deur die hof blootstel, kom ook voor.

Aangesien die huisvader nog nie lank in die tuig is nie, kon ek nie meer uitvind in verband met sy strafbeleid as wat alreeds (~~in die inleiding~~) op bl. 232 gesê is nie.

## BEHANDELING VAN NATMAKERS IN INRIGTINGS.

Volgens Houwer[1] word daar in elke gestig bednatmakers aangetref en volgens Hanselmann is die persentasie soms so groot as 25 tot 30. Tydens my besoeke aan sekere inrigtings in Suid-Afrika is dit ongevra aan my meegedeel dat hierdie vraagstuk ook in ons land 'n aktuele is. Omdat die kwessie van verkeerde straf en behandeling in hierdie verband 'n baie belangrike is, het ek dit wenslik geag om kortliks daarop in te gaan. Opinies hier uitgespreek is die moderne en berus veral op uitsprake van Houwer, Koster en Adler.

Volgens Houwer is daar baie gestigsopvoeders wat glad nie aandag aan dié vraagstuk gee nie en dikwels word daarmee gekwaksalwer.

Seer seker behoort eers vasgestel te word of daar blaasstoringe, slegte voedingstoestand of iets dergeliks aanwesig is, Maar daar is volgens Houwer gevalle wat nòg by die gewone medikus nòg by die psigiater tuis behoort.

Geheel en al is dit af te keur om sulke gevalle te straf of te dwing om hulle beddegoed min of meer openlik te was, om op onoordeelkundige wyse koue sitbaddens toe te pas, om pasiënte snags gedurig wakker te maak, om hulle te laat rondloop met die nat bedlakens, om hulle te dwing om kentekens te dra, om toe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

te laat dat ander kinders hulle terg, ens. Die opvoeder moet besef watter sieleleed dit vir die kind kan beteken dat hy aan dié kwaal ly - 'n kind wat só ontmoedig is, dat hy aan sy eie krag twyfel.

As die kwaal toe te skrywe is aan onvoldoende gewoontevorming gedurende die jongste kindertyd (1-3 jaar), dan is dit dikwels voldoende om te sorg vir goeie voeding, goedgereëlde rustye om oorvermoeienis te voorkom, en vir drinkverbod na 'n bepaalde tyd in die namiddag. Die pasiënt help graag saam en dit is van groot belang dat hy die opvoeder as sy helper beskou(1). "Een vertrouwensverhouding usschen pupil-gestichtsopvoeder maakt, dat zelfs de straf, zoo die noodig mocht zijn in deze omstandigheden niet alleen geaccepteerd, maar zelfs als noodzakelijk en steunend kan worden ondervonden".

Houwer gee besonderhede wat hy aan dr. S. Koster(2) verskuldig is. Koster is volgens Houwer teen wurmkure, blaasspoeling en elektriese behandeling (met sy gevaar vir onanie) en ander gewone mediese behandelings. "Hij neigt op grond van zijn groote praktijkervaring tot psychische behandeling, gecombineerd zoo noodig met hypnose, welke in 98% zijner gevallen tot gunstige resultaten zou hebben geleid". (3)

Koster skryf die volgende voor: om kinders na vieruur in die namiddag niks te laat drink nie, ook g'n vrugte, sop, ens., wat baie water bevat te laat gebruik nie, om te waak teen oormatige sportbeoefening, na vieruur in die namiddag nie meer te laat bad nie, om te sorg vir behoorlike nagrus en vir 'n klein liggie in die kamer om te voorkom dat die pasiënt te diep slaap. Langs die bed op 'n stoel moet die kamerpot wees, sodat die kind by ontwaking weens waterdrang dit dadelik met die kamerpot sal assosieer. Buitendien het elke pasiënt 'n lysie

---

(1) Houwer, a.w.; bl. 75.

(2) Dr. S. Koster: "Enuresis bei Erwachsenen und Kindern" (Psychiatrische en neurologische Bladen, bls. 184 - 198, No. 1/a, 1936, huldigingsbundel J. Kat, Wzn).

(3) Houwer, a.w.; bl. 76.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

met die dae van die week en hy merk die „nat" dae rooi en die „droë" dae swart. Koster trag dus om die pasiënt op 'n positiewe bemoedigende wyse in die behandeling in te skakel.

In hoofsaak kom hierdie behandeling ooreen met dié wat Adler en sy volgelinge aanbeveel[1], behalwe dat laasgenoemde ook onder sekere omstandighede 'n milieu-verandering aanbeveel. Hulle beklemtoon die noodsaaklikheid dat die omgewing vriendelik en vry van vreesagtigheid moet wees. Lewin[2] wys ook daarop dat vrees vir straf bedwater kan veroorsaak. Hoe minder die pasiënt se aandag op sy kwaal gevestig word, hoe beter. Daarom is dit verkeerd om spesiale gestigte vir bed-natmakers op te rig en onwenslik om spesiale lokale in gestigte vir hulle af te sonder. "Het doel van die individueel-psychologische behandeling is het wegnemen van krampachtigheid en spanning".

Houwer self is egter geensins 'n blote teoretikus nie, maar 'n baie ervare en suksesvolle gestigsopvoeder. Hy beskou dit van groot belang om die bed-natmaker ongemerk in die groepsverband op die een of ander manier só tot sy reg te laat kom, dat hy deur die groep meer gewaardeer word, b.v. op die gebied van sport of ander ontspanning. "Zoo wordt aan den vereenzamenden bedwateraar een tegenwicht gegeven, dat zijn zelfrespect versterkt en zijn zelfvertrouwen en daarmee de moed teruggeeft".[3] Houwer noem dan as voorbeeld hierdie geval :

> "Zelf ondervond ik, de groote verandering, welke zich bij een haast pathologisch stil teruggetrokken meisje voltrok, dat in zeer ernstige mate onder haar kwaal leed, toen het ons - door invloed achter de schermen - gelukte haar in een clubverband een leidende functie te bezorgen, waarin ze uitstekend voldeed. Het zijn van die veranderingen, die den indruk geven, alsof in het leven van deze kinderen de lente weer haar intocht deed. De gestichtsopvoeder, die niet een beetje ontroerd een dergelijke groote verandering in een kinderleven mede aan kan voelen, mist dat noodzakelijke medeleven met zijn pupillen, dat het condition sine qua non is van alle heropvoedingswerk in een gesticht".

---

(1) A. Adler e.a., a.w.; bls. 280 - 293.
(2) K. Lewin, a.w.; bl. 146.
(3) Houwer, a.w.; bl. 78.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Houwer wil die pasiënt op onopvallende manier beskerm teen plaery, ens.

Hy maak melding daarvan dat bednatmakery ook as 'n kollektiewe verskynsel kan voorkom. Hy kan geen bevredigende verklaring daarvoor kry nie. "Er zijn enkele aanwijzingen, dat vrij scherpe weersovergangen (temperatuur) een rol kunnen spelen, eveneens te zware massale sportbeoefening, evenals collectieve gespannenheid, angst, e.d. vormen van ontmoediging, welke niet meer tot den enkeling bepaald bleven". (1)

Houwer haal dan nog baie interessante gevalle uit sy eie ondervinding as gestigsopvoeder aan, gevalle wat hy met treffende sukses behandel het, maar ek voel my nie geregverdig om hier meer mee te deel nie en verwys na bladsye 80 tot 84 van genoemde werk ("Gestichtspaedagogische Hoofdstukken", D.Q.R. Mulock Houwer).

---

(1) Houwer, a.w.; bl. 80.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## HOOFSTUK ~~VIII.~~ IX.

### Stelsels om Straf uit te Skakel.

Tereg se Keyter[1] die volgende: „Die algehele uitskakeling van straf uit die sedelike ontwikkelingsproses kan alleen in teorie gehuldig word". Foerster[2] sê treffend dat opvoeding sonder straf „ontsenude" en „ontsenuwende" opvoeding is. ("Eine Erziehung ohne Strafe ist eine entnervte und entnervende Erziehung".) Nogtans is daar baie hulpmiddels wat daartoe kan bydra om straf sover as wat prakties moontlik is uit te skakel. Een van die vernaamste daarvan - die prefek-stelsels - sal hier bespreek word, aan die hand van die vraebus en ook my eie ervaring met sulke stelsels.

In die Geskiedenis van Opvoedkunde is dit moeilik om te bepaal wanneer daar vir die eerste keer 'n stelsel van self-regering deur leerlinge in skole ingevoer is. Dit kan egter met sekerheid vasgestel word dat daar reeds in die middeleeue dergelike stelsels bekend was. Maar ons kan in werklikheid veel verder as dit teruggaan en met dr. Michael Sadler van die Universiteit van Leeds verklaar: "The system has its roots in human nature itself".[3]

Nogtans is daar 'n paar opvoedkundiges wat van groot belang is en oor wie se stelsels ek kortliks iets wil opnoem.

Valentin Trotzendorf was vanaf 1531 tot 1556 die hoof van 'n skool op Goldberg, Duitsland. Van hom is dit bekend dat hy sy skoliere 'n aandeel in die „regering" van die skool laat neem het. Hy het selfs 'n geregshof bestaande uit leerlinge van sy skool ingestel[4]. Schaefer[5] gee volle besonderhede van die hele prosedure by die verhoor, wat alles in Latyn moes plaasvind en wel in goeie taal, anders het die beskuldigde

(1) Keyter, a.w.; bl. 295.
(2) F.W. Foerster: "Schuld und Sühne", bl. 26.
(3) W. Jewsbury: "The Prefect System", 1916, bl. 3.
(4) O. Stählin: "Zwang und Freiheit"; 1911, bl. 23.
(5) W. Rein: "Encyklopädisches Handbuch der Pädagogik", Deel IX, bl. 235.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

reeds by geringe oortredings nie vrygespring nie. Sy strawwe was kwaai: lyfstraf en selfs opsluiting, om nie eers te praat van die "fidiculae" ('n dik plank met gate waarin die nek en die hande vasgemaak is).

Die naam van dr. Thomas Arnold, hoof van Rugby, 1829 tot 1842, verdien 'n ereplek in hierdie verband. Hy het die prefekstelsel in sy skool ontwikkel en uitgebrei.[1] In sy skool het al die seuns in die hoogste klas van die hoër skool ("Form VI") outomaties prefekte geword, en buitendien het ook sekere leiers op die gebied van sport (b.v. die kapteins van voetbalspanne) hierdie status verkry. Dit was die plig van die prefekte om te sorg vir goeie gedrag op die sportsveld sowel as op enige plek buite die klaskamer. Hulle het ook voorregte gehad: "These privileges included a separate common room, personal fags, later hours for going to bed, a light in bedroom, and some minor matters dear to budding adolescence such as the privilege of turning up trousers, walking on the side of the street opposite to their House, wearing collars of fancy shapes, etc. They punished offenders by caning or extra fagging duties".[2] Die stelsel van strafwerk ("impositions") is vir luiheid, onbeleefdheid, ens., toegepas, en wel in alle klasse. Die prefekte het ook die reg gehad om strafwerk op te lê. Dr. H. Gutsche[3] trek dit dan ook in twyfel of dit raadsaam was om laasgenoemde reg aan leerlinge (prefekte) toe te staan. Hy sê: "Hier erscheint uns die der VI. Form zugestandene Autorität etwas bedenklich, denn auch sie hatte das Recht solche Extra-arbeiten zu verhängen".

(1) W. Jewsbury, a.w.; bl. 3.
(2) W. Jewsbury, a.w.; bl. 3.
(3) H. Gutsche: "Thomas Arnold als Reformator des höheren englischen Schulwesens im. 19 Jahrhundert"; bl. 56.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ook die reg om onder sekere omstandighede lyfstraf toe te dien is deur Arnold aan sy prefekte toegeken(1). Op die onverstandigheid van so'n maatreël is reeds op 'n vorige bladsy gewys.

Maar wat betref die moderne eksperimente in verband met selfregering van leerlinge kom die eer om as baanbreker beskou te word volgens Stählin (2) toe aan 'n Amerikaner met name <u>Wilson Gill</u>. Gill het opgemerk dat die gewone burger van die Verenigde State van Amerika 'n swak begrip en min pligsgevoel gehad het wat betref die Grondwet van die Staat. Sy doel was om die jeug op te voed vir die Grondwet en hy het daarvoor 'n soort selfregering - gebaseer op die Grondwet - in sy skool ingevoer. Sy skool was dus 'n soort selfregerende staat.

Gill se plan is egter eers in 1897 met al sy konsekwensies ingevoer(3). In 'n sekere skool in New York was die tug en dissipline so sleg dat 'n konstabel pal op die skoolgronde moes wees, om die ergste te verhoed. Die nuwe hoof, wat spesiaal aangestel is omdat hy bekend was as een wat wet en orde weer kon herstel, moes na 14 dae erken, dat hy in <u>hierdie</u> geval niks kon uitrig nie. Gill het hom toe sy plan aanbeveel. Dit is toe ingevoer en wel met verbasend goeie resultate. Die kinders het dadelik 'n nuwe verantwoordelikheidsgevoel gekry en binne 'n kort tyd was alles in 'n toestand van uitstekende orde.

Roosevelt het Gill se plan toe algemeen aanbeveel en dit is in baie skole ingevoer. Daarna is daar suksesvolle proefnemings met die plan gedoen, veral in Duitsland, Oostenryk en Switserland.

<u>Johannes Langermann</u> se naam verdien ook om genoem te word. Sy skool het uit sowat 40 kinders bestaan, beide seuns en meisies, slimmes en dommes, selfs idiote, sê hy.(4)

---

(1) Dr. H. Gutsche, a.w.; bl. 68.
(2) en (3) Otto Stählin; a.w.; bls. 23-24.
(4) Johannes Langermann; ~~a.w.;~~ "Der Erziehungsstaat" (1910), bls. 9-10.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sy een groot beginsel was: opvoeding deur oefening, en nie deur praat nie.

Hy het begin met 'n tuin wat die gemeenskaplike besitting van die kinders was. Die kinders het 'n deel van die tuin gemeenskaplik bewerk, alhoewel elkeen ook 'n eie beddinkie gehad het. Die doel was nie om profyt uit die produkte (groente en blomme) te maak nie, alhoewel die met wins verkoop is, maar om die kinders tot gemeenskaplike werk op te voed.

Die kinders het hulle eie wette gemaak en as een oortree, waarsku die ander hom en help hom om sy swakheid te oorwin. 'n Kind wat geld gesteel het word as tesourier aangestel om sy wil te oefen. Daar was feitlik net een soort straf, naamlik tydelike verwydering uit die gemeenskap, maar met dié bepaling dat so'n oortreder sonder om juis verlof te vra weer tot die gemeenskap kon toetree, sodra hy besluit het om deur die daad te bewys dat hy hom aan die wette gaan onderwerp[1]

Baie moderne stelsels van opvoedkunde beklemtoon een of ander vorm van selfregering. As voorbeelde noem ek die Decroly-Metode [2] en die Winnetka-Tegniek[3].

Maar soos dit met baie nuwighede op die gebied van opvoedkunde gaan - ons dink aan die Dalton Plan - is daar altyd persone wat dit verkeerd verstaan en dit dan oppervlakkig en verkeerd toepas. Hulle besef ook nie dat die sukses van 'n stelsel grotendeels afhang van die persoonlikheid van die persoon of persone wat dit invoer en die werking daarvan reël[4]. 'n Swak stelsel sal by 'n sterk persoonlikheid nog altyd beter werk as 'n uitstekende stelsel by 'n swak persoonlikheid.

'n Ander belangrike punt is hierdie: enige stelsel moet aangepas word by die spesiale skool of inrigting waarvoor dit bedoel

(1) Johannes Langermann, a.w.; bl. 34.
(2) en (3) Keyter, a.w.; bls. 266 en 284, respektieflik.
(4) O. Stählin, a.w.; bls. 26; Keyter, a.w.; bls. 245.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is en dikwels is dit wenslik om dit maar geleidelik of gedeeltelik in te voer. M.i. moet daar veral teen gewaak word om nie te demokraties te wil wees nie wat betref die keuse van prefekte in 'n skool waar daar losbandigheid geheers het.

Die Prefekstelsel en Ander Stelsels in ons Land.

Die laaste deel van die vraelys wat aan skole gestuur is, het die opskrif gehad „Prefekstelsel en die uitskakel van Straf". Die doel van hierdie lys van 19 vrae was tweevoudig:

eerstens: om vas te stel of so'n stelsel wel help om 'n beter skoolgees te skep en sodoende die hoeveelheid straf wat opgelê moet word, verminder;

tweedens: om 'n studie te maak van die verskillende prefekstelsels wat in skole in werking is en sodoende die essensiële kenmerke daarvan te klassifiseer vir referensie van belangstellendes.

Waar bestaan dit en waar nie? Volgens antwoorde van 199 skole ontvang is daar in 67 van hulle 'n prefek- of dergelike stelsel (soms met 'n ander naam) in werking. Dit kom daarop neer dat daar in een uit elke drie skole so'n stelsel is. 'n Paar gevalle waar die stelsel net in die koshuise van skole in werking is, is nie by die 67 inbegrepe nie. Wat die orige 132 skole betref het 123 geantwoord dat daar nie so'n stelsel by hulle is nie, terwyl 9 hierdie vraag nie duidelik beantwoord het nie. Wat betref die 123 is daar tenminste 4 (vermoedelik meer) waar daar vroeër wel so'n stelsel was, maar waar dit in onbruik geraak het, en dan is daar 5 van die 123 waar die stelsel binnekort ingevoer gaan word.

Wat betref die 123 skole is daar wel in baie gevalle 'n monitorstelsel en ook gevalle waar die monitors gedurende die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

pouse toesig hou. So'n stelsel toon dus soms sekere ooreenkomste met 'n prefekstelsel, maar in die meeste gevalle word monitors weekliks aangestel en is hulle pligte beperk tot die klaskamer, b.v. boeke uitdeel, swartbord skoonmaak, ens. Daar is nie voldoende besonderhede verskaf om die stelsels wat daar in swang is hier verder te bespreek nie.

Waarom nie ingevoer nie? In geval van junior skole en laer skole is die hoof-besware in die meeste gevalle die volgende:

Drie-en-twintig hoofde sê die kinders is nog te jonk en het nie die nodige verantwoordelikheidsgevoel nie. (Daar is egter een hoof van 'n junior skool wat dit sou invoer as hy maar net 'n Std. II kon bykry. As hoof van 'n laer skool het hy sukses met die stelsel gehad). Agt hoofde sê die prefekte maak misbruik van hulle outoriteit, b.v. hulle wil net baasspeel oor ander; is onregverdig teen ander en word gevolglik deur die kinders gehaat; of anders is hulle weer te laks.

Die volgende besware het blykbaar nie so swaar geweeg nie: „Dis alleen vir die prefekte van waarde". - „Dis onnodig in 'n laer skool".- „Daar is beter stelsels vir 'n laerskool: b.v. om die skool in 'spanne' ('Houses') in te deel.-" „Die ander kinders luister nie na die prefekte nie".-

In hierdie of daardie spesiale omgewing of vir hierdie of daardie spesiale tipe van kind (b.v. arm buurt) beantwoord dit nie, want daar is geen goeie prefekte verkrygbaar nie.- „Dit veroorsaak meer straf oplê as wat dit straf uitskakel" „Die kind raak daaraan gewoon om 'soos 'n bandiet' opgepas te moet word".

Baie hoofde van laer skole wat die stelsel nie ingevoer het nie, is van opinie dat dit in 'n hoër skool goed

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

behoort te beantwoord.

Die volgende is tipiese algemene besware, d.w.s. van hoër skole, laer skole en junior skole:

> "I have known of great injustices and harm done under this system". „Omdat in baie gevalle die karnallie gekies word. 'n Prefek behoort gekies te word deur sy maats". „Sukses hang baie daarvan af of daar kinders is, wat leierskap toon". "In my opinion the Prefect System in Schools is one of the worst systems in existence. The prefect himself often becomes highly inflated with his own importance which reacts on the younger children. This system encourages bullying and telling tales and is entirely unnecessary in any well run school".

Dit moet egter nie aangeneem word dat sulke uitsprake deur almal gegee word nie. Dikwels word daar geen rede genoem waarom die stelsel nie ingevoer is nie, b.v.: "Remembering my own school days, I think the prefect system admirable but have had no experience as a teacher".

Daar is baie gevalle waar die hoof antwoord dat hy geen opinie daaroor kan uitspreek nie, omdat hy geen ondervinding daarvan het nie.

Ander stelsels:

Ek het reeds melding gemaak van:

(a) 'n Monitor-stelsel waar monitors, veral van die hoogste klasse, uitgebreide regte kry;

(b) 'n Spanselsel waar die skool in 3 of meer spanne (of groepe) ingedeel word en waar elke span twee of meer kapteins (of leiers) het. Die kaptein doen sekere pligte wat prefekte in ander skole doen.

Verder word nog die volgende opgenoem:

(c) 'n Senior-stelsel:

> "For many years there was a prefect system in this school (hoër skool vir meisies) with varying success from year to year: sometimes very good ...... Two years ago we decided at the request of the older girls to substitute for the Prefect System a System of Seniors.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

i.e. every girls in the highest class in the school sharing the responsibility of the conduct and general control.

We are finding this a much better method. The girls are happier and there is a greater team spirit - the stronger helping the weaker members in the group. A Head Girl is chosen as a rallying point for the whole, and a link for the group with the Principal and Staff.

The Seniors do not punish - merely reprimand if needed".

Wat so'n stelsel van „Seniors" betref, is dit duidelik dat dit sy voordele, maar ook sy nadele het. Ek noem die volgende beswaar: party kinders in die hoogste klas (selfs Std. X in 'n hoër skool) is jonger en swakker van karakter as party in die tweede hoogste klas. Natuurlik is die teenoorgestelde ook waar. Maar as die bestes (en oudstes, d.w.s. „Seniors" wat betref jare) uit albei klasse (die hoogste en die tweede hoogste) gekies word, dan is dit miskien die beste oplossing en kom dit daar minder op aan of mens dit nou juis 'n „Prefekstelsel" of 'n „Seniorstelsel" noem.

(d) 'n Stelsel wat genoem word:

"'n Raad bestaande uit Ministers, elkeen verantwoordelik vir 'n seker departement: (1) Justisie, (2) Verdediging, (3) Landbou, ens. Die Minister van Justisie hou toesig oor die kleintjies en sien dat die groter seuns die kleintjies nie afknou nie ens."

In watter skole word die Prefekstelsel aangetref?

Die aantal skole, naamlik 67, wat wel 'n prefekstelsel het, is as volg saamgestel:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tabel 24.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| A. Junior skole (Af. en Eng.) | 1 | uit | die | 13, | d.w.s. | 7.7% |
| B. Laer skole | | | | | | |
| Afrikaans Platteland | 15 | " | " | 81, | " | 18.5% |
| Eng. Platteland | 3 | " | " | 7, | " | 43 % |
| Afr. Rand en gr. stede | 6 | " | " | 21, | " | 28.6% |
| Eng. Rand en gr. stede | 9 | " | " | 32, | " | 28.1% |
| C. Hoër skole | | | | | | |
| Afr. Platteland (s. en m.) | 10 | " | " | 21, | " | 47.6% |
| Eng. Rand (s. en m.) | 3 | " | " | 3, | " | 100% |
| Afr. en Eng. Seuns | 11 | " | " | 11, | " | 100% |
| Afr. en Eng. Meisies | 8 | " | " | 9, | " | 88.9% |
| Engelse Hoër Skool (geen besonderhede | 1 | " | " | 1, | " | 100% |
| Totaal: | 67 | " | " | 199, | " | 33.7% |

As junior skole buite berekening gelaat word, dan kry ons die volgende statistieke:

Laer skole: Uit 141 skole het 33 (23.4%) 'n prefekstelsel.

Hoër skole: " 45 " " 33 (73.3%) " "

Laasgenoemde persentasie is bietjie hoër as vir hoër skole in die Verenigde St. van Amerika, waar dit volgens Garinger[1] se bevinding 71.8% is.

Dit blyk dat daar relatief meer as driekeer soveel hoër skole is waar daar 'n prefekstelsel bestaan as wat daar laer skole met 'n prefekstelsel is. Die aantal laer skole is groot genoeg om die volgende vergelyking te maak wat betref Afrikaans- en Engelsmedium-skole:

Afrikaansmed.: Uit 102 het 21 (20.3%) 'n prefekstelsel.

Engelsmed.: " 39 " 12 (30.8%) " "

Wat betref hoër skole is dit duidelik dat die prefekstelsel op die Rand en in die groot stede in feitlik alle hoër skole aangetref word. Die enigste uitsondering is 'n Engelsmedium hoër meisieskool, waarvan ek reeds melding gemaak het, dat die prefekstelsel daar deur 'n „Senior-stelsel" gewysig (vervang?) is.

---

(1) E.H. Garinger, a.w.; bl. 53.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

BESONDERHEDE IN VERBAND MET DIE PREFEKSTELSEL.

Daar is 64 uit die 67 skole wat besonderhede gegee het in verband met hulle stelsels.

In die geval van een skool bestaan die prefekstelsel al omtrent 50 jaar, in twee skole omtrent 30 jaar en in twee ander al 20 jaar. Die gemiddelde vir alle skole werk uit op 9.9 jaar.

Die gemiddelde aantal prefekte per honderd leerlinge is 4.35, maar dit varieer tussen 1.5 per honderd en 15 per honderd.

Kentekens: In geval van 28 skole het die prefekte spesiale kentekens ("badges"), in 6 gevalle spesiale kleure, b.v. hoedeband, das of gordel (laasgenoemde in geval van meisies), terwyl daar in omtrent die helfte van die 64 skole geen spesiale kentekens vir prefekte is nie.

Voorregte (aantal skole in hakies): 'n Spesiale prefekkamer (13). Meer vryheid van beweging tot en in die klaskamers, in die skool, op die skoolterrein, ens. (11). Daar is selfs 'n paar gevalle waar 'n aparte deel van die skoolterrein net vir hulle gebruik gereserveer word. Tee word aan prefekte verskaf (5), in party gevalle daeliks. Spesiale erepligte by skoolfunksies (4). Hulle gebruik saam met die staf 'n spesiale trap of ingang (3). Hulle mag saam met die staf in die skoolpaviljoen kom sit (1). In die skool-koshuis sit hulle aan 'n spesiale tafel gedurende maaltye (1). Daar word 'n jaarlikse dans vir hulle gereël (1). Hulle mag gebruik maak van die skooltelefoon (1). Elke week kry prefekte 'n vry periode van 'n halfuur (1). Hulle het toegang tot die voorraadskamers (1).

In die volgende geval (hoër meisieskool) het die voorregte meer bepaald op die koshuis betrekking:

> "One extra weekend a term. No uniform during weekend leave-out (with other senior matrics). Half an hour (9-9.30 p.m.) free before going to bed, walks on Sundays in threes and tea with friends out twice a term, use of special sitting room".

Wat betref die volgende geval kom dit voor asof die seuns maklik kan verlekker op hulle voorregte:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> "Granted more freedom of movement, permission to smoke in their room only, a small common room set aside for their use. Exemption from corporal punishment, from 'falling in' when not on duty, from attendance on last day of quarter".

Daar is egter ook skole - blykbaar 30 uit die 64 - waar prefekte geen voorregte het nie.

Strafuitskakeling: Die inrigtings waar die stelsel al baie lank in werking is (15 tot 50 jaar), kon nie definitief op die vraag antwoord nie of die prefekstelsel help om straf (alle soorte) uit te skakel, en dit is ook heeltemal verstaanbaar.

Die antwoorde wat ontvang is, is as volg :

38 skole het „Ja" geantwoord; 6 van die 38 sê egter: „Ja", 'n weinig", „nie in groot mate nie", „ja, wat betref ligte oortredings", „baie min" (twee sê dit), „tot 'n seker mate". Maar daar is ook 6 van die 38 wat besonder beslis geantwoord het en wat die vorige 6 antwoorde se vaagheid neutraliseer. Hierdie besliste antwoorde lui as volg: „Ja, beslis" (4 sê dit), "most decidedly", "yes - most assuredly".

3 skole het geantwoord: „Dink so".

7 skole het geantwoord: „Weet nie", ens. Party van die 7 is juis gevalle waar die stelsel al baie lank in werking is en 'n besliste antwoord byna onmoontlik is.

6 het definitief „Nee" geantwoord, terwyl 1 antwoord lui: „Nie juis nie", wat ek ook as „Nee" beskou het.

As ons net die 45 besliste antwoorde in aanmerking neem, naamlik 38 Ja's en 7 Nee's, dan kom dit daarop neer dat van hierdie 45 skole 84.4% „JA" geantwoord het, en dat 15.6% „NEE" geantwoord het. Die hipotese dat so'n stelsel kan help om straf uit te skakel is dus korrek gevind in die groot meerderheid van gevalle.

Wat die vermindering van lyfstraf deur 'n prefekstelsel aanbetref, het 43 geantwoord. Meisieskole het hierdie vraag natuurlik nie beantwoord nie. 21 skole sê: „Ja". Een van die 21 sê egter: „'n weinig"; een van hulle sê: „Yes definitely"; een maak spesiaal daarvan melding dat hulle rekords vergelyk het. In laasgenoemde geval was die stelsel al 2½ jaar in werking toe die vraag beantwoord is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1 sê : „Glo nie". 11 sê: „Weet nie" of gee 'n dergelike onbesliste antwoord, in party gevalle omdat die stelsel al so baie jare lank bestaan en 'n besliste antwoord onmoontlik is.

10 antwoord definitief: „Nee".

As mens alleen die besliste antwoorde in aanmerking neem, dan is die bevestigende antwoorde (21) meer as tweekeer soveel as die ontkennendes (10). Die hipotese dat so'n stelsel kan help om lyfstraf uit te skakel is dus voldoende bevestig.

Dit is egter nie net 'n kwessie van minder straf nie, maar van 'n beter skoolgees , minder oortredings, ens. Ek dink aan een treffende geval waar die stelsel reeds binne 14 dae na invoering daarvan 'n verbasende verandering in die skoolgees teweeggebring het, wat deur die hele staf opgemerk is. Dit was nog geen ses maande in werking nie, toe die hoof by die skoolsluiting in die openbaar 'n verklaring gemaak het dat die dissipline van die skool na invoering van die stelsel met 100% verbeter het.

## Kiesing van Prefekte.

By die 64 skole wat geantwoord het, vind mens 'n groot verskeidenheid van metodes. Ek begin met die mees outokratiese en gaan dan geleidelik oor tot die mees demokratiese.

Geen medeseggenskap deur leerlinge: By ses skole stel die hoof die prefekte aan. By 1 skool stel die hoof en die een staflid wat vir die werking van die prefekstelsel verantwoordelik is, saam die prefekte aan. By 2 skole stel die hoof en die twee of meer staflede wat hoofde van „Spanne" is ("Housemasters") saam die prefekte aan. By 20 skole stel die hoof en die hele staf saam die prefekte aan. In party van die 20 gevalle word gesê: „Hoof en Staf in Komitee": in ander weer „Hoof, op aanbeveling van Staf", by ander slegs „Staf".

Gevalle waar die leerlinge wel medeseggenskap het: By 1 skool stel die hoof en die leerlinge saam die prefekte aan: die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

leerlinge nomineer, maar die hoof het die reg van veto. By 1 skool word die prefekte deur die staf aangestel op aanbeveling van die aftredende prefekte. By 6 skole kies die staf en die leerlinge saam die prefekte, maar die juiste metode word nie gegee nie. By 2 hoër skole word die prefekte gedeeltelik deur Vorms III tot V (Stds. VIII tot X) gekies en gedeeltelik deur die staf: die leerlinge kies ~~b.v.~~ nl. 50% van die prefekte en die staf die orige 50%. In laasgenoemde geval is dit nogal van belang wie eerste kies. By 6 skole maak die leerlinge - in party gevalle net die senior leerlinge - 'n lys (nomineer dus) en die staf kies daaruit.

Gevalle waar die leerlinge al die seggenskap het: By 19 skole kies die leerlinge self die prefekte. Dit is egter duidelik dat in ten minste 6 uit die 19 gevalle alleen leerlinge van die hoër of hoogste klas(se) stemreg het.

Opsomming van metodes: In die geval van 29 skole het die leerlinge geen medeseggenskap, by 16 skole het hulle wel medeseggenskap, terwyl hulle die hele seggenskap het by 19 skole.

Die hoofprefek(te) word gewoonlik deur die hoof aangewys (17 skole). Ander metodes is: die hoof en hoofde van spanne kies saam (1), die hoof en die staf kies (11), die leerlinge nomineer vir die hoof en staf om uit te kies (3), die leerlinge kies (8), die prefekte (6). Die orige skole antwoord nie definitief nie of het geen hoofprefek(te).

Besonderhede in verband met die klasse waaruit prefekte gekies word, is as volg:

Tabel 25.

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| By | 24 | skole | word | die | pref. | uit | die | hoogste | klas | gekies | of | genomineer |
| " | 23 | " | " | " | " | " | " | 2 " | " | " | " | " |
| " | 6 | " | " | " | " | " | " | 3 " | " | " | " | " |
| " | 2 | " | " | " | " | " | " | 4 " | " | " | " | " |
| " | 8 | " | " | " | " | " | al die klasse | | | " | " | " |

Totaal 63 skole. (Een van die antwoorde was te vaag).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wat betref die 8 gevalle waar die prefekte uit al die klasse gekies of genomineer word, lyk die stelsel in party van die gevalle meer op 'n uitgebreide monitor-stelsel as op 'n egte prefek-stelsel. Myns insiens behoort prefekte alleen uit die hoogste of hoogste twee klasse gekies te word, want hulle het 'n mate van outoriteit en behoort senior leerlinge te wees - dit wat betref die klas waarin hulle is of wat betref hulle ouderdom. As die hoogste klas groot genoeg is, en dit moontlik is om uit hulle die nodige aantal geskikte kinders te kies, sonder dat die ongewenste element daarby inkom, dan is daar m.i. nie veel beswaar daarteen te maak nie as al die prefekte uit die hoogste klas gekies word. Soms is daar egter uitstekende materiaal in die tweede hoogste klas, b.v. 'n seun wat leierskap toon en wat miskien weens omstandighede ouer en ryper is as party van die leerlinge in die hoogste klas. In so'n geval is die enigste nadeel dat leerlinge in die hoogste klas na hom moet luister as hy gekies word. Daar is egter groot voordele aan verbonde wat betref die kontinuiteit van die stelsel as nie al die prefekte uit die hoogste klas gekies word nie.

Vir kontinuiteit en handhawing van skooltradisies van die skool kan op twee maniere gesorg word:

(a) Deur party prefekte (miskien een-derde of die helfte) uit die tweede hoogste klas te kies. In sommige skole word hulle dan onder-prefekte genoem.

(b) Die prefekte word uit die hoogste klas gekies, maar "at the beginning of the 4th term each prefect appoints his or her junior (apprentice) prefect from the next highest form. Apprentice not necessarily appointed the following year." By 'n ander skool word die voorlopige opvolgers reeds by die begin van die derde kwartaal benoem; die benoeming van tydelike opvolgers kan natuurlik op baie maniere plaasvind.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

<u>Keuse van leerlinge:</u> Volgens die meeste antwoorde (25) is die leerlinge geneig om die populêrstes tot prefekte te kies, terwyl 5 hoofde glo dat die bestes gekies word.

Ander antwoorde het as volg gelui (die getal tussen hakies dui aan van hoeveel skole so'n antwoord gekom het): „die een wat op sportgebied uitblink"(1), „kinders kan nie goed oor karakter oordeel nie" (1), „dit wissel af"(1), „die populêrste maar omdat hy 'n goeie karakter het" (1), „albei" (2), „hulle kies baie verstandig - die populêrste vredemaker" (1), „die sterkste - wat seuns betref" (1), „kleiner kinders kies die populêrste, groter kinders die beste" (1), "they select the best boxer and the best footballer, and next the most pushing or amusing. Our 'constitution' enables the Head to rectify this" (1).

Van die 25 hoofde wat geantwoord het „die populêrste", was drie antwoorde as volg: „die populêrste, soms 'n niksnuts", „die populêrste vrees ek", "the most popular, often a difficult boy".

Uit ondervinding moet ek sê, dat dit 'n radikale fout is om toe te laat dat die populêrste kinders as prefekte gekies word, sonder om die karakter in aanmerking te neem. Selfs in die hoër skool kan dit die oorsaak wees dat die hele prefekstelsel op 'n totale mislukking sal uitloop en dat toestande sal vererger pleks verbeter, as alles maar aan die willekeur van die leerlinge oorgelaat word.

Carp sê in hierdie verband die volgende (1):

> "Het is voorts een opmerkelijk psychologisch verschijnsel, dat - en dit geldt ook voor geestesgezonden, al dan niet verwaarloosde kinderen - slechte voorbeelden meer tot navolging strekken dan goede".

Daar mag uitsonderlike gevalle wees, waar daar reeds 'n goeie skooltradisie bestaan, maar oor die algemeen is dit m.i. 'n fout om die leerlinge <u>alle</u> seggenskap te laat hê. Dit loop feitlik daarop uit dat mens die outoriteitsbeginsel heeltemal prysgee, en die wrange vrugte van so-iets is tog al voldoende en op baie

(1) Carp, a.w.; bl. 134.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aanskouelike manier vertoon, b.v. in die berugte skole te Hamburg, voor die koms van die teenswoordige régime in Duitsland. Soos reeds in Hoofstuk I uiteengesit, mag die outoriteitsbeginsel nie prysgegee word nie.

Oor die algemeen is ek van opinie dat dit 'n goeie metode is om die hoër (of hoogste) klas(se) te laat nomineer (miskien deur 'n lys op te trek wat tweemaal soveel name bevat as wat nodig is); die hoof en staf kies dan daaruit. Daar is egter baie gevalle in ons antwoorde waar die leerlinge hoegenaamd geen seggenskap nòg by die nominasie nòg by die verkiesing het nie en waar die stelsel tog goed werk. Waar toon en dissipline van 'n skool swak is, kan dit nadelig wees as daar te veel met die „demokratiese" beginsel gedweep word, wat betref onrype mense. Natuurlik is dit waar dat 'n moeilike seun soms verbeter as hy eers prefek is, maar dit is glad nie altyd die geval nie; soms word die kanse misbruik. Die feit dat daar maar 19 skole uit die 64 is (d.w.s. nog geen 30% nie) waar die leerlinge al die seggenskap het wat betref die kiesing van prefekte, kom daarop neer dat die praktyk in 70% gevalle teen 'n dergelike prosedure waarsku!

Die volgende tabel dui aan hoe dikwels prefekte vergader:

Tabel 26.

| | | |
|---|---|---|
| (1) | Vergader nie | by 8 skole |
| (2) | Nie georganiseerde of offisiële vergaderings nie | by 2 skole |
| (3) | „Af en toe", „wanneer nodig", „dikwels", ens. | by 20 skole |
| (4) | Eenkeer per halfjaar | by 1 skool |
| (5) | Tenminste eenkeer per kwartaal | by 6 skole |
| (6) | Tweekeer per kwartaal | by 1 skool |
| (7) | Eenkeer per maand | by 9 skole |
| (8) | Elke twee weke | by 1 skool |
| (9) | Eenkeer per week | by 9 skole |
| (10) | Tweekeer per week | by 1 skool |
| (11) | Elke dag | by 3 skole |
| | Totaal: | 61 skole |
| | Onbeantwoord: | 3 skole. |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Waar vergader hulle?

| | | |
|---|---|---|
| (1) | In 'n klaskamer .................... | by 15 skole |
| (2) | In die prefekkamer ................ | by 12 skole |
| (3) | In die hoof se kantoor ............ | by 11 skole |
| (4) | In die biblioteek (4) stafkamer (1), of skoolsaal (1)...... | by 6 skole. |
| | Totaal: | 44 skole |
| | Onbeantwoord: | 20 skole. |

Persoonlik ag ek dit noodsaaklik dat daar veral by die invoering van die stelsel gereelde vergaderings gehou word. Sulke kort vergaderings van sowat 10 tot 15 minute per week dra verbasend baie daartoe by om die stelsel goed te laat posvat. Dit weet ek uit ondervinding.

Die volgende besonderhede is verstrek in antwoord op die vraag of die prefekte alleen, met die hoof saam, of anders vergader:

| | | |
|---|---|---|
| (1) | Soms alleen en soms met die hoof | by 24 skole |
| (2) | Met die hoof .................. | by 19 skole |
| (3) | Met 'n staflid (b.v. met die onderwyser wat met die organisasie en werking van die stelsel belas is) ............... | by 8 skole |
| (4) | Alleen ........................ | by 6 skole. |

Persoonlik is ek van opinie dat dit baie wenslik is dat die prefekte in die geleentheid gestel word om ook alleen te vergader. Uit ondervinding weet ek egter ook dat dit baie goeie vrugte afwerp as die verantwoordelike staflid (of staflede) sekere vergaderings van die prefekte bywoon.

Ek moet hier nog byvoeg dat die antwoord in party gevalle gelui het, dat die hoof alleen dán 'n vergadering bywoon, wanneer hy deur die prefekte genooi word. In een geval vergader die prefekte elke dag, en die hoof kom net eenkeer per week vir 'n gesellige byeenkoms na die prefekte se vergaderplek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die volgende besonderhede dui aan wie die prefekte in die verskillende skole beheer:

(1) Die hoof ........................ by 34 skole
(2) Die hoof en 'n staflid .......... by 4 skole
(3) Die hoof en die hele staf ....... by 7 skole
(4) Een of meer lede van die staf ... by 17 skole.

By een skool (nie bo inbegrepe nie) is daar 'n komitee bestaande uit drie staflede (gekies deur die staf) wat belas is met die beheer oor die prefekte. Hierdie stelsel werk baie goed en het die groot voordeel dat die hele staf deur direkte verteenwoordiging in die nouste voeling met die prefekte bly.

Die volgende besonderhede is verstrek in antwoord op die vraag by wie prefekte klagte teen oortreders indien:

(1) By die hoof .................... by 33 skole
(2) By die hoof of by staflede ..... by 15 skole
(3) By lede van die staf ~~lede~~ ....... by 11 skole
(4) By een of meer staflede, wat met die werking van die stelsel belas is ............... by 5 skole

'n Voorbeeld hoe die werk in 'n sekere hoër skool gedoen word: "Prefects are encouraged to deal with offences to the best of their individual or combined abilities; certain routine offences are reported to the Head Master, others e.g. late comers are punished automatically by prefects while all cases of doubt are referred to the Master in Charge of Prefects".

Natuurlik is dit nie wenslik dat prefekte elke klein moeilikheid kom rapporteer nie, maar dat hulle aangemoedig word om deur hulle persoonlike invloed moeilikhede sover as moontlik self te probeer oplos. Daar moet egter voorsiening gemaak word vir 'n prosedure waarvolgens sekere moeilikhede gerapporteer word. Onder geen omstandighede mag moeilikhede oploop nie, en as die hoof te besig is, is dit beter om een of meer staflede aan te wys wat dadelik sal handel wanneer moeilikhede hulle voordoen. Prefekte moet daarvan verseker wees dat hulle deur die gesag van die hele skool gerugsteun word.

Wat betref die kwessie van straf-oplê deur prefekte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is die volgende besonderhede verskaf:

In geval van 35 skole lê die prefekte nie strawwe op nie.
" " " 29 " " " " wel " op.

Van welke aard is die strawwe wat hulle oplê?

(1) Strafwerk word deur 21 skole genoem, en wel as volg: 5 sê net „Strafwerk", 9 sê „Skriftelike Werk", 5 sê „Leerwerk" en 2 sê „Skriftelike Werk en Leerwerk".

Een hoof sê: "Copy Books", 'n ander sê uitdruklik: "written exercises not lines". In een geval word 20 reëls toegelaat as skriftelike strafwerk en in 'n ander 'n maksimum van 50 reëls. In party gevalle moet selfs gedigte geleer word!

(2) Detensie word deur 9 skole genoem. Een hoof sê: „20 minute", 'n ander sê: „1 uur per week".

Daar is ten minste een geval (blykbaar twee) waar die prefekte die detensieklas self waarneem, d.w.s. in sover dit die uitvoer van strafwerk betref wat deur hulle toedoen opgelê is.

(3) Punte vir gedrag ("Order-marks") word deur 3 skole genoem; in een van die drie gevalle gebeur dit in oorleg met die onderwyser(s) dat "order-marks" toegeken word.

(4) „Borsel" word deur 2 skole genoem.

(5) Die volgende word deur een skool elk genoem:

"3 cuts (unofficially)",
"Report for caning by Head",
"Penal drill",
"Fatigue duties",
"Uitsluiting uit spele",
„Dwing seuns om die bevel uit te voer",
„Die oortreder moet voor prefek-komitee verskyn",
„Isolasie",
„Dreig om te skors en indien nodig skors".

Die idee dat prefekte strawwe mag oplê het my nog nooit aangestaan nie, en na ek die voorafgaande gerangskik het, het ek nog huiweriger oor so'n prosedure gevoel. Daar is twee hoofde wat sê dat so-iets, as dit toegelaat word, net moeilikhede

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(o.a. met die ouers) veroorsaak. Van die wat dit wel toelaat, antwoord twee hoofde op vraag 13(a) met die woorde: „Ja, min", en een sê: „Binne perke". Een hoof se antwoord lui: „Stilletjies" (lê hulle strawwe op).

As mens nou na die strawwe kyk wat toegelaat word, dan is dit duidelik dat party daarvan alles behalwe opvoedkundig kan genoem word, b.v. om „reëls" te laat uitskryf, om poësie, d.w.s. kunswerk van digters te verlaag tot gebruik vir strafwerk deur dit van buite te laat leer, ens. Ten sterkste moet dit afgekeur word dat prefekte toegelaat word om aan leerlinge lyfstraf toe te dien. Een hoof sê tereg dat assistente nie eers hierdie reg besit nie: hoe kan dit nou aan seuns toegelaat word! Gelukkig word daar net van een skool melding gemaak wat so iets toelaat, maar die hoof van 'n sekere skool op die Rand trek so tevelde teen hierdie euwel, dat ek begin wonder het of dit dalk 'n wantoestand is wat in meer skole aangetref word - skole wat die vraelys nie beantwoord het nie.

Aan die ander kant kan daar min beswaar daarteen gemaak word as die oortreder (b.v. 'n afknouer) deur die prefekte so'n bietjie „geborsel" word. Binne perke en met goeie leiding en kontrole mag dit in 'n skool met 'n middelbare afdeling redelik goed werk. In 'n laer skool is dit m.i. beter om nie hiermee te eksperimenteer nie, want die gevolge mag noodlottig wees!

Myns insiens is dit die prefekte se plig om oortredings te rapporteer, maar dit is die opvoeder se taak om oor die straf te besluit. Uit ondervinding weet ek dat dit soms goed is om die straf wat opgelê gaan word met die prefekkomitee te bespreek en om hulle sienswyse daaroor te kry. Hulle ken indiwiduele kinders soms beter as die onderwyser en sal kan sê wat die uitwerking van 'n sekere straf waarskynlik gaan wees, maar verder as dit mag die opvoeder m.i. nie gaan nie: DIE UITEINDELIKE BESLISSING OOR DIE VORM EN MATE VAN STRAF MOET BY DIE OPVOEDER BERUS, WANT HY DRA DIE VERANTWOORDELIKHEID. Met die regte soort prefekte ontstaan daar egter geen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vervreemding nie, al mag daar soms 'n verskil van opinie wees. Hulle sien op tot die opvoeder as hulle leier.

Nog één punt: 'n Goeie prefekstelsel help om straf uit te skakel - dit het die antwoorde op vrae 4 en 5 bewys. Maar as daar te veel reg om te straf aan prefekte toegeken word, dan kan die teenoorgestelde maklik gebeur: dan word daar nog meer gestraf as sonder die stelsel. Daarom is dit m.i. beter om geen of hoogstens geringe strafregte aan prefekte toe te staan.

Antwoorde op die vraag of prefekte geneig is om redelike, te swaar of te ligte strawwe op te lê is as volg:

3 hoofde antwoord „te lig".

19 hoofde antwoord „redelik"

9 hoofde antwoord „te swaar".

Wat betref die 19 hoofde wat „redelik" geantwoord het, is dit uit die verband duidelik dat die prefekte in party gevalle eers redelik word na hulle leiding gekry het.

Dit is 'n welbekende feit dat jeugdiges veel kritieser oordeel as volwassenes en dat hulle gevolglik veel swaarder strawwe wil oplê. Dit is egter van belang dat die bevindings van hierdie ondersoek - alhoewel nie op 'n baie groot basis wat betref hierdie vraag nie - tog treffend ooreenkom met wat ander opvoedkundiges gevind het, en dat die proporsie van prefekte wat te ligte strawwe sou oplê en die wat te swaar strawwe sou oplê presies uitwerk op 1:3. Veral is die bevindings van Kelchner in hierdie opsig baie belangrik en leersaam. Sy (Dr. Mathilde Kelchner) het haar ondersoek in 1931 gedoen in in 1932 gepubliseer. Sy het altesame 1,403 seuns en 874 meisies met ouderdomme van 14 tot 17 jaar opstelle laat skryf oor sulke onderwerpe soos die volgende: „Waarom word die skuldige gestraf?" - „Skuld en Boetedoening". Sy het gevind dat daar wel gevalle voorgekom het, waar jeugdiges die strawwe wat die hof oplê, as te swaar beskou het, maar dat die aantal wat van opinie was dat die strawwe van die hof te lig is en wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

uitdruklik swaarder strawwe geëis het, driekeer so groot was as die vorige aantal. Haar proporsie en die van hierdie ondersoek kom dus presies ooreen.[1] Ook is die opinie van die 2,277 jeugdiges wat betref die doodstraf interessant[2]: Van elke 5 is daar maar 1 jeugdige wat ten gunste van afskaffing van die doodstraf is, terwyl 4 die doodstraf as noodsaaklik beskou. Hier is die proporsie dus: vir afskaffing: teen afskaffing: 1 : 4.

In Amerika het Garinger[3] gevind dat daar maar 25% van die 312 hoër skole waar hy ondersoek ingestel het, 'n prefek-hof het en dit alhoewel daar by 71.8% van daardie skole 'n prefek-stelsel aangetref word.[4] Garinger haal McKown aan[5] wat daarop gewys het dat so'n hof in baie gevalle 'n sukses, maar in baie gevalle ook 'n mislukking geblyk het. McKown opper dan ook hierdie beswaar wat met ons eie bevinding en die van Kelchner ooreenkom:

> "It is well-known that students (= hoërskool-leerlinge in hierdie verband) usually deal too harshly with offenders ........ The general trend seems to be away from the court".

Uit eie ondervinding weet ek dat 'n goeie prefek niks deur die vingers sien nie: hy sien veel meer raak as die onderwyser. Dit is seker 'n baie goeie eienskap, maar: "Let us temper justice with mercy!"

Wat betref ander pligte deur prefekte waargeneem is die volgende opgenoem:

(1) Toesig hou oor leerlinge: as leerlinge na die skool kom of van die skool huistoe gaan, gedurende pouse op die skoolterrein, in die klaskamer gedurende die afwesigheid van die onderwyser. Let op kleredrag. Laatkommers vang.

---

(1) M. Kelchner: a.w.; bl. 86.
(2) M. Kelchner: a.w.; bl. 89.
(3) E.H. Garinger: a.w.; bl. 55.
(4) E.H. Garinger: a.w.; bl. 53.
(5) H.C. McKown: "Extracurricular Activities", New York: Macmillan, 1927; bl. 63.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(2) Orde handhaaf: by die aantree in rye, by die inmarsjeer, in die saal, ens.

(3) Vir netheid sorg: in die klaskamer, in die biblioteek, in die laboratorium, in die hoof se kantoor, in die waskamer, in die gange, private, tuin, op die speelterrein.

(4) Verkeer: Toesien dat verkeersregulasies uitgevoer word, toesien by die op- en afklim wat betref trems, treine, busse, ens.

(5) Help by organisasiewerk: met skoolfunksies, sportbyeenkomste, swem; help met uitdeel van sop en melk.

(6) „Prefekte stel weekliks monitors aan".

(7) "To assist the new-comer and the 'poor in spirit'".

(8) To "referee fights".

(9) Hou beurte om uit Bybel te lees in die môre by die algemene skoolopening.

(10) Hulle is kadet-offisiere.

(11) Hulle moet die vlag hys.

(12) Hulle sorg vir die registers.

(13) Hulle hou toesig in bioskope. (Bedoel word blykbaar die publieke bioskoop en nie die skool s'n nie).

In kort word die pligte in die volgende woorde weergegee: „Hulle moet 'n voorbeeld wees en sorg vir 'n gesonde skoolgees", - "to keep in touch with feeling of school". Laasgenoemde plig - deur 'n hoof opgenoem - is m.i. baie belangrik.

Oor die algemeen is die pligte wat onder nommers (1) tot (5) opgenoem is, in baie skole aan prefekte toevertrou, terwyl die pligte vanaf nommer (6) maar eenkeer elk genoem word.

Een hoof sê: „Hulle skep hulle pligte self".

Om uit te vind of prefekstelsels in sommige gevalle misluk het, is hoofde gevra om sulke gevalle op te noem. Meeste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hoofde weet egter van geen mislukkings nie. Nogtans is daar sowat 7 tot 10 hoofde wat tesame van sowat 10 tot 12 mislukte prefekstelsels in skole melding maak. Die antwoorde is egter nie duidelik genoeg om akkurate syfers te kan gee nie.

Die volgende redes vir mislukking word opgenoem:[x]

(1) VERKEERDE ORGANISASIE en verkeerde metode.

(2) a. VERKEERDE PREFEKTE gekies, b.v. net weens hul uiterlik.
b. Prefekte gekies wat te jonk en onervare is.
c. Gebrek aan goeie materiaal om die regte prefekte te kan kies.

(3) Prefekte is TE OUTOKRATIES AANGESTEL.

(4) TE MIN PLIGTE: Die onderwysers bly te veel self op die voorgrond.

(5) TE VEEL VERANTWOORDELIKHEID op prefekte afgeskuif.

(6) VERKEERDE VERANTWOORDELIKHEID: waar prefekte toegelaat is om strawwe toe te dien.

(7) AFWESIGHEID VAN 'N SKOOLTRADISIE.

(8) MISBRUIK VAN MAGTE deur prefekte.

(9) GEBREK AAN GEESDRIF: in een geval het die staf dit as 'n Engelse stelsel bestempel.

Van hierdie redes is elkeen net deur een hoof genoem, met uitsondering van No. (9), wat deur twee hoofde genoem is.

Hier volg 'n opsomming van die eienskappe wat hoofde as onmisbaar by prefekte beskou. Nege van die skole het „persoonlikheid" genoem. Hierdie begrip is m.i. so wyd, dat ek dit nie in die klassifikasie opgeneem het nie. Maar ek glo dat daarmee hoofsaaklik bedoel word 'n sterk persoonlikheid, d.w.s. die vermoë om ander te beïnvloed en so die eie ideale deur te voer. As sulks ressorteer dit ook maar onder „leierskap" of „vasberadenheid".

x In noue verband hiermee staan redes vir nie-invoering van die stelsel (wat ek reeds elders behandel het).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

TABEL 27.

| EIENSKAP VAN PREFEKTE | AANTAL HOOFDE WAT DIT NOEM |
|---|---|
| 1. Vertroubaarheid (14), verantwoordelikheidsgevoel (16), pligsbesef (10) ....................... | 30 |
| 2. Leierskap ............................................. | 24 |
| 3. Voorbeeldige gedrag of karakter ....................... | 18 |
| 3. Takt, verdraagsaamheid, simpatieke optree, sagsinnigheid ........................................ | 18 |
| 5. Regverdigheidsgevoel .................................. | 17 |
| 6. Eerlikheid, opregtheid ................................ | 13 |
| 7. Lojaliteit teenoor skool .............................. | 10 |
| 8. Waardigheid, moet respek afdwing ...................... | 9 |
| 9. Verstandigheid ("common sense") ....................... | 8 |
| 9. Hardwerkendheid, moet energiek wees ................... | 8 |
| 9. Netheid van persoon ................................... | 8 |
| 12. Sedelike moed, selfvertroue .......................... | 6 |
| 12. Beslistheid, vasberadenheid .......................... | 6 |
| 12. 'n Mate van skranderheid ............................. | 6 |
| 15. Bekwaamheid of belangstelling op gebied van sport .... | 5 |
| 16. Goeie liggaamsbou .................................... | 4 |
| 17. "Moenie gesteld wees op populariteit nie"............. | 4 |
| 18. Opgeruimdheid (1), "sense of humour" (2) ............. | 3 |
| 19. Akademiese bekwaamheid ............................... | 3 |
| 20. Populariteit ......................................... | 2 |
| 21. Vertroudheid met toestand in skool ................... | 1 |

Uit die eienskappe wat hoofde opnoem kan 'n mens aflei dat hulle geneig is om baie klem te lê op dié trekke wat 'n prefek makliker sal laat invoeg by die gesag van die skool, terwyl hulle nie soveel geloof heg aan trekke wat die prefek aantrekliker maak onder sy maats nie. Daarom word voorbeeldigheid, vertroubaarheid,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

pligsbesef, soveel keer genoem, terwyl populariteit en selfs takt en sagsinnigheid minder voorkom. Ons kan aanneem dat ook die begrip „leierskap" bedoel „lei in die uitvoer van goeie dinge".

Aan die ander kant blyk uit ander antwoorde oor die keuse van die kinders self dat hulle geneig is om die populêrste tot prefek te kies. Dit is natuurlik nou weer die vraag watter persone by die leerlinge die populêrste is. Dit hang waarskynlik baie af van die ouderdom en die trap van ontwikkeling van die leerlinge. Hugo(1) wys daarop dat die goleriese tipe en die sanguiniese tipe onder hulle mede-leerlinge dikwels populêr, selfs baie populêr is en van hierdie tipes sê Hugo o.a. dat dit juis hulle is wat geneig is om die orde te verstoor, om hulle teen voorgeskrewe reëls te versit, om baldadig te wees en om tot die uiterste grens te gaan met die onderwyser. Die goleriese tipe is buitendien koppig en bly by iets verkeerds volhard en laat hulle mede-leerlinge graag vasloop by die onderwyser. Natuurlik het albei tipes ook goeie trekke, maar genoemde feite wys ons daarop dat die begrip „populêr onder mede-leerlinge" baie ongewenste eienskappe kan insluit en maan dus tot versigtigheid. Nogtans beveel Hugo juis aan(2) dat aan sulke tipes monitor-werkies in die klaskamer toevertrou behoort te word. (Daar is egter 'n hemelsbreë verskil tussen monitor-werkies en prefek-verantwoordelikheid). Hoewel dit vanselfsprekend is dat gehoorsame, eerlike en voorbeeldige kinders eerder die voorrang in die tugstelsel verdien, kan mens tog nie dieleerlinge se eie voorkeur heeltemal negeer nie. Dit sou nie opvoeding wees tot werklike verantwoordelikheid soos in Hoofstuk I uiteengesit nie. Aan die ander kant toon noukeurige ondersoek dat seuns leier-eienskappe kan raaksien. Thrasher wys daarop dat selfs bendes die leiers kies wat ondernemingsgees, deursig en vertroubaarheid aan

(1) T.J. Hugo, a.w.; bls. 48-52.
(2) T.J. Hugo, a.w.; bls. 147-148.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die dag lê[1]. Die onderwyser dien dus 'n verband te lê tussen die keuse van die leerlinge en sy eie.

Dit is ongetwyfeld so dat die eienskappe van 'n goeie prefek ook die kenmerke van 'n suksesvolle onderwyser sal wees want albei het te doen met die vorming van en tug oor onderge-skiktes. Deur soveel klem te lê op voorbeeldigheid, eerlikheid, pligsbesef, het die hoofde bewus of onbewus hulle eie karakter-vereistes geskets. Die meeste opvoedkundiges stel ook hierdie eise aan onderwysers. Ek moet hier egter ook daarop wys dat taktvolle en simpatieke optree by die prefek sekerlik ook baie hooggeag moet word. Nie alleen leer die ervaring dat leerlinge die simpatieke leiding van 'n prefek baie waardeer nie, maar opvoed-kundiges beklemtoon ook dat daar tussen onderwyser en leerling steeds 'n verhouding van goedgesindheid moet wees.

In antwoord op 'n vraag is die volgende as onmisbare eienskappe van 'n goed-georganiseerde prefekstelsel deur hoofde opgenoem:

Konstitusie: Daar moet 'n definitiewe konstitusie wees, waarin die voorregte van prefekte noukeurig omskryf word. (Hulle voorregte moet opweeg teen hulle pligte). Daar behoort egter nie te veel reëls te wees nie.

Samewerking met staf en kontrole: Alhoewel die prefekte gedurig leiding van die staf moet kry, moet onderwyser hulle tog nie onnodig met sake van prefekte inmeng nie. Een hoof praat van "not too obvious control" terwyl 'n ander sê: "Conceiled supervision".

As besondere voordele van 'n goeie prefekstelsel word opgenoem:

---

(1) Thrasher: "The Gang". Chicago 1929 bl. 345.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(1) Leerlinge leer die waarde van outoriteit. Hulle leer om hulle gelyke te gehoorsaam.

(2) Dit ontwikkel by prefekte leierskap, verantwoordelikheidsgevoel, gesonde oordeel, selfbeheer, inisiatief en selfvertroue. (Een hoof sê, dat sulke seuns baie in aanvraag is by werkgewers, b.v. die lugmag).

(3) Dit help om 'n beter skoolgees te skep. Skooltradisies word opgebou en gehandhaaf.

(4) Dit bevredig die verlange om verteenwoordig te wees wat betref die regering van die skool. Die hoof word dan ook minder as 'n outokraat beskou.

(5) Dit vergemaklik die werk van die onderwyser. Daar is 'n beter verstandhouding tussen leerlinge en staf.

(6) Dit bevorder die geluk van die hele skool.

Op die vraag <u>of hoofde baie waarde heg aan hulle eie prefekstelsel</u> het 58 hoofde as volg geantwoord:

Daar was 44 bevestigende antwoorde: in 23 gevalle was die antwoord net „Ja", 15 het te kenne gegee dat dit uitstekend werk of baie waardevol is, en 6 gee wel bevestigende maar minder besliste antwoorde.

Die orige 14 antwoorde is ontkennend of feitlik ontkennend: 2 van hulle gee toe dat dit nog 'n eksperiment is en 3 heg min waarde daaraan wat betref die <u>laer</u> skool. Sommige van die 14 antwoorde dui aan waarom die stelsel nie 'n sukses is nie:

> "It is quite useful in minor ways but it has very definite limitations and drawbacks, owing to the inexperience, irresponsibility and immaturity of the girls at the S.C. stage". „Ja help daarem, maar geen onderwyser sal hom daarop verlaat nie. Soms gevaarlik. Lei tot ongesonde jaloesie en vervolging". „Nog ver van effektief. Prefekte besef nie verantwoordelikheid nie en is bang om populariteit onder maats te verloor". „Van meer nut vir prefekte as vir skool".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Slotsom wat betref doeltreffendheid: Al word die ses minder besliste bevestigende antwoorde buite berekening gelaat, dan is dit tog duidelik dat die groot meerderheid van skole wat so'n stelsel het, baie waarde daaraan heg. Uit die 58 antwoorde was 38 baie beslis bevestigend, en dit is meer as 65%.

Soos reeds in 'n vorige hoofstuk aangedui, kan 'n mens egter in inrigtings vir verwaarloosde en misdadige jeugdiges skynbaar maar 'n beperkte gebruik maak van die prefekstelsel. Dit moet in sulke gevalle spesiaal by sulke kinders aangepas word. Dit is treffend wat Houwer(1) in dié verband opmerk oor die groot verbeteringsgestig ("Rijksopvoedingsgesticht voor Jongens") te Amersfoort, Holland. Houwer sê die volgende: "Ds. J. Visser, oud-directeur van het R.O.G. te Amersfoort, constateerde in een interview, dat in civielrechtelijke kwesties zijn pupillen prachtige oplossingen wisten te vinden, in tegenstelling met de slechte resultaten op strafrechtelijk gebied, waarbij de sentimenten onmiddellijk gingen domineeren. ......... In verskillende gestichten, waarin men de proef nam met straffen van grooteren omvang aan de jongens toe te vertrouwen, verzochten deze de leiding (het personeel), om dit weer op zich te nemen".

## VOORBEELD VAN DIE KONSTITUSIE EN WERKING VAN 'N GEKOMBINEERDE PREFEK- EN SENIOR-STELSEL VIR HOËR SKOLE BEDOEL.

Eenkant is ek huiwerig om so'n konstitusie te gee, want wat vir een skool pas, pas nie vir ander nie. Ek weet egter dat 'n stelsel soos die wat in die volgende bladsye beskryf word - hier en daar gewysig - in meer as een skool reeds goeie vrugte afgewerp het. Persoonlik het ek die werking van hierdie stelsel baie noukeurig bestudeer en kan dit uit eie ondervinding aanbeveel.

---

(1) Houwer, a.w. bls. 119.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## KONSTITUSIE.(1)

### I. Dissiplinêre Komitee.

(1) 'n Dissiplinêre Komitee (afgekort: D.K.), bestaande uit drie tot vyf staflede (assistente), word in die lewe geroep.

(2) Hierdie D.K. word jaarliks deur die staf gekies.

(3) Die D.K.bemoei hom met die volle dissipline van die skool. Slegs uiterste gevalle word aan die Hoof gerapporteer.

(4) Die D.K. ontmoet die prefekte, klasleiers en matriekklas so dikwels moontlik. Dit is wenslik om die prefekte weekliks te ontmoet.

(5) Dit moet daagliks oop wees vir elke prefek om die D.K. te kan spreek.

(6) Lede van die D.K. sal nou en dan op die skoolgronde wees om te wys dat hulle belang stel in die prefekte se werk.

(7) Die D.K. wek ook entoesiasme op vir sport en ander skoolwerksaamhede.

(8) Wanneer daar 'n oortreder deur die prefekte gerapporteer word, verskyn hy voor al die lede van die D.K. Ook word die prefekte daar toegelaat, en is dit wenslik dat die hoofprefek(te) altyd teenwoordig is.

(9) Die D.K. neem die oortreder onder hande en gebruik sy invloed om 'n herhaling van die oortreding te voorkom. Die D.K. kan waarsku, self strawwe oplê, of uiterste gevalle aan die Hoof rapporteer. Die hoofprefekte (seun en dogter) word ook gevra om hulle sienswyse te gee wat betref die wenslikheid, geskiktheid en toereikendheid van die straf, maar die D.K. (nie die prefekte nie) besluit oor die straf.

(10) Veral by die begin van die jaar werk die D.K. en die prefekte saam om nuwe leerlinge te laat tuisvoel en om hulle op hoogte te stel wat betref die skoolreëls. Baasspelery deur ou leerlinge oor nuwes moet deur die D.K., prefekte en die matriekklas teëgewerk word.

(1) Verskeie kollegas het saamgewerk om hierdie skema in besonderhede uit te bou. Aan almal is ek my opregte dank verskuldig, maar veral aan mnr. P. Krüger.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(11) 'n Notuleboek word deur die D.K. aangehou. Name van oortreders met vermelding van oortreding en straf, ens., word ingeskryf en vir toekomstige referensie gehou.

## II. Prefekte.

### A. Manier van kiesing, ens.

(1) Daar sal twee hoofprefekte wees, 'n seun en 'n dogter. Daar sal twaalf prefekte (agt seuns en vier meisies) wees. (Dit is omtrent $3\frac{1}{2}\%$ van die totale aantal leerlinge).

(2) Die Hoof en Staf kies die twee hoofprefekte uit Std. X.

(3) Veronderstel dat daar 12 prefekte nodig is, dan stel die leerlinge van Stds. IX en X 'n lys op wat omtrent 24 name bevat. Hierdie nominasielys mag egter deur die hoof en staf vir hernominasie teruggestuur word as hulle daarmee ontevrede is. Die personeel mag selfs tot 6 name byvoeg by die lys as daar name weggelaat is wat hulle graag op die lys sou wil hê. Uit hierdie (saamgestelde) lys kies die hoof en staf nou die prefekte[1].

(4) Prefekte word uit Stds. IX en X gekies: een-derde uit Std. IX en twee-derdes uit Std. X.[2]

(5) 'n Klein prefekkomitee bestaande uit drie, naamlik die twee hoofprefekte en 'n prefek word deur al die prefekte saam gekies.

(6) Om kontinuiteit te waarborg sal nuwe prefekte voorlopig reeds teen die end van die vorige jaar gekies word, sodat die werking van die stelsel die eerste dag van die nuwe jaar in volle swang kan wees. (Dit is wenslik om voorsiening te maak dat verdienstelike leerlinge wat ongelukkig in Std. X gesak het en wat dus weer terugkom, as prefekte kan gekies word. Daarom is die woord „voorlopig" in hierdie paragraaf van belang).

### Die Pligte van Prefekte.

(1) Hulle help by die aantree, in- en uitgaan van die leerlinge.

(1) Prof. Willemse is van sienswyse dat om op te voed tot verantwoordelikheid al die prefekte deur die skoliere genomineer en deur die hoof en staf gekies moet word. As daar reeds 'n gevestigde skooltradisie bestaan, is daar m.i. geen beswaar teen so'n prosedure nie.

(2) Miskien is dit beter as een-derde van die prefekte uit Std. VIII gekies word, een-derde uit Std. IX en een-derde uit Std. X. Soveel moontlik moet prefekte uit 'n laer klas egter nie optree teenoor leerlinge in 'n hoër klas nie, maar wel andersom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(2) Hulle het vaste plekke by die ingaan in die saal.

(3) Hulle verleen waar moontlik hulp by die verwisseling van klasse.

(4) Hulle sorg gedurende speeltyd om leerlinge weg te hou van gange, ens., en sorg vir algemene orde.

(5) Gedurende skooltye (pouse) help hulle saam met die matriekklas (i) om rokery op die terrein tot 'n minimum te beperk;

(ii) om growwe taal en lelike gewoontes te voorkom;

(iii) om skrywery op mure te verhinder;

(iv) om toe te sien dat daar deur die leerlinge altyd met respek van onderwysers(esse) gepraat word.

(6) Prefekte het ook pligte wat betref die vervoer van leerlinge na skool (op treine, busse, trems, ens.). Hulle sorg ook daar vir orde en goeie gedrag.

(7) Hulle help om toesig te hou oor die kleredrag (netheid, ens.).

(8) Prefekte hou by die biblioteek toesig.

(9) Hulle inspekteer gereeld waskamers en private.

(10) Prefekte sê enige oortreder dadelik aan om onmiddellik na die prefekte-kamer te gaan, en verwittig dan een of ander van die lede van die D.K. as hulle die saak nie self kan oplos nie. (Sover moontlik word prefekte aangemoedig om moeilikhede self op te los, maar bloot deur hulle invloed en outoriteit, nie deur strafoplegging nie).

(11) Die hoofprefekte hou hulle eie verslagboek waarin hulle name van oortreders, ens., inskryf.

(12) Die hoofprefek trek elke week 'n lys op waarin die pligte van prefekte vir die week noukeurig omskryf word. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hoofprefek sorg dat die pligte van prefekte van week tot week afwissel.

Voorregte van Prefekte.

(1) Prefekte dra spesiale kentekens (skoolwapens) en kleurbaadjies met spesiale omboorsel. Vir die hoofprefekte is daar 'n besondere skoolwapen.

(2) Prefekte het hulle eie prefektekamer, aantreklik gemaak deur mooi gordyne, meubels, boekkaste, ens.

(3) Hulle neem spesiale plekke in by die algemene opening van die skool.

(4) Onderwysers probeer om prefekte sover moontlik nie voor ander leerlinge te bestraf nie.

(5) 'n Ererol, in die vorm van 'n boek, word aangehou. Hierin word die name van die prefekte van jaar tot jaar ingeskryf. Die name word ook op 'n aparte lys geskryf, ingeraam en in die saal opgehang.

(6) Prefekte drink eenkeer in die kwartaal met die staf tee. Toesprake word nie by sulke geleenthede gehou nie. (In die geval van 'n sekere skool het die prefekte kort na invoering van die stelsel die staf weer na die prefektekamer genooi, en - hulle het die staf beter onthaal as wat die staf dit die eerste keer gedoen het).

Die Matriekklas.

(1) Hulle staan onder die prefekte maar is hulle eerste hulp. Die D.K. laat hulle besef dat dit 'n groot eer is om in die matriekklas te wees. (Opmerking: 'n Spesiale kenteken vir hulle of sekere voorregte om op te weeg teen hulle pligte is m.i. aan te beveel).

(2) As hulle iets opmerk en die oortreder wil nie luister nie, dan rapporteer hulle die saak dadelik aan een van die prefekte.

(3) Die D.K. hou met die matriekklas dikwels 'n bespreking oor hulle pligte en verantwoordelikhede as seniors.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Klasleiers.**

(1) In elke klas sal daar 'n seun en meisie as klasleiers aangestel word.

(2) Verder word daar nog in elke klas 'n seun aangestel as onderleier. (Opmerking: Daar is meer seuns as dogters in baie hoër skole).

(3) Leiers sal ook onderskeidingstekens kry.

(4) Hulle sorg vir orde en netheid in hulle klaskamers.

(5) By die verwisseling van klasse help hulle.

(6) Hulle rapporteer wanordelikhede aan die prefekte.

(7) Hulle kan ook deur die hoofprefek aangestel word om toesig by gange, ens., te hou.

(8) Sover moontlik reël elke klasonderwyser sy klas-organisasie met die klasleier, maar dit is die D.K. se plig om al die klasleiers van tyd tot tyd apart byeen te roep en met hulle in verband met hulle ereposte en pligte 'n samespreking te hou. ('n Goeie klasleier sal in aanmerking kom as daar weer prefekte gekies word).

Die volgende dissiplinêre gevalle is werklik behandel in verband met die voorafgaande stelsel kort na sy invoering in 'n hoër skool: Gedrag van leerlinge op treine; toestand van private; 'n geval van afknou; mors met ink in klaskamers; laatkom; afwesigheid van sekere leerlinge by oefeninge vir atletiese sport; laatkom van party voetbalspelers vir voetbal-wedstryd; verlaat van skoolterrein sonder verlof; in- en uit-gaan by saal en in klasse; nie-op-diens-wees van leiers; gebrek aan respek teenoor prefekte getoon (hierdie gevalle was die groot uitsondering); kleredrag van sekere leerlinge; wan-gedrag in klaskamer; gebrek aan respek teenoor dameslede van die staf getoon (uitsonderlike geval).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Strawwe opgelê in verband met party van die opgenoemde oortredings was die volgende: waarskuwings - woordelike bestraffing deur die D.K.; detensie; skorsing van klasleier wat sy pligte versuim het; tydelike onttrekking van verlof om gedurende die pouse huistoe te gaan vir tee (in geval van dogters wat laat teruggekom het); brief aan ouers laat rig; isolasie gedurende die pouse. (Dit was in geval van afknou. Twee dae isolasie - voor die deur van die stafkamer staan - en woordelike vermaning het uitstekende resultate opgelewer. Lyfstraf sou hier seker nie doeltreffender kon gewees het nie. Nooit weer klagte ontvang nie). Twee weke lank na skool laat rapporteer by lid van die D.K. omdat die dogter eenkeer versuim het om dit te doen; in die openbaar in die skande gesteek (twee ernstige gevalle van wangedrag teenoor staflede); Lyfstraf: Dit was ongelukkig nie moontlik om dit geheel en al uit te skakel nie, maar dit was uitsonderlike gevalle - sewe gevalle in byna 'n jaar se tyd. Alleen lyfstraf op aanbeveling van die D.K. is inbegrepe.

Opvallend is dit dat die aantal oortredings veel minder was na die stelsel 'n jaar lank in werking was, sodat lyfstraf gedurende die eerste kwartaal van die tweede jaar maar in een geval toegedien moes word, sodat die volgende uitspraak van Garinger(1) m.i. ten volle geregverdig is:

> "An effective student (= hoërskool-leerling) organization keeps down the disciplinary problems to a minimum".

---

(1) Garinger, a.w.; bl. 51.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK IX.

## Geskikte Werk en Geleentheid vir Prestasies en Vryetydsbedrywe.

„Ledigheid is die duiwel se oorkussing". Dit sou interessant wees om na te gaan in hoeveel tale 'n soortgelyke spreekwoord voorkom. In hoofstuk 1 het ek reeds daarop gewys van hoeveel belang arbeidsterapie vir kranksinniges is, en dieselfde geld vir die normale mens.

Daar is baie stelsels van opvoedkunde wat/op die feit gebaseer is dat die kind aktief wil wees: ek noem maar die stelsel van Montessori, van Dewey, van Kerschensteiner en die van Petersen van Jena.

Hoe beter die werk van die kind gereël is, hoe meer sal dissiplinêre moeilikhede op die agtergrond verskuif word. Hierdie stelling is m.i. net so waar op ander gebiede van die lewe. Gärtner[1] sê die volgende: "Eins aber will mir sicher erscheinen: die Arbeitsschule wird der Strafe kaum bedürfen; darum ist meines Erachtens die Schulstrafe eine Frage der Schulreform". Foerster [2] wys ook daarop hoe belangrik dit is om die arbeidskragte (hy praat van "ordnende Kräfte) in die kind tot uiting te laat kom, om op die manier misdadigheid op 'n latere leeftyd te voorkom. Haeberlin[3] beklemtoon ook die noodsaaklikheid van geleentheid vir prestasies vir die kind. Of dit nou op die gebied van werk of spel is kom gedurende die eerste lewensjare nie baie daarop aan nie, meen Haeberlin, solank as die kind "zu freudiger Initiative" beweeg word. Hy sê, dit sterk die kind se selfvertroue as hy in die geleentheid gestel word om moeilikhede te oorwin. Die kind se speelgoed moet iets wees waarmee hy iets

(1) Paul Oestreich: "Strafanstalt oder Lebensschule", 1922, bl. 85.
(2) F.W. Foerster: "Schuld und Sühne"; bl. 164.
(3) P. Haeberlin: "Kinderfehler"; 1921, bl. 34.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kan konstrueer, sê hy. Maar ook klein werkies in die huis en in die tuin is van waarde, sowel as uitstappies en gimnastiek - binne perke. Haeberlin[1] wys verder daarop dat dit 'n uitstekende plan is om kinders wat rusie maak, aan die werk te sit: sulke werk moet dan nie as strafwerk beskou word nie. Sy pa het die beginsel dikwels met sukses toegepas, en die uitwerking van hierdie prosedure beskryf Haeberlin met die woorde: "Es hat uns immer gut getan, und wir vertrugen uns nachher viel besser". ("Dit het ons altyd goed gedoen, en ons het daarna veel beter met mekaar klaargekom!") Nohl[2] beklemtoon ook die noodsaaklikheid van aktiwiteit met hierdie woorde: "Als eines der stärksten Erziehungsmittel ist ferner die Weckung und Stärkung der Aktivität des Zöglings zu bezeichnen ........" R. Künkel [3] wys daarop hoe noodlottig dit is om kinders in hulle werk te hinder. Sy gee die voorbeeld van 'n seun wat besig was om 'n huis te bou. Sy pa het ongeduldig geword, hom aan die oor gevat en hom uit die speelkamer getrek na sy bed toe. Die seun het later ontwikkel in 'n baie afgetrokke kind, wat nooit met enige werk lank aangehou het nie. Sy wys dan daarop dat 'n mens 'n kind nooit skielik van sy werk behoort weg te neem nie, want vir hom is spel werk! "Man sollte ein Kind überhaupt nie plötzlich aus dem Zusammenhang seiner Beschäftigung herausreissen und diese so ernst nehmen wie die eigene Arbeit". Allen[4] druk hom só uit: "If school children were encouraged to undertake hardihood tests....... we could abolish the 'moral lesson' from the school". Willemse[5] sê die volgende: „Werk of diens is 'n sosiale prestasie wat die jeugdige se sosiale selfrespek opbou ................ die grootste probleem

---

(1) P. Haeberlin: "Kinderfehler"; bl. 50.
(2) Prof. Dr. Nohl (Göttingen); "Pädagogisches Zentralblatt"; Jaargang 1926, bl. 474.
(3) R. Künkel: "Internationale Zeitschrift für Individual-psychologie"; Desember 1924, bls. 35 en 36.
(4) A.B. Allen: a.w.; bl. 73.
(5) W.A. Willemse en Q.I. Rademeyer: "Kriminologie"; bl. 43- 44.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die kriminologie is om soveel van die natuurlike vermoëns en dryfkragte van die misdadiger in die sosiale verloop in te skakel". Hy wys daarop dat die demoralisering van jeugdiges gewoonlik op die skoolbanke begin, omdat hulle volgens temperament of verstandelike aanleg glad nie vir die soorte boekkennis pas nie, wat aan hulle opgedis word. So word die opvoeding, wat 'n „harmoniese sosiale invoegingsproses" moes gewees het, nou 'n „afstompingsproses", sê Willemse treffend. Wat gebeur nou volgens hom verder? Die ouer, opsigter of onderwyser probeer dan nie meer om die jeugdige se vermoëns positief in te span nie, maar gaan langsamerhand tot growwere tug- en dwangmiddele oor, „totdat van die regte sosiale strewinge weinig meer oorgebly het. Die jeugdige word 'n verstompte energielose of hy soek aktief na uitweë wat hom aangenamer toeskyn - soms met weervergeldingsgevoelens". Willemse wys ook daarop [1] „dat jeugdige misdade heel dikwels op Saterdag en Sondag plaasvind as daar geen skool of werk is om die mense besig te hou nie".

Ook in Willemse se jongste werk[2] word die noodsaaklikheid van werkprestasies beklemtoon. Hy sê die volgende: "Achievements and successes in socially valued directions are even more conducive to the formation of noble ambitions than good examples". Ook in hierdie werk[3] wys Willemse op die noodlottige gevolge by afwesigheid van prestasies: "It is obvious how harmful the failures experienced in connection with the school must affect a growing personality".

---

(1) W.A. Willemse en C.I. Rademeyer: "Kriminologie"; bl. 45.
(2) W.A. Willemse: "The Road to the Reformatory"; bls. 45 en 72.
(3) W.A. Willemse, a.w.; bl. 50.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Herman Weiskopf wat 'n tehuis vir moeilike kinders het, kan met gesag praat. In verband met sogenoemde „lui" kinders sê hy[1] die volgende: „Is het juist het woord luiheid te gebruiken met den ondertoon van zedelijke verontwaardiging, waar men meestal staat voor een teleurgesteld, ontmoedigd wezen, wien de vleugels zijn gebroken, die geen hoop meer heeft .........?" Hy sê dan verder: "De luien hebben moed noch energie" omdat ons vir hulle "zinloos werk" gee". Die kind word later net so ontevrede met sy werk op skool as wat die fabrieksarbeider dit is. Weiskopf[2] sê dat hierdie ontevredenheid op die middelbare skool nog erger is as op die laer skool. Hy wil dan ook niks weet van verwyte en strawwe nie: „met afkeurende woorden en straffen bereikt men echter niets, tenminste niets positiefs", maar hy vertel dat hy te "Sonnenblick" (München) in sy tehuis vir moeilike kinders baie bereik het deur by sulke „lui" kinders die gemeenskapsgevoel aan te moedig en deur met hulle te praat van hulle prestasies.

Miskien word die hele toestand die beste saamgevat in die volgende woorde van Kohnstamm[3]: "Minstens 90% van alle 'straffen' moeten wij als de fout van het stelsel zien, dat de kinderen dwingt tot ledigheid en verveling, dat zich niet aanpast aan de activiteit, te lage of te hooge eischen stelt, geen milieu van solidariteit tusschen kinderen en volwassenen weet te scheppen, en-bovenal - de kinderen niet als 'menschen' behandelt, ze onnodig klein houdt, niet werkt op hun verantwoordelijkheidsbesef, niet gebruik maakt - zoals overal de nieuwe schoolbeweging - van het opbouwende beginsel, dat de kinderen niet door dwang en overmacht, maar door zelf verworven tucht moeten worden bestuurd".

Die vraag daag egter nou op: KAN WERK ALTYD 'N PLESIER WEES? Hierdie belangrike saak het baie aspekte en ek wil 'n paar bespreek, hoofsaaklik na aanleiding van de Man se boek

---

(1) Alfred Adler en ander, a.w.; bl. 213.
(2) Alfred Adler en ander, a.w.; bl. 229.
(3) Ph. Kohnstamm: "Paedagogische Studiën", 1 Febr. 1929.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„Arbeidsvreugde" en Willemse se "The Road to the Reformatory".

De Man[1] wys daarop dat die oorgang van spel tot werk op dié oomblik ontstaan, "waarin als grondslag van de handeling de voorstelling van een, in een voorwerp belichaamde waarde of nuttigheid optreedt". Maar ook dan kan daar nog 'n groot deel van die vreugde wat die spel kenmerk, as vreugde in die werk bly voortbestaan "namelijk in zooverre de arbeid, onafhankelijk van haar nuttigheidsdoel, als uiting van de persoonlijkheid zelf, als verwerkelijking van de subjectieve doelstelling gevoeldt wordt". As voorbeeld hiervan noem hy die kunstenaar wat tegelykertyd werk en speel. Maar elke soort werk is kuns "in zooverre het kunnen in haar tot uitdrukking komt en het gevoel van eigenwaarde van den kunnende daardoor wordt verhoogd".

Dit is in alle geval van belang dat jong kinders nie te vroeg gedwing word om in plaas van konstruktiewe spel slaafse werk te verrig nie. Willemse[2] sê die volgende: "Wexberg points out that instead of play being the introduction to work, the poor force their children to unpleasant duties at an early age by means of threats and punishments. They will therefore, inevitably abhor work as a type of slavery imposed upon them against their will". Ook op ander plekke van sy jongste werk[3] beklemtoon Willemse dieselfde feit met hierdie woorde: "Modern educational research proves the great importance of training a child's future work-abilities by means of play-activities"........ "Character is developed by the various forms of successful activity and leisuretime-occupations with parents and companions". 'n Baie belangrike sy van werk sowel as vryetydsbedrywe waarop Willemse dwarsdeur sy werk klem lê, is die belewe van suksesse. Hy skyn tot die slotsom te kom dat indien die kind 'n geleentheid kry om 'n moeilike doel te stel en dit dan deur eie inspanning en vernuf te behaal, m.a.w. 'n sukses te belewe, dan word die

(1) H. de Man: "Arbeidsvreugde", 1928, bl. 4.
(2) W.A. Willemse, a.w.; bl. 22.
(3) W.A. Willemse, a.w.; bls. 85, 67, 77, 49.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

handelingsgebied vir die kind waardevol. Die moeilikste en onaangenaamste werk kan dus deur dit in afgebakende bereikbare take te stel die kind se behalingslus gaande maak en die werk kan aangenaam volvoer word. Dit kweek nie alleen lus aan vir die bepaalde arbeidsveld nie, maar skerp tewens die kind se neiging „om self iets reg te kry" en verhoog sy gesonde selfvertroue. Enkele mislukkings tussendeur prikkel juis om te oorwin en bewys die moeilikheid van die taak, maar herhaalde mislukkings dryf enige kind daarvan af en maak hulle moedeloos, grootdoenerig en oorspanne of soms ook slaafs ambisieloos.

Dewey[1] wys met die volgende woorde daarop hoe die metodes van die skool - selfs waar die aktiwiteits-beginsel baie beklemtoon word - nog tekort skiet wat betref die oorgang van speel tot werk:

> "In schools that give scope for the freer activities, great activity and success are found all through the earlier years, but in the sixth, seventh and eighth years of a child's life there is a loss, a failure to carry over. Discouragement curtails activities, owing to failure in the teacher to realise during the preceding stage his true rôle of gradually introducing methods of common procedure. We must find out what the child really wants to achieve and so help him to pass over from play to work".

As voorbeeld noem Dewey die geval van 'n kind wat skilderwerk met waterkleure probeer doen, maar sy eie tekortkomings raaksien en moed opgee omdat daar nie 'n onderwyser is om hom te help nie.

'n Ander aspek van hierdie saak wat de Man[2] bespreek, is die eiendomsgevoel wat die werkman teenoor die werktuig het. Hierdie gevoel word (deur hom) „animisme" genoem. Die werkman identifiseer homself met sy gereedskap. In die meeste gevalle het hy sy gereedskap lief: hy wil nie hê dat 'n ander sy gereedskap moet gebruik nie, en hy wil ook nie graag met 'n ander se

---

(1) E.G. Malherbe: "Educational Adaptations in a Changing Society" (1937), bl. 122.

(2) H. de Man, a.w.; bls. 9 en 10.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gereedskap werk nie. Dit kom my voor asof hier 'n baie groot opvoedkundige waarheid deur de Man aangeraak word. Ek is van opinie dat hierdie eiendomsgevoel of animisme dikwels aangetref word by volwassenes asook by kinders wat betref studieboeke, 'n Kind sal hom makliker met sy leermateriaal identifiseer as dit aantreklik is, b.v. as die leerboeke nuut, aantreklik gedruk en goed gebind is. Van meer betekenis is nog dat kinders sowel as volwassenes graag uit hulle eie boeke wil leer, en die gevoel van eie kom eers werklik wanneer hulle daaraan meegewerk het. Party studente (en groter kinders) moet 'n boek tot hulle eie maak deur belangrike punte te onderstreep, ens. Ek weet van studente wat eenvoudig nie uit 'n ander man se boek kan leer nie, en wat ook net uit hulle eie aantekeningboek wil leer. Wat vir hulle getref het in 'n handboek of lesing, sal miskien nie vir 'n ander getref het nie: hoe kan hulle nou uit sy boek leer? Ek meen dit is ook van toepassing wat betref biblioteekboeke, maar ongelukkig moet die grens êrens getrek word, en kan nie almal groot en duur referensieboeke vir hulleself aanskaf nie. Daar mag nou baie ten gunste wees van 'n stelsel van „vry" boeke op die laer skool en 'n stelsel van „huurboeke" vir die hoër skool, maar m.i. het sulke stelsels een baie groot nadeel: die kind kan hom nie altyd met so 'n „vry" of „gehuurde" boek identifiseer nie, en sy werk sal daaronder ly. Die mees ideale metode is wanneer die leerling meewerk om sy boekie saam te stel. Soos dit deur sommige onderwysers reeds met veel sukses beoefen word[1]: Dan word die besef van eiendom geprikkel, die werk meer geniet en die resultate van die werk duideliker belewe. Prakties is dit egter nie altyd uitvoerbaar nie[2].

De Man[3] wys ook daarop dat die verhouding van die werkman teenoor die werktuig in enkele gevalle vyandig is, b.v. in die geval van koolmynwerkers wat met boormasjines moet werk. Hierdie werktuig eis groot liggaamlike inspanning, skud die liggaam baie

(1) A.P. du Toit: „Engelse Onderrig in 'n Afrikaanse Omgewing", M.Ed. verhandeling, Pretoria, 1937.

(2) Gutsche: "Duitse Spraakkuns vir Suid-Afrika", Deel I, Inleiding, bl. 5.

(3) H. de Man, a.w. bls. 15, 58, 59

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en veroorsaak 'n groot geraas. Ek is van opinie dat hierdie bevinding van de Man in 'n sekere mate ook waar is wat betref die verhouding van die kind teenoor sy leermateriaal, b.v. teenoor onaantreklike boeke, boeke met slegte druk, met saaie of onverstaanbare inhoud en alle dinge wat met leed of mislukkings geassosieer is.

'n Ander faktor wat die arbeidsvreugde volgens de Man(1) beïnvloed is die aanwesigheid of nie van die bewussyn by die werksman dat sy werk vir die hele maatskappy nuttig sal wees. As die werksman baie uitgebuit, onderdruk en verneder word, dan word hy nie daarvan bewus dat sy werk vir die maatskappy nuttig is nie. Maar, as die werksman medeseggenskap het, en duidelik die doel van elke stuk werk kan begryp, dan sal hierdie bewussyn groter wees en sal die arbeidsvreugde gevolglik ook in 'n groter mate aanwesig wees.

Ons kom nou tot 'n ander baie belangrike aspek van die saak. De Man(2) is van opinie dat duisende jare meegewerk het om werk tot 'n gewoonte te maak. Daar is gevolglik by die mens reeds sosiale pligsgevoel aanwesig wat betref werk. Daar is 'n betaamlikheidsgevoel in hierdie verband! En de Man is van opinie DAT WERK ALTYD 'N ELEMENT VAN SMART, 'N OFFERGEVOEL IN HOM SAL HÊ.

Hierdie bevinding (op feitlike ondersoek gebaseer) is van kardinale belang. Myns insiens word daarmee die bodem ingeslaan van al daardie opvoedkundige teorieë wat daarop uit is om altyd alles vir die kind aantreklik te probeer maak. Dit is nagenoeg onmoontlik om alle skoolwerk so interessant, maklik en spelerig in te rig dat dit sonder die besef van dwang of plig gedoen kan word.

---

(1) H. de Man, a.w.; bls. 28 en 29.
(2) H. de Man, a.w.; bls. 31 en 32.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wat gewone werk betref, druk de Man dit so uit[1] :

> "Om het ronduit te zeggen: het probleem der arbeidsvreugde is onoplosbaar, wanneer men niet den zedelijken plicht tot arbeid voor het algemeen welzijn boven elk ander arbeidsmotief stelt. Te trachten den arbeid tot een zuivere vreugde te maken zonder dit motief, zou gelijk staan met het trachten naar de kwadratuur van den cirkel".

De Man wys verder daarop dat die woord „arbeid" in elke taal etimologies bestanddele bevat waarvan die gevoelswaarde beteken

> "het ondergaan van een euvel, een zorg, een kwelling, een verdeemoediging ............. Zoals reeds het geloofsartikel: de straf voor den zondenval uitdrukt, ligt het in het wezen der zaak, dat elke arbeid als een dwang gevoeld word ......... Elke arbeid beteekent, dat de arbeider zich ondergeschikt maakt aan een verwijderd doel dat als een noodzaaklijkheid/gevoeld; derhalve beteekent de arbeid ook het afstand doen van de vrijheid en genoegen van het oogenblik terwille van een toekomstig doel ....... Ieder die arbeidt is tegelijkertyd schepper en slaaf - ook al ware hij slechts, als de gelukkigste onder de scheppenden, de slaaf van zijn eigen schepping".

Maar de Man moet nie verkeerd verstaan word nie: hy wil graag soveel arbeidsvreugde as moontlik in verband met werk bring: "Het laatste en moeilijkste probleem der arbeidsvreugde is veeleer, hoe alle reeds behandelde by den arbeid mogelijke lustgevoelens tot waar geluk versterkt kunnen worden met de hoogste aller vreugden, de vreugde in de plichtsvervulling". Daardeur kan dus volgens de Man[2] 'n wonderwerking tot stand kom: leed met 'n doel word uiteindelik in vreugde verander! Langs hierdie weg redeneer dan ook konsekwent-dinkende voorstanders van die idee dat werk nie in die eerste plaas straf of dwang mag wees nie. 'n Deel van die werk mag so swaar as 'n straf voorkom, b.v. die tuinier wat slegruikende bemesting op sy grond karwei, vind dié deel van sy werk onaangenaam, maar as deel van 'n geheel en as middel tot doel verskaf dit hom 'n heerlike gevoel van bou en sukses: hy sien al hoe weelderig sy plante daarin sal groei. Maar die onaangename deel moet volgens hierdie standpunt steeds deel van 'n organiese geheel wees wat

---

(1) H. de Man, a.w.; bls. 37 en 38.
(2) H. de Man, a.w.; bls. 39 en 40.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

waardevol is en aangenaam aandoen.

Dit kom dus alles daarop aan met watter doel en gesindheid iets gedoen word. Wonderwerke kan selfs deur 'n klein kind verrig word as hy deur die regte gemeenskapsgevoel geïnspireer is. Ek dink aan die geval van 'n vier-jarige dogtertjie wat uit eie inisiatief vir haar twee-jarige sustertjie 'n verjaarsdagpresent wou maak. Die plan was haar eie: sy het self 'n „hond" (sowat 4 duim lank) uit 'n stuk bruin lap uitgesny; die twee stukke (sye) van die patroon is toe aanmekaar gewerk en die „hond" is toe opgestop. Die uiteindelike produk was weliswaar volgens ons maatstaf gemeet ver van volmaak, maar - vir so'n kleintjie - 'n wonderlike prestasie. Die drang om „self iets reg te kry" kan ook hierin bespeur word soos in Hoofstuk II in verband met „verset" beskrywe is.

Ek wil dit hier beklemtoon dat de Man[1] melding maak van die negatiewe resultate van dwangopvoeding. Hy hou vol dat die sosiale pligsgevoel op 'n mooi manier ontwikkel moet word. Sinnelose werk soos vroeër in gevangenisse aangetref, b.v. om die misdadiger te verplig om 'n hoop sand gedurig van een plek na 'n ander te dra, is volgens de Man niks anders as sielefoltering nie en veroorsaak 'n konflik "dat de allerlaatste rest van zelfrespect dreigde te vernietigen". As 'n direkte teëstelling kry ons die werk van die ambagsman („handwerksman") van die Middeleeue wat die ruwe materiaal ontvang, die produk geheel en al gemaak en dit dikwels direk aan die verbruiker gelewer het.

Tussen hierdie twee uiterstes, naamlik die gevangene wat „sinnelose" werk doen en die Middeleeuse ambagsman, kry ons die fabrieksarbeider van vandag wat verdeelde werk verrig. Hierdie werk

(1) H. de Man, a.w.; bls. 43 en 49.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

word as minder „sinvol" as die van die selfstandige ambagsman gevoel en gevolglik ly die arbeider aan 'n gevoel van verminderde eiewaarde en dit belemmer sy arbeidsvreugde. Maar hierdie nadele van verdeelde werk is volgens de Man net betreklik en nie absoluut nie, en daar is ook baie voordele aanverbonde wat teen die nadele van verdeelde werk opweeg, b.v. minder liggaamlike inspanning, geselliger bymekaar wees in fabrieke, ens.

De Man se ondersoek(1) het nou vasgestel dat baie mense werk verkies wat eentonig is en waarvoor daar geen inisiatief nodig is nie. Baie mense wil nie „bevordering tot hoër werksaamheid" aanneem nie. Veral by die motorindustrie, sê de Man, is dit die geval. Vir hierdie rede kan „morone" maklik in die Amerikaanse industrieë geplaas word. Ford verswyg dit, maar de Man sê dit is so(2) dat Ford se fabrieke "een geliefd toevluchtsoord zijn voor ontslagen gevangenen. Deze plegen, doordat zij gewend zijn aan den 'hard labor' der gevangenissen, de beste, althans de best volhardende arbeiders van Ford voor herhaalden arbeid op te leveren". Daar is, volgens de Man, baie mense wat met die werkmetodes van Ford (b.v. die voortlopende transportband) baie tevrede is. De Man sê, dat Arthur Pound dit in sy boek "The Iron Man" bewys het. De Man(3) weerlê dan ook Ruskin se bewering dat dink en werk nie ongestraf geskei kan word nie. Hy wys daarop dat baie mense juis meganiese werk wil doen, waar hulle nie hoef te dink nie. Ruskin het alleen gelyk (met sy stelling) wat intellektueles betref. De Man wys daarop dat afwisseling by hulle veel noodsaakliker is as vir morone.

Maar fabriekswerk alleen kan volgens de Man(4) nie die hele mens bevredig nie en hy glo nie dat die oplossing in Ford se ideaal lê nie, naamlik om die mense so te sif dat elkeen vir sy werk pas: de Man is van opinie dat die vrye tyd moet help om die hele mens te bevredig(5). Vrye tyd is noodsaaklik vir die

(1), (2), (3), (4) en (5): H. de Man: "Arbeidsvreugde", bls. 76, 77, 81, 87 en 92, respektieflik.

mens vir kuns en kultuur en ons sou dus die fantasieryke en aangename in kinderspel eerder hierin kan verwesenlik as in arbeid wat steeds dwangelemente bly inhou. Hierdie bevindinge dra baie gewig omdat dit op ondersoek in die fabrieke berus.

Samevattend kan mens die volgende afleidinge maak uit die bevindings van hierdie skrywers:

1. Skoolwerk moet sover doenlik aantreklik gemaak word deur middel van aantreklike leermateriaal, gedurige suksesse en konstruktiwiteit.

2. Die gemeenskapsbesef moet by die kind ontwikkel word, o.a. deur die sosiale nut en betekenis van sy werk aan te toon. Dan sal hy met groter gewilligheid en plesier sy werk verrig, al vereis dit inspanning en konsentrasie.

3. Om van alle werkdele op skool 'n suiwere plesier te wil maak, is onmoontlik en ook nie opvoedkundig nie. Hoe groter die kind is, hoe meer sal hy moet leer om vir 'n vergestelde waardevolle doel geestelik of liggaamlik te sweet.

4. Die skool moet in die toekoms meer as ooit tevore daarvoor sorg dat die kind hom in sy vrye tyd konstruktief kan besig hou, want daarin is miskien meer kanse as in die skool om die genot van eie skeppinge te smaak.

5. Medeseggenskap van skoliere, b.v. in die vorm van 'n prefekstelsel kan baie daartoe bydra om die pligs- en verantwoordelikheidsbesef teenoor hulle werk te ontwikkel en so selfs „plig" vrywillig en aangenaam te maak.

PADVINDERY EN BUITESKOOLSE AKTIWITEITE.

In die vraelyste wat hoofde ingevul het, het die volgende opmerking voorgekom:

> „Ons grootste moeilikheid is rondslenter in die strate i.p.v. tuis te bly en hul tyd nuttig te gebruik".

Ongetwyfeld gee leeglopery dikwels aanleiding tot baie misdade. Padvindery en dergelike vryetydsbesteding is seker

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

een van die beste middels om dit te bestry - of liewers om in die leemte te voorsien wat daar in die lewe van baie kinders wat in groter dorpe en stede woonagtig is, bestaan. Na aanleiding van dr. Bryan ('n medikus) se boek "The Troublesome Boy" wil ek sekere belangrike aspekte van Padvindery ("Scouting") bespreek.

Bryan wys in die eerste instansie daarop dat hierdie beweging hom in Engeland dikwels daarop toelê om die „goeie" seun verder te bearbei, terwyl dit die bearbeiding van die „moeilike" seun grotendeels verwaarloos. (1) Bryan is van opinie dat die regte toepassing van padvindery jeugmisdaad sal laat afneem, maar soos dit nou is, is dit 'n feit dat jeugmisdaad vandag in Engeland toeneem, omdat die potensiële jeugdige misdadiger grotendeels daaruit gehou word. So'n beweging soos padvindery moet volgens Bryan voorsiening maak vir "outlets for energy instead of suppression".(2) Bryan beklemtoon dan veral dat padvindery aan die seun geleentheid moet verskaf om deel te neem aan primitiewe bedrywe, want dit is immers wat die volwassene in sy vrye tyd ook doen. Hy druk dit so uit(3):

> "The more highly civilized we become and the more we tend to herd into cities the less natural outlet is there for our instincts. Particularly is this so with regard to our work which as time goes on tends to become more and more monotonous and mechanical. This probably explains why it is that in our leisure we tend to return to savage and primitive occupations. We hunt, we fish, we shoot, we till the soil, we swim, we sail, we engage in combat (on the playing-fields), we go exploring, and we indulge in rhythmic movements to the most primitive noises civilized instruments can be persuaded to produce".

Iets anders wat onder sulke bedrywe val is uitkampery, wat in werklikheid tot op sekere hoogte die terugkeer is tot 'n baie primitiewe lewenswyse en dus aan seuns die geleentheid bied om aan hulle instinkte gesonde uiting te gee.

---

(1) H.S. Bryan, a.w.; bls. 12 en 19.
(2) H.S. Bryan, a.w.; bl. 13.
(3) H.S. Bryan, a.w.; bl. 113

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bryan sê ook iets baie belangriks in verband met geleenthede vir vry spel, wat volgens hom[1] 'n voorbehoedmiddel teen misdadigheid is. Georganiseerde spele is syns insiens ook van nut, en die gebrek aan speelterreine is ongetwyfeld 'n baie groot faktor in die veroorsaking van jeugmisdaad[2], maar dit is die spontane, vrye spel wat Bryan veral beklemtoon[3].:

> "In order that it may have its full value a large part of that play must be spontaneous. There is a dangerous tendency nowadays - even in the Pack - to over-organize games; with the result that while the boy is enabled to let off steam and use up surplus energy - both of course very necessary things - a fundamental need of his being goes unsatisfied. One of the chief functions of play is that it should enable a boy to relieve himself of emotional tensions, and work out in a harmless way situations which otherwise might give rise to anti-social conduct. This function is only fulfilled if the boy is free to play the rôle, or take part in the activity, which expresses for him the needs of the moment".

Bryan verduidelik dan verder dat seuns bo die ouderdom van sewe jaar in hulle spel graag die rol van 'n „desperado" speel wat van die polisie ontsnap "typifying the urge to self-assertion, the resistance to authority, and the bursting of bounds". Hy stel dan die vraag of dit nie gevaarlik is om 'n seun in sy spel toe te laat "to assume the form of mimic crime and violence". Hy beantwoord die vraag met die hulp van materiaal aan Homer Lane se boek "Talks to Parents and Teachers" ontleen.[4]

> "It happened in America, where Lane was interesting himself in juvenile delinquency and organizing children's playgrounds. He noticed with regard to two American cities of similar type and size, that in one juvenile crime was remarkably increasing,// whilst in the other it was steadily diminishing. In an endeavour to account for this he studied conditions in both cities; compared the methods of the respective juvenile courts and the organization for dealing with young offenders; examined the schools and so on. He could, however, find no explanation of the situation. At last he turned his attention to the playgrounds which had been provided recently, and at his instigation. Suddenly, and to his great surprise, he discovered the solution to the problem.
>
> In one city the playgrounds were fully staffed with supervisors, who organized and directed the children's play in the other, through lack of funds, they had been unable

(1) H.S. Bryan, a.w.; bls. 153 - 155.
(2) C.F. Albertyn, a.w.; bl. 75,
(3) H.S. Bryan, a.w.; bl. 152.
(4) H.S. Bryan, bls. 153 - 154.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> to supply any supervisors. In the city whose playgrounds were full of little gangsters, bandits, and desperadoes of all description plying their violent and sanguinary trades, the juvenile courts were comparatively deserted: whilst in the city where the children's play was respectably organized the magistrates were working overtime".(1)

Bryan heg o.a. groot waarde aan vuisvegtery en sê :(2) "If, on the other hand, the boy is taught to regard standing up for himself and using his fists whenever necessary as wicked, very great harm may be done".

Hoewel hy nie teen daardie aktiwiteite van padvindery gekant is nie wat die seun vir sekere „eksamens" voorberei, sodat hy verskeie kentekens kan kry, wys hy daarop dat dit nie in 'n nuwe oorspanning moet verword nie(3):

> "If Troop night is just another occasion upon which the boy finds himself toiling behind his quicker companions in the race for knowledge, we shall probably soon lose him".

Hierdie opmerking het veral betrekking op die minder begaafde seun met swak skoolprestasies. Daarom moet daar nie onnodige struikelblokke in sy pad gesit word nie, en hy moet aangehelp word om so gou as moontlik die werk onder die knie te kry en ge-eksamineer word terwyl dit nog vars in sy geheue is - desnoods stuksgewyse - sodat hy sy kenteken kan kry, want "it is a matter of very great moment that he should have a second-class badge on his arm at the earliest possible date". Dit sal sy gevoel van eiewaarde verhoog, en dit is die grootste diens wat ons volgens Bryan aan so'n seun kan bewys, ook met die oog op sy moeilike skoolgedrag.

'n Ander sy waarop Bryan die aandag vestig is die ontwikkeling van sosiale gesindheid deur middel van die groep, in hierdie geval die span ("patrol") waaraan die padvinder behoort. Die seun leer om met die lede van sy span saam te werk en om iets gemeenskaplik te bereik. Sosiale prestasies is van groot belang:

(1) Myns insiens mag die nut van georganiseerde sport egter nie onderskat word nie. Ek refereer na wat op bl.223 daaroor gesê word.
(2) H.S. Bryan, a.w.; bl. 155.
(3) H.S. Bryan, a.w.; bls. 104-105.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> "The more the boy is enabled to experience the satisfaction of achieving significance along socially useful lines, the less will he find it necessary to resort to anti-social means"(1).

Van groot belang vir die ontwikkeling van sosiale gesindheid by die padvinder is die sogenaamde "Court of Honour", d.w.s. die instelling van 'n hof bestaande uit sy gelyke wat sake ondersoek en vonnisse vel(2). Miskien is so'n hof eerder op sy plek in so'n beweging as in 'n skool.

Samevattend kan gesê word dat Bryan die taak van die "Boy Scout"-beweging wil uitbrei om in te sluit: bearbeiding veral van dié tipe van seun wat anders maklik anti-sosiale neigings kan ontwikkel; verskaffing van geleentheid vir primitiewe aktiwiteite sowel as vir sosiale prestasies; opleiding in selfregering want die gesag van die "Scoutmaster" moet meer en meer op die agtergrond tree, en gevolglik opleiding tot nuttige burgerskap.

In ons eie land word ook allerweë groot aandag gewy aan die georganiseerde vryetydsbesteding van die skoolkind, nie alleen om hulle tyd nuttig te vul en dus versoekinge te verhoed nie, maar veral ook vanweë die groot karakterwaarde daarin. In sy publieke lesings oor Kindersorg het Willemse met ligbeelde uit sy praktyk bewys dat alle Afrikaanse kinders by die Voortrekkerbeweging behoort ingelyf te word. Veral vir die behoeftiges, verwaarloosdes en onhandelbares is dit dikwels die enigste opheffings- en verbeteringsmetode. Die enerse uniformpies gee die kinders weer 'n hoë selfwaarderingsgevoel, wat dikwels die wortel van moeilikhede is. Verder is die spanwerk veredelend, die verkenningslus onskuldige ontlading, die avontuur onskadelike prikkeling, die vaandels en eretekens aanmoediging tot sosiale lojaliteit. Die buitengewone waarde van vryetydsbesteding ook om kennis op te doen, word dus nog glad nie genoeg besef nie. Ons sal volgens die insigte van hierdie deskundiges elders en in

---

(1) H.S. Bryan, a.w.; bl. 68.
(2) H.S. Bryan, bl. 22.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ons eie land, nie die groot vraagstukke van agterbuurtes, jeugverwaarlosing en jeugmisdaad, wangedrag op skool en selfs armblankedom kan baasraak nie, tensy ons nie die kind se vryetydsbesteding van kleinsaf gebruik om sy karakter te vorm en te staal en sy energie in goeie bane te voer nie. Reeds voor die skoolouderdom moet die kindertjies van twee en 'n half jaar tot vyf jaar almal goeie volkseie kleuterskole kan bywoon, waar hulle nie alleen spelend ontwikkel nie, maar leer om hulle in gesonde spel te verdiep (die grondslag van werkverdieping) en harmonies met medekinders om te gaan. Gedurende die skoolleeftyd moet ruim voorsiening gemaak word vir speelterreine, en veral kinders tussen nege en veertien jaar wat groot verkenningslus openbaar dien by bewegings soos die Voortrekkertjies ingelyf te word. Vir die naskoolse kind is seunsklubs met kampeergeleenthede en ander vorms van vryetydsbesteding soos by die gemeenskapsentrum wat in Bloemfontein deur die O.V.V. opgerig word, gebiedend noodsaaklik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## HOOFSTUK XI.

## Persoonlike Verhoudinge en Karakterstudie in Verband met Straf.

Uit die ervaring van skoolhoofde het deurgaans geblyk dat die subtiele persoonlike verhoudinge tussen onderwyser en kind vir die welslae van die strafbedoeling allernoodsaakliks is. Veral onder die metodes wat spesiaal aanbeveel word as die mees-suksesvolle word klem gelê op die persoonlikheid en takt van die onderwyser:

„Oor die algemeen hang alles af van die persoonlikheid van die onderwyser ............ Ek oefen baie min straf uit in skole waar ek is, omdat alles afhang van my persoonlike omgang met die kind. As 'n kind misdadige neigings vertoon, maak ek juis met hom maats, knoop altyd 'n privaat gesprekkie met hom aan en besoek sy huis, lei hom reg". (Sienswyse deur hoof met 30 jaar ondervinding).

„Ek moet sê dat byna enige kind hervorm kan word met werklike takt en inspanning van die onderwyser". (22 Jaar ondervinding).

'n Hoof met 34 jaar ondervinding wat 36 jaar lank Sondagskool hou, skryf sy sukses daaraan toe.

„Dis 'n doeltreffende middel. As superintendent van Sondagskole en met persoonlike belangstelling in leerlinge, kom hervorming".

'n Hoof met 20 jaar ondervinding sê:

„'n Swak persoonlikheid in 'n hoof is die bron van alle kwaad en moeilikheid in 'n skool. Die assistente en leerlinge demoraliseer. As jy die kind en omgewing wil hervorm, begin by jouself. Die kind is een van die beste oordelaars. Die skyn bedrieg hom nie. 'n Sterk, billike en opregte persoonlikheid trek hom soos 'n magneet".

'n Hoof met 30 jaar ondervinding sê:

„Simpatieke verhouding met kinders. Geen militêre maar tog strenge dissipline. Nie wispelturig wees nie. Nooit skree of sarkasties wees nie".

In sy lesings oor die oorsake van jeugmisdaad lê prof. Willemse netsoos Burt en Healy baie nadruk op dissipline veral by die huis, maar ook op skool, en hy noem die volgende faktore wat die regte dissipline saamstel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(a) 'n Definitiewe stel reëls, anders uitgedruk orde of koers.

(b) Regverdige konsekwente behandeling op 'n wyse dat die kinders dit verstaan en billik ag.

(c) Insig en mensekennis om subtiele motiveringe te beoordeel.

(d) Vertroue en selfs 'n mate van kameraadskap tussen oor- en ondergeskikte.

(e) Ontsag by die ondergeskikte wat weer berus op verskillende faktore, waaronder 'n bietjie vrees en baie respek.

Hierdie uiteensetting bewys reeds hoeveel van die persoonlikheid van die opvoeder afhang. Veral die ewewig tussen regverdige orde en die begrypende insig wat onderskeid maak tussen kind en kind, of die ewewig tussen vertrouelike maatswees en darem ontsag, is so moeilik. Die woord ontsag (wat feitlik nie in Engels vertaal kan word nie, want „awe" lê te veel klem op vrees en "respect" weer te min) sluit al so heel veel in. Vir 'n „swak" persoonlikheid het die kinders geen ontsag, maar „swak" beteken nie juis sag of simpatiek nie. Ons wil volstaan deur te sê dat die kinders ontsag koester vir iemand wat oortuig is van die waarde van sy eie beginsels en wat oortuig is dat hy die beginsels kan en sal uitvoer. Die oortuiging oor die waarde en uitvoering van sy beginsels blyk onwillekeurig in die onderwyser of ouer se hele voorkoms en optrede, sy houding en sy stem. Net soos steeks perde dadelik merk wie met hulle praat en leisels hou, of 'n kwaai hond merk wie bang is vir hom, so snap kinders dit ook wanneer 'n persoonlikheid nie in sy eie koers en sy eie vermoëns glo nie.

Die persoonlike verhouding blyk ook uit die waarde van positiewe suggesties deur die onderwyser met selfvertroue en geloof in sy stelsel:

> „My sterkste wapen in alle gevalle is positiewe suggestie. Ek probeer die kind laat voel dat hy 'n goeie, eerlike, getroue, gehoorsame, flink, wakker, ambisieuse kind is, met goeie ouers, en in 'n goeie skool. Die verkeerde gedrag is dus onvanpas by hom". (15 jaar ondervinding)
>
> „'n Stel reëls soos b.v. die 'Voortrekker-Reëls' wat periodies hardop herhaal word, is nuttig, as die regte leiding daarby gaan". (22 jaar ondervinding).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Inspekteur, vroeër hoof van 'n hoër skool, sê die volgende: „Ons het, as iets positiefs, 'n skoolkode wat op gesette tye vir die skool voorgelees word". Hy gee sy skoolkode wat as volg lui:

„Ek dank God dat Hy my lewe en gesondheid gee.
„Ek sal die geleentheid wat vir my gegee word om te leer, nie verwaarloos nie.
„Ek sal streef daarna om gesond te wees en te bly na liggaam en gees.
„Ek sal myself probeer leer ken en ek sal selfbeheersing beoefen waar en wanneer dit te pas kom, veral as 'n middel tot versterking van my karakter.
„Ek sal netjies wees wat betref my persoon, my klere, my boeke, my skoolbank, my omgewing in die klaskamer, my omgewing op die speelgronde en daarbuite.
„Ek sal die eiendom van 'n ander net so respekteer soos ek wil hê hy moet myne doen - ook die eiendom van die gemeenskap, soos die gebou, uitrusting en meubels van die skool, en waar ek in 'n koshuis is, ook die van die koshuis.
„Ek sal die reëls van beleefdheid en van 'n goeie gedrag leer ken en altyd en orals in ag neem. Ek sal veral beleef wees teenoor ouers".

"Ek sal die naam en eer van my skool hoog hou.

## Karakterstudie.

Maar die regte beginsels, selfvertroue en takt is nie genoeg nie. Daar moet 'n diepe insig wees in die gees van die verskillende kinders en veral moet die onderwyser presies begryp hoe die kind tot die daad gekom het en wat die uitwerking van die strafmiddels gaan wees.

'n Hoof met 27 jaar ondervinding sê:

„Die meeste foute, wat ons as onderwysende personeel begaan, is te wyte aan 'n gebrek aan kennis omtrent die kind self, sy huislike omstandighede, sy uitkyk op die lewe, sy ambisie en sy moontlikhede; dis te wyte aan 'n onsimpatieke optrede: Die klas bestaan uit soveel eenhede, wat almal eenders behandel word. Waar 'n kind hom aan ernstige oortredings skuldig maak, is dit noodsaaklik dat hy spesiale aandag sal geniet, dat hy sal besef dat die onderwyser in hom spesiale belang stel. Ek het as Prinsipaal op X........ oor die 5,500 kinders ingeskryf. Onder hulle was etlike probleem-kinders in wie ek spesiaal belang gestel het. Meeste van hulle het my in later jare kom opsoek en my met trots meegedeel dat hulle nou nuttige burgers van die land is. Die middele wat aangewend word vir die hervorming van oortreders is te veel om op te noem, en maatreëls word na gelang van omstandighede toegepas; maar 'n ernstige vereiste is, en bly, persoonlike en simpatieke belangstelling".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„Ek is persoonlik oortuig daarvan dat by alle oortredings, hoe gering ook al, moet onderwysers nie somaar uitsprake gee en veroordeel nie. 'n Magistraat neem soms 'n dag om 'n klein sakie behoorlik aan te hoor. Die partye moet uitgehoor word, en 'n behoorlike uitspraak moet gegee word. Sulke kinders gee in jare nie weer moeilikheid nie". (11 jaar ondervinding).

„Ondersoek elke geval deeglik en maak seker dat die kind die regverdigheid van die oordeel insien en indien moontlik erken". (23 jaar ondervinding).

Die noodsaaklikheid om te indiwidualiseer wat betref die behandeling van kinders, word vandag algemeen erken. Nie net dat opvoedkundiges en sielkundiges dit beklemtoon nie[1], maar die jeug self keur die beginsel oor die algemeen goed.[2] In die antwoorde op die vraelys het baie hoofde die noodsaaklikheid vir indiwidualiseer beklemtoon, en ek het die teenoorgestelde idee, naamlik dat alle oortreders oor een kam moet geskeer word, net eenkeer aangetref en wel in hierdie bewoording: "Naturally two boys being punished for the same offence should have the same punishment".

Indiwidualistiese behandeling veronderstel egter deeglike karakterstudie. Miskien moet mens liewer sê persoonlikheidsstudie want onder karakter verstaan ons slegs die ideale en rigting van die mens se wil en wandel. Persoonlikheid sluit ook in die mens se verstand en temperament, en tot op sekere hoogte selfs sy liggaamlike voorkoms. Die temperament wys weer op die energie, afloopspoed, gevoelsaard en uitdrukkingswyse van die mens se optrede[3].

Daar is baie verskillende stelsels van persoonlikheids-studie en baie metodes om die gegewens te rangskik.

Wat betref hoër skole in die Verenigde State van Amerika het Garinger[4] gevind dat 70% van sy 312 hoër skole een of ander stelsel het, maar meer bepaald wat betref oortreders Die stelsels in hierdie 312 skole is ~~egter~~ baie verskillend.

(1) Willemse en Rademeyer, a.w.; bls. 11, 14, 15, 127, 128.
(2) M. Kelchner, a.w.; bls. 94 en 115.
(3) W. McDougall, a.w.; bls. 99 - 103.
(4) E.H. Garinger, a.w.; bl. 29.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Garinger[1] vind egter dat :

> "There is nothing to indicate a study of causes, but rather an effort to deal with the symptoms. No sample form (of record kept) included items such as the clinician would want to know if he dealt with the case adequately - information concerning the mental, emotional and social factors involved".

Sulke informasie is nie net vir die „Kliniek" van belang nie, maar ook vir die Hof. In 'n artikel in "The New Era" [2] beklemtoon Lynch die noodsaaklikheid dat hoofde van skole konfidensiële rapporte oor kinders wat voor die hof verskyn, behoort in te dien, met die doel om die hof te help. Dit is in die belang van die kind, sê Lynch, dat hoofde die swak sowel as die goeie eienskappe van die kind sal opnoem. Hoofde kan selfs aanbevelings maak van hervormende strawwe wat die hof in elke indiwiduele geval behoort toe te pas.

---

(1) E.H. Garinger, a.w.; bl. 31.

(2) A.J. Lynch: "The Juvenile Court and the Teacher" in "The New Era" van Desember 1937.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ons wil hier volstaan deur 'n skets te gee van 'n paar stelsels wat reeds deur opvoedkundiges in ons land ingevoer is.

'n Stelsel wat in Holland groot opgang gemaak het, is die van wyle prof. G. Heymans deur prof. T.J. Hugo na Suid-Afrika gebring. Ek kan dit hier nie in besonderhede behandel nie, maar wil my bepaal by die algemene metode daarvan en die opvoedkundige waarde. Hugo beveel die sogenaamde enquête-metode aan:(1)

> „Elke onderwyser kry 'n uitgebreide lys van vrae vir elke kind in sy klas, wat hy na die beste van sy vermoë moet invul. Sulke lyste sou bevoorbeeld by die end van elke jaar aan die hoof van die skool kan ingehandig word. Gedurende 'n jaarlang sal hy dus geleentheid hê vir waarneming van elkeen van sy leerlinge........ Verder word daar opening gelaat vir op- of aanmerkinge van die onderwyser oor elke willekeurige leerling in sy klas. Die voorgeskiedenis (d.i. voor aanvang van die leerjare) van elke kind word so noukeurig moontlik in 'n register, wat daarvoor ingerig is, opgeteken. Behalwe dit word nagegaan wie sy ouers is, hulle liggaamlike gesondheid, intellektuele bekwaamheid, maatskaplike posisie, sedelike karakter, die omstandighede waarin hulle verkeer, grootte van die gesin, kortom 'n beknopte, maar tog sover moontlik volledige opgawe van die essensiële gegewens wat moet dien om enigsins insig in die erflikheid te gee. Sowel ons liggaam as ons geesteseienskappe verkondig die geskiedenis van 'n hele ry van voorgeslagte".
>
> „Ter vervollediging van die nodige gegewens kan sielkundige eksperimente, wanneer sistematies toegepas, groot dienste bewys". Hugo noem as voorbeeld intelligensietoetse.
>
> Verder word die aanhou van 'n gesondheidskaart vir elke leerling aanbeveel. Daarop word sistematies alles aangeteken oor die „liggaamlike bou, groeim en gesondheidstoestand van die kind, sowel as van intredende afwykingsverskynsele wat opgemerk word ....... vermindering of vermeerdering van gewig, die toename of stilstand van groeim in lengte, ens." Dit alles „sal 'n indikator wees om aan te toon wanneer daar iets verkeerd is. Die oorsake van die afwykingsverskynsel (b.v. ondervoeding) kan dan nagegaan en, so moontlik, uit die weg geruim word".

Wat die eintlike karakter- of temperamentstudie betref, is hierdie stelsel van Heymans waardevol omdat dit die persoonlikheid benader deur drie belangrike eienskappe te peil. Mens probeer naamlik vasstel of die kind aktief is of non-aktief, verder of hy emosioneel is of non-emosioneel en ten slotte in hoeverre hy bedagsaam en bestendig („sekondêr-funksionerend") dan wel impulsief onstabiel

---

(1) T.J. Hugo: "Karakterstudie en Opvoeding", Pretoria, 1922.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(„primêr-funksionerend") genoem kan word. Deur hierdie eienskapspare te verbind is dit moontlik om die kind in te deel onder een van agt tipes soos flegmaties, goleries, sanguinies, sentimenteel, nerveus, gepassioneerd. Daarvan kan mens dan weer aflei hoe die kind sal reageer teenoor sekere strafmaatreëls en hoe die kind se gedrag so gekom het.

Afgesien van die tipe-indeling besit so'n stelsel algemeen opvoedkundige waarde omdat dit, wanneer baie gegewens versamel is, lig kan werp op ander vraagstukke soos die ontwikkeling van die beterwete en die verantwoordelikheidsbewussyn in die lewe van die kind, die verband tussen liggaamsgesteldheid en karakter[(1)], ens.

'n Ander stelsel wat ook suksesvol geblyk het, is deur dr. Eybers in 'n omsendbrief [(2)] van die Unie Departement van Onderwys bespreek geword. Dr. Eybers behandel die stelsel van karakterstudie wat aan die "Mechanics Institute" op Rochester (V.S. van Amerika) in gebruik is. Hierdie stelsel is gebaseer op die terboekstelling van persoonlike klein gebeurtenisse ("personal anecdotes") in verband met elke leerling se gedrag. Die gedrag van elke leerling, binne sowel as buite skoolure, word goed dopgehou en onderwysers maak dan aantekeninge oor enigiets wat hulle spesiaal tref - dit sy gunstig of ongunstig. "Each teacher should record at least one anecdote on each pupil each week". Hierdie „gebeurtenisse" sluit in "class work, manners in classroom, on athletic field, personal appearance, style of clothing and excessive use of cosmetics". (Dit is duidelik dat hierdie stelsel meer op meisies betrekking het. Uit wat volg is dit blykbaar 'n inrigting net vir meisies. Maar ander inrigtings het die stelsel oorgeneem, en ek veronderstel dat dit ook by inrigtings vir seuns toegepas is). Elke „gebeurtenis" of „episode" bevat sowat ses getikte reëls.

---

(1) Hugo, a.w.; bl. 192.
(2) Sirkulêre (van die Unie-Onderwysdepartement) No. E. 67/3, 12 Mei 1936.

Ek wil hier my dank betuig aan mnr. A. Gill, hoof van die Industrieskool op Standerton, wat my aandag op genoemde omsendbrief gevestig het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van tyd tot tyd word hierdie inskrywings oor die leerlinge dan ontleed en vertolk. ("Periodical analysis and interpretation of anecdotes"). Dit gebeur as volg :

> "Concrete observations (of <u>all</u> teachers) are <u>pooled</u> and analyzed and their indications are investigated and discussed before any inference or interpretations are attempted".

Ook word sulke ontledings en vertolkings weer in hersiening geneem. ("Revising interpretations and detecting trends of development").

Ten laaste word daar dan hervormende behandeling voorgestel "with a view to developing better habits".

Daar is dus <u>vier duidelike stappe.</u> (1) <u>Observasie van gedrag;</u> (2) <u>Notulering van treffende gebeurtenisse;</u> (3) <u>Ontleding en interpretasie</u> van No. (2); (4) Toepassing van <u>hervormende behandeling</u>.

Die volgende is 'n voorbeeld in verband met 'n leerling van die <u>derde</u> stap, wat ook "composite summary" genoem word:

> "ambitious; sincere; enthusiastic; high ideals; keen active mind; recognizes limitations and works on them; highstrung emotionally; ........... has worn down antagonism of classmates by skilful attack on the problem but with no lowering of ideals or quality; unfortunate mannerisms suggest too easy familiarity; needs more quiet dignity;........ willing to coöperate in every way; ......... not selfcentred".

Na verloop van 'n jaar het die "supervisor" (blykbaar word nie die hoof maar individuele onderwysers bedoel) as volg oor dieselfde meisie gerapporteer:

> "Very coöperative, prepares work consistently and conscientiously; work of steady superior quality ..........; thinks quickly and deeply; active in discussions; ambitious to get all she can from her work; improving in tact and ease in getting along with people ........; original and interested in new ideas".

Daar is dus 'n groot vooruitgang by die leerling te bespeur. Onder andere is daar eers van haar gesê: "Hampered greatly in her effectiveness and her happiness by her inability to develop cordial relations with her fellow students"; en in haar uiteindelike werkkring word sy as volg beoordeel: "She is making a marked

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

success of her work and is well liked". Die sukses in hierdie geval word toegeskryf aan "long-continued and carefully checked remedial treatment". Die persoon wat vir so'n geval verantwoordelik is, gesels met hulle vertrouelik oor al hulle probleme, probeer dit oplos en teëwerk, moedig hulle aan, ens.

Die bevindings van die staflede by die "Mechanics Institute" kom daarop neer, dat hierdie metode hulle werk veel aangenamer en bevredigender maak. ("Its use makes their work more enjoyable and satisfactory"). Bowendien het dit nou in die V.S. van Amerika duidelik geword dat behandeling deur klinieke of proefbeamptes nie doeltreffend is nie, tensy die skool saamwerk. "After several decades of guidance by 'guidance officers' it has become clear that guidance cannot be really effective until it is integrated with the normal school routine and is assimilated as one of the most important of the normal functions of the regular teaching staff". So word die bevinding weergegee in genoemde omsendbrief.

Dr. Eybers sê die volgende van hierdie stelsel:

> „Daar is treffende uitslae bereik met leerlinge wat moeilike eienskappe aan die dag gelêhet. Die personeel het my daarop gewys dat onbevredigende werk in die skool, op die sport-terrein en in die debatsaal dikwels toe te skrywe is aan ongelukkige karaktereienskappe wat verbeter kan word deur kundige leiding en teregwysing. Daar word besonder klem gelê op die aankweek van aanpassingsvermoë en 'n gees van samewerking, maar allerlei onbevredigende trekke soos slordigheid, oneerlikheid en traagheid word behandel".

Wat my veral getref het in verband met die stelsel is die feit dat daar nie dadelik finaal op 'n kaart oor die leerling se karakter beoordeel word nie, maar dat die finale rekordkaart eers ingevul word na daar aan die leerling genoegsaam kans gegee is om enige karakterswakhede te oorwin en sy goeie hoedanighede te ontwikkel

In verband met karakterstudie dien ook kortelike gewys te word op 'n metode deur professore Skawran en Willemse na Suid-Afrika gebring, naamlik die konstitusieteorie van Kretschmer(1). Willemse het die teorie verder uitgebou deur aan die twee tipes van Kretschmer

---

(1) W.A. Willemse: "Constitution Types in Delinquency", Londen,1932 en "The Road, etc.", 1938.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nog andere soos die Epilepto- en Histero-tipes toe te voeg, en die "Infantieles" en „Gelatenes" duideliker te omskrywe. Dit kom daarop neer dat 'n noukeurige studie gemaak word van die verband tussen die liggaamsbou en die psigiese geaardheid van kinders en volwassenes. Onder liggaamsbou word inbegryp vorm en glans van die oë, gelaatskleur en -struktuur, beharing van kop en liggaam, vet verdeling, muskulatuur, aard van die vel, grofheid van bene en gewrigte, liggaamsproporsies, vorm van skouers bors en werwel-kolom. Nadat die betekenis van tipiese liggaamsgesteldhede vir die psigiese geaardheid vasgelê is, kan dit dan help om kinders beter te begryp. Willemse lê egter klem daarop dat dit gevaarlik is om by kinders te veel na tipes te soek, want die drie vernaamste liggaamsbou-tipes van Kretschmer kom selde suiwer te voorskyn, en is veral by kinders nog ongedifferensieerd. Desnietemin kan geen diepgaande studie van kinders en veral van jeugdiges gemaak word nie, sonder om die liggaamsbou-eienskappe sorgvuldig in aanmerking te neem. Dit sluit aan by die moderne neiging om in die geval van moeilike kinders allereers die voedingstoestand en die liggaamlike gesondheid van die kind te ondersoek. Derhalwe is dit so belangrik vir die studie en behandeling van hierdie kinders om goed-ingerigte opvoedkundige klinieke te hê.

## OPVOEDKUNDIGE KLINIEKE.

Dit speel vandag 'n vername rol wat betref karakterstudie. Alhoewel hierdie soort inrigting oorspronklik in die lewe geroep is om moeilike en abnormale kinders te bestudeer, is die ideaal vandag om die werksaamhede daarvan so uit te brei dat dit karakterstudie van alle skoolgaande kinders sal behels.

Insover dit die voorkom van jeugmisdaad en gevolglik die uitskakeling van straf raak, sê Burt die volgende (1): "For the successful treatment and prevention of juvenile delinquency, there is one measure which seems as essential as it is definite - the establishment of psychological clinics".

(1) C. Burt, a.w.; bl. 617.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die doel van sulke klinieke is dus tweevoudig, naamlik eerstens, om met die hulp van die sielkundige en sosiologiese metodes die kinders in hulle maatskaplike verband te bestudeer en op dié manier die oorsake vir hulle wangedrag (oortredings) vas te stel, en tweedens om sulke kinders dan te behandel sodat hulle in staat gestel word om hulle weer by die skool en die hele samelewing aan te pas. 'n Suid-Afrikaanse skryfster[1] beskryf die werk in 'n dergelike inrigting in Kaapstad as volg :

> „Vir hierdie werkers is die moeilike kind die kind wat bewus of onbewus ongelukkig is, die kind wat om verskillende redes dit moeilik vind om hom by sy lewe aan te pas. Hulle ag dit dus hul doel om 'n helpende hand uit te reik na die kinders wat na die kliniek gebring word, om uit te vind presies waarom sake nie met hulle reg gaan nie, en deur die regte behandeling voor te skrywe die kind en sy ouerhuis te help om die probleme op te los en langs dié weg vir die kind geluk te vind".

Historiese is die volgende feite van belang: Dit was in 1909[2] dat die eerste medies-sielkundige kliniek in die V.S. van Amerika en wel in Chicago, opgerig is vir die bestudering van jeugdige misdadigers. Dr. W. Healy was die eerste psigiater wat aangestel is om aan die kliniek werksaam te wees in verband met die hof vir jeugdige misdadigers. Sy werk word vandag beskou as 'n merkwaardige onderneming wat maatstafgewend geword het vir baie dergelike inrigtings wat daarna opgerig is. Vandag bestaan daar selfs rondreisende kinderklinieke in Amerika. Hulle is bedoel vir kleiner sentrums en is op aanvraag in enige deel van die land beskikbaar. Grotendeels is sulke klinieke opgerig en word ondersteun deur privaat inisiatief.

Hier moet bygevoeg word dat daar in sekere groot stede soos Chicago, Detroit en San Francisco, dergelike institute bestaan wat uitstekend ingerig is, sodat jeugdige misdadigers vir 'n langer tydperk (selfs van drie tot twaalf maande) daar gehuisves kan word en deeglike waarnemings gedoen kan word. Burt beklemtoon telkens die noodsaaklikheid van sulke "places of detention". Dergelike observasie-inrigtings word vandag ook in Holland en Duitsland aangetref.

(1) Muriel W. Schulz: "Die Behandeling van Moeilike Kinders - Die Werk van die Voorligtingskliniek in Kaapstad" in "Die Huisgenoot", 7 Januarie 1938.
(2) C. Burt a.w.: bl. 61[illegible]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

As die gedragsafwykinge (soos angs, dagdroom, senuweagtigheid) of die wangedrag (soos diefstal, geslagsoortredings, wreedheid) nie van 'n baie ernstige of gevaarlike aard is nie, sou dit by ons onprakties wees om die kind vir observasie in 'n spesiale gestig af te sonder. Die onderwyser by die skool en die maatskaplike werkster by die ouerhuis, kan waarnemings doen van baie waarde. By voorskoolse kinders is dit volgens Willemse gebiedend noodsaaklik dat hulle vir observasie en behandeling na 'n goeie kleuterskool sal gaan. Die kleuterskool en later die dagskool moet dus met die opvoedkundige klinieke saamwerk.

In Engeland is opvoedkundige klinieke eers heelwat later opgerig. Londen, Birmingham en Glasgow was van die eerste stede wat 'n begin hiermee gemaak het[1].

Wat ons eie land betref, is daar al heelwat werk in hierdie rigting gedoen en word opvoedkundige klinieke, o.a. aangetref op Pretoria, Kaapstad, Stellenbosch, Bloemfontein en Bethlehem. In verskeie gevalle staan die werk van hierdie inrigtings onder leiding van die betrokke universiteite.

Wat betref organisasie wil ek volstaan om dit hier net in hooftrekke te skets. Burt en andere beskou die volgende as die allernoodsaaklikste vir die oprigting van so'n kliniek: 'n staf, 'n kantoor en 'n laboratorium met toebehorende uitrusting[2]. Die staf behoort minstens in te sluit: 'n Opgeleide maatskaplike werker(ster) om die gesins-agtergrond te ondersoek en te bearbei in die rigting wat nodig is om die moeilike gedrag van die kind te herstel; 'n Kinderarts om die liggaamlike gesondheid te ondersoek en te behandel; 'n Opvoedkundige sielkundige wat kennis het van verstandstoetse en moeilike kinders om die eintlike gedragsafwykinge te verklaar en te behandel.

(2) Het Moeilike Kind: Medisch-Opvoedkundige Bureaux, Amsterdam, 1938.

(1) Burt, a.w.; bl.618.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sommige opvoedkundige klinieke beskik oor pragtige kantore en goed-toegeruste laboratoria. Keyter(1) gee besonderhede in verband met die "Winnetka" opvoedkundige laboratorium wat 'n raadgewende en 'n navorsingsdepartement besit: „Eersgenoemde is eintlik 'n opvoedkundige kliniek bestaande uit 'n psigiater, 'n psigoloog, twee plaaslike mediese dokters, vier opvoedkundige raadgewers en 'n sekretaris".

Dit het egter meer en meer geblyk dat die danige laboratoria met instrumente weinig waarde het om die kindergees te begryp en te behandel. Selfs in Healy se tyd reeds is maar meer gebruik gemaak van verstandstoetse en speeltoetse soos inpas-prentjies, saamvoegblokkies en "puzzle boxes"(2). In Bonn-am-Rhein het Gottschaldt, Hoppe en Willemse 'n sogenaamde „speelkamer" ontwikkel waarin die kind as 'n natuurlike, spelende, presterende wese tot sy reg kom(3). Met bou-blokkies, 'n albasterplank, vrye tekeninge en geselskappies, word die kind se verstand gepeil en sy gemoedslewe begryp. Die aangename speelatmosfeer en prestasiekanse is vanself al van groot waarde in die verbetering van so'n kind. Ook is die „speelkamer" so ingerig dat die kind wanneer hy alleen daarbinne is, van buite af ongesiens waargeneem kan word deur 'n spesiale luik in die muur. Dieselfde soort ondersoek word ook deur Bryan, Melanie Klein, e.a., bepleit. Burt(4) toon tereg aan dat selfs die speelkamer-observasie nog nie natuurlik genoeg is nie, en wil dat die ondersoeker met die kind saam uitstappies meemaak soos na die dieretuin of die bioskoop om te sien hoe hy of sy daarop reageer. In een van sy gevalle het geblyk dat "In spite of innumerable tests and interviews it proved extremely difficult to penetrate the boy's thoughts".

(1) Keyter, a.w.; bl. 284.
(2) W. Healy: The Individual Delinquent, 1915, bls. 77-103.
(3) Willemse: "Psychopathentypen in Konfliktsituationen", Leipzig, 1934.
(4) Burt, a.w.; bls. 463.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In hierdie geval het die metode van observasie in 'n vry omgewing egter alles aan die lig gebring, sodat daar 'n baie suksesvolle metode van behandeling toegepas kon word:

> "He was sent to be coached by a country clergyman, whose home was more like a farm than a vicarage. In less than three years he made nearly five years educational progress; and has now settled down, without any relapse, to be trained as a naval cadet".

In verband met die ondersoek in die kliniek kom daar dikwels gevalle aan die lig waar kinders voor hulle besoek as agterlik bestempel word, maar waar dit tog na die afneem van toetse blyk „dat hul vraagstuk emosioneel en nie verstandelik was nie".(1)

Optimistiese sielkundige skrywers beklemtoon die waarde van 'n besoek aan die kliniek: "In die meeste gevalle word die hele loop van die kind se lewe verander deur 'n besoek aan die kliniek" en hy kry nou die kans "om te ontwikkel tot 'n gelukkige goed-aangepaste burger"(1). Ook Boyd(2) gee treffende gevalle van hervorming, b.v. die geval van „Susan" wat van diefstal genees is na die regte behandeling by die huis deur die kliniek gereël is.

Hierdie gevalle toon egter reeds aan wat allengs al hoe duideliker word: Die gedragsafwyking of wangedrag is meestal nie 'n verskynsel wat slegs in die kliniek vasgestel en behandel kan word nie, soos 'n geval van blindedermontsteking in 'n hospitaal nie. 'n Subnormale verstandsontwikkeling is een van die weinige toestande wat klinies vasgestel (maar ook weinig aan gedoen) kan word. Gedragsprobleme daarenteen, soos Healy se jongste werk aandui(3), moet in hulle maatskaplike verband gesien, ondersoek en behandel word. Daarom is die maatskaplike werkster en die kontak met die ouerhuis, die buurt en die skool so belangrik. Die karakter en gedrag van die kind in die skool is meestal 'n weerspieëling van sy gesins- en buurtomstandighede, die subtiele verhoudinge tuis en die aard van sy vryetydsbesteding. Sy reaksie daarteenoor kan reeds 'n kroniese vorm aangeneem het, maar is soms net 'n tydelike uiterlike

(1) M.W. Schulz: „Die Huisgenoot", 7 Januarie 1938.
(2) N.O.B. (1934) Verslag van Konferensie, bl. 266.
(3) Healy & Bronner: "New Light on Delinquency", New York, 1936, en ook die bekende buurte-ondersoekinge van Clifford Shaw.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

iets wat dadelik verbeter as die agtergrond verander[1]. Veral die nuwere dieptepsigologie lê die grootste nadruk op die gesinslewe van die kind en sy geleenthede om konstruktief te speel.

---

(1) Stina Palmborg: Moeilyke Kinderen, Amsterdam, 1938. Medisch-Opvoedkundige Bureaux (Voor Moeilyke Kinderen), Amsterdam, 1938.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK XII.

## Opsomming en Gevolgtrekkings.

1. Verantwoordelikheidsgevoel word in 'n meerdere of mindere mate by feitlik alle mense aangetref, selfs by die meeste swaar-kriminele en swaar-kranksinniges, en die ontwikkeling daarvan kan as die doel van gedragsopvoeding beskou word.

2. Waar verantwoordelikheidsgevoel en gewete aanwesig is, is straf (boetedoening) in geval van oortreding van norme 'n sielkundige en opvoedkundige noodsaaklikheid.

3. Die sogenaamde „Natuurlike Straf" kan nie die plek van die opvoeder inneem nie, en dus ook nie die enigste of vernaamste teregwysing wees nie.

4. Die totale uitskakeling van straf sou 'n agteruitgang vir 'n volk beteken en 'n terugkeer tot die primitiefste stadium van ontwikkeling. Die outoriteitsbeginsel mag nooit prysgegee word nie, omdat die gesag van die bowe-indiwiduele orde en die ontwikkeling van die gewete dit vereis.

5. Juridiese straf skyn meer klem te lê op die beskerming van die maatskaplike orde en maak baie gebruik van afskrik, terwyl opvoedkundige straf veral die verbetering van die indiwidu beoog. Daar bestaan egter 'n verwantskap tussen die twee sodat eersgenoemde meer en meer verbeterend ingesteld raak terwyl laasgenoemde die waarde van afskrik en die gesag van die orde besef.

6. Dit is moeilik om bepaalde strafmaatreëls vir bepaalde ondeugde voor te skrywe omdat dieselfde kind hom dikwels skuldig maak aan verskillende ondeugde en omdat kinders indiwidueel verskillend moet behandel word. Desnietemin loon dit die moeite om vas te stel hoe ons skoolhoofde te werk gaan en wat deskundiges sê oor bepaalde ondeugde.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

7. By die behandeling respektiewelik, bestraffing van oortreders moet die totaliteitsbeginsel toegepas word, d.w.s. die mens as 'n geheel moet in aanmerking geneem word. Daarom moet die beweegredes vir die oortreding opgespoor en daardie dieper insig verskaf word, waarop suksesvolle behandeling resp. bestraffing gebaseer moet wees.

8. So is die dieper liggende oorsake van onbeleefdheid soms juis skugterheid en vreesagtigheid, en die onbeleefdheid dan 'n soort beskermingsmiddel. Verset kan ewe-eens spruit uit 'n besef van hulpeloosheid en bedreiging by die kind. In ander gevalle kan verset voorkom waar die kind dié stadium in die puberteitsleeftyd bereik, waar 'n drang tot onafhanklikheid 'n normale en gesonde verskynsel is. Die stokkiesdraaier het in baie gevalle 'n lae intelligensie-kwosiënt en kan hom nie by die vereistes van die gewone skoolleerplan aanpas nie. Slordigheid is dikwels 'n simptoom van sosiale verwaarlosing en ontaarding, van gebrek aan gedissiplineerdheid by die betrokke persoon; maar werklike slordigheid moenie verwissel word met skynbare slordigheid, wat niks anders as 'n teken van armoede is nie. Vloek is in baie gevalle net 'n onopsetlike en onskuldige nabootsing van die taal van die omgewing, maar soms strewe die oortreder langs dié weg na prestige onder sy skoolmaters. Skynbare wreedheid by klein kinders aangetref, is gewoonlik niks anders as uiting gee aan die lus om te eksperimenteer nie, maar by groter kinders staan wreedheid volgens die nuwere psigologie moontlik in verband met die geslagsdrif. Op dié wyse word 'n poging gedoen om die oorsake van die meeste algemene vorme van wangedrag te ontleed.

9. Die moeilikste oortredings by skoolkinders om te bestry is die menigvuldige vorms van oneerlikheid. Vir die suksesvolle behandeling daarvan is dit van die allergrootste belang:

(a) dat die opvoeder self 'n eerlike persoon is, en

(b) dat die verhouding tussen opvoeder en kind nooit tot 'n vyandige ontwikkel nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

10. By die behandeling van enige oortreder (kind) is die samewerking tussen onderwyser en ouers van die grootste betekenis.

11. Oor die algemeen is „skaam maak" - binne perke - 'n doeltreffende metode van behandeling by kinders wat oortree. „Grappig die spot dryf", is egter 'n behandelingsmaatreël wat spaarsaam en met baie diskressie moet gebruik word, maar indien reg gebruik, kan dit goeie resultate afwerp.

12. „Isolasie" sonder werk - tensy vir 'n baie kort tydjie - moet ten sterkste afgekeur word. Isolasie met geskikte werk (of speelgoed) het soms die gewenste resultaat, maar moet ook met diskressie gebruik word en nie te lank aanhou nie.

13. „Skoolsit" kan nie onvoorwaardelik aanbeveel word nie, maar is soms onontbeerlik as die natuurlike gevolg (straf) van werkversuim. Die vraag by enige „strafwerk" is altyd of dit die verantwoordelikheidsgevoel en arbeidsliefde van die kind bevorder.

14. „Strafwerk" by die huis is nie aan te beveel wat betref klein skoolkinders nie. Selfs by groter kinders is dit minder doeltreffend as „skoolsit".

Ekstra (straf) werk in die vorm van plaaswerk, ens., speel egter 'n belangrike rol by sommige inrigtings vir moeilike kinders. Dit is seker dikwels te verkies bo lyfstraf, maar daar behoort verband tussen die oortreding (b.v. werkversuim, nalatigheid) en die soort strafwerk te wees.

15. „Tydelike skorsing" en „permanente verwydering" is drastiese strafmaatreëls wat egter in sekere gevalle onmisbaar is. Dikwels is dit egter beter om die ouer te beweeg om die kind „vrywillig" na 'n ander skool of inrigting te verplaas. In minder ernstige gevalle is dit aan te beveel om die kind na 'n ander (parallel) klas in dieselfde (groot) skool te verplaas.

16. „Voorregte ontneem" is 'n strafmaatreël wat in die praktyk (in skole) betreklik min gebesig word. Indien toegepas, behoort daar vir die kind sigbare verband tussen oortreding en straf te wees, en die straf behoort nie oor 'n lang tydperk te strek nie. (<u>Regte</u> van die kind, b.v. die daaglikse pouse of die daaglikse rantsoen, mag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

onder geen omstandighede aangetas word nie).

17. Lyfstraf:

(a) Volgens die opinie van skoolhoofde is daar gevalle waar die toediening van lyfstraf goeie resultate afwerp, d.w.s. wat betref party kinders (seuns) vanaf hulle 9de tot 13de jaar.

(b) Na die puberteitsjare begin het, behoort lyfstraf slegs in uitsonderlike gevalle toegedien te word, omdat dit oor die algemeen die kind dan eerder kwaad berokken as verbeter.

(c) Vir karakterfoute soos leuens-vertel, afknou, verset, onwelvoeglikhede, vloek, rook, ens., is lyfstraf in sowat 50 tot 75 persent van die gevalle nie hervormend nie. Vir werkgebreke is die uitwerking nog swakker: verantwoordelikheidsgevoel en werkgewoontes moet op ander maniere aangeleer word.

(d) As afskrikmiddel en meer bepaald as beskermingsmaatreël vir die skool of inrigting as 'n geheel is lyfstraf in sekere gevalle onmisbaar, b.v. waar daar gevalle van lewensgevaarlike afknou voorkom.

(e) Die blote vrees vir lyfstraf veroorsaak by party kinders bednatmakery (enurese). Daar is onomstootlike bewyse daarvoor dat lyfstraf - veral indien op die sitvlak toegedien - party kinders seksueel prikkel. Ander ernstige gevolge kan ook voortvloei uit oormatige of indiskrete toediening van lyfstraf.

(f) Volgens die oordeel van die meerderheid van die 203 hoofde wat die vraelys beantwoord het, en volgens die sienswyse van hoofde van ander inrigtings wat besoek is, kan lyfstraf nie heeltemal uitgeskakel word nie. Die totale uitskakeling daarvan op skool sal nie net goeie gevolge hê nie: dit kan b.v. daartoe lei dat allerhande ander strafmaatreëls baie meer toegepas moet word en so voer tot verbittering by die kind sowel as by die onderwyser wat homself berowe sien van die "ultima ratio". Die Staat behoort egter die toedien van lyfstraf dringend af te raai en dit noukeurig te kontroleer b.v. deur middel van statistieke wat gereëld deur hoofde aan die onderwysdepartemente moet verstrek word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(g) Die huislike opvoeder(s) en die skool moet saamwerk om die toediening van lyfstraf tot 'n minimum te beperk.

18. Ware Godsdiens is 'n onmisbare faktor by die opvoeding en veral by die her-opvoeding van verwaarloosde of misdadige kinders, by voorbeeld in spesiale inrigtings.

19. Die invloed van die vroulike element by die her-opvoeding van verwaarloosde of misdadige kinders kan nie oorskat word nie. Houwer wys daarop dat "alle reëducatie uiteindelijk in de gevoelswereld zijn wortels heeft".

20. Wat betref inrigtings vir verwaarloosde of misdadige kinders, is dit noodsaaklik dat daar 'n mate van vryheid aan sulke kinders toegestaan word. Hulle moet in die geleentheid gestel word om tussen goed en kwaad te kan kies. Die verantwoordelikheidsgevoel moet op diskrete wyse ontwikkel word. Losbandigheid mag egter onder geen omstandigheid geduld word nie.

21. Alhoewel die totale uitskakeling van straf (verskeie soorte) as sulks onmoontlik is, is daar nogtans sekere opvoedkundige hulpmiddels wat, indien oordeelkundig toegepas, baie daartoe kan bydra om die noodsaaklikheid van oplê van straf tot 'n minimum te reduseer. As sulke hulpmiddels kom veral die prefekstelsel, geskikte werk en geleentheid vir prestasies, vryetydsbesteding en karakterstudie in aanmerking.

22. 'n Goed-georganiseerde prefekstelsel, oordeelkundig toegepas deur die regte tipe van opvoeder en met die hulp van die regte prefekte, kan baie daartoe bydra om die gees van 'n skool of inrigting te verbeter, sodat daar veel minder die toevlug hoef geneem te word tot die oplê van allerhande strawwe, lyfstraf ingesluit.

Kenmerke van 'n goeie prefekstelsel is o.a. die volgende:

(a) die leerlinge moet 'n mate van medeseggenskap hê by die keuse van prefekte;

(b) die pligte van prefekte moet duidelik omskryf wees;

(c) magte van prefekte moet beperk wees en strafoplegging deur prefekte - behalwe in 'n baie geringe mate - moenie toegelaat word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit skyn ook asof die volgende reëlings aan te beveel is, alhoewel die gegewens verstrek nie daarop dui dat dit absoluut noodsaaklik is nie: dat aan prefekte sekere voorregte toegeken word; en dat daar gereëld prefekte-vergaderings gehou word.

23. Baie moderne opvoedkundige inrigtings (b.v. Montessori- en Froebelskole, skole ingerig volgens die Jena-plan of volgens die Dalton-plan) het hulle sukses grotendeels daaraan te danke dat hulle aan die kind genoegsame geleentheid bied vir afsonderlike of gesamentlike self-werksaamheid. Hoe meer geleentheid die kind het om in spel en werk uiting te vind vir sy natuurlike energieë, hoe minder sal dit nodig wees om straf op te lê. Die kind se spel- en werk-prestasies behoort egter ook so te wees dat sy gemeenskapsgevoel daardeur ontwikkel word. Selfsugtige, indiwidualistiese kompetisie behoort nie deur die skool aangemoedig te word nie, maar wel 'n gees van helpmekaar. Daarom moet 'n stelsel wat klasrangplekke aan leerlinge toeken, afgekeur word. Prysuitdelings berus ook al te dikwels op 'n onopvoedkundige, d.w.s. indiwidualistiese, selfsugtige basis.

24. Die skool of inrigting met sy werk en spel behoort dus (in die woorde van Willemse) nie 'n afstompingsproses te wees nie, maar 'n harmoniese invoegingsproses. In hierdie verband dien die self werk-klubs van La Grange genoem te word. Sulke klubs doen 'n beroep op die selfwerksaamheid van die kind, en bied tewens geleenthede vir spanwerk wat waardevolle maatskaplike karaktertrekke ontwikkel. Die geleentheid wat hulle aan die kind verskaf om self geld te verdien, help tewens om diefstal te verminder en 'n sin van besit en verantwoordelikheidsgevoel aan te kweek.

25. Die hedonistiese opvatting dat elke onderdeel van 'n skoolkind se werk op homself in alle gevalle 'n plesier sal wees, kan op grond van die werklike lewe nie onderskryf word nie. Maar as die regte gesindheid by die kind geskep word, behoort daar „sekondêre" belangstelling by hom te ontstaan en dit behoort die kloof te oorbrug sodat hy die oog op die einddoelgerig hou en gewill

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is om ook minder aangename onderdele van sy werk te verrig.

Faktore wat kan bydra om die kind se skoolwerk aantrekliker te maak, is o.a. :

(a) die ontwikkeling van die regte gesindheid („eiendomsgevoel") teenoor die skool en die leermateriaal, wat aantreklik moet wees;

(b) die toeken van 'n (beperkte) mate van medeseggenskap aan die leerling, b.v. by die indeel van die werk, die „administrasie" van die skool, ens.;

(c) die beklemtoning van alle kinders se prestasies (hoe klein ook al) in plaas van om altyd juis op hulle foute en swakhede te hamer.

26. Spel (vrye spel sowel as georganiseerde sport) en „primitiewe" bedrywe soos jag, visvang, tuinmaak, uitkamp, ens., verskaf „veiligheidskleppe" vir natuurdrange wat anders onderdruk word en maklik langs anti-sosiale weë tot uiting kom. Die „Voortrekker" beweging, sowel as ander inrigtings wat voorsiening maak vir genoemde vryetydsbedrywe - veral vir die minder-bevoorregte kind - doen baie om jeugmisdaad te verhoed en ook om teenoor die skool en die lewe 'n aangename vertrouenshouding te skep.

27. Om elke kind volgens sy eie aard te behandel, moet die opvoeder die kind ken. Indiwiduele behandeling veronderstel dus karakter- of persoonlikheidsstudie. Opvoedkundige klinieke met natuurlike metodes vir karakterstudie is van groot waarde, maar die moeilike kind moet steeds in sy maatskaplike verband ondersoek en behandel word. Daarom is die medewerking van 'n maatskaplike werk(st)er, van die hele buurt en die skool van groot betekenis.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# BIBLIOGRAFIE.

## A. Boeke.

ADLER, Prof. Dr. Alfred, en ander: "Het Moeilijke Kind", vertaal en ingelei deur drs. P. Dijkema, N.V. Wêreldbiblioteek, Amsterdam, 1935.

ALBERTYN, Dr. C.F: "Jeugmisdaad", Nasionale Pers, Beperk, Kaapstad, 1938.

ALEXANDER, Dr. Fr. en HEALY, Dr. W.: "Roots of Crime", Alfred A. Knopf, New York, 1935.

ALLEN, Arthur B. (L.C.P., F.R.S.A., A. Coll. H.): "The Psychology of Punishment", Allman & Son, Ltd., London, 1936.

ASCHAFFENBURG, Prof. Dr. G.: "Das Verbrechen und seine Bekämpfung" - dritte verbesserte Auflage, Carl Winters Universitätsbuchhandlung, 1933.

BENSON, George (M.P.): "Flogging: The Law and Practice in England", Howard League for Penal Reform, London, Revised Edition, 1937.

BRYAN, Dr. H.S., Assistant County Commissioner for Handicapped Scouts, Derbyshire, Medical Officer, Matlock Child Guidance Clinic: "The Troublesome Boy", C.A. Pearson, Ltd., London, 1936.

BURT, Dr. Cyril: "The Young Delinquent", University of London Press, Ltd., Second Edition, 1931.

BÜHLER, Dr. Charlotte: "Praktische Kinderpsychologie", Utrecht, 1937.

CALVERT, E. Roy & Theodora: "The Lawbreaker: A Critical Study of the Modern Treatment of Crime", George Routledge & Sons, Ltd., London, 1933.

CAMPBELL, Dr. Nellie M.: "The Elementary School Teacher's Treatment of Classroom Behaviour Problems, Teachers' College, Columbia University, New York City, 1935.

CARP, Prof. Dr. E.A.D.E.: "De Psychopathieën", Scheltema en Holkema's Boekhandel, Amsterdam, 1934.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

DE GALAN, C: „Onze Ambachtschooljeugd en haar Problemen", Amsterdam, 1939.

DE MAN, Hendrik: "Arbeidsvreugde", vertaling deur W.A. Haverkorn van Rijkswijk; N.V. van Loghum Slaterus' Uitgeversmaatschappij, Arnheim, 1928.

FEBER, Dr. G.H.A.: „Beschouwingen over Crimineele Psychologie" Zwolle, 1934.

FOERSTER, Dr. Fr. W.:

(1) "Schuld und Sühne", C.H. Beck'sche Verlagsbuchhandlung, München, 1912.

(2) "Schule und Charakter", Schulthesz & Co., Zürich, vierzehnte Auflage, 1920.

GARINGER, Dr. Elmer H.: "The Administration of Discipline in the High School", Teachers' College, Columbia University, New York City, 1936.

GLOVER, Dr. Edward (M.D.): "The Psycho-Pathology of Flogging", Howard League for Penal Reform, London, Second Edition, 1937.

GUNNING, Prof. Dr. J.H. (Wz.): "Verzamelde Paedagogische Opstellen", Tweede Bundel, van Looy, Amsterdam, 1908 (herdruk 1917).

HAEBERLIN, Prof. Dr. Paul:

(1) "Kinderfehler", Verlag von K.C.J. Spittlers Nachfolger, 1921.

(2) "Wege und Irrwege der Erziehung", Verlag K.C.J. Spittlers Nachfolger, zweite Auflage, 1920.

HALL, Prof. Dr. G. Stanley: "Adolescence", D. Appleton & Co., 1921 Edition.

HOFFNER, Dr. Manfred: "Kriminalität und Schule", Dr. Ernst Wiegandts Verlagsbuchhandlung, Leipzig, 1932.

HOUWER, D.Q.R. Mulock: "Gestichtspaedagogische Hoofdstukken", Heinen, Eibergen, 1938.

HUGO, Prof. Dr. T.J. : "Karakterstudie en Opvoeding", J.L. van Schaik Bepk., Pretoria, 1922.

HUTCHINSEON, A.: "Motives of Conduct in Children", London, 1930.

JEWSBURY, W. (M.A., Headmaster of Glascote Boys' School): "The Prefect System in Elementary Schools",

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

W.H. Smith and Son, Warwick, 1916.

KELCHNER, Dr. Mathilde: "Schuld und Sühne im Urteil jugendlicher Arbeiter und Arbeiterinnen", Verlag von J.A. Barth, Leipzig, 1932.

KERSCHENSTEINER, Prof. Dr. Georg:

(1) "Gezag en Vrijheid" vertaal deur Mr. J.L. Gunning, Zutphen; W.J. Thieme & Cie, 1928.

(2) "Begriff der Arbeitsschule", B.G. Teubner, Leipzig une Berlin.

KEYTER, Prof. Dr. J. de W.: "Opvoeding en Onderwys", Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1936.

KOHNSTAMM, Prof. Dr. Ph.: "Persoonlijkheid in Wording", H.D. Tjeenk Willink & Zoon, 1929.

KÜNKEL, Dr. Fr. "Einführung in die Charakterkunde", Verlag S. Hirzel, Leipzig, 1928.

LANGEVELD, M.J.: "De Opvoeding van Zuigeling en Kleuter", Meulenhoff, Amsterdam, 1938.

LEKKERKERKER, e.a.: "Het Moeilijke Kind, Tien Jaren Medisch-Opvoedkundige Bureaux", Amsterdam, 1938.

LORAND, S.(en andere): "Psycho-Analysis Today", London, 1933.

LANGERMANN, Johannes: "Der Erziehungsstaat - nach Stein-Fichte'schen Grundsätzen in einer Hilfsschule Durchgeführt", Mithilde Zimmer-Haus, Berlin - Zehlendorf, 1910.

LEWIN, Dr. Kurt: "A Dynamic Theory of Personality: Reward and Punishment", translated by Dr. D.K. Adams & Dr. Karl E. Zener; Mc.Graw-Hill Book Company, Inc. New York & London, 1935.

MALHERBE, Dr. E.G.:

(1) "Onderwys en die Armblanke" (Verslag van Carnegie-Kommissie, Deel III), Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1932.

(2) "Educational Adaptations in a Changing Society", (Report of the New Educational Fellowship Conference), Juta & Co. Ltd., Kaapstad, 1937.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

MEIRING, Dr. J.G.: "Die Wonder van Jou Ontstaan en Geboorte", Pretoria, 1933.

MONTESSORI, Dr. Maria:

(1) "The Montessori Method",

(2) "The Advanced Montessori Method", translated by Anne E. George; William Heinemann, London.

PALMBORG, Stina: "Over Moeilijke Kinderen" (uit die Sweeds), Utrecht, 1938.

OESTREICH, Paul: "Strafanstalt oder Lebensschule", Verlag G. Braun, Karlsruhe, 1922.

REIN, Prof. Dr. W.: "Encyklopädisches Handbuch der Pädagogik", Hermann Beyer & Söhne, Langensalza (tien dele, elke deel omtrent 1,000 bladsye, groot formaat). Zweite Auflage, 1903 - 1911. (Nog baie nuttig wat betref die Geskiedenis van Opvoedkunde, ens.).

SCHOPEN, Edmund: "Die Erziehungsstrafe", Verlag Lehrlingshaus, Mainz.

SLAUGHTER, J.W.: "The Adolescent", George Allen & Unwin Ltd., London, 1925.

STÄHLIN, Prof. Dr. Otto: "Zwang und Freiheit", Verlag der ärztlichen Rundschau, Otto Gmelin, München, 1911.

STEINMETZ, Sebald Rudolf: "Ethnologische Studien zur ersten Entwicklung der Strafe, Teil II; S.C. van Doesburgh, Leiden, 1892.

THERON, Mev. M.E. (M.A.): „Die Suigeling en die Voorskoolse Kind"; Die Afrikaanse Pers Beperk, Johannesburg, 1936.

THRASHER, Dr. F.M.: „The Gang", Chicago, 1927.

MC DOUGALL, William (F.R.S.): "An Introduction to Social Psychology", Muthuen & Co., Ltd., London; 20th Edition, 1926.

WEXBERG, Dr. Erwin: "Sorgenkinder", Verlag von S. Hirzel in Leipzig, 1931.

WILLEMSE, Prof. Dr. W.A.:

(1) "Kriminologie", Die Afrikaanse Pers, Beperk, Pretoria, 1933.

(2) "The Road to the Reformatory", J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1938.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(3) "Jugendliche Psychopathen in Konfliktsituationen", J.A. Barth, Leipzig, 1934.

B. Tydskrifte.

1. ZEITSCHRIFT FÜR PÄDAGOGISCHE PSYCHOLOGIE UND JUGENDKUNDE, herausgegeben von Prof. Dr. Scheibner und Prof. Dr. W. Stern, Verlag Quelle und Meyer, Leipzig:

1927, Juli/Aug.: Dr. med. E. Liefmann: "Pädagogische und medizinische Gedanken über die körperliche Strafe in der Schule".

1932, Jan.: Rektor E. Haase: "Zur Kenntnis der Schulschwänzer."

1937, Sept./Okt. en Nov./Dez.: Dr. Hugo Schröder: "Zur Psychologie des Lehrer- Schülerverhältnisses in der Berufsschule".

2. DIE ERZIEHUNG, Herausgeber A. Fischer, H. Nohl, E. Spranger, Verlag von Quelle und Meyer in Leipzig.

1926, Heft 1: Prof. Dr. Hermann Nohl: "Der Sinn der Strafe".

3. VIERTELJAHRSCHRIFT FÜR WISSENSCHAFTLICHE PÄDAGOGIK, Münsterverlag, Münster in Westf.

1928, Heft 1: Klaus Steigleder: "Lohn und Strafe als Erziehungsmittel".

4. DIE NEUE ERZIEHUNG:

1922, Heft 4: "Dr. med. Bruno Saaler: "Die Prügelstrafe".

5. PADAGOGISCHES ZENTRALBLATT, herausgegeben vom Zentralinstitut für Erziehung in Berlin, Verlag J. Beltz, Langensalza:

1926 (Seiten 457 - 462): Hans Künkel: "Die Strafe als Erziehungsmittel bei Schwererziehbaren".

1926 (Seiten 470 - 471): Bericht einer Vorlesung gehalten von Prof. Dr. Nohl, (Göttingen).

1926 (Seiten 474 - 482): Bruno Klopper: "Die Grenzen der Erziehungsstrafe".

6. INTERNATIONALE ZEITSCHRIFT FÜR INDIVIDUALPSYCHOLOGIE, gegründet von Prof. Dr. Alfred Adler, Verlag von Moritz Perles, Wien:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1924, Nr. L.: Ruth Künkel: "Die Strafe in der Erziehung".

1928, Nr. 2 : Dr. Edm. Schlesinger: "Zur Strafreform: Ermutigung und Entmutigung".

1928, Nr. 2: Dr. Eugen Schmidt: "Zur deutschen Strafrechts- und Strafvollzugreform".

1933, Nr. 2: Dr. Marie Seegen: "Schülerselbstmorde".

1933, Nr. 4: Prof. Dr. Alfred Adler: "Über den Ursprung des Strebens nach Überlegenheit und des Gemeinschaftsgefühles.

1933, Nr. 4: Dr. Eugen Schmidt: "Neurose, Verbrechertum und Hochstaplertum".

1937, Nr. 3 - 4: Alfred Adler - "in memoriam" - nommer). Hierdie nommer (100 bls.) is deurgaans baie belangrik wat betref die leer en werk van Adler wat 1937 skielik oorlede is.

7. PAEDAGOGISCHE STUDIEËN, onder redaksie van Prof. Dr. J.H. Gunning en ander: J.B. Wolters, Groningen.

1929, Febr.: Prof. Dr. Ph. Kohnstamm: "De Psychiater als Opvoeder".

1936, Oktober en November: Prof. Dr. J.H. Gunning: "Over Montessori".

8. ZEITSCHRIFT FUR KINDERFORSCHUNG, Begrundet von J. Truper, Verlag von Julius Springen, Berlin.

1937, 46.Band, S.369 - 392: "Jugendkriminalität".

9. THE NEW ERA, Editor: Beatrice Ensor, 29 Tavistock Square, London, W.C. 1.

1929: Beatrice Ensor: "Corporal Punishment". (Moontlik is die titel 'n bietjie anders. Die juiste titel van hierdie belangrike bydrae word nie in A.B. Allen se boek "The Psychology of Punishment", bls. 119 - 127, waar dit gedeeltelik oorgedruk is, genoem nie).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1937: (Desember): W.T.R. Rawson: "Authority and the New Education".

1937: (Desember): A.J. Lynch: "The Juvenile Court and the Teacher".

10. DIE HUISGENOOT, die Nasionale Pers, Keeromstraat 30, Kaapstad:

1936: (27 Nov. en 4 Des.): S. Henri Pellissier, Direkteur van Onderwys in die Oranje-Vrystaat: "Laat Ons vir Ons Kinders Lewe".

1937: (13 Aug. en 8 Okt.): Dr. C.F. Albertyn: "Straf en die Jeugdige Misdadiger".

1938: (7 Jan.): Muriel W. Schulz: "Die Behandeling van Moeilike Kinders".

1939: (17 Febr.): Prof. Dr. W.A. Willemse: "Ons Vernaamste Drange - Natuurlike Neigings deur Omstandighede Verdring".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie Vraelys is offisieel goedgekeur deur die Transvaalse Onderwysdepartement en word volgens omsendbrief van April 1938 beskou as uitgaande van die TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Geliewe binne drie weke na ontvangs terug te stuur.

## DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

"OPVOEDKUNDIGE STRAF". (Prof. Willemse).

Kollega,

Om die moeilike vraagstuk van straf op 'n breë basis te ondersoek, het ons u gewaardeerde hulp nodig. U kan baie bydra deur die volgende vrae kort en saaklik te beantwoord. Die vrae waarvan u geen ervaring het nie, kan u onbeantwoord laat, en indien u self nie tyd het nie, sal ons baie bly wees om die antwoorde van 'n ander ervare lid op die staf te hê. Al die sienswyses en gegewens sal as konfidensieel beskou word. By voorbaat ons hartlike dank.

---

1. Hoeveel jare ondervinding het u
   (a) as assistent?
   (b) as Hoof (of Waarnemende Hoof)?

2. Is u die ouer van een of meer kinders?

3. Wat is u ouderdom?

4. Watter maatreëls of straf het u effektief (d.w.s. hervormend) gevind in gevalle van die volgende oortredings. Toon asseblief aan waar u meisies anders behandel as seuns.
   A. Baasspeel en afknou (Eng. Bullying):

   B. Diefstal op skool:

   C. Leuens-vertel (met die bedoeling om eie voordeel):

   D. Laatkom:

   E. Moedswillige onbeleefdheid:

   F. Ongehoorsaamheid of verset:

   G. Onsedelike taal (op mure of deure; briefies):

   H. Rook (waar dit uitdruklik belet is):

   I. Seksuele vergrype (noem asb. op watter soort):

   J. Stokkiesdraai (van 'n ligte aard; van 'n ernstige aard):

   K. Slordige skrif (van 'n erge graad):

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

L. Slordigheid op die eie lyf en klere:

M. Vernielsug (skoolmeubels, bome, geboue, busse):

N. Vloek (speelterrein, op straat, ens.):

O. Werkversuim (ernstige):

P. Wreedheid teenoor diere en diertjies:

Q. Ander ernstige oortredings of ondeugde wat ons miskien nie genoem het nie:

R. As u besonder suksesvol was in die hervorming van oortreders sal u dan nie hier die oortreding en u middele beskryf nie?

S. Watter van die opgenoemde oortredings of ondeugde vind u die moeilikste om te bestry? (In volgorde van moeilikheid asb.)

5. Dui asseblief by elkeen van die volgende maatreëls aan hoeveel gebruik u daarvan maak (by seuns, meisies en vir watter oortreding). Wil u ook byvoeg hoe doeltreffend u elkeen van die strawwe gevind het (goed, middelmatig of swak)?

A. Kinders ernstig laat skaam kry (wys op veragtelikheid of lafhartigheid, ens., van die daad):

B. Grappig die spot dryf met kinders:

C. Isolasie (tydlank alleen sit, uitstuur, negeer):

D. Skoolsit (met skriftelike of ander werk). Gee u metodes en sienswyse hieroor:

E. Strafwerk by die huis gedoen (vergelyk met skoolsit):

F. Is daar ander soorte van opvoedkundige strafwerk wat u na ondervinding kan aanbeveel?

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

G. Tydelike skorsing of permanente verwydering uit skool.
Hoeveel meisies en seuns (respektiewelik) het u geskors of verwyder in hoeveel jare? Vir watter oortredings? Wat dink u daarvan?

H. Ontneem van voorregte: Watter voorregte en met watter gevolg?

6. Lyfstraf.

(a) Op watter ouderdomme vind u lyfstraf die beste? en waarom?

(b) Is volgens u ervaring 'n deeglike pak of net 'n goeie raps aan te beveel? en waarom?

(c) Hoe effektief is lyfstraf vir karakterfoute soos lieg, baasspeel, verset, onwelvoeglikhede, vloek, rook?

(d) Hoe effektief is lyfstraf vir werkgebreke soos werkversuim, spelfoute, nie-aandag-gee-nie?

(e) Kan lyfstraf heeltemal uitgeskakel word of is daar gevalle waar dit onmisbaar is?

(f) Waar sou u lyfstraf beslis afkeur? en waarom?

(g) Is dit goed dat alleen die Prinsipaal lyfstraf moet toedien? Noem asseblief voordele en nadele hiervan volgens u sienswyse.

(h) Deskundiges beweer dat lyfstraf die kind seksueel prikkel. Wat is u sienswyse?

7. Het u 'n prefekstelsel in u skool?
Heg u veel waarde aan so'n stelsel?

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

PREFEKSTELSEL EN DIE UITSKAKEL VAN STRAF.

1. Hoeveel prefekte is daar in u skool?
Wat is die persentasie prefekte teenoor die aantal leerlinge?

2. Hoelank bestaan die prefekstelsel al in u skool?

3. Watter voorregte of kentekens het u prefekte?

4. Vind u dat u prefekstelsel help om straf (alle soorte) te verminder?

5. Dien u minder lyfstraf toe vandat u 'n prefekstelsel het?

6. Wie kies by u skool die prefekte?
en wie die hoofprefek?

7. Indien die leerlinge kies, is hulle geneig om die beste kinders (wat betref karakter) te kies of die populêrste?

8. Uit watter klasse word u prefekte gekies of genomineer (hoogste, hoogste twee, hoogste drie)?

9. Hoe dikwels (omtrent) vergader u prefekte (per week of maand)?

Waar vergader hulle?

10. Vergader u prefekte alleen, met die Hoof saam, of anders?

11. Wie beheer die prefekte by u skool?

12. By wie dien die prefekte klagte teen oortreders in?

13. Lê u prefekte self strawwe op?
Van welke aard?

14. Het u gevind dat prefekte geneig is om redelike, te swaar of te ligte strawwe op te lê?

15. Het u prefekte ander pligte wat u as van belang beskou?

16. Van hoeveel skole weet u waar 'n prefekstelsel misluk het?
En waarom dink u dat dit misluk het?

17. Wat is die onmisbaarste eienskappe (in volgorde van belangrikheid, asb.) van prefekte?

18. Is daar miskien 'n paar onmisbare eienskappe van 'n goed-georganiseerde prefekstelsel wat u wil opnoem?

19. Afgesien van bostaande vrae, is daar nog voordele of nadele van u prefekstelsel wat u korteliks wil noem?

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021